

**NEL, GEZINA ELIZABETH**

**SOSIO-EMOSIONELE GESINSFUNKSIONERING  
NA 'N EGSKEIDING:  
'N OUERSKAPSPROGRAM  
VIR DIE GESIN MET VOORSKOOLSE KINDERS.**

**DPhil UP 2005**

**Sosio-emosionele gesinsfunksionering  
na 'n egskeiding:  
'n ouerskapsprogram  
vir die gesin met voorskoolse kinders**

deur

**Gezina Elizabeth Nel**

voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

**DOCTOR PHILOSOPHAE  
(MAATSKAPLIKE WERK)**

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe  
Universiteit van Pretoria**

**Promotor: Dr J.M.C. Joubert**

**Opgedra aan Danny en Jean**

### **Dankbetuigings**

By voltooiing van hierdie studie, kom opregte dank en waardering, uit my hart.

- My Hemelse Vader wat elkeen van ons se lewenspad bestuur.
- My man Danny en my stiefseun Jean, wat my passie vir die onderwerp gekweek het.
- My ouers wat vir my geleenthede geskep het om my drome waar te maak.
- My broer vir die aanhoudende en opregte belangstelling en ondersteuning.
- Die kleuterskole wat die pad saam my gestap het.
- Die kinders en ouers wat bereid was om deel te vorm van hierdie studie.
- Dr Joubert, wat as promotor opgetree het.

**OPSOMMING**

SOSIO-EMOSIONELE GESINSFUNKSIONERING NA 'N EGSKEIDING:  
'N OUERSKAPSPROGRAM VIR DIE GESIN MET VOORSKOOOLSE KINDERS.

deur

GEZINA ELIZABETH NEL

PROMOTOR: DR J.M.C. JOUBERT  
DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK EN KRIMINOLOGIE  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

GRAAD: D.PHIL (MAATSKAPLIKE WERK)

Hierdie navorsing het ten doel gehad om 'n ouerskapsprogram vir ouers, met voorskoolse kinders en na 'n egskeiding, te ontwikkel, te implementeer en te evalueer, ten einde verbeterde sosio-emosionele funksionering vir sowel die volwassenes as die kinders, te bewerkstellig. Die motivering vir die studie het ontstaan na aanleiding van die realiteit van egskeiding in talle gesinsisteme. Intervensienavorsing as toegepaste navorsing is hiervoor aangewend.

'n Twee-fase navorsingsbenadering is onderneem. Tydens fase 1 is van 'n kwantitatiewe vraelys ontwerp gebruik gemaak. Die volgende navorsingsvraag is tydens hierdie fase geformuleer: *Wat behoort die inhoud van 'n ouerskapsprogram, vir ouers met voorskoolse kinders na 'n egskeiding, te wees?* 'n Behoeftebepalingsvraelys is deur 20 lede van die populasie voltooi en 'n assessering van kinder-respondente is onderneem. Hierdie data het, komplementêr tot die omvattende literatuurstudie wat onderneem is, inligting na vore gebring wat die inhoud van die ouerskapsprogram tot gevolg gehad het. Antwoorde op die navorsingsvraag kon dus gevind word. 'n Kinder-assessering is met die respondente, wat die werkswinkel tydens fase 2 sou bywoon, se kinders onderneem, ten einde hulle belewing van hulle leefwêreld te eksploreer.

Die kwantitatiewe ontwerp, wat tydens fase 2 gevolg is, is die enkelstelselontwerp. Die volgende navorsingshipotese is tydens hierdie fase geformuleer: *Indien ouers en hulle voorskoolse kinders 'n ouerskapsprogram na afloop van 'n egskeiding deurloop, behoort 'n betekenisvolle verandering in hulle sosio-emosionele funksionering te realiseer.* Vier werkswinkels is onderneem, wat soos volg aangebied is: Teoretiese werkswinkels vir onderskeidelik die toesighoudende en die nie-toesighoudende ouers en praktiese werkswinkels vir onderskeidelik die toesighoudende ouer en kind en die nie-toesighoudende ouer en kind, is aangebied. 'n Kwantitatiewe vraelys is voor en na afloop van die werkswinkels voltooi deur al 5 die betrokke gesinsisteme. Hierdie meetinstrument het die hipotese bevestig.

'n Vergelyking tussen die literatuur en die empiriese gegewens is getref. Gevolgtrekkings en aanbevelings vir toekomstige navorsing is na aanleiding van die studie geformuleer.

**LYS VAN SLEUTELBEGRIPPE**

EGSKEIDING

ONTWIKKELINGSFASES

AANPASSING

OUERSKAPSPROGRAM

PARALLELE OUERSKAP

SOSIO-EMOSIONELE FUNKSIONERING

OUERSKAPSTYLE

DISSIPLINE

GESINSISTEEM

PROJEKSIE

**SUMMARY**

SOSIO-EMOTIONAL FAMILY FUNCTIONING AFTER A DIVORCE:  
A PARENTING PROGRAM FOR THE FAMILY WITH PRE-SCHOOL CHILDREN.

by

GEZINA ELIZABETH NEL

PROMOTOR: DR J.M.C. JOUBERT  
DEPARTMENT OF SOCIAL WORK AND CRIMINOLOGY  
UNIVERSITY OF PRETORIA

DEGREE: D.PHIL (SOCIAL WORK)

This research was aimed at the development, implementation and evaluation of a parenting program for parents with pre-school children, after a divorce, in order to improve the sosio-emotional functioning of the adults, as well as the children. The motivation for this study stemmed from the reality of divorce in many family systems. Intervention research as applied research was utilised.

A two-phase research approach was undertaken. A quantitative questionnaire approach as used during phase 1. The following research question was formulated for this phase: *What should the content of a parenting program for parents after a divorce with pre-school children be ?* A needs assessment questionnaire was completed by 20 members of the population and an assessment of child-respondents, was undertaken. This data, complemented the literature study which was undertaken and brought information to the foreground which established the contents of the parenting program. The research question could therefore be answered. A child assessment was undertaken with the children of the parents who would attend the workshop during phase 2, in order to explore the children's experience of their living environment.



The quantitative approach was used in phase 2 as the single system design. The following research hypothesis was formulated for this phase: *If parents and their pre-school children attend a parenting program after a divorce, a significant change in their sosio-emotional functioning should realise.* Four workshops were implemented, in the following way: Theoretical workshops for the custodial and non-custodial parent respectively and practical workshops for the custodial parent and child and the non-custodial parent and child respectively. A quantitative questionnaire was completed prior to the workshops and thereafter by the 5 family systems involved. This instrument of measurement confirmed the hypotheses.

A comparison was done between the literature and the empirical data. Conclusions and recommendations for future research were formulated, as a result of the research study.

**LIST OF KEY TERMS**

DIVORCE

DEVELOPMENTAL PHASES

ADJUSTMENT

PARENTAL PROGRAMME

PARALLEL PARENTING

SOSIO-EMOTIONAL FUNCTIONING

PARENTAL STYLES

DISCIPLINE

FAMILY SYSTEM

PROJECTION

**Lys van figure**

<b>Figuur</b>	<b>Figuurbeskrywing</b>
3.1	Die behoeftehiërargie van Maslow
5.1	Teoretiese benaderings
5.2	Verskillende epistemologieë
5.3	Egostate
5.4	Komplementêre transaksie
5.5	Gekruisde transaksie
5.6	Ulterieure transaksie
5.7	Spel-posisies
5.8	Lewensdraaiboek
7.1	Sirkeldiagram vir geslag van kinder-respondente
7.2	Sirkeldiagram vir geslag van volwasse respondente
7.3	Staafdiagram vir ouderdom van volwasse respondente
7.4	Voor- en natoets (vraag 1 tot 13)
7.5	Voor- en natoets (vraag 14 tot 17)

**Bylae**

<b>Bylaag</b>	<b>Beskrywing</b>
1	Toestemmingsbrief van respondente
2	Uitdeelstuk aan volwasse respondente
3	Behoeftebepalingsvraelys
4	Voor- en natoets

## Inhoudsopgawe

### Hoofstuk 1

#### Algemene oriëntering

1.1	Inleiding	1
1.2	Motivering vir die keuse van die onderwerp	3
1.3	Probleemformulering	4
1.4	Doel, doelstelling en doelwitte van die studie	7
	1.4.1 Doel van die studie	7
	1.4.2 Doelstelling	8
	1.4.3 Doelwitte	8
1.5	Navorsingsvraag en hipotese	8
1.6	Navorsingsbenadering	9
1.7	Soort navorsing	11
1.8	Navorsingsontwerp	11
1.9	Navorsingsprosedure en werkswyse	13
	1.9.1 Fase 1: Probleem-analise en projekbeplanning	13
	1.9.2 Fase 2: Inligting-insameling en sintese	14
	1.9.3 Fase 3: Ontwerp	15
	1.9.4 Fase 4: Vroeë ontwikkeling en voorondersoek	15
	1.9.5 Fase 5: Evaluering en gevorderde ontwikkeling	16
	1.9.6 Fase 6: Verspreiding	17
1.10	Voorondersoek	18
1.11	Literatuurstudie	18
1.12	Konsultasie met kundiges	19
1.13	Uitvoerbaarheid van die ondersoek	19
1.14	Toetsing van vraelys	20
1.15	Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming	21
1.16	Etiese aspekte	22
1.17	Definisie van hoofkonsepte	25
	1.17.1 Ouerskapsprogram	25
	1.17.2 Egskeiding	26

1.17.3	Ontwikkelingsfases	27
1.17.4	Sosio-emosionele funksionering	27
1.17.5	Aanpassing	28
1.17.6	Parallele ouerskap	28
1.18	Indeling van navorsingsverslag	29

## **Hoofstuk 2**

### **Egskeiding as verskynsel**

2.1	Inleiding	30
2.2	Fasette van eg skeiding	31
2.2.1	Vervreemding	31
2.2.2	Wetlike skeiding	32
2.2.3	Ekonomiese skeiding	33
2.2.4	Sosiale skeiding	34
2.2.5	Psigiese skeiding	35
2.2.6	Ouerskapskeiding	35
2.3	Invloed van eg skeiding op die gesinsisteam	36
2.3.1	Fases in die eg skeidingsproses	36
2.3.2	Eg skeiding as rouproses	36
2.3.3	Gesinsfunksionering	37
2.3.4	Individuele funksionering	38
2.3.4.1	Volwassenes	38
2.3.4.2	Kinders	40
2.3.5	Ouerskap	43
2.3.6	Ondersteuningsnetwerke	44
2.3.6.1	Ekonomiese hulpbronne	44
2.3.6.2	Emosionele ondersteuning	45
2.4	Eg skeiding as transformasieproses	47
2.4.1	Aanpassing as konsep van funksionering	47
2.4.2	Eksterne en interne transformasie	49
2.4.2.1	Volwassenes	49
2.4.2.2	Kinders	50
2.4.3	Ouerskap	51

2.4.4	Positiewe aanpassing	51
2.4.4.1	Volwassenes	51
2.4.4.2	Kinders	53
2.4.4.3	Gesin	56
2.4.5	Negatiewe aanpassing	59
2.4.5.1	Konflik tussen ouers	59
2.4.5.2	Negatiewe hantering van die kind	60
2.5	Terapeutiese intervensie	63
2.5.1	Volwassenes	63
2.5.2	Kinders	64
2.5.3	Gesin	66
2.6	Samevatting	68

### **Hoofstuk 3**

#### **Die ontwikkelingstake van die sisteme**

3.1	Inleiding	70
3.2	Emosionele ontwikkeling volgens die teorie van Erikson	71
3.2.1	Inleiding	71
3.2.2	Babastadium	73
3.2.3	Vroeë kinderjare	73
3.2.4	Speelstadium	74
3.2.5	Skooljare	75
3.2.6	Adolesensie	75
3.2.7	Vroeë volwassenheid	76
3.2.8	Volwassenheid	77
3.2.9	Bejaardheid	77
3.2.10	Optimale emosionele ontwikkeling	78
3.3	Ontwikkeling van die voorskoolse kind	79
3.4	Ontwikkeling van die jong volwassene	81
3.5	Ontwikkeling van die huwelik	83
3.6	Die gesin met jong kinders	85
3.7	Binding tussen ouer en kind	86
3.8	Bemagtiging van ouers	88

3.9	Ontwikkelingstake van die gesin	88
3.10	Samevatting	89
<b>Hoofstuk 4</b>		
<b>Optimale ouerskap</b>		
4.1	Inleiding	91
4.2	Opleiding vir ouers	92
4.2.1	Ouer-terapeut vennootskap	92
4.2.2	Ouer se ervaring van eie kinderjare	93
4.2.3	Opleidingsprogramme	94
4.3	Ouerskap as konsep	95
4.3.1	Hulpbronvoorsiening	96
4.3.2	Versorging van die huisgesin	98
4.3.3	Versorging van die kinders	99
4.3.4	Fisiese versorging van die kind	101
4.3.5	Emosionele versorging van die kind	101
4.4	Ouerskapstyle	102
4.4.1	Outoritere ouerskapstyl	103
4.4.2	Permissiewe ouerskapstyl	104
4.4.3	Gesaghebbende ouerskapstyl	105
4.5	Emosies	107
4.5.1	Emosie en ouerskap	107
4.5.2	Emosionele intelligensie	107
4.5.3	Kommunikasie van gevoelens	109
4.5.3.1	Reflektief luister	110
4.5.3.2	Ek-boodskappe	111
4.6	Dissipline	112
4.6.1	Dissipline teenoor straf	113
4.6.2	Dissiplineringsmetodes	114
4.6.2.1	Orde en reëls	114
4.6.2.2	Grense en keuses	115
4.6.2.3	Natuurlike en logiese gevolge	116
4.6.2.4	Leer uit foute	117
4.6.2.5	Ignoreer die gedrag	117

4.6.2.6	Ontneem voorregte	118
4.6.2.7	Laat die kind sy fout regstel	118
4.6.2.8	Teregwysing	119
4.6.2.9	Gesprekvoering	119
4.6.2.10	Dissiplineer nie-verbaal	119
4.6.2.11	Afsondering	119
4.6.2.12	Lyfstraf	120
4.7	Samevatting	121

## **Hoofstuk 5**

### **Teoretiese benaderings wat tydens intervensie benut word**

5.1	Inleiding	123
5.2	Lineêre en sirkulêre epistemologieë	124
5.3	Sistemiese benadering	125
5.3.1	Definisie	125
5.3.2	Teoretiese beskouing	126
5.3.3	Terapeutiese intervensie	129
5.3.3.1	Kommunikasie	130
5.3.3.2	Sirkulêre vraagstelling	136
5.3.3.3	Rituele	137
5.3.4	Gesonde gesinsfunksionering	137
5.3.5	Kritiese evaluering van die sistemiese benadering	139
5.4	Behavioristiese benadering	139
5.4.1	Definisie	139
5.4.2	Teoretiese beskouing	140
5.4.2.1	Klassieke kondisionering	142
5.4.2.2	Operante kondisionering	144
5.4.2.3	Waarnemingsleer	145
5.4.3	Terapeutiese intervensie	147
5.4.4	Kritiese evaluering van die behavioristiese benadering	148
5.5	Transaksionele analise teorie	149
5.5.1	Inleiding	149
5.5.2	Teoretiese beskouing	150
5.5.3	Metodes waarvolgens menslike gedrag geëvalueer kan word	150



5.5.3.1	Strukturele analise	150
5.5.3.2	Transaksionele analise	153
5.5.3.3	Spel-analise	154
5.5.3.4	Lewensdraaiboek-analise	155
5.5.4	Kritiese evaluering van die transaksionele analise teorie	156
5.6	Samevatting	157

## **Hoofstuk 6**

### **Ontwikkeling van die ouerskapsprogram**

6.1	Inleiding	159
6.2	Die struktuur van die empiriese ondersoek	159
6.3	Kinder-assessering	160
6.4	Volwasse respondente	163
6.5	Teoretiese werkwinkels	163
6.6	Praktiese werkwinkels	164
6.6.1	Aankoms en inligting	164
6.6.2	Aggressie-ontlading	164
6.6.3	Vertroue vestig	164
6.6.4	Emosionele herkenning	165
6.6.5	Gesprek oor egskeiding	165
6.6.6	Toekomsverwagting	165
6.7	Samevatting	165

## **Hoofstuk 7**

### **Empiriese gegewens**

7.1	Inleiding	167
7.2	Doelstellings en doelwitte van die studie	168
7.3	Navorsingsmetodologie	169
7.4	Fase 1: Behoeftebepaling	169
7.4.1	Volwassenes: Behoeftebepalingsvraelys	170
7.4.1.1	Metodologie	170
7.4.1.2	Interpretasie van data	171
7.4.1.2.1	Persoonlike omstandighede	171
7.4.1.2.2	Getermineerde huweliksverhouding	176

7.4.1.2.3	Hantering van egskeiding	178
7.4.1.2.4	Ouerskap	189
7.4.1.3	Evaluering van data	191
7.4.2	Kinder-respondente: Assessering	193
7.4.2.1	Metodologie	193
7.4.2.2	Analisering van data	194
7.4.2.2.1	Biografiese besonderhede	194
7.4.2.2.2	Respondent 1: Michelle	195
7.4.2.2.3	Respondent 2: Lalie	196
7.4.2.2.4	Respondent 3: Herman	198
7.4.2.2.5	Respondent 4: Bertus	199
7.4.2.2.6	Respondent 5: Wikus	201
7.4.2.3	Evaluering van data	202
7.5	Fase 2: Werkswinkel implementering en evaluering	202
7.5.1	Volwasse respondente: voor- en natoets	204
7.5.1.1	Metodologie	204
7.5.1.2	Biografiese besonderhede	206
7.5.1.3	Analisering en interpretasie van data	207
7.5.2	Volwasse respondente en kinder-respondente	215
7.6	Samevatting	215

## **Hoofstuk 8**

### **Gevolgtrekkings en aanbevelings**

8.1	Inleiding	217
8.2	Doelstelling van die studie	217
8.2.1	Doel van studie	217
8.2.2	Doelstelling	218
8.3	Doelwitte van die studie	219
8.4	Navorsingsvraag en hipotese	221
8.5	Samevattende gevolgtrekkings	222
8.5.1	Hoofstuk 1: Algemene oriëntering	222
8.5.2	Hoofstuk 2: Egskeiding	225
8.5.3	Hoofstuk 3: Ontwikkelingsfases	230
8.5.4	Hoofstuk 4: Ouerskap	232

8.5.5	Hoofstuk 5: Teoretiese benaderings	235
8.5.6	Hoofstuk 6: Ouerskapsprogram	236
8.5.7	Hoofstuk 7: Empiriese gegewens	237
8.6	Aanbevelings	238
8.6.1	Ouerskapsprogramme	238
8.6.2	Maatskaplikewerk-intervensie	239
8.6.3	Verdere navorsing	239
8.6.4	Navorsingsmetodologie	240
8.7	Slotopmerkings	240

Bibliografie

## Hoofstuk 1

### Algemene Oriëntering

#### 1.1 Inleiding

Die gesin is die basiese biososiale eenheid in die gemeenskap. Die kern van die gesin bestaan uit twee volwassenes wat saamwerk in die opvoeding van hulle eie of aangenome kinders (Berg-Cross, 2000:6). Soos die gesin deur bepaalde ontwikkelingsfases beweeg, moet bepaalde veranderinge binne die gesinsisteem plaasvind ten einde progressie te weeg te bring. Binne die jong gesin moet die huweliksisteem aanpas om voorsiening te maak vir die kinders, ouer-rolle moet ingeneem word en die verhouding met die uitgebreide gesinsisteem (grootouers) moet herevalueer word. Wanneer kinders tot die gesinsisteem toegevoeg word, sal die ouers, volgens Berg-Cross (2000:13), tipies na die vlak van intimiteit en kommunikasie wat teenwoordig was voor die geboorte van die kinders, verlang. Die ouers voel dikwels ook oorweldig en depressief as gevolg van die spanning wat ouerskap meebring en vind dit daarom moeilik om op hulle huweliksverhouding en wedersydse behoeftebevrediging te konsentreer. Die eise, spanning, gejaagdheid en ontoereikende kommunikasiepatrone van die moderne samelewing bring mee dat gesinne nie optimaal kan funksioneer nie en die gesinseenheid makliker disintegreer.

Egskeiding is 'n sielkundig komplekse proses wat soortgelyke fases as dié van die rouproses insluit, naamlik: ontkenning, verlies en depressie, woede en ambivalensie, heroriëntering ten opsigte van die lewenstyl en identiteit en 'n aanvaarding van 'n nuwe vlak van funksionering (Bogolub, 1995:21). Dit is dus noodsaaklik dat 'n toereikende verlieshanteringstrategie in plek gestel word. Kinders volg die voorbeeld van hulle ouers in die hantering van verlies (Kelly, 2001:51). Dit is daarom van kardinale belang dat die ouers van hulle eie proses en emosionele reaksies bewus sal wees. Kinders ervaar ook dat hulle ouers se kapasiteit om liefde en aandag te gee en dissipline toe te pas verlaag as gevolg van die ouers se eie problematiek (Bogolub, 1995:15). Volgens Collings (1995:102) hoef egskedding egter nie noodwendig 'n negatiewe invloed op die gesin te hê nie. Bepaalde "voordele" manifesteer wel, soos onder andere dat enkelouers harder werk om positiewe verhoudings met hulle kinders te handhaaf. Kinders kan ook bevoeg en verantwoordelik ontwikkel en enkelouers kan emosioneel sterk wees en sodoende weer 'n voorbeeld vir hulle kinders stel. Hierdie potensiële "voordele" kan egter ook by gesinne, wat nie 'n egskedding deurloop het nie, voorkom.

Toereikende ondersteuning na afloop van die egskeiding is noodsaaklik vir positiewe aanpassing van die gesinslede. Ouers voel dikwels oorweldig met betrekking tot die fisiese en emosionele eise wat die kinders aan hulle stel (Dowling & Barnes, 2000:28). Die ondersteuningsnetwerk waaroor die gesinsisteem beskik, vervul dus 'n belangrike rol. Vyf sones van hierdie netwerk word deur Berg-Cross (2000:195) onderskei, naamlik: naby familie en vriende, aktief betrokke familie en vriende, voorheen aktief betrokke familie en vriende, ekonomiese en politieke vriendskappe en minimale of nominale vriendskappe. 'n Gebrek aan ondersteuning laat die gesin kwesbaar en rigied, met 'n gebrek aan aanpasbaarheid. Disfunksionele wyses van funksionering kan dus binne die gesin manifesteer. Wanneer 'n egskeiding plaasgevind het, kan hierdie sones van ondersteuning verander en moet daar dus ook 'n heroriëntering in terme van die ondersteuningsnetwerk plaasvind.

Die gesin oefen die sterkste invloed op die kind en sy/haar ontwikkeling uit, aangesien dit die primêre eenheid van funksionering is (Botha, Van Ede & Piek, 1990:243). Kinders tussen die ouderdom van 3 en 10 jaar, en dus by implikasie die voorskoolse kind, moet aktief by 'n terapeutiese hulpverleningsproses betrek word indien hulle ouers deur 'n egskeidingsproses beweeg, volgens laasgenoemde outeurs. Die noodsaaklikheid hiervan word bevestig indien daar gelet word op die groot verskeidenheid ontwikkelingsmylpale wat kinders in hierdie ouderdomsgroep moet bereik. Die nastreef van hierdie ontwikkelingsmylpale gebruik al die natuurlike psigiese energie waaroor die kind beskik. Van der Merwe (1994:10) konstateer die volgende met betrekking tot die jong kind: *"When they have to cope with a parental divorce at an early age, it may easily happen that their energy is directed to coping with the divorce crisis for too long. Their normal development may stagnate or regress with serious long term consequences"*. Die egskeidingsproses kan dus 'n negatiewe invloed op die kind se ontwikkeling uitoefen. Dit is dus duidelik dat terapeutiese intervensie na afloop van 'n egskeiding noodsaaklik is vir die funksionering van die gesin met jong kinders.

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan die motivering vir die keuse van die onderwerp, die probleemformulering en die doelstelling en doelwitte van die studie. Daar word ook 'n uiteensetting van die navorsingsvraag, die navorsingsbenadering, die soort navorsing, die navorsingsontwerp en die navorsingsprosedure en werkswyse gegee. Ander aspekte wat aandag geniet is die bespreking van die voorondersoek, die omskrywing van die universum, die afbakening van die steekproef en die wyse van steekproefneming. Die etiese aspekte wat in gedagte gehou is tydens die studie word ook bespreek. Die relevante hoofkonsepte van hierdie studie word ook gedefinieër.

## 1.2 Motivering vir die keuse van die onderwerp

Die navorser se terapeutiese dienste vanuit haar privaatpraktyk fokus toenemend op die hantering van egskeiding. Vanuit die navorser se speltherapeutiese oriëntering in die praktyk, was die fokuspunt primêr die kind se hantering van die egskeiding. 'n Toenemende behoefte is egter by ouers geïdentifiseer om, komplimentêr tot die terapeutiese intervensie met die kind, ook die ouers te bemagtig met inligting rondom die kind se hantering van die egskeiding. Dit is vanuit hierdie proses in die praktyk duidelik dat ouers na afloop van 'n egskeiding nie emosioneel vaardig voel om die behoeftes van hulle kinders te identifiseer en aan te spreek nie. Dit blyk dat ouers dikwels self op emosionele oorlewing ingestel is. Meeste van die navorser se kliënte is in die kleuterskool ouderdomsgroep. Dit is belangrik om die kinders se normale ontwikkelingsfase in ag te neem wanneer egskeiding as traumatiese gebeurtenis aangespreek word. Die navorser het dus verkies om die program vir kleuters en hulle ouers te ontwikkel. Hierdie program het op kleuters en ouers wat nog nie terapeutiese dienste ontvang het nie, gefokus. Potensiële respondente het dus vanuit die kleuterskole gekom en nie vanuit die terapeut se privaatpraktyk nie.

Verskeie individue en sisteme het by hierdie navorsing baat gevind en kan steeds daarby baat. Soos reeds vermeld kan die maatskaplike werker wat terapeuties tot die leefwêreld van die gesin na 'n egskeiding toetree, die beoogde werkswinkel/program sinvol implementeer in die privaatpraktyk en binne welsynsorganisasies. Ander dissiplines wat betrokke is by gesinne na 'n egskeiding sal ook hulle dienste op hierdie navorsing kan baseer. Hierdie navorsing sou dus ook sinvol aangewend kan word deur onder andere predikante en onderwysers. Dit word egter aanvaar dat die professionele persoon wat hierdie ouerskapsprogram wil implementeer, vertrouwd moet wees met menslike ontwikkeling en die teoretiese benaderings wat benut is.

Ouers wat 'n egskeiding deurloop het, baat by hierdie navorsing aangesien hulle met kennis bemagtig word in die effektiewe hantering van sowel hulle kinders as hulle eie sosio-emosionele funksionering. Die konsep van parallelle ouerskap, dit wil sê ouerskap waarvan die basiese beginsels ooreenstem, het aan die ouers sekuriteit gebied in dié dat hulle insig ontwikkel het in die hantering van hulle kinders, in die onderskeie ouerhuise. Die kinders het dus ook by hierdie navorsing gebaat aangesien hulle ouers beter toegerus is om hulle behoeftes te identifiseer en daarin te voorsien. Positiewe kommunikasiepatrone is binne die gesinsisteam gevestig en spanning tussen ouers is dus geminimaliseer.

Hierdie navorsingstudie het gepoog om inligting aan beide die moeder en die vader oor te dra, hoewel daar erken word dat die praktiese situasie vir die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer verskil. Die belangrikheid van die rol van die nie-toesighoudende ouer in die lewe van die voorskoolse kind het aandag geniet, aangesien die navorser van mening is dat die nie-toesighoudende ouer 'n kardinale rol vervul in die persoonlikheids-, vaardigheidsontwikkeling en sosio-emosionele funksionering van die kind. Dit is belangrik dat die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer konsensus moet bereik met betrekking tot opvoedingstyle, selfs indien dit beteken dat hulle mekaar se verskillende benaderings moet erken en respekteer.

Met hierdie navorsingstudie is daar gepoog om ouers met kinders in die voorskoolse fase, wat deur die egskedingsproses beweeg het, te bemagtig ten einde hulle lewensituasies met selfvertroue te benader, veral met betrekking tot ouerskap. Die kern van die studie, naamlik sosio-emosionele bewuswording en insigontwikkeling, het ten doel gehad om die ouers toe te rus met ooreenstemmende hanteringstrategieë en begrip en dus by implikasie die daarstelling van 'n parallelle ouerskapstyl.

### **1.3 Probleemformulering**

'n Hoë egskedingsyfer realiseer binne gesinne in die wêreld, en spesifiek ook in Suid-Afrika. Volgens statistiese berekeninge vind ongeveer die helfte van egskedings in die VSA binne die eerste sewe jaar van die huwelik plaas (Benokraitis, 2002:396). By implikasie is die kinders binne hierdie gesin dus dikwels in die ouderdomsgroep 2 tot 6 jaar. Die Suid-Afrikaanse konteks reflekteer die volgende: Gedurende 1999 is daar 3 924 huwelike wat tussen 5 en 9 jaar gesluit was, ontbind. Hierdie syfer maak 26,5% van die totale egskedingsyfer uit vir 1999. Gedurende die jaar 2000 het die getal huwelike wat tussen 5 tot 9 jaar geduur het en toe ontbind is, gestyg tot 4 145, wat 27,25% van die totale getal egskedings uitmaak (Statistieke Suid-Afrika). Hierdie syfer is dus baie hoog vir huwelike wat tussen 5 tot 9 jaar duur. Die afleiding kan dus gemaak word dat daar talle egpare in hierdie groep is wat skei wanneer hulle kinders in die voorskoolse ouderdomsgroep is.

Egskeding is 'n komplekse en interverweefde proses wat op verskillende vlakke voorkom. Hierdie vlakke sluit in skeiding op die emosionele, wetlike, ekonomiese, ouerskap, gemeenskap en psigiese vlakke (Benokraitis, 2002: 398-400). Hierdie verskillende vlakke van skeiding hou egter elkeen bepaalde emosionele implikasies vir die betrokke individue in en moet dus aangespreek word met die oog op optimale

funksionering. Ouers se verhouding met mekaar word op 'n radikale wyse deur 'n egskeiding beïnvloed. Waar daar kinders by betrokke is, is dit noodsaaklik dat die ouers met mekaar oor hulle kinders se behoeftes kan kommunikeer. In die literatuur word daar tussen vyf tipes verhoudings onderskei wat na die egskeiding realiseer, naamlik perfekte vriende, samewerkende kollegas, woedende kennisse, vurige vegters en opgeloste strydters (Benokraitis, 2002: 400). Dowling en Barnes (2000:21-22) onderskei tussen samewerkende ouerskap, konflikbelaaide ouerskap en onverbonde ouerskap. Die hipotese word gestel dat daar in die praktyk meer dikwels 'n negatiewe verhouding in stand gehou word. 'n Terapeutiese hulpverleningsproses moet dus deurloop word ten einde ouers te bemagtig om insig in die sosio-emosionele funksionering van die gesinsisteem te ontwikkel en gevolglik 'n bevredigende verhouding van parallelle ouerskap te vestig.

Oorweldigende emosionele ervarings binne die gesin wat 'n egskeiding deurloop het, strem die optimale funksionering van die individuele gesinslede. Talle praktiese probleme word ook binne die afsonderlike ouerhuise ervaar. Dissiplineprobleme, skuldgevoelens, verskillende roetines en huisreëls wat nie ooreenkom nie (of nie konsekwent geïmplementeer word nie) kan daartoe aanleiding gee dat kinders met probleemgedrag en emosionele probleme presenteer. Die ouers se emosionele funksionering staan ook sekondêr tot die daaglikse roetine en stryd om oorlewing.

Die logistieke en emosionele veranderinge wat met egskeiding gepaard gaan, inhibeer die optimale funksionering van ouers en hulle kinders. Emosionele uitdrukking is dikwels ontoepaslik of ontoereikend en eskaleer dus die trauma van die egskeidingsproses vir sowel die ouer as die kind. Emosionele energie word benut vir die handhawing van destruktiewe funksioneringspatrone, skuldgevoelens en die stryd om oorlewing, eerder as vir aanpassing by nuwe omstandighede en emosionele behoeftebevrediging.

Die gesinseenheid vorm die kern van die samelewing en optimale begrip vir die individu kan slegs realiseer indien die konteks waarbinne die individu funksioneer ook in ag geneem word. *"The family is the most intimate social unit and, therefore, has the most influence on the growth and development of its members"* (Jung, 1996:584). Dit is dus ook na afloop van 'n egskeidingsproses noodsaaklik om die individu se funksionering binne die nuwe, gebroke sisteem en die meer omvattende ekosisteem in ag te neem, indien daar na hanteringsvaardighede en hulpbronne gekyk word. Met die oog op optimale funksionering van die individu binne sy/haar (gebroke) gesinsisteem is



dit nodig om individuele funksionering te analiseer en te herevalueer. Verskillende teoretiese benaderings kan in hierdie verband benut word.

Die *transaksionele analise teorie* is 'n persoonlikheidsteorie wat te make het met die begrip vir menslike gedrag. Tegnieke wat stres verminder en groei en self-bewuswording aanmoedig, word onderskei (Clarkson, 1992:9). Die *behavioristiese benadering* is gebaseer op die beginsel van wederkerige determinisme: Gedrag word bepaal deur die interaksie van drie faktore, naamlik die persoon, die situasie en die gedrag wat binne die situasie ontstaan (Meyer, Moore & Viljoen, 1988:234). Hierdie teorie huldig die mening dat gedrag aangeleer en by implikasie dus ook afgeleer kan word. Die *sistemiese benadering* is 'n ontwikkeling in die sielkunde waar die fokus nie soseer op die individu nie, maar eerder op die sisteem waarbinne die individu funksioneer, val. Die sosiale konteks waarbinne die individu funksioneer moet in ag geneem word (Peterson, 1996:87). Die primêre konteks is die gesinsisteem. Die sistemiese model beklemtoon die gesin se invloed op die gedrag van die individu. *"This viewpoint holds that all members of a family are enmeshed in a network of interdependent roles, statuses, values, and norms"* (Sue, Sue & Sue, 1997:56). Die holistiese benadering van die sistemiese model dui daarop dat die geheel meer as die som van die dele is. Hierdie beginsel bevestig die feit dat die gesinsisteem meer as slegs die individuele lede insluit (Oltmanns & Emery, 1995:41). In hierdie navorsingstudie word die gesinseenheid steeds beklemtoon, maar word dit in terme van subsisteme soos byvoorbeeld die moeder en kinders of vader en kinders, beskryf.

Die kombinasie van die sistemiese benadering, die behavioristiese benadering en die transaksionele analise is nog nie in die vorm van 'n program uiteengesit vir maatskaplike werkers om tydens terapeutiese toetrede tot die gesin wat 'n egskeiding deurloop het, te benut nie. Aangesien hierdie drie benaderings mekaar komplementeer en die beperkings van die een benadering deur die ander benaderings ondervang word, word hierdie kombinasie as 'n effektiewe teoretiese benadering voorgelê.

Die navorsingsprobleem vir hierdie studie kan soos volg omskryf word: Egskeiding is 'n dinamiese en gekompliseerde proses wat alle fasette van die betrokke individue se funksionering raak. In Suid-Afrika bestaan daar nie 'n ouerskapsprogram vir die gesin met voorskoolse kinders om die sosio-emosionele funksionering na 'n egskeiding aan te spreek nie. Die gebrek aan maatskaplike tegnologie beklemtoon dus 'n leemte in die praktyk. Ouers en kinders is nie toegerus om die mate van emosionele bewuswording wat noodsaaklik is vir die hantering van die egskeiding, te bewerkstellig nie. Die interpersoonlike en sosio-emosionele funksionering van gesinsisteme na afloop van 'n

egskeiding is ontoereikend. Professionele intervensie kan dus 'n positiewe bydrae tot die sosio-emosionele funksionering van die gesin lewer, met die beklemtoning van ouerskap, volgens 'n parallelle ouerskapstyl. Om hierdie probleem aan te spreek is die volgende ten doel gestel.

#### **1.4 Doel, doelstelling en doelwitte van die studie**

##### **1.4.1 Doel van die studie**

Die oorkoepelende doel van hierdie studie was om deur middel van 'n verkennende studie, 'n behoeftebepaling te onderneem om temas te identifiseer wat komplementêr tot die literatuurstudie (fase 2 van die intervensienavorsing) benut kon word met die oog op die ontwikkeling van 'n ouerskapsprogram vir ouers met voorskoolse kinders na 'n eg skeiding. Aangesien daar min inligting oor die betrokke onderwerp beskikbaar is, het die studie verkenning ten doel gehad (Royse, 1995:28).

Verkennende navorsing is volgens Bless en Higson-Smith (2000:154) *“conducted to gain insight into a situation, phenomenon, community or individual”*. De Vos (2002:357) meen verkennende navorsing is daarop gemik om nuwe konsepte of teorieë te ontwikkel. Neumann (2000:19) is van mening dat verkennende navorsing ten doel het om rondom idees en tentatiewe teorieë te eksploreer, 'n weldeurdagte beeld rakende feite te ontwikkel en die moontlikheid van verdere navorsing te ondersoek.

Die ontwikkeling, implementering en evaluering van die ouerskapsprogram vir ouers met voorskoolse kinders na 'n eg skeiding, word dan ook beskryf. Beskrywende navorsing poog om 'n waarheidsgetroue beeld van die waargenome te gee. *“Descriptive research presents a picture of the specific details of a situation, social setting or relationship, and focus on the “how” and “why” questions”* (Neumann, 2000:23). Die waarde hiervan word deur Royse (1995:28) gekonstateer in die volgende woorde: *“Descriptive studies can provide precise information on the characteristics of a group of respondents.”* Die beskrywende en verkennende prosesse het mekaar gekomplementeer. Die waarde van die twee betrokke prosesse lê daarin dat inligting nie net ingesamel nie, maar ook op 'n groep respondente van toepassing gemaak en beskryf kon word.

#### **1.4.2 Doelstelling van die studie**

Die term “doelstelling” verwys volgens De Vos, Schurink en Strydom (1998:7) na die breë, meer abstrakte konsep van wat die navorser na afloop van die proses wil bereik, terwyl die term “doelwit” na die meer konkrete, meetbare konsepte verwys. Beide ‘n doelstelling en bepaalde doelwitte moet geformuleer word. Die doelstelling is omvattend, terwyl die doelwitte binne hierdie doelstelling geformuleer word sodat die bereiking van alle doelwitte die spontane bereiking van die doelstelling impliseer. Die doelstelling van hierdie studie is soos volg geformuleer:

Om ‘n ouerskapsprogram vir ouers, met voorskoolse kinders en na ‘n egskeiding, te ontwikkel, te implementeer en te evalueer, ten einde insigontwikkeling en gevolglik verbeterde sosio-emosionele funksionering vir sowel die volwassenes as die kinders, te bewerkstellig.

#### **1.4.3 Doelwitte van die studie**

Die doelwitte vir hierdie studie het die volgende ingesluit:

- Om ‘n kennisraamwerk op te bou met betrekking tot egskeiding as verskynsel en die invloed daarvan op die sosio-emosionele funksionering van die betrokke volwassenes en die voorskoolse kind.
- Om ‘n behoeftebepaling te onderneem om temas te identifiseer wat benut kan word in die ontwikkeling van die ouerskapsprogram.
- Om ‘n teoreties geïntegreerde intervensieprogram te ontwikkel met betrekking tot:
  - insigontwikkeling en gevolglik verbeterde sosio-emosionele funksionering van die gebroke gesinsisteme as entiteit en die
  - implementering van ouerskap as meganisme tot optimale funksionering.
- Om die program toe te pas op vyf gesinsisteme.
- Om die program te evalueer.
- Om die navorsingsbevindinge en werkwinkel-inhoud in ‘n verbruikersvriendelike dokument te omskep wat deur maatskaplike werkers en ander professionele persone benut kan word tydens terapeutiese intervensie.

#### **1.5 Navorsingsvraag en hipotese**

Volgens Huysamen (1993:10) moet die navorsingsprobleem in ‘n navorsingshipotese, wat ‘n verband tussen twee of meer veranderlikes postuleer, omgeskakel word. ‘n

Veranderlike is 'n eienskap of atribuut van 'n persoon of fenomeen wat meer as een waarde op 'n kontinuum kan aanneem en wat empiries waarneembaar is (Cresswell, 2003:93, 108). 'n Navorsingshipotese maak 'n stelling "*about how things can be*" (De Vos, 1998:116). In die geval van verkennende navorsing, wat van meer veranderlike aard is en/of in 'n relatiewe nuwe navorsingsgebied waar gevestigde teorieë of vorige navorsingsbevindings ontbreek, word daar gewoonlik nie 'n spesifieke navorsingshipotese gestel nie, maar 'n vraag (Cresswell, 2003:93, 108 en Bless & Higson-Smith, 1995:37).

'n Navorsingsvraag word volgens De Vos (2002:327) gestel met die doel om onduidelike gedagtes te orden. 'n Navorsingsvraag verskil van 'n hipotese deurdat laasgenoemde op die verband tussen twee veranderlikes fokus.

Met die oog op hierdie navorsing is 'n navorsingsvraag en hipotese gestel. Vir die kwantitatiewe fase 1 is 'n behoeftebepaling onderneem en die volgende navorsingsvraag geformuleer:

*Wat behoort die inhoud van 'n ouerskapsprogram, vir ouers met voorskoolse kinders na 'n egskeiding, te wees?*

Vir die kwantitatiewe fase 2 van die navorsing, is die benuttingswaarde van die intervensieprogram met behulp van 'n voor- en natoets gemeet. Die meetinstrument is 'n selfontwerpte metingskaal. Vir fase 2 is die volgende hipotese gestel:

*Indien ouers en hulle voorskoolse kinders 'n ouerskapsprogram na afloop van 'n egskeiding deurloop, behoort 'n betekenisvolle verandering in hulle kennisvlak met betrekking tot hulle sosio-emosionele funksionering te realiseer.*

## **1.6 Navorsingsbenadering**

Hierdie navorsingstudie is in twee fases geïmplementeer, wat dui op 'n twee-fase model. Hierdie tipe model word soos volg deur De Vos (1998:360) omskryf: "...*the researcher proposes to conduct a qualitative phase of the study and a separate quantitative phase of the study*". Met die oog op hierdie studie is beide die fases egter kwantitatief van aard, aangesien navorser oortuig was dat dit die beste wyse van data-insameling was. Die navorsing is wel in twee afsonderlike fases onderneem. Fase 1 was die behoeftebepaling en fase 2 is gedoen om die benuttingswaarde van die ouerskapsprogram te evalueer.

Die kwantitatiewe benadering word soos volg deur De Vos, Schurink en Strydom (1998:15) omskryf: “...the quantitative approach is that approach to research in the social sciences that is more highly formalized as well as more explicitly controlled, with a range that is more exactly defined”. Mark (1996:210-211) bevestig hierdie teoretiese beskrywing deur te konstateer dat kwantitatiewe navorsing die benutting van statistiese berekeninge beklemtoon. ‘n Kwantitatiewe navorsingstudie beskik volgens Schurink (1998:242) oor bepaalde karaktereienskappe, wat soos volg by die betrokke navorsingstudie geïntegreer is: Meting is op ‘n sistematiese wyse onderneem deur middel van twee vraelys wat tydens die behoeftebepaling en die implementering van die enkelstelselontwerp (ABA) gedoen is.

Die eerste vraelys vorm deel van die kwantitatiewe behoeftebepaling wat onderneem is, tydens fase 1. Die kwantitatiewe evaluering van hierdie vraelys het statistiese inligting na vore gebring. Die interpretasie van hierdie data is komplementêr tot die literatuur benut tydens programontwikkeling. Fase 2 was ook kwantitatief van aard. ‘n Selfontwerpte vraelys is as meetinstrument tydens die voortoets en natoets geïmplementeer. Hierdie vraelys het die inhoud van die ouerskapsprogram, met die oog op die gesin se sosio-emosionele funksionering en ouerskap, gemeet en is statisties geëvalueer. Hierdie program is tydens ‘n werkswinkel aangebied.

Die twee-fase model wat vir hierdie navorsingstudie benut is, kan dus soos volg opgesom word:

Tabel 1.1: Die implementering van die twee-fase model

	<b>Metodologie</b>	<b>Teikengroep</b>
Fase 1 (Kwantitatief)	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Behoeftebepalingsvraelys</li> <li>• Assessering van kinders met die oog op behoeftebepaling</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 20 respondente uit populasie</li> <li>• 5 voorskoolse kinders (kinders van die 10 respondente wat werkswinkel bygewoon het)</li> </ul>
Die volgende vraag is tydens fase 1 gestel: <i>Wat behoort die inhoud van ‘n ouerskapsprogram, vir ouers met voorskoolse kinders na ‘n egskeiding, te wees?</i>		
Fase 2 (Kwantitatief)	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vraelys (voortoets) (dieselfde as vir natoets)</li> <li>• Aanbieding van werkswinkel</li> <li>• Vraelys (natoets) (dieselfde as vir voortoets)</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 10 volwasse respondente wat werkswinkel bygewoon het</li> <li>• 10 volwasse respondente</li> <li>• 10 volwasse respondente wat werkswinkel bygewoon het</li> </ul>

Die volgende navorsingshipotese is tydens fase 2 gestel:

*Indien ouers en hulle voorskoolse kinders 'n ouerskapsprogram na afloop van 'n egskeiding deurloop, behoort 'n betekenisvolle verandering in hulle kennisvlak met betrekking tot hulle sosio-emosionele funksionering te realiseer.*

### 1.7 Soort navorsing

Toegepaste navorsing is tydens hierdie ondersoek onderneem, aangesien hierdie navorsing aangewend is om oplossings wat in die praktyk geïmplementeer kan word, te ontwikkel (De Vos, Schurink & Strydom, 1998:8). Tydens toegepaste navorsing word daar op die praktyk gefokus en openbaar die navorser 'n soeke na kennis wat in die praktyk benut kan word.

Met die oog op die ontwikkeling van 'n nuwe program, is intervensienavorsing as 'n vorm van toegepaste navorsing onderneem (Rothman & Thomas, 1994:28 en De Vos, 1998:385). Soos vanuit die motivering vir die keuse van die onderwerp blyk, is hierdie navorsingstudie praktykgerig. Die spesifieke onderwerp is gekies op grond van 'n verskynsel wat die lewe van talle gesinne raak en die feit dat daar 'n behoefte aan 'n intervensieprogram bestaan. Daar is gepoog om kennis met betrekking tot die voorskoolse kind, egskeiding en sosio-emosionele funksionering, in te win. Aspekte met betrekking tot ouerskap, dit wil sê onder andere dissipline en kommunikasie, is ook geïntegreer ten einde 'n intervensieprogram te implementeer en te evalueer.

### 1.8 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is letterlik die bloudruk van die studie. Royse (1995:27-28) definieer die begrip "ontwerp" soos volg: *"A research design or methodology is something like a blueprint. It outlines the approach to be used to collect the data."* Hierdie outeur brei op hierdie stelling uit deur te noem dat die navorsingsontwerp die omstandighede waaronder die inligting ingesamel gaan word omskryf, die wyse waarop die respondente geselekteer gaan word identifiseer, bepaal watter instrumente benut sal word en oor die algemeen inligting met betrekking tot die praktiese uitvoering van die studie voorsien.

Daar is tydens hierdie navorsingstudie gepoog om die respondente se leefwêreld te eksploreer, soos wat dit subjektief deur hulle beleef word (De Vos & Fouché, 1998:80). Hierdie bepaling is deur middel van 'n kwantitatiewe vraelys onderneem met die doel om die behoeftes van die respondente in verband met 'n ouerskapsprogram te

identifiseer (Fase 1). De Vos en Fouché (1998:89) definieër die begrip “vraelys” as ‘n instrument met oop of geslote vrae, waarop die respondent moet reageer. Persoonlike vraelyste is tydens hierdie studie benut (Fouché, 1998:154), waarvolgens die navorser die vraelys per hand aan die respondent voorsien het, beskikbaar was vir vrae indien nodig, maar haar eie bydrae tot die voltooiing van die vraelys tot die minimum beperk het. Verdere eksplorاسie is onderneem deurdat die gesinne wat by die werkswinkel betrek is, se voorskoolse kinders voor die aanvang van die werkswinkel geassesseer is. Hierdie assessering is onderneem met behulp van diere as projeksie-tegniek, soos in hoofstuk 6 beskryf word. Die doel van hierdie assessering was om verdere inligting te bekom wat, in ooreenstemming met die literatuur, in die program opgeneem kon word.

Tydens fase 1 is van ‘n kwantitatiewe vraelys ontwerp gebruik gemaak. Fouché en De Vos (2002:142) meen: *“The survey designs...are often of a more quantitative nature, requiring questionnaires as a data collection method.”*

Die kwantitatiewe ontwerp, wat tydens fase 2 gevolg is, is die enkelstelselontwerp. Die benutting van die enkelstelselontwerp word soos volg deur Strydom (1998:144) gemotiveer: *“Any therapist should always be able to determine which changes have taken place in a client’s problem and whether it was the intervention that initiated these changes.”* Mark (1996:185) beskryf die waarde van die enkelstelselontwerp binne die konteks van teorie en praktyk: *“It allows professionals to improve their practice and develop theories for intervention.”* Die direkte dienslewering, beplanning en administrering word dus bestudeer, terwyl praktiese terugvoer dadelik beskikbaar is. Voordele van die enkelstelselontwerp sluit in dat groot groepe kliënte of kontrole groepe nie nodig is in die uitvoering van ‘n ondersoek nie, die terapeutiese intervensieproses nie ontwig word nie en die navorser nie klerklike hulp tydens die onderneming van die studie benodig nie (Royse, 1995:69). Die beperking van die enkelstelselontwerp sluit egter in dat veralgemening moontlik nie so universeel gedoen kan word soos wat die navorser dit graag sou wou doen nie en dat praktiese probleme soos dat onder meer die basislyn gedrag nie ewe stabiel is nie, kan voorkom (Royse, 1995:70).

Tydens hierdie navorsingstudie is daar van die ABA-ontwerp gebruik gemaak. Die basislyn (A) was die periode voor die implementering van die werkswinkel. Die voortoets is dus as die basislyn-inligting benut. Die natoets (A) het gedien as die evalueringinstrument. Dieselfde vraelys is in die voor- en natoets benut. Op grond hiervan kon die navorser bepaal of die terapeutiese intervensieprogram (B) ‘n



betekenisvolle verandering in die respondente se sosio-emosionele funksionering te weeg gebring het. Die aanname is dat verhoogde insig 'n gedragsverandering te weeg kan bring.

## 1.9 Navorsingsprosedure en werkswyse

Die navorsingsprosedure verwys na die presiese stappe wat tydens die navorsingsproses onderneem word. Volgens Rothman en Thomas (1994:28) en De Vos (1998:385) kan intervensienavorsing teoreties in 6 verskillende fases verdeel word.

Met die oog op die praktiese onderneming van hierdie navorsingstudie is die volgende stappe dus, in ooreenstemming met die teoretiese uiteensetting, onderneem:

### 1.9.1 Fase 1: Probleem-analise en projekbeplanning

Probleemidentifikasie is die eerste stap in hierdie fase. Identifikasie van die probleem kom volgens Thomas (in De Vos, 1998:386) in twee faktore voor, naamlik: Ten eerste dat erken word dat bepaalde norme in die gemeenskap bestaan. Hierdie norme is gebaseer op sosiale waardes en definieer bepaalde vlakke van gedrag of welstand. Die tweede faktor dui daarop dat daar 'n bepaalde diskrepansie tussen die norme en die bestaande gedrag of welstand van die individue of groepe bestaan. Met betrekking tot hierdie navorsingstudie was die norme wat gegeld het, dié van 'n goed-aangepaste kerngesin wat as entiteit funksioneer binne die makro gemeenskap. Die kerngesin het dus uit twee volwassenes bestaan wat hulle kinders na die beste van hulle vermoë met die beskikbare hulpbronne opgevoed het. Die diskrepansie lê dus daarin dat die verwagte norme nie realisties nagestreef kon word nie, aangesien die kerngesin nie meer as die sentrale entiteit in die gemeenskap voorkom nie. Die kerngesin is vervang deur twee huishoudings waar verskillende norme, roetines en tradisies gehandhaaf word en waar die kinders aan onderskeie opvoedingstyle en ontwikkelingsgeleenthede blootgestel word.

Tabel 1.2: Probleem-analise en projekbeplanning

<b>Fase 1: Probleem-analise en projekbeplanning</b>	
Identifiseer kliënte en maak hulle betrokke by studie.	Die populasie is beskou as alle ouers wat 'n egskeiding deurloop het in Centurion en Pretoria en wat gedurende 2005 'n kind in Graad 0 het.
Bewerk toegang en	Onderhandelinge met die kleuterskoolhoofde is



samewerking.	onderneem, aangesien dit privaat kleuterskole is. 'n Skrywe is aan die ouers gerig om die doel van die navorsing uit een te sit en potensiële respondente te identifiseer. Hierdie skrywe is aan alle ouers voorsien ten einde eties op te tree deur nie die name van ouers wat 'n egskeiding deurloop het by die skoolhoofde te kry nie.
Analiseer geïdentifiseerde probleem.	Egskeiding is 'n sosiale probleem wat almal in die samelewing raak, ongeag ras, geslag of kultuur. Daar bestaan nie maatskaplike tegnologie om die gebrekkige interpersoonlike en sosio-emosionele funksionering van gesinsisteme na afloop van 'n egskeiding doeltreffend aan te spreek nie.
Formuleer doelwitte.	Toepaslike doelwitte vir die beoogde navorsing is reeds geformuleer onder punt 1.4.

### 1.9.2 Fase 2: Inligting-insameling en sintese

Volgens Rothman en Thomas (1994:31-32) is dit belangrik dat die navorser haarself vergewis van ondersoek wat reeds met betrekking tot die betrokke onderwerp onderneem is. Relevante inligting moet geïdentifiseer en geïntegreer word.

Tabel 1.3: Inligting-insameling en sintese

<b>Fase 2: Inligting-insameling en sintese</b>	
Benut bestaande inligtingsbronne.	'n Literatuurstudie is onderneem en individuele onderhoude met kundiges op die gebied van egskeiding, is onderneem.
Identifisering van die gemeenskapsbekommernisse.	'n Kwantitatiewe vraelys (behoeftebepaling) is aan lede van die populasie voorsien. 20 voltooide vraelyste is geanaliseer met die oog op programontwikkeling. 'n Assessering van kinder-respondente is ook onderneem ten einde inligting in te samel met betrekking tot die kinders se ervaring van hulle huidige realiteite.
Bestudeer natuurlike voorbeelde.	Voorbeelde vanuit die maatskaplikewerk-praktyk, ander dissiplines en die literatuur is geanaliseer. Die behoeftebepalingsvraelys en assessering van die kinder-respondente het verdere data voorsien wat

	ondersteunend tot die literatuur en gesprekke met kundiges benut kon word om die ouerskapsprogram te ontwikkel.
Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle.	Bestaande modelle van hulpverlening en die nuutste navorsingstudies is geanaliseer. Kennis is dus geneem van dit wat reeds nasionaal en internasionaal bestaan.

### 1.9.3 Fase 3: Ontwerp

Ontwerp is die beplande en sistematiese aanwending van relevante wetenskaplike, tegniese en praktiese inligting ten einde ontwikkeling te weeg te bring (Rothman & Thomas, 1994:35 en De Vos, 1998:392). Soos reeds aangedui is die ontwerp die bloudruk waarvolgens die studie onderneem sal word.

Tabel 1.4: Ontwerp

<b>Fase 3: Ontwerp</b>	
Ontwerp 'n waarnemingsstelsel.	Vir elke fase is 'n afsonderlike ontwerp geselekteer. Die ontwerp van fase 1 was 'n kwantitatiewe vraelys ontwerp. Tydens fase 2 is 'n ABA enkelstelselontwerp gevolg om inligting in te samel ten einde die benuttingswaarde van die program te meet.
Spesifiseer prosedures vir die intervensie.	Die sistematiese beplanning van die intervensieproses is geklarifiseer. Die praktiese en teoretiese inhoud, om die nodige vraelyste en intervensietegnieke te ontwikkel en uiteen te sit, is onderneem.

Gedrag kan op verskeie wyses gemeet word volgens 'n funksionele analise, soos deur De Vos (1998:393) beklemtoon word: *“Relevant behaviours and outcomes may be measured using direct observations by independent observers or self-monitoring or self-reporting for events that may be difficult to observe directly.”* Hierdie tipe monitering kan kwalitatief of kwantitatief van aard wees. Tydens hierdie navorsingstudie is monitering op 'n kwantitatiewe wyse onderneem.

### 1.9.4 Fase 4: Vroeë ontwikkeling en voorondersoek

Ontwikkeling word beskou as die proses waarvolgens die innoverende intervensie geïmplementeer word tydens 'n voorondersoek, die intervensie geëvalueer word in terme van doeltreffendheid en die nodige veranderinge aan die intervensie aangebring

word (Rothman & Thomas, 1994:36 en De Vos, 1998:395) vir benutting in die hoofondersoek.

Tabel 1.5: Vroeë ontwikkeling en voorondersoek

<b>Fase 4: Vroeë ontwikkeling en voorondersoek</b>	
Ontwikkel 'n prototipe of voorlopige intervensie.	Die inhoud van die program en die meetinstrumente is vanuit die kennisraamwerk en behoeftebepaling ontwikkel. Teoretiese inligting is benut om praktiese tegnieke en funksionele hulpmiddels te ontwikkel.
Onderneem 'n voorondersoek.	Die vraelyste is met een gesin getoets. Die assessering van die kinders is met dieselfde gesin se kind getoets. Hierdie gesin vanuit die populasie, is aan die werkswinkel blootgestel. 'n Evalueringsgesprek is daarvoor gevoer, ten einde die leemtes van die program en vraelyste aan te spreek. Hierdie gesin het nie deel van die hoofondersoek gevorm nie.
Pas ontwerp kriteria toe op die voorlopige intervensie konsep.	Bepaalde kriteria is vasgestel in terme van die intervensie. Daar is onder andere bepaal of die intervensie herhaalbaar, effektief, prakties uitvoerbaar en aanpasbaar is. Die nodige veranderinge is aan vraelyste en die program aangebring om dit af te rond vir die hoofondersoek.

#### 1.9.5 Fase 5: Evaluering en gevorderde ontwikkeling

Navorsingsmetodiek word aangewend tydens die evalueringsfase van die intervensienavorsing. De Vos (1998:397) konstateer tereg die volgende: *"...the use of research methods in the evaluation phase of developmental research is not to provide programme appraisal for practice purposes or to contribute to knowledge of human behaviour; rather, their use is to produce outcome information as an integral part of a research-innovation process in which evaluation follows development, contributes to further design and development as necessary, and proceeds ultimately to adoption and widespread use"*. Vier stappe word in die proses van evaluering en gevorderde ontwikkeling onderskei, soos vervolgens aangedui word:

Tabel 1.6: Evaluering en gevorderde ontwikkeling

<b>Fase 5: Evaluering en gevorderde ontwikkeling</b>	
Selekteer 'n eksperimentele ontwerp.	'n Enkelstelselontwerp is geselekteer. (ABA: voortoets, werkswinkel, natoets)
Samel data in en analiseer.	Kwantitatiewe data-insameling is tydens die

	werkswinkel onderneem met behulp van 'n vraelys wat as voor- en natoets benut is (ABA enkelstelselontwerp).
Herhaal die intervensie onder natuurlike omstandighede.	'n Voor- en natoets is deur volwassenes onderneem met die oog op meting. 'n Vraelys is deur die volwasse respondente voltooi. Vrae is gefokus op die evaluering van die volwassenes se huidige vlak van kennis met betrekking tot hulle eie en hulle kinders se sosio-emosionele funksionering en ouerskap. Dieselfde vraelys (meetinstrument) is weer na afloop van die intervensieprogram voltooi ten einde die graad van toename in kennis en begrip te evalueer.
Verfyn die intervensie.	Die finale intervensieprogram word afgerond en leemtes word aangespreek met die oog op verspreiding aan maatskaplike werkers en ander relevante dissiplines.

Vyf gesinne met voorskoolse kinders wat 'n egskeiding beleef het, is by die studie betrek. Sowel die toesighoudende as die nie-toesighoudende ouer is die geleentheid gebied om een werkswinkel individueel en een werkswinkel saam met sy/haar kind by te woon. Hierdie vier werkswinkels (dit wil sê toesighoudende ouer, nie-toesighoudende ouer, vader en kind en moeder en kind) het oor twee weke gestrek. Die assessering van die kinders tydens fase 1, het data ingesamel wat tydens die werkswinkel tussen ouer en kind benut kon word, aangesien die betrokke deel van die ouerskapsprogram ten doel gehad het om kommunikasie tussen ouer en kind te stimuleer. Met die oog op vertroulikheid het elke ouer slegs toegang tot sy/haar eie kind se assesseringsinligting gehad.

Die gebruik van die enkelstelselontwerp is reeds volledig onder punt 1.8 bespreek.

### 1.9.6 Fase 6: Verspreiding

Na afloop van die ontwikkeling van 'n program is dit noodsaaklik dat potensiële gebruikers bewus gemaak word van die bestaan van die program. Die program moet dus bemark en versprei word. Hierdie studie maak egter slegs aanbevelings in hierdie verband. Die verspreiding word nie as deel van die navorsing onderneem nie.

## 1.10 Voorondersoek

'n Voorondersoek is tydens hierdie studie onderneem. Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1996:70) is die voorondersoek 'n "proses waarvolgens die navorsingsontwerp vir 'n beoogde ondersoek getoets word". Die voorondersoek is die wyse waarop die voornemende navorser homself ten opsigte van die beplande studie oriënteer (Van Staden, Van Rooyen, Hugo & Van Delft, 1989: 200). Die voorondersoek bied aan die navorser die geleentheid om die beplande prosedures en werkswyses op 'n klein skaal te implementeer, te evalueer en aan te pas waar nodig.

## 1.11 Literatuurstudie

Die onderneming van 'n literatuurstudie vorm 'n integrale deel van navorsing. Die doel van 'n literatuurstudie word duidelik deur Fouché en De Vos (De Vos, 1998:64) omskryf: "...a literature study is aimed at contributing towards a clearer understanding of the nature and meaning of the problem that has been identified". 'n Literatuurstudie sal die navorser ook blootstel aan nuwe idees of benaderings en skep 'n goeie basis vir 'n teoretiese verwysingsraamwerk (Royse, 1995:21). Hierdie teoretiese agtergrond lei die navorser tot die ontwikkeling van vraelyste en die intervensieprogram.

Die Akademiese Inligtingsdiens, UP se vakbibliotekaresse, het 'n soektog geloods om te bepaal of hierdie spesifieke onderwerp nie moontlik reeds nagevors is nie. Die bestaande databasisse is benut ten einde 'n literatuurondersoek te loods. Van hierdie stelsels sluit die Internet, SABINET en NEXUS in. Die onderwerp met betrekking tot die hoofkonsepte naamlik egskeiding, voorskoolse kinders, sosio-emosionele funksionering en die sisteembenadering is nog nie in verhouding tot mekaar nagevors nie.

'n Volledige literatuurstudie is onderneem. Die volgende hoofkonsepte word binne hierdie studie omskryf, met die oog op die ontwikkeling van 'n intervensieprogram:

- Egskeiding as verskynsel.
- Die emosionele ontwikkeling van die jong gesin, die betrokke volwassenes en die voorskoolse kind.
- Praktiese aspekte met betrekking tot egskeiding en die invloed daarvan op die volwassenes en die voorskoolse kind, dit wil sê sosiale funksionering.
- Ouerskap as opvoedingsraamwerk.

- Die teoretiese verwysingsraamwerke van die sisteemteorie, transaksionele teorie en behaviorisme.

Hierdie literatuurstudie is nie slegs vanuit die maatskaplikewerk-veld onderneem nie. Ander vakdissiplines soos onder andere teologie, sosiologie, sielkunde, opvoedkunde en regte is ook genader. Daar is van sowel nasionale as internasionale bronne gebruik gemaak. Boeke, bestaande navorsingsbronne, vaktydskrifte en inligting vanaf die Internet is ook benut ten einde 'n omvattende en toepaslike literatuurstudie te onderneem.

### **1.12 Konsultasie met kundiges**

Navorsers het met professionele persone vanuit verskillende professies in gesprek oor die betrokke onderwerp getree. Daar is gekonsulteer met maatskaplike werkers wat 'n privaatpraktyk bedryf, maatskaplike werkers wat in diens van 'n Christelike gemeenskapsentrum staan en ook maatskaplike werkers wat in welsynsorganisasies werksaam is. Opvoedkundiges, dit wil sê kleuterskoolpersoneel en ook personeel verbonde aan primêre skole, is as kundiges op hulle gebied genader. Gesprekke met 'n opvoedkundige sielkundige en voorligtingsielkundige het ook gerealiseer.

### **1.13 Uitvoerbaarheid van die ondersoek**

Vanuit die aard van haar kontak met die gemeenskap, handhaaf navorsers 'n positiewe verhouding met talle kleuterskole in haar geografiese werksgebied. Meer as een kleuterskool het voor die aanvang van die empiriese ondersoek reeds aangedui dat hulle oor potensiële respondente beskik. Respondente is geselekteer op grond van hulle bereidwilligheid om deel te neem aan die betrokke navorsingstudie, deurdat skrywes aan alle ouers gerig is, waar belangstellendes as respondente na vore kon kom. Met betrekking tot fase 1 van die ondersoek, dit wil sê die behoeftebepaling, is vraelyste aan kleuterskole voorsien, met die oog op voltooiing. Minimale vraelyste is terugontvang. Gevolglik is kliënte vanuit die navorsers se privaatpraktyk genader en kon hulle vrywillig aandui of hulle bereid sou wees om die behoeftebepalingsvraelys te voltooi. Die vyf gesinne wat by die werkwinkel betrek is, is deur middel van 'n blokkie wat die ouers in die behoeftebepalingsvraelys kon voltooi, geïdentifiseer. Respondente wat die behoeftebepalingsvraelys voltooi het, kon dus deur die merk van 'n blokkie aandui dat hulle bereid sou wees om as respondente vir die werkwinkel op te tree. Die assessering van die vyf voorskoolse kinders, wie se ouers die werkwinkels bygewoon het, het ook tydens hierdie fase plaasgevind.

Met betrekking tot fase 2, dit wil sê die ontwikkeling, implementering en evaluering van die ouerskapsprogram, is vyf gesinne wat 'n egskeiding deurloop het, by die studie betrek. Sowel die toesighoudende as die nie-toesighoudende ouer is die geleentheid gebied om een werkswinkel individueel en een werkswinkel saam met sy/haar kind by te woon. Hierdie vier werksinkels (dit wil sê toesighoudende ouer, nie-toesighoudende ouer, vader en kind en moeder en kind) het oor twee weke gestrek. Die werkswinkel vir een ouer en die werkswinkel vir dieselfde ouer en die kind het op dieselfde Saterdag gerealiseer en vir die ander ouer en die betrokke ouer en kind op die volgende Saterdag. Hierdie reëling was prakties meer uitvoerbaar en het tot 'n groot mate te weeg gebring dat beide die werksinkels wat deur 'n spesifieke ouer bygewoon moes word, bygewoon is.

Alle etiese riglyne, met spesifieke verwysing na ingeligte toestemming, is noudeset gevolg, soos bespreek onder punt 1.16. 'n Skrywe is aan elke volwassene gerig waarin die doel van die ondersoek, die verwagtinge wat aan hulle gestel is, die moontlike implikasies van die werkswinkel en logistiese reëlings, oorgedra is. 'n Afskrif wat deur die respondente onderteken en ingehandig is, is ook aangeheg.

Die finansiële uitgawes van hierdie studie was beperk tot funksionele hulpmiddels en materiale wat benodig is vir die onderskeie werksinkels. Telefoonoprope en verversings was ook 'n groot uitgawe. Al die uitgawes is deur navorser self gedra.

#### **1.14 Toetsing van vraelys**

'n Duidelike definisie van die begrip "vraelys" word deur Mark (1996:241) omskryf: "*A questionnaire is a set of questions or items in written form that is self-administered.*" Hierdie definisie word deur De Vos en Fouché (1998:89) uitgebrei deurdat hierdie outeurs noem dat 'n vraelys 'n instrument met oop of geslote vrae of stellings is, waarop 'n respondente moet reageer. Meting verwys na die proses waarvolgens toestande, eienskappe, houdings, gedrag en teoretiese konsepte gekwantifiseer word (Royse, 1995:33). Die vraelys is dus as meetinstrument benut. Die vraelyste, assessering en program is op een gesin vanuit die populasie geïmplementeer ten einde die totale proses te toets en veranderinge aan te bring waar nodig, voor die aanvang van die hoofondersoek.

### 1.15 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

- Populasie

Die begrip “populasie” word soos volg deur Mark (1996:104) omskryf: *“A population is the collection of all individuals, families, groups, organizations, communities, events and so on that we are interested in finding out about.”* Met betrekking tot hierdie studie was die populasie alle gesinne wat deur ‘n egskeiding gegaan het, wat in die Centurion/Pretoria omgewing woon en wat ‘n kind in Graad 0 het.

- Afbakening van steekproef

Doelbewuste steekproefneming, as vorm van nie-waarskynlikheidseleksie, is onderneem. *“This type of sample is based entirely on the judgement of the researcher, in that a sample is composed of elements which contain the most characteristic, representative or typical attributes of the population ”* (Singleton in Strydom & De Vos, 1998:198). Die doelbewuste steekproef impliseer dat respondente per hand deur die navorser geselekteer word ten einde die doel van die studie op ‘n bepaalde wyse te dien (Mark, 1996:113).

Vir die doeleinde van fase 1 van hierdie navorsingstudie het respondente wat aan die kriteria voldoen, vrywillig by die navorsingstudie betrokke geraak na aanleiding van die skrywe van die navorser wat by die kleuterskool aan alle ouers met kinders in die voorskoolse klas voorsien is. Hierdie skrywe het ten doel gehad om 30 respondente te werf wat bereid sou wees om die behoeftebepalingsvraelys te voltooi. Op hierdie behoeftebepalingsvraelys is daar ook geleentheid gebied vir gesinne om aan te dui of hulle bereid sou wees om deel te neem aan die werkswinkel wat aangebied sou word. Ses gesinne is op hierdie wyse geïdentifiseer wat aan die spesifieke kriteria voldoen het, met die oog op insluiting by fase 2 naamlik die werkswinkel. Een gesin is gebruik vir die voorondersoek, terwyl 5 gesinne aan die hoofondersoek deelgeneem het. Die kriteria wat gestel is, het die volgende ingesluit:

#### *Gesin*

- Die gesin moes ‘n egskeidingsproses deurloop het.
- Gesin moes wit wees. (Hierdie kriterium is daargestel met die oog op die afbakening van die studie as ‘n monokulturele ondersoek. Indien daar kinders vanuit ander rassegroepe by die studie geïnkorporeer sou word, sou kulturele verskille as deel van die literatuurstudie onderneem moes word en in ag geneem



moes word tydens die empiriese ondersoek. Die betrokke kleuterskole het ook toevallig nie oor kinders vanuit ander rassegroepe wat in Graad 0 is, beskik nie.)

- Die gesin en/of individue moes geen terapeutiese hulpverlening ontvang het sedert die egskedingsproses 'n aanvang geneem het nie.

#### *Volwassenes*

- Die nie-toesighoudende ouer moes op 'n gereelde, konsekwente basis kontak met sy/haar kind hê.
- Die nie-toesighoudende ouer moes toegewyd wees in die vestiging en instandhouding van 'n bevredigende verhouding met sy/haar kind.
- Die volwassenes moes ervaar dat hulle baat kon vind by 'n terapeutiese intervensieprogram.
- Indien die nie-toesighoudende ouer buite die grense van Pretoria/Centurion woonagtig was, moes dit vir die ouer prakties moontlik wees om die werkswinkel te kon bywoon.
- Beide die ouers moes 'n vlak van gemiddelde funksionering openbaar en dus nie oor psigopatologiese versteurings beskik nie.

#### *Kinders*

- Die kind moes in Graad 0, dit wil sê 'n voorskoolse kind, wees.
- Die geslag van die kind is nie voorgeskryf nie.
- Die kind moes nie oor opvallende verstandelike gestremdhede beskik nie.
- Die kind moes nie opvallende ontwikkelingsagterstande openbaar nie.
- Binne alle redelikheid moes daar aanvaar word dat die waarskynlikheid bestaan dat die kind skoolgereed kon wees aan die einde van die betrokke akademiese jaar.

Bogenoemde kriteria is in ag geneem tydens die proses van doelbewuste steekproefneming.

### **1.16 Etiese aspekte**

Bepaalde etiese aspekte moet in ag geneem word tydens die onderneming van 'n navorsingstudie. Hierdie aspekte is 'n stel riglyne wat 'n standaard daarstel en wat as basis moet dien tydens hierdie proses. Etiek verwys volgens Mark (1996:36) na die standaard van die prosedure wat morele gedrag sal verseker.

As Geregistreerde Maatskaplike Werker by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Maatskaplike Werkers in Privaat

Praktyk is die navorser reeds etlike jare onderworpe aan 'n stel etiese kodes. Hierdie etiese kodes word gerespekteer en dien as grondslag vir die onderneming van professioneel verantwoordbare gedrag.

Die volgende riglyne wat deur Strydom (1998:24-34) gespesifiseer word, is van toepassing binne die bepaalde navorsing wat in hierdie navorsingstudie beskryf is:

- *Die respondente moet op geen wyse fisiese of emosionele leed aangedoen word nie.*

Die navorsingstudie was nie van so 'n aard dat fisiese leed geredelik kon plaasvind nie. Emosionele leed is voorkom deurdat die respondente steeds beheer oor hulle eie emosionele funksionering gehad het in dié sin dat hulle hulself ter enige tyd van die studie kon onttrek. Die navorser was ook deurlopend bewus van die respondente se reaksies en het ondersteunend opgetree.

- *Die respondente moet ingelig word rondom die presiese wyse waarop die navorsing onderneem gaan word en wat die implikasies daarvan op hulle lewens gaan wees.*

Ingeligte toestemming is vanaf die respondente verkry. Hierdie toestemming was skriftelik van aard. Hierdie kontraktering het geïmpliseer dat die respondente bewus en tevrede was met betrekking tot die implikasies wat hierdie navorsingstudie vir hulle lewens kon inhou.

- *Die respondente se privaatheid moet gerespekteer word.*

Aangesien hierdie navorsingstudie in die vorm van 'n werkswinkel onderneem is, kon anonimiteit tydens die intervensie nie gewaarborg word nie. Die formele data wat tydens die proses ingesamel is, is egter as vertroulik hanteer en geen respondent het toegang gehad tot byvoorbeeld die vraelys of ander funksionele hulpmiddels van 'n ander respondent nie. Aangesien beide die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer by die navorsingstudie betrek is, is daar ook daarop gelet dat die aparte volwassenes se hantering en beleving as vertroulik hanteer is. Met die skryf van die navorsingsverslag het die navorser van skuilname gebruik gemaak ten einde die identiteit van die respondente te beskerm. Vanweë die sensitiewe aard van verhoudings na 'n egskeiding is spesiale voorsorg getref dat grense tussen die ouers gerespekteer is.

- *Na afloop van die navorsingsproses moet die respondente die geleentheid gebied word om deur hulle ervaring van die proses te werk.*

Alle respondente is na afloop van die navorsingsproses geregtig gewees op gratis terapeutiese intervensie.

Komplementêr tot bogenoemde onderskei Mark (1996:40) ook bepaalde riglyne wat ingeligte toestemming impliseer en etiese gedrag verseker:

- *Respondente moet bevoeg wees om ingeligte toestemming te kan gee.*  
Aangesien hierdie ondersoek nie siektetoestande of geestesgesondheid nie, maar wel normale funksionering binne algemene lewensomstandighede ondersoek het, is aanvaar dat alle potensiële respondente bevoeg was om toestemming te kon gee tot betrokkenheid by die navorsingstudie. Met betrekking tot die minderjarige kinders wat betrokke was, is die skriftelike toestemming van die toesighoudende en nie-toesighoudende ouers verkry.

- *Die navorser moet voldoende inligting verskaf met betrekking tot die navorsingstudie ten einde potensiële respondente die geleentheid te bied om te kies of hulle wel wil deel vorm van die ondersoek.*

Alle potensiële respondente is tydens 'n persoonlike gesprek van relevante inligting voorsien. 'n Skriftelike ooreenkoms wat aangegaan is, het hierdie inligting versterk en gekomplementeer.

- *Die potensiële respondente se bereidwilligheid om deel te neem, moet totaal vrywillig wees. Geen druk mag op die respondente geplaas word nie.*

Tydens die reeds vermelde persoonlike gesprek en die ondertekening van die ooreenkoms is dit duidelik gestel dat die respondente self die keuse kon uitoefen of hulle betrokke wou raak by die studie, al dan nie. Daar is geen druk op die nie-toesighoudende of toesighoudende ouer geplaas om deel te vorm van die studie op grond van die feit dat die ander ouer reeds ingestem het nie. Die enkele voorval waar dit wel gebeur het dat een van die ouers nie bereid was om as respondent op te tree nie, is die ander ouer en kinders van die studie onttrek, maar het hulle steeds toegang tot gratis terapeutiese intervensie gehad.

Die ingeligte toestemming is in die vorm van 'n skriftelike kontraktuele ooreenkoms onderneem (bylaag 1). Die riglyne wat in ag geneem is, sluit die volgende in (Mark, 1996:41):

- Doel van die studie, prosedure wat gevolg sou word, geskatte tyd wat deelname sou vereis.

- Enige moontlike risiko's of ongemak wat ondervind sou kon word as gevolg van die deelname aan die studie.
- 'n Beskrywing van die voordele wat die studie vir die individu, gesin en gemeenskap inhou.
- 'n Verduideliking is gegee van die wyse waarop die beginsel van vertroulikheid gerespekteer is.
- Kontakbesonderhede en potensiële dienste wat vir die respondente beskikbaar gestel sou word na afloop van die navorsingstudie, is omskryf.
- Die respondente moes verklaar dat hulle deelname aan die studie vrywillig was en dat hulle bewus gemaak is van die feit dat hulle ter enige tyd van die studie kon onttrek, terwyl hulle steeds geregtig sou wees op die voordele wat die studie inhou.

Die waarde van 'n skriftelike ooreenkoms word soos volg deur Mark (1996:45) gekonstateer: *“Presenting this information in written form protects both respondents and researchers. It ensures that all participants will receive complete and consistent information.”* Hierdie ooreenkoms het dus verseker dat geen misverstande met betrekking tot toestemming tot die studie kon voorkom nie.

Die terapeutiese intervensieprogram het ten doel gehad om die respondente se emosionele bewustheid van hulle eie funksionering te verhoog. Toestemming is by die betrokke kleuterskole verkry om voorskoolse kleuters en hulle ouers by die navorsing te betrek, waarna 'n uitnodiging aan ouers gerig is. Die presiese doelstelling is ook aan die ouers oorgedra. Ten einde die respondente se privaatheid te beskerm is anonimiteit gehandhaaf en is daar in die navorsingsverslag van fiktiewe name gebruik gemaak.

Met betrekking tot die bekendmaking, is die resultate van hierdie studie in 'n proefskrif en wetenskaplike artikels bekend gemaak, met in agneming van alle etiese aspekte wat bespreek is.

## **1.17 Definisies van hoofkonsepte**

### **1.17.1 Ouerskapsprogram**

Die begrip “ouer” word soos volg deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1996:48) omskryf: “Vader of moeder van (1) 'n kind gebore uit of gewettig deur 'n huwelik, (2) 'n buite-egtelike kind, (3) 'n aangenome kind.” Met betrekking tot hierdie studie verwys die begrip “ouer” na die biologiese ouers van 'n kind, wat direk deur 'n egskeiding geraak is. Dit sluit dus die toesighoudende en die nie-toesighoudende ouer

in. Ouerskap verwys na die proses waar die betrokke ouers aktief as ouers optree in die opvoedingsproses van die kind.

“Programbeplanning” word gedefinieer as ‘n proses waardeur ‘n groep en ‘n maatskaplike werker ‘n sistematiese patroon van aktiwiteite bepaal om groepdoelstellings te verwesenlik (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1996:52). Tydens hierdie studie is die sistematiese patroon van aktiwiteite deur die navorser geformuleer op grond van die literatuurstudie, gesprekke met kundiges en behoeftebepaling wat onderneem is.

In hierdie studie verwys die term “ouerskapsprogram” dus na ‘n program wat geformuleer is vir ouers as teikengroep. Hierdie program het verbeterde sosio-emosionele funksionering ten doel gehad en is in die vorm van ‘n werkswinkel geïmplementeer. Hierdie ouerskapsprogram is spesifiek geformuleer vir ouers wat ‘n egskeiding deurloop het en wat kinders in die voorskoolse ontwikkelingsfase het.

### **1.17.2 Egskeiding**

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1996:12) omskryf die begrip egskeiding as “ontbinding van die huwelik deur ‘n geregtelike bevel”. Hierdie is ‘n baie eng definisie wat slegs die wetlike aspek aanspreek. Die egskeidingsproses is ‘n komplekse en multidimensionele proses wat bepaalde implikasies inhou, soos Van Staden (1992:65) tereg konstateer: “Die egskeidingsproses stel hoë eise aan die betrokkenes omdat verskeie gekompliseerde aanpassings tegelyk hanteer moet word.” Egskeiding as moderne realiteit word bevestig deur Dowling en Barnes (2000:8): “*The idea of marriage as a permanent institution which allows children to look forward to spending their childhood within the same household has...changed.*” Dit wil dus voorkom dat hoewel die begrip “egskeiding” in simplistiese taal omskryf kan word, die realiteit daarvan kompleks van aard is.

Tydens hierdie navorsing word egskeiding dus gesien as ‘n multidimensionele proses waardeur die huwelik ontbind en die gesinsisteme geskei word. Hierdie proses bring gekompliseerde aanpassings mee en stel dus hoë emosionele eise aan die betrokke individue en sisteme.

### 1.17.3 Ontwikkelingsfases

Die begrip “ontwikkelingsfases” verwys na die fases van ontwikkeling van sowel die volwassene as die voorskoolse kind. Die persoonlikheidsteorie van Erikson (Meyer, *et al.* 1988:157) word as basis geïmplementeer in die beskrywing van die individu. Die aanname wat gehuldig word, is dat die individu deur sy hele lewe heen ontwikkel. Die wyse waarop die individu ontwikkel, word deur drie faktore bepaal: ten eerste die geneties vasgestelde progressie van die individu; ten tweede die individu se ego (dit wil sê sy drang om by die omgewing aan te pas en bepaalde vaardighede te bemeester) en ten derde die invloed van die sosiale en kulturele omgewing. Die huwelik en die gesin beweeg egter ook deur verskillende fases van ontwikkeling. Hierdie groei-georiënteerde benadering word soos volg deur Van Staden (1992:53) omskryf: “Kenmerkend van ‘n groei-georiënteerde benadering is dat daar ‘n verloop in die stadiums van ontwikkeling is, dat geen stadium oorgeslaan kan word nie, elke stadium meer kompleks as die vorige een is, dit wat vroeër bestaan het in ‘n veranderde vorm aangebied word en dat elke stadium op die voorafgaande een gebou word en voorbereiding vir die daaropvolgende daarin plaasvind.” Progressiewe ontwikkeling word dus beskryf.

Met die oog op hierdie navorsing word ontwikkelingsfases dus as deel van die funksionering van die gesinsisteam en individue beskou, wat die bemeestering van bepaalde take impliseer. Hierdie ontwikkelingsfases, en die hantering daarvan, beïnvloed die sosio-emosionele funksionering van die individue.

### 1.17.4 Sosio-emosionele funksionering

Hierdie begrip word in twee breë definisies verdeel en ‘n sintese daarvan word dan gekonstrueer. Die eerste het te make met die term “sosiaal”, wat op verhoudings dui. Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1996:61) dui “sosialisering” op die “proses waardeur die individu leer om aan die morele standaarde, gedragskodes, rolverwagting en rolvervulling in ‘n bepaalde samelewing te voldoen”. Volgens Louw (1990:10) verwys hierdie begrip meer spesifiek dat die individu deur sosialisering “kennis inwin van die reëls, houdings, oortuigings, gewoontes, waardes, rolvereistes en norme wat in sy sosiale milieu gangbaar is, en leer hy om die sosiale norme vir homself te aanvaar of minstens om hulle in sy gedrag in aanmerking te neem”.

“Emosies” word soos volg deur Turner en Helms (1995:680) omskryf: *“Variation or enchange in one’s arousal level that may either interfere with or facilitate motivated behavior.”* Gedragswyses word dus direk toegeskryf aan ‘n spesifieke gemoedstoestand wat as motivering of inhibering dien.

Sosio-emosionele funksionering kan dus beskryf word as die vlak van opwekking wat by ‘n individu voorkom, binne die konteks van die sosiale omgewing en die gepaardgaande rolle, oortuigings en verwagtings wat volgens samelewingstandaarde aan die individu gestel word. Samevattend dui dit dus op die emosioneel funksionerende individu binne sy/haar sisteme wat bepaalde verhoudings en rolle impliseer.

### **1.17.5 Aanpassing**

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1996:1) omskryf “aanpassing” as die “wederkerige proses tussen individue en die omgewing om mekaar te akkommodeer om sodoende toereikende passing tussen menslike behoeftes en omgewingshulpbronne te bewerkstellig”. Met betrekking tot hierdie studie sal die begrip “aanpassing” as ‘n wederkerige proses tussen die volwassenes en ook die kinders na ‘n egskeiding beskou word. Dit impliseer dat die ouers mekaar na die egskeiding sal akkommodeer om sodoende toereikende passing tussen hulle eie behoeftes en dié van hulle kinders te bewerkstellig, veral met die oog op die parallelle ouerskap wat nagestreef behoort te word. Die individue se sosialisering, dit wil sê die interaksie met die omgewingshulpbronne en beskikbare ondersteuningsnetwerke, moet ook op toepaslike passing gefokus wees. Alle betrokke individue moet dus by nuwe omstandighede aanpas ten einde ‘n ewilbrium van optimale funksionering te bereik en in stand te hou.

### **1.17.6 Parallele ouerskap**

Verskillende tipes ouerskap kan voorkom na afloop van ‘n egskeiding. Samewerkend, konflikbelaaie en onverbonde is drie van hierdie style. Parallele ouerskap maak deel uit van die onverbonde styl (Dowling & Barnes, 2000:22). Tydens parallelle ouerskap is beide ouers betrokke by die kinders, maar hulle handhaaf elkeen hulle eie styl van opvoeding. Die ouers meng dus nie met mekaar se opvoedingstyle in nie, maar respekteer die ander ouer se rol. Kommunikasie met mekaar word vermy, behalwe waar kommunikasie oor die kinders noodsaaklik is. Hierdie tipe gedeelde ouerskap

word as die optimale alternatief beskou aangesien die moontlikheid van direkte konflik geminimaliseer en die kind gesentraliseer word.

### **1.18 Indeling van navorsingsverslag**

Die navorsingsverslag word in 8 hoofstukke omskryf. Hierdie hoofstukke word soos volg ingedeel:

- Hoofstuk 1           Algemene oriëntering
- Hoofstuk 2           Egskeiding as verskynsel
- Hoofstuk 3           Die ontwikkelingstake van die gesinsisteem
- Hoofstuk 4           Ouerskap
- Hoofstuk 5           Teoretiese benaderings wat tydens intervensie benut word
- Hoofstuk 6           Ontwikkeling van die ouerskapsprogram
- Hoofstuk 7           Empiriese gegewens
- Hoofstuk 8           Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings



## Hoofstuk 2

### Egskeiding as verskynsel

#### 2.1 Inleiding

In die moderne samelewing is egskeiding 'n realiteit waarmee talle gesinne gekonfronteer word. Hoewel die konsep van egskeiding dikwels as die norm eerder as die uitsondering beskryf word, is dit steeds kenmerkend dat egskeiding as 'n negatiewe en destruktiewe lewensgebeurtenis beskryf word wat met stigmatisering gepaard gaan (Benokraitis, 2002:407). Dit blyk dus dat getroud wees as "normaal" beskryf word, terwyl dit as "abnormaal" beskryf word om geskei te wees. Daar is verskeie redes waarom egskeiding as 'n stigma beskryf word. Egskeiding as "kenmerk" oorskadu dikwels al die ander eienskappe waarvoor 'n individu moontlik mag beskik. Die implikasie hiervan is dat alle gedrag toegeskryf word aan die feit dat die individu geskei is (Kitson, 1992:8). Egskeiding word dus 'n oorkoepelende "oorsaak" en "gevolg" van gedrag. Navorsers is van mening dat hierdie feit dikwels as 'n verskoning vir onaanvaarbare gedrag, wat na afloop van 'n egskeiding manifesteer, voorgehou word. Dit geld vir sowel volwassenes as kinders. Hierdie stigma word vererger deur die terminologie wat gebruik word om die proses van egskeiding te beskryf. Beskrywende woorde soos die huwelik wat "misluk" het en kinders wat uit "gebroke" ouerhuise kom, word gebruik (Stewart, Copeland, Chester, Malley & Barenbaum, 1997:12). Hierdie terminologie bring mee dat egskeiding spontaan as negatief geklassifiseer word en die potensiaal tot positiewe funksionering en persoonlike groei dus nie na regte erken word nie.

Die impak van egskeiding is verreikend van aard. Egskeiding skep 'n krisis in elke ontwikkelingsfase (soos in hoofstuk 3 bespreek word). 'n Toestand van disekwilibrium word deur alle lede in sowel die kern as die uitgebreide gesin beleef. Die veranderinge met betrekking tot lidmaatskap van die gesin en rolle en grense gee aanleiding tot die herorganisering van die gesinsisteam (Peck, 1989:81). Navorsers is van mening dat die sistemiese benadering (soos in hoofstuk 5 bespreek word) optimaal benut kan word in die bestudering van egskeiding as verskynsel. Hierdie oortuiging word soos volg deur Stewart, *et al.* (1997:203) ondersteun: *"...family systems theory is helpful in thinking about what may be going on in the course of parental separation and divorce because it makes clear that a unified system (which may have had serious flaws) involving two parents and children in one household is undergoing transformation into another kind of system, one involving two parents and children in two households, and, often, new adult figures related to the two parents, along with their children."* Dit is duidelik dat

hierdie stelling egskeiding as 'n proses van transformasie, eerder as 'n stigma beskryf. Hierdie positiewe konnotasie word as 'n belangrike element in die proses van aanpassing beskou. Taylor (2001:148) konstateer dat egskeiding wel 'n impak het, hetsy 'n matige of 'n ekstreme impak. Hierdie stelling bevestig die feit dat egskeiding nie noodwendig 'n negatiewe, traumatiserende effek hoef te hê nie en dus ook as 'n positiewe aanpassingsproses beskou sou kon word. Laasgenoemde outeur noem dat hierdie aanpassing van vier faktore afhang, naamlik die omstandighede voor die egskeiding, die disfunksionaliteit van die egskeidingsproses, ontoereikende ouerskap voor, tydens en na afloop van die egskeiding en die aard van die beskikbare ondersteuningsnetwerk.

Van Staden (1992:74) konstateer die verskillende persepsies van outeurs met betrekking tot die emosionele sekuriteit, of gebrek daaraan, wat deur egskeiding geïmpliseer word. Die eerste outeur, Krantzler, word aangehaal waar egskeiding as 'n emosionele krisis beskryf word wat die emosionele sekuriteit van die individu in gedrang bring. Hierdie aanhaling impliseer 'n eksterne lokus van kontrole in individuele funksionering. 'n Ander outeur, Callahan, "meen dat dit 'n mite is dat emosionele sekuriteit slegs geleë is in die geslaagde keuses wat gemaak is ten opsigte van byvoorbeeld 'n loopbaan, 'n huwelik, 'n gesin en 'n eie huis" (Van Staden, 1992:74). Die debat met betrekking tot 'n eksterne en interne lokus van kontrole is dus hier ter sprake. Die mening word gehuldig dat beide vorms van lokus van kontrole ter sprake is in verskillende fases van die egskeidingsproses.

Veranderinge wat met egskeiding geassosieër word, word ook verbind met veranderinge in die uitgebreide familie en soms ook met die breër struktuur van die samelewing. Die suksesvolle bestuur van die gesinslewe na afloop van 'n egskeiding word dus verbind met die sosiale sisteme buite die veranderende huis-omgewing (Dowling & Barnes, 2000:10). Dit blyk dus dat egskeiding nie net op mikrovlak die betrokke gesinsisteem raak nie, maar ook op makrovlak 'n impak op die uitgebreide gesin en gemeenskap het.

## **2.2 Fasette van egskeiding**

### **2.2.1 Vervreemding**

Egskeiding is nie 'n besluit wat op een dag na aanleiding van een gebeurtenis onderneem word nie. Vir talle egpare is die besluit om te skei 'n proses wat gekenmerk word deur 'n eskalering in konflik en ontevredenheid. Dit kan egter ook

gebeur dat egskedding as 'n onverwagse skok realiseer wanneer die een egmaat aandui dat hy/sy wil skei. Hierdie fase waartydens die voor- en nadele van egskedding oorweeg word, word dikwels as die mees ontstellende en spanningsvolle fase in die egskeddingsproses beskryf (Kitson, 1992:4). Hierdie fase van vervreemding word deur Van Staden (1992:75) ook die fase van "individuele bewuswording" en "onderlinge bewuswording in die gesin" genoem. Tydens eersgenoemde begin een van die egmaats, wat egskedding oorweeg, om homself/haarself emosioneel te onttrek en afstand te bewerkstellig deur by afsonderlike aktiwiteite betrokke te raak. Verhoogde spanning en konflik kom voor. Die egmaats is ook meer geneig om mekaar se selfkonsep te ondermyn, eerder as om dit te versterk (Lamanna & Riedmann, 1994:540). Wanneer die gesin bewus raak van die emosionele losmaking kan daar ontwrigting voorkom en groot ongelukkigheid heers. Die huwelik word tydens hierdie fase deur teleurstelling, misverstande en verwerping gekenmerk. Die wyse waarop hierdie fase van vervreemding hanteer word, dit wil sê die mate van negatiewe funksionering wat voorkom, kan 'n bepalende invloed hê op die wyse waarop die egskedding en die aanpassing na afloop van die egskedding, verloop. Rice (1994:563) huldig die mening dat vrouens meer geneig is om egskedding te inisieër, spesifieke probleme te verbaliseer en minder kontak met hulle gewese egmaats te wil hê. Navorser is van mening dat die geldigheid van hierdie stelling bevraagteken kan word, aangesien betroubare statistiek met betrekking tot die inisiëring van egskedding nie bestaan nie. Navorser is van mening dat die persoon wat die emosionele onttrekking in 'n huwelik geïnisieër het, nie noodwendig dieselfde persoon is wat die egskedding aanhangig maak nie. Die redes vir die emosionele losmaking wissel en laat dikwels die vraag ontstaan of huweliksterapie nie eerder as 'n egskedding oorweeg behoort te word nie. Die mening word dus gehuldig dat hierdie fase van egskedding ook as 'n sneller vir 'n nuwe betrokkenheid en toegewydheid tot mekaar benut kan word en nie noodwendig die eerste stap in 'n egskeddingsproses hoef te wees nie.

### **2.2.2 Wetlike skeiding**

Die wetlike skeiding dui op die proses van onderhandeling tussen die individue en die uiteindelijke verskyning voor die hof. *"The principal purpose of the legal divorce is to dissolve the marriage bond so that emotionally divorced spouses can conduct economically separate lives and be free to remarry"* (Lamanna & Riedmann, 1994:541). In kontras met die dag waarop die huwelik gesluit is, is hierdie dag klinies en gevul met negatiewe emosies. Hierdie hofverskyning maak glad nie voorsiening vir die emosionele hantering van die egskedding nie. In die moderne era is die wetlike skeiding bloot 'n formaliteit wat afgehandel moet word. In vroeër jare moes een van

die eggenotes as “skuldig” bewys word alvorens ‘n egskeiding deur die hof toegestaan is. Hierdie skuld-toewysing is egter vervang deur ‘n stelsel wat toelaat dat vae begrippe soos “onversoerbare verskille” grondige rede vir ‘n egskeiding is. Hoewel hierdie wetlike skeiding nie meer so kompleks is nie en een party nie as “skuldig” verklaar word nie, vorm die wetlike skeiding egter steeds ‘n basis waarop vyandigheid en konflik kan voorkom in die vorm van toesig en beheer, onderhoud en die verdeling van eiendom (Kitson, 1992:5). Hierdie stelling word deur Benokraitis (2002:399) ondersteun deurdat laasgenoemde outeur aandui dat hierdie tipe skeiding selde ongeluksvry plaasvind, aangesien beide partye se prokureurs die beste moontlike ooreenkoms wil beding. Besluite wat hiertydens geneem word, dui op die toesig en beheer van minderjarige kinders, onderhoudsgelde en die verdeling van materiële bates en laste. Daar lê waarde daarin om ‘n “voog” aan te stel wat namens die kind kan optree en die kind se beste belange tydens die wetlike proses kan verteenwoordig (Keoughan, 2001:155-164). Ambivalente gevoelens word ook dikwels tydens hierdie fase ervaar deur beide huweliksmaats. Dit is van kardinale belang dat die kinders nie aan hierdie ambivalensie blootgestel word nie, aangesien dit hulle behoefte aan gesinshereniging versterk en hulle dus voortgaan om die fantasie, dat hulle weer ‘n gesinseenheid sal vorm, instandhou.

### 2.2.3 Ekonomiese skeiding

Gesinne handhaaf ‘n spesifieke lewenstandaard wat gebaseer word op die twee inkomstes wat beskikbaar is. Talle van die tasbare bates van die gesin, soos onder andere stoele, tafels, beddens en so meer, is onvoldoende om twee huise toe te rus. Hierdie feite beklemtoon die ekonomiese probleme waarmee ‘n gesin gekonfronteer word wanneer ‘n egskeiding twee ekonomiese entiteite impliseer (Kitson, 1992:6 en Lamanna & Riedmann, 1994:547). Die implikasie van die ekonomiese skeiding is verreikend in terme van fisiese oorlewing en is nie beperk tot die fases voor, tydens en kort na die egskeiding nie. Hierdie tipe skeiding kan voortduur na afloop van die wetlike skeiding en word gekenmerk deur argumente met betrekking tot wie die verantwoordelikheid moet neem vir watter ekonomiese verpligtinge. Onderhoudsgeld bly ‘n dinamiese element van die ekonomiese skeiding deurdat aanpassings deurentyd verlang kan word en betalings soms nie realiseer nie (Benokratis, 2002:399). Hierdie ekonomiese skeiding is dikwels ‘n wapen, wat die individue wat geskei is se lewensmerk, vir solank die kinders minderjarig is. Keoughan (2001:155-164) meld na aanleiding van ‘n navorsingstudie wat onderneem is, die volgende: *“Notably, many noncustodial parents refuse to pay child support because the custodial parent does not allow ready access to their children. In turn, many custodial parents refuse access*

*because the noncustodial parent is not paying child support or is perceived as being a poor parent. Consequently, a vicious cycle is established in which each parent blames the other, leaving the child with limited access to and support from the noncustodial parent.*” Hoewel hierdie “wapen” op die oog af te make het met die fisiese versorging van die kind, is dit die emosionele versorging van die kind en die emosionele verhouding in die gesinsisteam wat die grootste skade lei. Ouers openbaar ook ‘n ontoepaslike geneigdheid om die situasie met die kind te bespreek in ‘n poging om blaam voor die ander ouer se deur te lê en gevolglik die verhouding tussen die ander ouer en die kind te probeer benadeel, tot nadeel van die kind.

#### **2.2.4 Sosiale skeiding**

‘n Egskeiding het verreikende gevolge vir die sosiale ondersteuningsnetwerk van die gesin en die individu. Getroude vriende van die gesin kan moontlike ongemak ervaar as gevolg van die egskeiding. Kitson (1992:6) dui aan dat hierdie ongemak gebaseer kan wees op die feit dat getroude vriendinne die vriendin wat geskei is as ‘n bedreiging kan ervaar, getroude vriende kan moontlik by die vriendin wat geskei is toenadering soek, of die getroude vriende ervaar dat hulle moet kies tussen “sy vriendskap” en “haar vriendskap”. Ander gesinne kan gekonfronteer word met die kwesbaarheid van hulle eie huweliksverhouding, veral indien hulle die egpaar wat geskei is se huwelik as positief geëvalueer het. Die getroude vriende kan dus voel dat hulle nie meer die vriendskap met die egpaar wat geskei is wil voortsit nie en kan dus hulle afstand handhaaf. Dit kan egter ook gebeur dat die individu wat geskei is self besluit om bepaalde vriendskapsbande te verbreek, aangesien aktiwiteite dikwels in pare onderneem word (Lamanna & Riedmann, 1994:544). Volgens Benokraitis (2002:399) dui die sosiale skeiding tipies daarop dat die volwassenes geneig is om ou vriendskappe te verbreek en nuwe vriendskappe te vestig.

Die sosiale skeiding vind ook plaas met betrekking tot die uitgebreide gesin. Die skoonouers is meer geneig om “kant te kies” en kontak met die aangetroude egmaat te verbreek. Hierdie tipe skeiding kan, volgens navorser, die spanning wat ervaar word eskaleer, aangesien die kinders steeds behoefte aan kontak met die “gewese” grootouers kan hê. Hoewel ‘n egskeiding dus die kontak tussen die aangetroude egmaat en die skoonfamilie verbreek, is dit nie die geval vir die kinders wat uit die betrokke huwelik gebore is nie. Grootouers ervaar, volgens Cohen (2002:1020) dikwels ‘n afname in die kwaliteit van die verhouding met hulle kleinkinders. Praktiese probleme met betrekking tot die skedule vir besoeke aan die nie-toesighoudende ouer kan meebring dat grootouers en kleinkinders dus minder tyd saam deurbring.

Navorsers is van mening dat die ander kant van die kontinuum egter ook probleme kan meebring: Indien kleinkinders toenemend meer tyd by die grootouers deurbring na afloop van 'n egskeiding (byvoorbeeld die toesighoudende ouer en kinders by die grootouers inwoon), kan grootouers die rol van ouer oorneem, wat weer bepaalde implikasies vir die ouer-kind verhouding inhou.

### 2.2.5 Psigiese skeiding

Die psigiese skeiding word in die literatuur as sinoniem gebruik vir emosionele skeiding. *“Psychic divorce refers to the regaining of psychological autonomy through emotional separation from the personality and influence of the former spouse”* (Lamanna & Riedmann, 1994:545). Een, of beide van die egmaats, deurloop 'n proses van rou as gevolg van die verlies. Sommige individue handel hierdie proses nooit af nie, omdat hulle nie daarin kan slaag om die pyn en woede te konfronteer en deur te werk nie (Benokraitis, 2002:399). Die verskillende emosies wat op intense wyse ervaar word bemoeilik die verwerkingsproses en gevolglik ook die aanpassing. *“The tumbled mis of feelings of anger, regret, relief, anxiety, longing for the partner and for what was, desire for revenge, and jealousy make the process of psychologically withdrawing from a marital relationship a complicated one for many people”* (Kitson, 1992:7). Hierdie psigiese skeiding gaan gepaard met die proses van rou wat deurloop word (soos later in hierdie hoofstuk bespreek word).

### 2.2.6 Ouerskapskeiding

Hierdie tipe skeiding omsluit die ooreenkomste wat tussen die vader en die moeder bereik word met betrekking tot die wetlike verantwoordelikheid vir die finansiële ondersteuning van die kinders, die dag tot dag versorging van die kinders en die regte van die toesighoudende en die nie-toesighoudende ouer met betrekking tot tydsbesteding met die kinders (Benokraitis, 2002: 399). Hierdie tipe skeiding kan langtermyn of korttermyn wees en word oorwegend bepaal deur die ouer se vermoë om die beste belang van die kinders voorop te stel.

Die literatuur plaas baie klem op die probleme wat by kinders kan voorkom na afloop van 'n egskeiding. Wallerstein (in Kitson, 1992:7) konstateer die volgende in hierdie verband: *“A growing body of data also suggests that some of these children’s problems result from the inability of their parents, in the throes of their own turmoil, to recognize the children’s distress and to keep them uninvolved in the continued hostilities between the ex-spouses”*. Die ouerskapskeiding dui dus aan die een kant op die kind se

beleving van die verdeelde ouerskap. Aan die ander kant word die klem ook op die ouerskapstyl en die ouer se beleving van die verdeelde ouerskap geplaas.

## **2.3 Invloed van egskeiding op die gesinsisteem**

### **2.3.1 Fases in die egskeidingsproses**

Navorsing deur Wallerstein en Blakeslee (in Saxton, 1990:291) onderskei teoreties tussen drie breë, oorvleuelende fases van egskeiding. Hierdie fases is nie tydsgebonde nie, volg nie progressief op mekaar nie en 'n individu kan vir 'n paar maande of selfs talle jare vanuit een van hierdie fases funksioneer.

Die eerste, of akute fase, neem 'n aanvang selfs voor daar op 'n egskeiding besluit word. 'n Toenemende gevoel van teleurstelling en ongemak met betrekking tot die huwelik kom voor. Hierdie fase word gekenmerk deur woede, depressie, disorganisasie en ongelukkigheid. *“It typically includes dramatic reversals of mood, with people experiencing sudden changes of feelings from optimism and exhilaration to sadness and immobility; from being understanding and forgiving to being hostile and vengeful”* (Saxton, 1990:291). Gevoelens word dus as wisselende uiterstes ervaar. Die tweede, of oorgangsfase, word deur pogings om 'n nuwe lewenstyl te vestig, gekenmerk. Die volwassenes mag moontlik hulle akademiese opleiding voortsit, 'n nuwe verhouding vestig, na 'n nuwe gemeenskap verhuis of bande met ou kennisse opneem. Kinders moet by 'n nuwe omgewing aanpas, 'n nuwe skool bywoon, nuwe vriende maak en nuwe belangstellings eksploreer. Hierdie fase kan selfs etlike jare duur. Die derde fase word deur die bereiking van 'n gevoel van stabiliteit gekenmerk. Die gesin, hetsy enkelouer gesin of hersaamgestelde gesin, word 'n gevestigde, veilige funksioneringseenheid. Patrone met betrekking tot toegang, besoeke en onderhoud word meer stabiel en die omstandighede met betrekking tot verblyf en skoolbywoning word positief gevestig en gehandhaaf. Navorsers is van mening dat, indien die volwassenes nie hulle eie gevoelens met betrekking tot die egskeiding konfronteer en hanteer nie, fase twee en drie nie toereikend deurloop sal kan word nie.

### **2.3.2 Egskeiding as rouproses**

Volgens die verlies-model van Kitson (1992:18) is egskeiding nie 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar is dit dikwels 'n ophoping van gebeure wat deur verlies gekenmerk word. Die verlies aan 'n geliefde, verlies aan vriende en familie, verlies aan status, moontlike verlies aan kinders en finansiële verlies vorm alles deel hiervan. Die



hipotese word gestel dat, indien daar gelet word op die reeks verliese wat gely word, 'n verhoogde begrip vir die proses van egskending ontwikkel sal word.

In die literatuur word die verlies wat ervaar word na afloop van 'n egskending met die verlies wat ervaar word na afloop van 'n persoon se afsterwe, vergelyk (Stewart, *et al.* 1997:11). Hutchinson en Spangler-Hirsch (1989:10) konstateer: “...*emotionally, children experience a phenomena similar to that of a loss following death*”. Navorsers is van mening dat volwassenes dit op 'n soortgelyke wyse kan ervaar, selfs al was die deurvoer van 'n egskending die volwassene(s) se besluit. Volgens Bogolub (1995:21) beweeg die individue deur 'n fase wat gekenmerk word deur ontkenning, verlies en depressie, woede en ambivalense, heroriëntering ten opsigte van die lewenstyl en identiteit en die aanvaarding van 'n nuwe vlak van funksionering. Die verlies wat deur die kinders ervaar word, is die verlange na die afwesige ouer, terwyl die ouers rou oor die vroeëre drome wat verlore is en die feit dat die spesifieke gesinslewe nou vir hulle verlore is (Stewart, *et al.* 1997:12). Drie fases van rou word volgens Lamanna en Riedmann (1994:545) onderskei: Skok en ontkenning is kenmerkend van die eerste fase. Die besef dat die huwelik nie kan voortgaan soos dit daaruitsien nie, word gevolg deur woede en depressie. Tydens die derde fase word die psigiese skeiding gefinaliseer deurdat die egmaat verantwoordelikheid neem vir sy/haar rol in die egskending en word 'n nuwe lewe begin.

Hierdie rouproses word egter gekompliseer deur die feit dat die ander persoon steeds leef en kontak, hetsy direk of indirek, diwels noodsaaklik is, veral as daar kinders by betrokke is. Stewart, *et al.* (1997:12) maan egter dat die fokus tydens egskending nie slegs op die begrip “verlies” gebaseer kan word nie. “*Thinking about divorce exclusively as loss makes it difficult to see and understand the anger experienced about a past that was disappointing and infuriating, the relief experienced as strains end, and the optimism and hope resulting from the sense of new possibilities opening up*”. Navorsers is van mening dat die term verlies sentraal staan, met inagneming van ander gevoelens soos woede, verligting en optimisme. Die verlies wat ervaar word bring mee dat die individu by veranderde omstandighede moet aanpas.

### **2.3.3 Gesinsfunksionering**

Egskending beïnvloed die verskillende individue binne die gesinsisteem op verskillende wyses. Navorsing deur Stewart, *et al.* (1997:242) het bevind dat ouers en kinders tydens die egskending, emosioneel nie in voeling met mekaar is nie. Waar ouers 'n meer proaktiewe benadering tot die lewe volg, is kinders meer geneig om 'n reaktiewe



benadering te volg. Die ouers se preokkupasie met hul eie behoeftes en vrese bring mee dat die kinders se aanpassing onder druk geplaas word en met angstigheid gepaard gaan. *“Mothers are likely to react to daily stressors as well as toward major events, to consume more alcohol, to use more mental health services for depression, anxiety or feelings of humiliation, and to feel overwhelmed and less capable as parents. Fathers often feel pushed away, are likely to seem less accepting of their children, and also may develop depression, anxiety and substance abuse”* (Cohen, 2002:1020). Dit blyk dus dat die totale gesinsekilibrium versteur word.

Sekere universele “ingeboude” probleme manifesteer na afloop van ‘n egskeiding. Van hierdie problematiek sluit in dat die volwassene, as ouer, oorweldig voel met betrekking tot take wat onderneem moet word. Hierdie take, wat tydens die huwelik dikwels deur twee volwassenes hanteer is, moet nou deur een volwassene hanteer word. Hierdie taak-oormoedigheid is selfs meer intens indien daar jong kinders, wat baie aandag nodig het, by die egskeiding betrokke was (Collings, 1995:102). Volwassenes ervaar gevoelens van ambivalensie, vrees en skuldgevoelens na afloop van die egskeiding. Ouers ervaar gevoelens van ontoereikendheid, eensaamheid, vervreemding en depressie (Bogolub, 1995:89). *“Behaviorally, it was noted that divorced parents were observed to be less likely to make maturity demands on children, to be consistent in discipline, to reason with children, to communicate effectively with them, or to be affectionate with them”* (Hutchinson & Spangler-Hirsch, 1989:9).

#### **2.3.4 Individuele funksionering**

Egskeiding is ‘n multidimensionele proses wat ‘n huwelikskeiding en ‘n ouerlike skeiding impliseer. Hutchinson en Spangler-Hirsch (1989:9) konstateer dat sowel ouers as kinders sielkundige en gedragsmodifikasies ondergaan gedurende die jaar wat op die egskeiding volg.

##### **2.3.4.1 Volwassenes**

Dit blyk dat mans en vrouens op verskillende wyses funksioneer, ook met betrekking tot egskeiding. In vergelyking met mans ondergaan vroue meer psigologiese veranderinge na afloop van ‘n egskeiding. Hierdie veranderinge word deur Rice (1994:564) as positief van aard beskryf: *“...despite lower financial status, women make greater psychological gains after divorce than men.”* Een verklaring hiervoor is dat vrouens meer geneig is om hulle rolle binne die werksopset en die gesinsopset te onderskei, wat beteken dat grootskaalse veranderinge voorkom na afloop van die

egskeiding, aangesien die rolle binne die gesinsopset drasties verander. Mans se sosiale rol word egter deur hulle loopbaan gedefinieër en daarom sal hierdie rol van die man stabiel bly na afloop van die eg skeiding aangesien hy nie noodwendig van werk verander nie. Vrouens is ook meer geneig om hulle gevoelens te verbaliseer, terwyl mans meer geneig is om van die pynlike emosies weg te vlug deur werkolisme, alkoholisme en somatisering (Bogolub, 1995:90). Tesame met hierdie psigologiese veranderinge kan daar ook 'n waarneembare agteruitgang in die fisiese gesondheid van die vrou voorkom. Die navorsingstudie van Wallerstein korreleer met dié van Weitzman (in Saxton, 1990:294) met betrekking tot die verlaging in die lewenstandaard van die vrou en die verhoging van die lewenstandaard van die man (Saxton, 1990:294). Navorsing deur Duncan en Hoffman (in Rice, 1994:565) het bevind dat daar 'n 30% afname in 'n vrou se lewenstandaard is na afloop van 'n eg skeiding. Hierdie bevindings ondersteun die vorige navorsingstudies se bevindings. Laasgenoemde navorsers noem egter dat vrouens se lewenstandaard 5 jaar later hoër is as tydens hulle huwelik. Kritiek teen hierdie stelling word egter deur navorser gelewer, aangesien die geldigheid daarvan bevraagteken word. In die navorsingstudie van Duncan en Hoffman word genoem dat die gemiddeld bepaal het dat lewenstandaard beter uitgewerk het waar hertroues plaasgevind het, maar steeds laer was waar enkellopendes hulle huwelikstatus handhaaf. Dit blyk dus dat hierdie studie tog met die ander studies korreleer, in dié sin dat die langtermyn enkellopende ouer se lewenstandaard verlaag sal bly.

Die navorsingstudie van Wallerstein (in Saxton, 1990:295) het bevind dat meeste van die mans weer getrou het binne die eerste jaar na die eg skeiding en talle ander binne die eerste drie jaar na die eg skeiding. *“These divorced men who had remarried had chosen women they perceived as being sexier, less critical, more responsive, and more giving than their first wives”* (Saxton, 1990:295). Een van die redes wat hiervoor aangevoer sou kon word, is die feit dat mans emosioneel meer afhanklik van 'n huwelik is, aangesien hulle dikwels nie oor die ondersteuningsnetwerk buite die gesin beskik waarvoor vrouens beskik nie (Bogolub, 1995:90 en Lamanna & Riedmann, 1994:567). Die tradisioneel manlike rol ontmoedig ook dat mans hulle gevoelens met vriende bespreek. Kontakbesoeke met die kinders is ook dikwels onbevredigend as gevolg van die kwantiteit tyd wat saam deurgebring word. Dit beteken dat die nie-toesighoudende ouer dikwels nie die vreugde van ouerskap ervaar nie, maar wel die finansiële verantwoordelikheid van ouerskap dra.

### 2.3.4.2 Kinders

Egskeiding het wel 'n negatiewe effek op die funksionering van kinders, maar hierdie impak is slegs tydelik van aard (Bogolub, 1995:15). Kinders word blootgestel aan 'n oorgangsperiode met intense omverwerping, fisiese verlies aan die nie-toesighoudende ouer op 'n daaglikse en finansiële basis, moontlike verhuising, verlies aan vriende, 'n nuwe skool en moontlik ook 'n nuwe, vreemde woonbuurt (Bogolub, 1995:15). Laasgenoemde outeur is van mening dat hierdie oorgangsperiode tussen twee tot vyf jaar kan duur. Dit kan egter ook gebeur dat die kind nie noodwendig verhuis nie, maar dat die nie-toesighoudende ouer verhuis. Keoughan (2001:155-164) is van mening dat hierdie verhuisings die kontinuïteit van die kind se lewenstyl omvergooi en nog meer spanning vir die kind impliseer.

Die impak van egskeiding op kinders word deur talle outeurs beklemtoon. Cohen (2002:1019) noem dat die egskeiding self dikwels nie die kind se eerste grootskaalse verandering in sy/haar lewe is nie. Huwelikskonflik tussen die ouers lei dikwels tot interne en eksterne probleemgedrag, veral in kinders van voorskoolse ouderdom. Die voortgesette konflik na afloop van die egskeiding versterk egter die negatiewe gevolge van die egskeiding, volgens Sandler, Tein, Mehta, Wolchick en Ayers (2000:1099): *"...increased fights between their parents, parental distress, moving, dealing with their parent's new partners, and loss of time with one or both parents"*. Die teenpool word egter ook na verwys deurdat laasgenoemde outeurs noem dat egskeiding 'n intense spanningsvolle gebeurtenis vir feitlik alle kinders is. Dit verhoog die voorkoms van emosionele probleme vir sommige kinders, terwyl ander kinders sonder langtermyn probleme kan aanpas.

Vir kinders lê die definisie van egskeiding opgesluit in die feit dat een ouer nie meer by hulle woon nie en gaan gepaard met skuldgevoelens, depressie en ang (Lamanna & Riedmann, 1994:551). *"...divorce is operationally perceived as a loss of a significant emotional relationship"* (Negebauer, 1989:156). Navorsers huldig die mening dat die verlies aan die emosionele verhouding steeds ervaar word, selfs indien die spesifieke ouer onbetrokke of passief was in die opvoeding van die kind. Selfs die handhawing van 'n passiewe rol, het 'n direkte impak op die kind se ontwikkeling. Lamb (in Peretti & DiVittorio, 1992:269-274) is van mening dat egskeiding vir die jong kind meer traumaties is as in latere jare, aangesien die kind in 'n proses is waar hy/sy die eerste sin van vertroue en identiteit begin ontwikkel. Die verlies aan 'n ouer word dus as meer skadelik op hierdie jong ouderdom beskou. Die navorsing deur Wallerstein en Blakeslee (in Saxton, 1990:296) konstateer dat kinders egskeiding meer traumaties as

volwassenes ervaar, aangesien dit gedurende hulle vormingsjare plaasvind. Die kinders internaliseer die ervaring van die egskeiding en dit beïnvloed hulle siening van hulself en hulle gemeenskap. *“More than three-fourths of the children in the Wallerstein study were frightened, worried about what would happen to them, who would take care of them in such fundamental ways as feeding and protecting them”* (Saxton, 1990:296). Die onderliggende vrees is dat, indien die ouers se verhouding beeindig kan word, die ouer-kind verhouding ook beeindig kan word. Die kinders beleef dat daar geen stabiliteit in die wêreld kan wees nie, aangesien hulle bron van sekuriteit en stabiliteit, naamlik die gesin, verdwyn.

Navorsing deur Peretti en DiVitorrio (1992:269-274) het aangedui dat skuldgevoelens, sosialiseringsbehoefte, onttrekking, depressie en die kind se selfbeeld deur die verlies aan 'n vaderfiguur deur egskeiding, beïnvloed word. Skuldgevoelens kom voor deurdat die kind van mening is dat die egskeiding sy/haar skuld is. Hierdie foutiewe aanname word deur die kind gemaak op grond van die kind se egosentriese funksionering. *“The subjects also expressed guilt as they believed the arguing, fighting, screaming, and the negative, conflicting acts between the parents had been precipitated by the youngsters' actions”* (Peretti & DiVitorrio, 1992:269-274). Talle kinders beleef ook 'n probleem in terme van konflikterende lojaliteite. Hulle ervaar dat hulle in twee rigtings getrek word deur die ouers. Hierdie “kies” tussen die ouers, word dikwels deur die ouers se verbale en/of nie-verbale gedrag aangemoedig. Die kinders beleef dus 'n dilemma: *“If they acted to please one parent, they betrayed the other”* (Saxton, 1990:296). Indien die kind 'n alliansie met een ouer vorm, ervaar die kind spanning en angs in die ander verhouding. Kinders wat egter geen kant kies nie kan ervaar dat hulle dislojaal optree teenoor beide die ouers – wat die gevoel van eensaamheid versterk. Hierdie kinders beleef dat hulle nie na een van die ouers kan draai vir vertroosting nie, aangesien beide die ouers die kind se weiering om ondersteunend op te tree teenoor die spesifieke ouer, as verraad beskou word.

Na afloop van 'n egskeiding is gevoelens soos woede, vrees vir verwerping, hartseer, ontkenning, regressie, skuldgevoelens, verdeelde lojaliteit en 'n hoop op hereniging algemeen by jong kinders (Van der Merwe, 1994:13). Hutchinson en Spangler-Hirsch (1989:10) ondersteun hierdie stelling deur emosionele reaksies soos verwardheid, woede, skuldgevoelens, vrees, emosionele onveiligheid, isolasie, skaamte en 'n gevoel van “anders” wees te konstateer. In 'n studie wat deur Negebauer (1989:156) onderneem is, is bevind dat kinders van 4 jaar en ouer depressief gevoel het en baie tyd in hulle kamer spandeer het, waar hulle gehuil het. Gedragsveranderinge kom ook voor, as gevolg van die verandering in die gesinstruktuur. Van hierdie

gedragsimpptome sluit hoër vlakke van afhanklikheid, ongehoorsaamheid, aggressiewe gedrag en gedrag wat meer veeleisend en knaend is, in. Sommige kinders openbaar ook gedrag wat rusteloos, moedswillig en impulsief is. Gedrag wat ontwrigtend is tydens interaksie met ander kom ook voor (Hutchinson en Spangler-Hirsch, 1989:10). Sosialiseringsprobleme kan dus voorkom.

Met betrekking tot die langtermyn gevolge van egskeiding op kinders, noem Taylor (2001:148) verdere navorsing wat deur Wallerstein onderneem is: “...states that children suffer for many years from psychological and social difficulties associated with continuing and/or new stresses within the post-divorce family”. Dit word ook genoem dat kinders hoër vlakke van angs ervaar in die vorming van verhoudings in latere adolessensie en vroeë volwassenheid. Dit blyk dus dat die ontwikkeling van die kind ook deur egskeiding geraak word (soos volledig bespreek word in hoofstuk 3).

Die rol van die vader (wat tradisioneel die nie-toesighoudende ouer is) word as besonder belangrik beskou in die positiewe aanpassing na afloop van ‘n egskeiding. “Thomas (1993) demonstrated a direct correlation in positive and negative adolescent functioning and the relationships in divorced families between adolescents and their fathers” (Taylor, 2001:148). Daar is egter verskillende redes waarom nie-toesighoudende ouers nie hulle besoekregte uitoefen nie (Benokraitis, 2002: 414): Die tradisionele, kulturele verwagtings met betrekking tot die grootmaak en koestering van kinders word steeds as die verantwoordelikheid van die moeder beklemtoon. Sommige nie-toesighoudende ouers vermy kontak met die kinders in ‘n poging om verdere konflik te vermy. Sommige nie-toesighoudende ouers ervaar besoeke emosioneel moeilik, aangesien dit vir hulle “kunsmatig” voel (Benokraitis, 2002:416). Soms sal alle kontakbesoeke nie noodwendig getermineer word nie, maar slegs van tyd tot tyd realiseer. “Inconsistency in visitation is distressing for the children of divorce” (Keoughan, 2001:155-164), daarom is dit van kardinale belang dat besoeke met reëlmatige, voorspelbare intervalle realiseer.

Na aanleiding van onderhoude wat tydens ‘n navorsingstudie deur Peretti en DiVitorrio (1992:269-274) onderneem is, was dit duidelik dat die kinders bepaalde idees oor hulle eie funksionering gehad het: “The children felt depressed or displayed depression, and during the interview stated this was due to their beliefs of being bad, mean, hated, unloved, unworthy, stupid, and/or guilty in association with the parental divorce and/or the loss of father”. Die kinders was van mening dat, indien hulle “soeter” was, die egskeiding nie sou realiseer nie. Navorsing deur Taylor (2001:151) het ook bevind dat meer as die helfte van die kinders in hulle studie verantwoordelik gevoel het vir hulle ouers se egskeiding. Daar is ook aangedui dat hulle verwaarloos voel deur beide

ouers, as gevolg van die nie-toesighoudende ouer se afwesigheid en die toesighoudende ouer se besige skedule. Kontak met die nie-toesighoudende ouer is as te kort ervaar. Lamanna en Riedmann (1994:551) haal navorsing deur Wallerstein en Blakeslee aan en noem dat kinders hulle nie-toesighoudende ouers verloor deurdat die nie-toesighoudende ouers onverbode en onbelangstellend kan raak. Die kinders verloor egter ook hulle toesighoudende ouers aangesien hierdie ouer oorweldig voel deur die taak as versorger van die gesin, die instandhouding van die huis en die moontlikheid van 'n "tweede kans" op geluk. Dit wil dus voorkom of kinders 'n rouproses vir beide ouers op verskillende wyses deurloop.

### 2.3.5 Ouerskap

Vyf tipes verhoudings kan, na afloop van die egskeiding, tussen die twee ouers gevestig word (Benokraitis, 2002:400). Hierdie verhoudings kan egter binne bepaalde kontekste en situasies oorleuel, maar word teoreties verdeel vir 'n algemene aanduiding. Die eerste tipe verhouding wat onderskei word is *perfekte vriende (perfect pals)*. Hierdie verhouding word gekenmerk deur die handhawing van positiewe vriendskapsbande en die deel van bepaalde verantwoordelikhede met betrekking tot die kinders. Die verhouding met gewese skoonouers word dikwels nog gehandhaaf en die familie kan soms selfs saam met vakansie gaan. Navorsers is van mening dat hierdie tipe verhouding op die oog af na die ideale verhouding lyk. Die waarheid is egter dat die kinders onder 'n wanindruk geplaas word indien die ouerskapskeiding nie realiseer nie, aangesien dit die illusie skep dat niks in die gesin verander het sedert die egskeiding nie. Die kinders se vermoë om by nuwe omstandighede aan te pas word dus nie benut nie en die verwagting dat die gesin weer 'n eenheid sal wees, word deurentyd bevestig.

Die verhouding van *samewerkende kollegas (cooperative colleagues)* word teoreties as 'n ideale verhouding beskou. Die ouers beskou hulself nie as vriende nie, maar kan wel 'n positiewe verhouding van saamwerk handhaaf. Die ouers poog om die emosionele trauma waardeur die kinders moet werk, te minimaliseer. Pogings word ook aangewend om deur middel van mediators en terapeute bepaalde sake buite die hof te skik (Benokraitis, 2002:400). Navorsers is van mening dat hierdie die optimale verhouding is. Die ouers wat daarin kan slaag om hierdie tipe verhouding in stand te hou, is dikwels emosioneel volwasse en kan sowel hulle eie as hulle kinders se behoeftes aanspreek.

Wanneer die ouers 'n verhouding van *woedende kennisse (angry associates)* handhaaf, word 'n gevoel van woede teenoor mekaar gehandhaaf. Hierdie woede kan handel oor die mislukte huwelik of die proses van egskeiding. Intense gevegte met betrekking tot sekere aspekte soos byvoorbeeld toesig en beheer, besoekregte en finansiële sake, word onderneem. Hierdie tipe gevegte kan letterlik jare na die wetlike skeiding steeds voortduur (Benokraitis, 2002:400). Dit is vanselfsprekend dat hierdie tipe verhouding nie 'n positiewe atmosfeer skep vir optimale funksionering van volwassenes of kinders nie.

Die verhouding van  *vurige vegters (fiery foes)* word deur 'n algehele onvermoë tot mede-ouerskap gekenmerk. Die betrokke individue kan geen positiewe aspekte vanuit hulle huwelik onthou nie en beskuldigings word wedersyds rondgeslinger. Die kinders raak binne hierdie konflikproses vasgevang, aangesien beide die ouers die kinders as instrumente en wapens binne die proses van egskeiding gebruik. 'n Voortdurende magstryd kenmerk hierdie tipe verhouding (Benokraitis, 2002:400). Die optimale funksionering van die betrokke individue word dus totaal gestrem. Navorser huldig die mening dat ouers wat hierdie tipe verhouding handhaaf, dikwels nie hulle eie proses van verwerking en aanpassing doeltreffend deurloop het nie.

Die laaste tipe verhouding word gekenmerk deur 'n totale verbreekte verhouding tussen die ouers, oftewel die verhouding van *opgeloste strydere (dissolved duos)*. Nie-toesighoudende ouers sal die kinders soms "ontvoer", of die toesighoudende ouer sal geografies ver verhuis ten einde die kontak tussen die nie-toesighoudende ouer en die kinders te bemoeilik. Dit kan ook wees dat die nie-toesighoudende ouer "verdwyn" en alle kontak met die kinders verbreek. Navorser is van mening dat hierdie tipe verhouding die mees destruktiewe verhouding vir al die betrokke individue is.

### **2.3.6 Ondersteuningsnetwerke**

#### **2.3.6.1 Ekonomiese hulpbronne**

Die ekonomiese hulpbronne van die gesin na afloop van 'n egskeiding, is dikwels minder as voor die egskeiding. Die inkomste in die gesin verminder dikwels met meer as die helfte, aangesien dit dikwels die broodwinner is wat die huis verlaat (Collings, 1995:102). Die materiële behoeftes van die gesin bly na afloop van 'n egskeiding soortgelyk aan voor die egskeiding, maar die hulpbronne wat beskikbaar is vir die gesin om hierdie behoeftes aan te spreek, verminder as gevolg van prioritisering van behoeftes (Stewart, *et al.* 1997:208). Benokraitis (2002:408) noem verder dat die man



dikwels die mees waardevolle bate het, naamlik sy kapasiteit om geld te verdien. Die vrou het dikwels die meeste finansiële verpligtinge aangesien die huis en die kinders haar verantwoordelikheid word. Baie druk word op toesighoudende ouers wat nie onderhoudsgeld ontvang nie, geplaas. Daar word vier groepe onderskei van nie-toesighoudende ouers wat nie hulle finansiële verpligtinge teenoor hulle kinders nakom nie: Eerstens is daar die “ouer in pyn”. Hierdie ouer voel uitgesluit en sal homself/haarself fisies en emosioneel onttrek van die verhouding met sy/haar kinders. Die tweede groep is die “oorlaaide” (“*over-extended*”) ouer, dit wil sê die ouer wat met finansiële verpligtinge oorlaai is, veral indien hy/sy ‘n tweede gesin moet onderhou. Die derde groep is die “wraaksugtige” (“*vengeful*”) ouer, die ouer wat onderhoud weerhou as bewys van mag en beheer. Sy/haar gebrek aan onderhoud betaal word as “straf” vir die gewese egmaat aangewend. Die vierde groep is die onverantwoordelike ouer wat sy/haar ouerlike verantwoordelikhede ligtelik opneem en ‘n besluit neem om finansiële verpligtinge teenoor die kinders nie na te kom nie (Benokraitis, 2002:411). Hierdie verskillende redes word dikwels as “geldig” geregverdig, maar is onaanvaarbaar. Die verwagting is dat die finansiële verantwoordelikheid vir die versorging van die kinders nie onderhandelbaar is nie.

Die ekonomiese veranderinge in die gesinsisteem bring baie spanning mee. Hoewel die konflik tussen ouers kan afneem na afloop van die egskeiding word hierdie konflik egter voortgesit deurdat die moeder gewoonlik finansiëel ‘n stryd op oorlewing ervaar (Hutchinson & Spangler-Hirsch, 1989:12). Finansiële sekuriteit is moeilik om te bekom (Jung, 1996:585). Ekonomiese deprivasie kom dikwels na afloop van ‘n egskeiding voor (Lamanna & Riedmann, 1994:552). Dit blyk dus dat ekonomiese hulpbronne dikwels nie toereikend is nie en die benutting van beskikbare hulpbronne nie optimaal plaasvind nie.

### **2.3.6.2 Emosionele ondersteuning**

Gebrekkige hulpbronne bestaan met betrekking tot toereikende ondersteuning vir kinders en die instandhouding van die huishouding. Verhoudings met die kerngesin, die uitgebreide gesin en vriende moet herevalueer word, nie net deur die volwassenes nie, maar ook deur die kinders. Jung (1996:585) konstateer dat ‘n groter betrokkenheid tot moontlike ondersteuningsnetwerke moet realiseer ten einde die gebrek aan ondersteuning binne die kerngesin te elimineer.

Die verlies aan ‘n huweliksmaat bring ernstige emosionele spanning by die ander maat mee. Volgens Peck (1989:81) is dit eerste die kinders wat hierdie stryd om



ekonomiese en emosionele oorlewing by die ouer oplet. Hoewel kinders oor die vermoë beskik om aan te pas by die egskeidingsituasie, sal talle kinders dikwels simptome funksioneer.

Enkelouers word dikwels deur omstandighede genoodsaak om weer hulle verhoudings met die gesin van oorsprong te intensifiseer. Onopgeloste konflik vanuit die verlede kan 'n stremming in hierdie verband veroorsaak (Jung, 1996:585). Die praktyk dui ook aan dat hierdie samewerking van drie generasies tot verdere konflik en spanning kan lei, hoewel die handhawing van 'n balans hierdie generasies se betrokkenheid bymekaar kan optimaliseer.

'n Onderskeidende faktor in kinders se beleving van die egskeidingsproses is dat kinders deel bly van beide die families, anders as hulle ouers. *“Rather than having an abbreviated family form, they are likely to have an expanded kinship network”* (Klee, Schmidt & Johnson, 1989:110). Hoewel die kinders dikwels toegang tot beide grootouer-pare het, kan hierdie verhoudings opsigself meer spanning te weeg bring aangesien lojaliteitsprobleme en onderliggende spanning kan voorkom.

Waar toesig en beheer aan die moeder toegeken is, kan die materne beroepsloopbaan impliseer dat die moeder minder beskikbaar vir die kinders sal wees. *“As reported by older siblings, surrogate compensatory parenting behaviors may emerge in response to the modified role of the mother and the now-absent father”* (Hutchinson & Spangler-Hirsch, 1989:12). Van die praktiese aspekte van die gesinslewe wat hierna verwys word sluit die volgende in: die dissiplinestruktuur waar ouer kinders verantwoordelikheid neem vir die dissiplinerings van jonger kinders, ouer kinders wat aan die hoof van die tafel sit en by wyse van nie-verbale gedrag die rol as hoof van die huis inneem en ouer kinders wat die verantwoordelikheid neem om die jonger kinders te begelei in die proses van sportbeoefening.

Individuele- en gesinsfunksionering word deur die uitgebreide sisteem van vriende, bure, familie, betekenisvolle persone en sosiale groepe, beïnvloed. Wanneer die individu 'n krisis beleef, word daar van hierdie sisteme verwag om as ondersteuningstelsel op te tree (Berg-Cross, 2000:189). Die term “ekosisteem” verwys na die groter en meer abstrakte netwerke wat die gesinslewe beïnvloed. Dit sluit die gesin se etniese en rassegroep, sosiale klas, geloofsoortuiging en woonbuurt, in (Berg-Cross, 2000:189). Die implikasie hiervan op die implimentering van 'n terapeutiese intervensieprogram is omvangryk (vergelyk hoofstuk 5). Individue vanuit enige faset van die ekosisteem kan by die terapie betrek word. Indien die betrokke persone nie direk by die terapie betrek word nie, het die terapeut nodig om deur 'n ekosistemiese

lens te kyk na die gesin ten einde die impak van elke sisteem op die gesinsisteem te begryp (Berg-Cross, 2000:189). Die ondersteuningsnetwerk word in 5 sones onderverdeel: Sone 1 is naby familie en vriende, sone 2 is aktief betrokke familie en vriende, sone 3 verwys na voorheen aktief betrokke familie en vriende, sone 4 na ekonomiese en politiese vriendskappe en sone 5 na minimale of nominale vriendskappe (Berg-Cross, 2000:195). Indien 'n gesin geen ondersteuning ontvang nie, word die gesin kwesbaar en rigied, met 'n gebrek aan aanpasbaarheid. Berg-Cross (2000:197) kom tot die gevolgtrekking dat disfunksionele wyses van verhoudings dus begin manifesteer.

Mense is soms versigtig om hulle ondersteuningsnetwerk te nader vir hulp. In die eerste plek is daar soms werklik niks wat die ondersteuningsnetwerk aan die situasie kan verander nie. Tweedens ervaar mense soms dat hulle nie hulle ondersteuningsnetwerk iets verskuldig wil wees nie, daarom vra hulle eerder nie hulp nie. Die aanname is dat, indien mens hulp en gunste van ander ontvang in 'n tyd van krisis, die betrokke persone op 'n later stadium iets terug sal verwag. 'n Derde motivering is dat mense dikwels emosioneel nie sterk genoeg is om die omvang van die huislike krisis met ander te bespreek nie. Hierdie mate van selfopenbaring wat verlang word, verlaag die betrokke persone se selfbeeld en bedreig hulle outonomie en selfstandigheid. 'n Vierde aspek is die feit dat familielede dikwels meer bereidwillig is om hulp te verleen as ander ondersteuningstelsels. Hierdie feit minimaliseer die moontlikheid van eksosistemiese ondersteuning. In die vyfde plek is dit tradisioneel die vroulike geslag wat uitgebreide hulp en versorging verleen. Selfs in die moderne samelewing is dit dikwels die vrouens wat besluit hoeveel hulp verleen/ontvang word en wanneer. Die feit dat meer vrouens permanente betrekkings beklee verminder hulle energie en tyd om hulp aan te bied (Berg-Cross, 2000:205-206). Navorsers is van mening dat hierdie ontoereikende benutting van beskikbare hulpbronne 'n samelewing wat passief teenoor mekaar staan, vestig. 'n Groter vrymoedigheid om beskikbare hulpbronne te benut, sal minder isolasie, eensaamheid en depressiwiteit tot gevolg hê en 'n omgewing, waar positiewe aanpassing kan realiseer, skep.

## **2.4 Egskeiding as transformasieproses**

### **2.4.1 Aanpassing as konsep van funksionering**

Die begrip "aanpassing" word soos volg deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1996:1) gedefinieër: "Wederkerige proses tussen individu en omgewing om mekaar te akkommodeer om sodoende toereikende passing tussen menslike

behoefte en omgewingshulpbronne te bewerkstellig.” Volgens Sandler, *et al.* (2000:1099) dui aanpassing op ‘n algemene oortuiging van die individu dat hy/sy die nodige verwagtinge wat gestel word en die emosies wat ontlok word, kan hanteer. Dit blyk dus ‘n meer subjektiewe evaluasie van die persoon te wees. Aanpassing in terme van egskeiding word soos volg deur Kitson (1992:20) omskryf: “...being relatively free of symptoms of psychological disturbance, having a sense of self-esteem, and having put the marriage and former partner in enough perspective that one’s identity is no longer tied to being married or the former partner”. Hierdie definisie impliseer dat die individu genoegsame emosionele afstand tussen homself/haarself en die egskeiding verkry het ten einde vorentoe te beweeg in sy/haar lewe. Hierdie “aanpassing” beteken egter nie dat daar nie egskeidingsverwante probleme ondervind sal word nie, maar dat die individu oor genoegsame stabiliteit sal beskik ten einde die probleme op ‘n objektiewe wyse die hoof te bied.

Die konteks van funksionering moet in ag geneem word in die bespreking van aanpassing. Stewart, *et al.* (1997:17) konstateer die volgende in hierdie verband: “*The risk associated with divorce needs to be contextualized in terms of the entire family history.*” In die lig hiervan is dit noodsaaklik om op te let na die lewensfaktore wat stres genereer binne die gesinsopset. Die potensiaal tot effektiewe hantering van die egskeiding en gepaardgaande stres word gekoppel aan die potensiaal waaroor die gesin in die verlede beskik het om lewenskrisisse te hanteer, dit wil sê voor die aanvang van die egskeiding. Vroeëre stresfaktore soos byvoorbeeld voortdurende konflik binne die gesin kan nou vervang word met finansies as stresfaktor. Hierdie hantering word sterk gekoppel aan die gesin se vermoë tot aanpassing, dit wil sê die buigbaarheid en dinamika van die gesin. Die gevolgtrekkings waartoe gekom word, is dat egskeiding, soos talle ander lewensgebeure, beskou kan word as ‘n geleentheid tot groei. Navorser is van mening dat hierdie potensiaal tot groei primêr in die individue se intra- en interpersoonlike denke en ondersteuning gesetel is. Die individu wat kognitiewe beheer toepas en die hulpbronne in die gemeenskap benut, sal minder eensaam en geïsoleerd voel en sal dus eerder oor die vermoë beskik om te kan groei. Stewart, *et al.* (1997:20) stel ook voor dat daar eerder van “‘n transformasie van die gesin” gepraat word as wat daar na ‘n “gebroke huis” verwys word. Navorser ondersteun hierdie stelling deurdat die negatiewe konnotasie aangespreek word en die atmosfeer geneig is om ‘n meer positiewe verwagting te skep. Die klem word dus nie op die individu wat die huis verlaat en die ander individue wat op hierdie verlating reageer, geplaas nie. Die klem word eerder op die komplekse proses wat met hierdie gebeure verweef is, geplaas, vandaar die beklemtoning van egskeiding as transformasieproses. Die stelling van Stewart, *et al.* (1997:24) word ondersteun: “...we

*see parental separation and divorce as a process of family transformation that both results from and produces individual and family changes – some of which are losses or traumatic, and some of which are beneficial*". Dit is dus duidelik dat, hoewel die rol van verlies erken word, die fokus eerder op 'n positiewe groei-geleentheid geplaas behoort te word. Die geleentheid tot groei sal egter eers geïdentifiseer kan word na afloop van die aanvanklike rouproses wat deurloop is.

## **2.4.2 Eksterne en interne transformasie**

### **2.4.2.1 Volwassenes**

In 'n poging om 'n verskeidenheid bevindings met betrekking tot navorsing oor lewensveranderinge te integreer, het Stewart (in Stewart, *et al.* 1997:70) 'n algemene vergelyking tussen die emosionele proses van aanpassing en die veranderde eksterne omstandighede geformuleer. *"...when individuals face a situation that involves dramatic and pervasive change in their lives (a new school or job, a new country, a new marital or family situation), they adopt a series of psychological stances toward their external environment"*. Hierdie stelling impliseer dat 'n verandering in lewensomstandighede 'n verandering in die individu se psigologiese oriëntasie sal meebring. Wanneer die individu in 'n bekende omgewing is, voorsien die omgewing 'n agtergrond vir aksie. Wanneer die individu egter met 'n nuwe omgewing gekonfronteer word, word die individu meer selfbewus en ook meer bewus van die omgewing.

Wanneer daar na 'n egskeiding verwys word, is dit duidelik dat die groot veranderinge wat in werking tree nie primêr te make het met die omgewing nie, maar wel met veranderinge binne die individu self, dit wil sê gevoelens, hoop en drome. Talle van hierdie veranderinge het reeds voorgekom lank voordat 'n egskeiding oorweeg word. Tydens 'n reeks studies het Stewart (in Stewart, *et al.* 1997:71) en haar kollegas bevind dat individue in die aanvanklike periode na 'n groot lewensverandering, 'n passiewe en ontvanklike houding teenoor die eksterne omgewing ingeneem het. Wanneer die individu hom/haar in 'n nuwe en onbekende situasie bevind, is die individu geneig om relatief passief te funksioneer en aksie te vermy, waarskynlik omdat die individu op daardie stadium min begrip vir die implikasie van 'n bepaalde aksie kan hê. Nadat bepaalde veranderinge in die fisiese omgewing plaasgevind het, ervaar die individue gevoelens van verlies en hartseer omdat hulle die meer bekende situasie (selfs indien dit ongewens was), opgee. Dit is dus duidelik dat, selfs indien die individu bepaalde lewensveranderinge koester, gevoelens van hartseer dikwels voorkom. Na afloop van die lewensveranderinge is individue geneig om op die bevrediging van hul

eie behoeftes te fokus. Sommige ouers sal emosionele ondersteuning by familie en vriende soek. Die logistieke en praktiese probleme wat manifesteer na aanleiding van 'n egskeiding (verhuising, nuwe rolverdeling, finansiële eise, bevrediging van kinders se emosionele eise en so meer) laat egter min ruimte vir 'n passiewe reaksie op die lewenskrisis.

In kontras met die ontvanklike oriëntasie, staan die outonome oriëntasie waartydens die ouers 'n poging aanwend om weer orde te probeer herstel in 'n situasie wat voel of dit deur chaos gekenmerk word. Hierdie pogings kan dikwels met gevoelens van onsekerheid en besluiteloosheid gepaardgaan. Die betrokke individu kan ook ervaar dat ander individue nie daarin slaag om ondersteunend genoeg op te tree nie. Die oriëntasie wat met lewensveranderinge geassosieer word, is selfhandhawing. Die dominante emosie van vyandigheid bring mee dat verhoudings met ander konflikbelaaie is, of daarop uit is om ander uit te buit. Die geïntegreerde oriëntasie kom voor nadat 'n oriënteringsproses deurloop is: *“Here the individual is capable of effective work commitments, can tolerate ambivalent feelings, can accept authority figures as limited in their power, and can establish fully mutual relationships with others”* (Stewart, et al. 1997:73). 'n Meer gebalanseerde en aktiewe lewensbenadering word dus ingeneem.

#### **2.4.2.2 Kinders**

Egskeiding moet as 'n reeks fases beskou word en nie as 'n lewensgebeurtenis wat konstante eienskappe met verloop van tyd toon nie. Talle studies wat onderneem is, (Welsh & Stolberg, 1989:267) het bevind dat tyd 'n mediator is met betrekking tot die aanpassing van die kinders. Die betrokke studies het getoon dat kinders ongeveer twee jaar neem om positief aan te pas, na afloop van 'n egskeiding. Die aanvanklike aanpassingsprobleme word toegeskryf aan die aanvanklike verlaging in ouerskapsvaardighede en die hoë mate van omgewingsveranderinge wat voorkom.

Kinders deurloop dus 'n omvattende transformasieproses: *“...divorce adjustment in children may be complicated by lateral changes associated with new environments”* (Hutchinson & Spangler-Hirsch, 1989:11). Die realiteit van egskeiding impliseer veranderinge in skoolomgewing, buurt en portuurgroep. Gewysigde interaksiepatrone en basiese struktuurveranderinge kom ook, na afloop van 'n egskeiding, binne die gesinsisteem voor. Hierdie veranderinge realiseer nie bloot as gevolg van die afwesigheid van een ouer nie, maar ook as gevolg van die feit dat een ouer beide ouerlike rolle moet vervul en die kind die nie-toesighoudende ouer minder sien.

Verantwoordelikhede en verpligtinge wat met gesinslewe geassosieer word, moet ook herorganiseer en herverdeel word na aanleiding van die transformasie. Die nuwe dinamika en prosesse binne die gesin moet dus ook geakkommodeer word. Ook die verhouding met die uitgebreide gesin ondergaan veranderinge (Hutchinson & Spangler-Hirsch, 1989:11). Die feit dat die een ouer die kind verlaat het, skep vrese by die kind dat hy/sy die ander ouer ook kan verloor. Die kind kan dus met klouerige gedrag, wakker word in die nag, by die ouer wil slaap, enurese, nagmerries en ander simptomatiese gedrag manifesteer. Die simptome kan tydelik van aard wees en spontaan verminder indien die kind voortdurend verseker word van sy/haar sekuriteit, of dit kan meer permanent van aard wees. In die geval van laasgenoemde is professionele intervensie noodsaaklik (Dowling & Barnes, 2000:90). Hierdie intervensie hoef nie noodwendig met die kind te realiseer nie, maar kan ook bemagtigend van aard wees teenoor die ouer(s).

### **2.4.3 Ouerskap**

Ideaal gesproke sou ouers hulle konflik en destruktiewe verhouding moet bestuur ten einde op 'n samewerkende, mede-ouerskap wyse beplanning te kan doen ten opsigte van die kinders (Bogolub, 1995:22). Indien nie-toesighoudende ouers wel kontak met hulle kinders behou en 'n verhouding met die kind handhaaf, vind dit dikwels plaas volgens 'n parallelle ouerskapstyl eerder as 'n mede-ouerskapstyl. Parallelle ouerskap impliseer dat die ouers nie noodwendig saamwerk nie, maar elkeen sy eie opvoedingstyl implementeer. Hierdie is 'n algemene verskynsel, aangesien in ag geneem word dat die feit dat ouers tydens hulle huwelik nie oor die weg gekom het nie, direk impliseer dat hulle teoreties gesproke ook nie na afloop van die egskeiding oor die weg sal kom nie (Bogolub, 1995:22). Die mening word gehuldig dat mede-ouerskap, wat betrokkenheid deur beide ouers impliseer, die ideale opvoedingstyl vir 'n gesin wat deur 'n egskeiding is, sou wees. Die feit dat daar so baie emosionele aspekte by betrokke is maak egter dat parallelle ouerskap 'n bevredigende alternatief is op mede-ouerskap (Hoofstuk 4).

### **2.4.4 Positiewe aanpassing**

#### **2.4.4.1 Volwassenes**

Volgens Ahrons (in Peck, 1989:84) is 'n proses van herdefiniëring belangrik ten einde egmaats daartoe in staat te stel om hulle ouerlike rol van die huweliksrol te onderskei en die gesin dus tot herstabilisering te begelei. 'n Funksionele mede-ouerskap

verhouding bevat sowel positiewe as negatiewe gevoelens, maar op 'n gebalanseerde wyse, dit wil sê nie in terme van uiterstes nie. Kommunikasie tussen die gewese egmaats fokus op aspekte met betrekking tot ouerskap, met die konflik wat fokus op finansies en kinderopvoedingspraktyke. Die mees belangrike aspek van mede-ouerskap lê egter opgesluit in die beginsel van respek. Respek is die sleutel tot konstruktiewe onderhandelinge met betrekking tot die opvoeding van kinders (Peck, 1989:84). Wedersydse respek vir mekaar kan 'n parallelle ouerskapstyl tot voordeel van die opvoeding van die kinders aanwend. Met betrekking tot die ouers se vermoë om 'n onderskeid tussen die huweliksverhouding en die ouerrolle te tref, word die volgende aspekte gekonstateer (Stewart, *et al.* 1997:183): Ouers wie se verhouding deur min konflik gekenmerk word, is daartoe in staat om die ander ouer se standpunt in te sien. Hierdie ouers kan diwels ook daarin slaag om gesamentlik besluite oor die kinders te neem. Ouers waar daar hoë vlakke van konflik voorkom, is krities teenoor die ander ouer se ouerskapstyl en kan gevolglik steeds in konfliktsituasies beland.

Die vestiging van 'n nuwe tipe verhouding met die gewese egmaat is kardinaal vir positiewe aanpassing. Egpere wat daarin kan slaag om lae vlakke van konflik te handhaaf kan ook die belangrikheid van die vestiging van 'n verhouding met die ander ouer insien. Die klemverskuiwing vind dus plaas deurdad die ouers nie meer in mekaar se doen en late belangstel nie, maar steeds soos emosioneel volwasse mense met mekaar kan kommunikeer in die beste belang van die kind. Die vestiging van 'n nuwe tipe verhouding impliseer ook dat nuwe grense en reëls tussen die ouers vasgestel en geïmplementeer sal word, met betrekking tot elkeen se bydrae tot die ontwikkeling en opvoeding van die kinders.

Ouers se basiese behoeftebevrediging moet uitgestel word as gevolg van ouerskap. Dit is dus duidelik dat ouers in hierdie fase baie ondersteuning nodig het (Dowling & Barnes, 2000: 28). "Sosiale ondersteuning" verwys na die ondersteuning en hulp wat die individu ontvang in die uitvoering van sy/haar sosiale rolle. Hierdie ondersteuning word voorsien deur interaksie en verantwoordelikhede teenoor familie, vriende en kennisse (by die werk, skool of binne organisasies). *"Social support provides meaningful attachments to others, integration in a network of shared relationships, opportunity for nurturing others and being nurtured by them, reassurance of an individual's worth through performance of valued social roles, a sense of reliable alliance with kin, and access to guidance in times of stress"* (Kitson, 1992:223). Die kontinuïteit wat die individu wat deur 'n egskeiding is, ervaar binne sy/haar sosiale ondersteuningsnetwerk, dra daartoe by dat die individu sy/haar ewililibrium en struktuur vinniger kan herstel.



#### 2.4.4.2 Kinders

Waar kinders 'n positiewe verhouding met beide die ouers handhaaf, word die potensiële negatiewe effek van die egskeiding geminimaliseer (Dowling & Barnes, 2000: 66). Veral twee elemente dra by tot kinders se positiewe aanpassing na afloop van 'n egskeiding: *"...the ability of the parents to make the transition from a conflictual spousal relationship to a cooperative coparenting arrangement, and the ability of the children to have free access to both parents"* (Peck, 1989:83). Hierdie elemente kan egter nie so maklik geïmplimenteer word nie, aangesien dit 'n bevredigende oplossing tot die emosionele egskeiding en ook 'n hoë vlak van aanpasbaarheid deur die gewese egmaats impliseer.

Die verduideliking wat aan die kinders gegee word, moet verstaanbaar en toepaslik wees vir hulle spesifieke ontwikkelingsvlak. Die veranderinge moet in woorde wat deur die kinders verstaan kan word, omgesit word. 'n Duidelike onderskeid moet ook getref word tussen die verhouding tussen die ouers (verhouding is verbreek) en die ouer-kind verhouding (ouer is steeds lief vir die kind, daarom sal die verhouding voortgesit word) (Dowling & Barnes, 2000:30). Kinders openbaar 'n sterk behoefte om voortdurend verseker te word van hulle ouers se voortgesette liefde en versorging, maar ouers daarenteen beleef hierdie behoefte van die kind as veeleisend en moeilik. Ouers se emosionele hulpbronne word gedreineer deur konflik en die gevolge daarvan (Dowling & Barnes, 2000:30). Ouers moet begelei word in die proses om hulle kinders se ontwikkelingsbehoefte te begryp en toepaslik daarop te reageer (Dowling & Barnes, 2000: 32).

Kinders in die voorskoolse fase het konkrete verduidelikings nodig, byvoorbeeld die tydsduur wat die ouer gaan weg wees, die tyd wanneer die kinders opgelaai en afgelaai gaan word, veranderinge wat gaan plaasvind soos byvoorbeeld vriende, grootte van die huis, ensomeer (Dowling & Barnes, 2000: 28). Die invloed van die kind se ouderdom op die hantering van die egskeiding word soos volg deur Peretti en DeVitorrio (1992:269-274) omskryf: *"Some of the other research suggesting the significance the child's age as a predictor of how the youth will react to the parents divorce include that of Parke (1981) and Feirstein (1982). They found that the child's level of cognitive development has an effect on his reactions."* Tydens die voorskoolse ontwikkelingsfase is die kind se kognitiewe ontwikkeling baie egosentries en is hierdie ouderdomsgroep dus meer geneig om verantwoordelikheid te aanvaar vir die feit van die egskeiding en die daaropvolgende emosionele prosesse.



Hutchinson en Spangler-Hirsch (1989:14) haal navorsing deur Wallerstein en Kelly (1980) aan waarin die navorsers sewe veranderlikes identifiseer wat 'n positiewe effek op die kind se vermoë om aan te pas, het:

- Die ouers se vermoë om konflik en woede na die egskeiding te kan hanteer.
- Die toesighoudende ouer se vermoë om die ouerlike rol suksesvol te kan voortsit.
- Die nie-toesighoudende ouer se vermoë om 'n wedersyds bevredigende verhouding met die kind te vestig en in stand te hou.
- Die persoonlike karaktereenskappe van die kind en die kind se vermoë om hanteringsvaardighede te ontwikkel.
- Die kind se vermoë om ondersteuningsnetwerke te identifiseer en te benut.
- 'n Vlak van verminderde depressiewe en woedende reaksies by die kind.
- Die ouderdom en geslag van die kind.

*“Of particular significance is the assertion that children who view consequences as within their locus of control and who accurately comprehend interpersonal relationships are more likely to accomplish positive adjustment”* (Hutchinson & Spangler-Hirsch, 1989:14). Hierdie stelling bevestig dat kinders tot 'n redelike mate ingelig moet wees met betrekking tot die totale proses en dat hulle bemaagtig word om beheer te kan ervaar oor omstandighede buite hulle beheer.

Ander karaktereenskappe wat kinders help om positief aan te pas na afloop van 'n egskeiding sluit, volgens die navorsing van Guidubaldi (in Hutchinson & Spangler-Hirsch, 1989:14), die volgende in:

- Konsekwente slaapyd.
- Minder televisie kyk.
- Deelname aan georganiseerde buite-kurrikulêre aktiwiteite.
- Meer kontak met die nie-toesighoudende ouer.
- Aanmoediging deur ouers en onderwysers om stokperdjies te beoefen en te streef na akademiese prestasie.
- Ouers wat nie te streng dissipline toepas nie, maar ook nie kinderopvoedingspraktyke verwerp nie.
- Bywoning van skool in 'n konsekwente, veilige en voorspelbare omgewing.

Die ouer word as 'n fasiliteerder beskou in die kind se vermoë om aan te pas. *“...a custodial parent who exhibits consistent discipline and develops a parenting strategy of warmth, clearly defined rules, and extensive verbal compromise facilitates the adjustment of his/her children”* (Hutchinson & Spangler-Hirsch, 1989:15). 'n Toesighoudende ouer wat 'n positiewe houding jeens die nie-toesighoudende ouer openbaar en bevredigende toegangsregte toelaat, lewer 'n belangrike bydrae tot die

kind se konstruktiewe hantering en aanpassing. Dit is dus belangrik dat die ouer bemagtig sal word ten einde insig te ontwikkel in die belangrikheid hiervan.

Die volgende aspekte word as baie belangrik in die kind se aanpassing na afloop van 'n egskeiding, beskou (Hutchinson & Spangler-Hirsch, 1989:15):

- Min konflik tussen ouers en 'n algemene positiewe gesindheid teenoor mekaar.
- 'n Algemene ooreenkoms tussen die ouers met betrekking tot kinderopvoedingspraktyke.
- Die effektiewe benutting van ondersteuningsnetwerke en verlaagde spanning.
- 'n Gesaghebbende opvoedingstyl deur die toesighoudende ouer.
- Die beskikbaarheid van die nie-toesighoudende ouer.
- Openlike kommunikasie tussen die ouer en die kind. Hierdie stelling word deur Dowling en Barnes (2000:67) ondersteun. Laasgenoemde outeurs is van mening dat openlike kommunikasie met betrekking tot die proses van verandering en die effek daarvan op hulle lewens daartoe lei dat kinders meer geneig is om, op 'n spontane wyse, positiewe hanteringstrategieë te ontwikkel.

Daar is ook vier belangrike elemente wat geëvalueer moet word in terme van die kind se aanpassing (Berg-Cross, 2000:88-89):

- *Kwaliteit van ouerskap* speel 'n rol in dié dat die kind makliker aanpas as die ouer die kind steeds konsekwent en liefdevol versorg.
- *Die mate waartoe vyandigheid tussen die ouers afneem.* Hoë stresvlakke dreineer die ouers se energie wat bedoel was vir kinderopvoeding.
- *Frekwensie van besoeke deur nie-toesighoudende ouer.* Gereelde besoeke is voordelig vir die funksionering van die kind, mits die nie-toesighoudende ouer nie emosioneel versteur is of die ander ouer se gesag ondermyn nie.
- *Kind se geslag.* Seuns pas moeiliker aan as meisies. (Seuns is oor die algemeen meer kwesbaar tot enige stresfaktore as meisies). Seuns “verloor” dikwels die ouer van dieselfde geslag.

'n Studie is onderneem waar volwassenes wie se ouers geskei is toe die betrokke volwassenes in die voorskoolse fase was, met betrekking tot hulle herinneringe en aanpassing, ondervra is (Bogolub, 1995:184). Daar is onder andere bevind dat selfonderhoudende en bevoegde lewenspatrone gevestig is. Die kinders het ook geleer om verantwoordelikheid in die huishouding te neem en 'n balans te handhaaf tussen self versorg en versorg word. Die kinders kon ook nie die oorspronklike kerngesin noodwendig onthou nie en het dus die enkelouergesin of hersaamgestelde gesin as die norm aanvaar. Hierdie navorsing beklemtoon dat egskeiding as 'n

transformasieproses, eerder as 'n allesoorheersende negatiewe trauma, beskryf kan word.

#### 2.4.4.3 Gesin

Hoewel die betrokke individue unieke aanpassings die hoof moet bied, moet die gesin as eenheid ook begelei word tot positiewe aanpassing. *“Since the meaning of divorce to children is the absences of a parent from their day-to-day lives, children’s evaluations of the divorce experience depended primarily on their satisfaction with the custody and visitation arrangements”* (Negebauer, 1989:160). By implikasie beteken dit dat kinders wie se behoeftes deur middel van toesig en beheer en toegangsregte aangespreek word, die egskeiding meer geredelik en positief ervaar as dié kinders wie se behoeftes nie aangespreek word nie. Die rol van ouers hierin kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Vrylike toegang tot die nie-toesighoudende ouer kan verskeie vorme aanneem. Spontane telefoniese kontak en 'n aanpasbaarheid in die skedule met betrekking tot toegangsregte (byvoorbeeld elke alternatiewe naweek) is van die elemente wat die gevoel van vrylike toegang skep (Peck, 1989:86). Die navorser ondersteun hierdie stelling, hoewel daar maklik praktiese probleme met hierdie reëling gepaard kan gaan, byvoorbeeld 'n nie-toesighoudende ouer wat die kind nie skakel nie en die toesighoudende ouer se telefoonrekening dus die volle impak van die vrye toegang moet dra. Aanpasbaarheid met betrekking tot alternatiewe naweekbesoeke impliseer ook 'n mate van emosionele volwasseheid by die ouers en kan dus dikwels tot konflik en negatiewe gevoelens lei. Indien die nie-toesighoudende ouer versoek dat die kind byvoorbeeld 'n ekstra dag na die naweek by die ouer moet deurbring omdat dit byvoorbeeld 'n publieke vakansiedag is, kan dit tot voordeel van die kind onderhandel word. Die navorser is van mening dat die ouderdom van die kind die aanpasbaarheid van toesigreëlings sal bepaal, aangesien roetine en struktuur noodsaaklik is vir jonger kinders: *“For very young children who have not yet developed a mastery of time, it can be helpful to display a calendar in the kitchen or in their bedrooms that marks off the days until they see the other parent”* (Peck, 1989:86). Hierdie weldeurdagte plan met betrekking tot toegangsregte bied aan die jong kind die konkrete bewys van sy/haar ouers se liefde en toegewydheid met betrekking tot die beste belang van die kind.

Die funksies van die huishouding waarbinne die kind opgevoed word, moet oor bepaalde eienskappe beskik ten einde die optimale ontwikkeling van die kind te verseker (Stewart, *et al.* 1997:208).

- *Veiligheid*

*"Families are traditionally viewed as 'safe havens', in which all members are (or should be) free from fear of physical or emotional harm"* (Stewart, et al. 1997:208). Hierdie sekuriteit word dikwels slegs geverbaliseer indien dit afwesig is. Bekommernisse wat deur die individue ervaar word, word ook hierby ingesluit. Hierdie bekommernisse wissel van emosionele funksionering byvoorbeeld of die individu die situasie kan hanteer of nie, tot fisiese funksionering byvoorbeeld 'n individu wat die heelyd huil, of angstig is en dus nagmerries ervaar. Die gesinsopset word dikwels in situasies soos hierdie as 'n plek van kwesbaarheid, eerder as 'n plek van veiligheid, ervaar. Die belangrikheid van emosionele verwerking van die egskeiding, word dus bevestig.

- *Roetine*

Die struktuur van die daaglikse funksionering van die gesin voorsien 'n gevoel van stabiliteit. Van die aksies wat hierby ingesluit word is etenstye, slaaptid en ander aktiwiteite. Die afwesigheid van hierdie roetine-struktuur kan die individu angstig laat. Die voorspelbaarheid wat met roetine gepaardgaan bied, volgens navorser, die nodige emosionele sekuriteit vir optimale funksionering aan kinders en ouers. Die belangrikheid van 'n roetine in elkeen van die kind se twee huishoudings, word dus bevestig. Navorser is van mening dat die teenwoordigheid van 'n roetine in beide huishoudings belangriker is as die feit dat roetine dieselfde in beide moet wees. Parallele ouerskap word dus geïmpliseer, waar roetine in beide voorkom, maar kan verskil.

- *Gemeensaamheid*

Die gesin bied aan die individu 'n atmosfeer waar beskerming teen isolasie en eensaamheid voorkom. Die verlies aan een gesinsmaat na afloop van 'n egskeiding bemoeilik die aanspreek van hierdie behoefte.

- *Kohesie*

Die algemeen aanvaarde feit is dat die gesin dikwels soortgelyke waardes, norme en perspektiewe handhaaf. Hierdie gevoel van kohesie versterk die georganiseerdheid binne die gesinsisteem, maar kan egter ook ervaar word as 'n onnatuurlike strewe na konformiteit. Dit is dus belangrik dat 'n gebalanseerde mate van kohesie binne die sisteem gehandhaaf word. *"...shared understanding among family members of the reasons for parental separation may play a part in maintaining family cohesion – whether it's helpful or not – during a period of family change"* (Stewart, et al. 1997:211). Op grond hiervan word kohesie binne die gesinsisteem beskryf as die gedeelde begrip vir die redes vir die egskeiding en die skuldtoesegging. Vae redes vir die egskeiding kan dus op 'n laer vlak van kohesie dui, terwyl meer konkrete redes op 'n hoër vlak van kohesie kan dui.

- *Toeganklikheid met betrekking tot terugvoer*

Die gesin is veronderstel om die emosionele behoeftes van die individue aan te spreek. Hierdie behoeftebevrediging kan egter net realiseer indien die individue hulle behoeftes kan verbaliseer. Hierdie verbalisering van onbevredigde behoeftes word dikwels in die vorm van kritiek of klagtes aangehoor. Navorsers is van mening dat hierdie toeganklikheid tot terugvoer 'n positiewe potensiaal vir groei ontsluit.

Die tradisionele sielkundige karaktereienskappe van die gesin word soos volg deur Berg-Cross (2000:7) geïdentifiseer en deur navorsers aangepas met die oog op die gesin wat 'n egskeiding deurloop het:

- 'n Gesin openbaar 'n gevoel van wedersydse toegewydheid teenoor mekaar. Binne die gesin wat 'n egskeiding deurloop het, bestaan hierdie toegewydheid steeds in die ouer-kind verhouding. Dit is slegs die verhouding tussen die huweliksmaats wat verbreek is. Binne 'n sisteem van parallelle ouerskap is daar egter ook 'n mate van toegewydheid tussen die volwassenes waar hulle mekaar se rol en verantwoordelikheid as ouers erken en respekteer.
- 'n Gesin het 'n homogene geskiedenis en 'n gevoel van kontinuïteit bestaan. Daar was 'n tyd wat die gesin as 'n eenheid saam 'n geskiedenis gebou het. Hierdie geskiedenis val nie weg omdat die gesin deur 'n egskeiding beweeg het nie. Die geskiedenis word nou as twee eenhede gebou: Die moeder en die kinders en die vader en die kinders. Ervarings wat die kinders saam met hulle ouers tydens onderskeie geleenthede as herinneringe bou, word steeds as belangrik beskou, aangesien dit ook op die langtermyn die kind se identiteit help vorm. Kontinuïteit gaan voort in gereelde kontak met die nie-toesighoudende ouer. Nuwe gesintradisies kan ook ingestel word.
- 'n Gesin het die potensiaal tot uitbreiding. Hierdie aspek is nog meer van waarde vir die gesin wat 'n egskeiding deurloop het. Beide volwassenes het die geleentheid om weer in 'n verhouding betrokke te raak en 'n hersaamgestelde gesin te vorm. Hierdie aspek word as 'n geleentheid vir persoonlike groei beskou, al is dit nie die kerngesin wat uitbrei nie.
- 'n Gesin handhaaf langdurige verhoudings wat intensief is. Binne die enkelouer gesin of die hersaamgestelde gesin is hierdie feit steeds waar. Die individu se vermoë tot langdurige, nabye verhoudings word nie bepaal deur die individu se status van sy kerngesin nie.
- Binne 'n gesin het die volwassenes 'n sosiale verantwoordelikheid met betrekking tot die ontwikkeling en welstand van die kinders. Die gesin wat 'n egskeiding deurloop het, plaas groter druk op die ouers om hierdie kenmerk uit te leef en bied ook aan die ouer die geleentheid om in voeling met sy/haar eie behoeftes en

menswees te wees. Die huwelikstatus van 'n ouer behoort nie die ouer se vermoë om in sy/haar kinders se beste belang op te tree, in te meng nie.

## 2.4.5 Negatiewe aanpassing

### 2.4.5.1 Konflik tussen ouers

Navorsingstudies het bevind dat konflik tussen ouers 'n negatiewe impak op die kinders se funksionering openbaar: “...*interparental conflict has been identified consistently as a major correlate of behaviour problems in children...*” (Shaw, Winslow & Flanagan, 1999:742). Verdere studies bevestig hierdie feit ook: Navorsing deur Hetherington en Emery (in Peck, 1989:84) het bevind dat die konflik tussen die gewese egmaats meer sentraal tot ontoreikende aanpassing na afloop van die egskeiding staan, as die feit van die egskeiding self of die afwesigheid van die nie-toesighoudende ouer. Hierdie bevindinge is ook bevestig tydens 'n studie wat deur Luepnitz (in Peck, 1989:84) onderneem is. Hierdie studie het gesinne met verskillende tipes toesig- en beheerreëlings as respondente gehad en het tot die gevolgtrekking gekom dat voortgaande konflik tussen die ouers 'n primêre voorspeller van negatiewe aanpassing by kinders is.

Voortgesette konflik tussen die ouers kan voorkom, selfs na afloop van die egskeiding. “*Continued animosity between divorced parents negatively effects child access and visitation. Such animosity sometimes leads to false accusations of physical or sexual abuse of the child and/or child neglect and endangerment, leaving the accused parent with a costly and very difficult legal defense process and procedure*” (Keoughan, 2001:155-164). Hierdie beweringe wat gemaak word, lei dikwels tot disfunksionele funksionering vir die totale gesinsisteem. Vanuit verskillende navorsingstudies in verskillende tydvakke word hierdie aspek dus bevestig (Keoughan, 2001:155-164).

Voortgesette konflik tussen die ouers wat 'n egskeiding deurloop het, kan daartoe lei dat die kind die situasie manipuleer, die ouers teen mekaar afspeel en gunste by die ouers ontvang eerder as dissipline. 'n Kind kan ook uitreagerende gedrag gebruik ten einde die ouers te dwing om 'n (wankelrige) alliansie te vorm. Hierdie gedrag lei dikwels daartoe dat die een ouer die ander blameer vir die kind se gedrag en die funksie van die uitreagerende gedrag dus nie vervul word nie (Griffin, 1993:47). Ouers kan ook moontlik emosioneel afhanklik bly van mekaar na afloop van die egskeiding (Jung, 1996:585). “*From the view of the children, parental fighting and screaming, regardless of intensity, had the valence to perpetuate a host of negative reactions of various intensities and hinder adjustment*” (Oppawsky, 1989:144). Hierdie reaksies

sluit onder andere huil, hartseer, woede, aggressie, haat en vyandige gevoelens teenoor die ouers, in. Die kinders kan ook skaam voel oor hulle ouers se gedrag.

Konflik na afloop van 'n egskeiding kan volgens Stewart, *et al.* (1997:183) in twee algemene kategorieë verdeel word: “...*those involving the capacity for distancing or perspective taking, and those involving the ability to separate the parenting relationship from the marital relationship*”. Met betrekking tot die individu se vermoë om homself/haarself te distansieër en perspektief oor die situasie te verkry word die volgende aspekte as van belang beskou:

- Diskrepanisie in die weergawe van die egskeiding. Hiermee word bedoel dat beide partye die egskeiding volgens sy/haar eie subjektiewe belewing weergee. Elkeen se weergawe van die egskeiding verskil dus. Hierdie aspek skep 'n krisis, want elke ouer is geneig om sy/haar eie weergawe te “glo” en dit as die waarheid aan die kind voor te hou. Die kind moet dus as't ware “kies” watter weergawe hy/sy wil glo, wat impliseer dat die kind tussen sy/haar ouers moet “kies”.
- Blaam. Elkeen van die egmaats is geneig om die ander te blameer vir sy/haar rol in die egskeiding. Egmaats wat nie in konflik vasgevang raak nie, sal dikwels oor die vermoë beskik om wedersyds verantwoordelikheid vir die egskeiding te neem.
- Empatie. Egmaats is dikwels vyandiggesind teenoor mekaar en openbaar 'n onvermoë om die ander een se standpunt in te sien en gevolglik te respekteer.
- Konflikvermyding. Die egpaar kan hulle kommunikasiestyl op so 'n wyse aanpas dat konflik geminimaliseer word. Hierdie benadering dui egter nie daarop dat die egmaats glad nie van mekaar verskil nie, maar beklemtoon dat die egpaar onderwerpe wat potensieël tot konflik kan lei, vermy.

Hierdie negatiewe aanpassing na afloop van 'n egskeiding kan maklik outomaties en spontaan voorkom. 'n Daadwerklike bewuswording en keuse tot positiewe transformasie moet dus geneem word.

#### **2.4.5.2 Negatiewe hantering van die kind**

Daar is verskeie wyses waarop die ouers die kinders kan hanteer, wat positiewe aanpassing na afloop van 'n egskeiding strem. Kinders beleef hulself as 'n brug tussen die ouers en wel omdat die ouers die kinders in 'n bepaalde rol plaas. Ouers gebruik die kinders as boodskappers. Hierdie oordra van boodskappe bring gevoelens van emosionele onsekerheid en skuld mee. Hierdie “boodsAPPER”-rol plaas kinders in 'n moeilike posisie deurdat hulle 'n lojaliteitskrisis beleef (Oppawsky, 1989:144). Kinders openbaar ook 'n groot lojaliteitsgevoel teenoor beide ouers. Hulle dink dat hulle die ouer sal ontstel indien hulle hul gevoelens met betrekking tot die ander ouer uitdruk of



'n vraag oor die ander ouer vra. Kinders sal alle moontlike pogings aanwend om hul ouers nie te ontstel nie (Dowling & Barnes, 2000: 30). Die kinders ervaar dat hulle moet kant kies of dat hulle boodskappe moet "versag" sodat konflik tussen die ouers vermy kan word. 'n Diskrepansie in verbale en nie-verbale kommunikasie bring ook mee dat ouers kinders probeer manipuleer om kant te kies tussen die twee ouers. Ouers kan kinders dikwels ook as wapens en spioene misbruik. Ouers bombardeer soms die kinders met vrae met betrekking tot die ander ouer se huidige omstandighede. Ouers kan moontlik ook weier om die kind vir 'n naweekbesoek te laat gaan in 'n poging om die ander ouer seer te maak. Die weerhouding van onderhoudsgeld dien ook as wapen teen die ouer, maar benadeel die kind ook. Die behoeftes van die kind word dus ontken en nie gerespekteer nie (Bogolub, 1995:153).

Ouers is ook dikwels geneig om die kind as 'n ouer te behandel ("*parentified child*"). Hierdie rolverwarring kan voorkom as gevolg van die ouer se eie gevoel van isolasie en gebrek aan ondersteuning: "*...parents can feel isolated and unsupported; if they are then tempted to turn to their children for support, perhaps by confiding in them about money worries or by expressing too often how much they like having them around, this can force children to grow up too fast*" (Collings, 1995:102). Een kind moet dikwels die verantwoordelikheid vir die versorging van sy/haar sibbe neem. Die kind kan ook (ontoepaslik) die ouer se vertroueling word. Die ouer fokus dikwels al sy/haar aandag op een kind, dikwels die oudste. Die ouer kan dikwels van hierdie kind afhanklik raak, hetsy fisies met die oog op hulp in die huishouding, of emosioneel met betrekking tot ondersteuning (Bogolub, 1995:149). Benokraitis (2002:416) konstateer dat sommige ouers wat 'n egskeiding deurloop het hulle kinders behandel asof die ouer 'n lid van die kind se portuurgroep is. Ouers sal dikwels hulle gevoelens met die kinders deel, hoewel die kinders nie emosioneel volwasse genoeg is om dit te kan hanteer nie. Hoewel die kinders vertroostend en ondersteunend kan optree, ervaar hulle dikwels terselfdertyd woede, blamering, hartseer en skuldgevoelens. Hierdie gevoelens manifesteer in die vorm van psigosomatiese simptome, stökkiesdraai, akademiese onderprestasie en wegloop van die ouerhuis. Rolverwarring tussen die ouer en die kind kan voorkom, aangesien die kind talle aspekte van die ouer se rol oorneem. Hierdie rolverwarring verbreek die dissipline-hiërargie, wat impliseer dat die ouer nie meer die nodige gesag het om dissipline toe te pas nie. Ouers is geneig om hulle ouerlike verantwoordelikheid te verplaas. Hierdie ouers voel dikwels eensaam en verruil die ouer-kind verhouding vir 'n vriendskapsverhouding. Die ouer sal gevolglik alle moontlike pogings aanwend om die vriendskap tussen hom/haar en sy/haar kind in stand te hou en tree dus nie noodwendig in die beste belang van die kind op nie (Griffin, 1993:46).



'n Balans moet gevind word tussen die kind verantwoordelikheid leer en oormatige afhanklikheid van die kind. 'n Kind wat te veel volwasse-verantwoordelikheid moet neem, bring die volgende probleme mee: Die outoriteit wat die ouer oor die betrokke kind het verminder, die kind kan oorweldig voel wat gevoelens van hulpeloosheid meebring, reëls en rolle is nie geklarifiseer nie en die ouer kan moontlik nie kwaliteit-tyd met die kind deurbring nie (Jung, 1996:585). Hierdie kinders word fisies en sielkundig oorlaai. Hulle privaatheid, selfstandigheid en behoefte aan outonomie word nie gerespekteer nie. *"They reported feelings of loneliness, isolation, discrimination, vulnerability and strong animosity toward their parents"* (Oppawsky, 1989:146). Die ouer kan, op grond van sy/haar eie emosionele behoeftes, die kind as 'n steunpilaar beskou en die kind dus in die rol van 'n volwasse vriend/vriendin plaas. Kommunikasie tussen die ouer en die kind voorsien in die emosionele behoeftes van die ouer. Met betrekking tot die verhouding tussen die toesighoudende ouer en die kind word baie klem op die onderneming van huishoudelike take geplaas. Die verhouding tussen die kind en die nie-toesighoudende ouer word weer gekenmerk deur die gee van geskenke en vermaaklike uitstappies, wat nie noodwendig met 'n dissiplinestruktuur gepaardgaan nie. Kinders wat in hierdie rolle geplaas word, word oorlaai met verantwoordelikhede op 'n tydstip in hulle lewe wat hulle hulle eie ouderdomsgerigte ontwikkelingsstake moet bemeester. *"These children were expected by the parents and propelled by their own self-expectations to fill the gap perpetuated by the divorce, both physically and emotionally, for which they were psychologically and emotionally ill suited"* (Oppawsky, 1989:147). Hierdie rolverwarring wat voorkom word ook met moeite herstel indien die ouer op 'n later stadium tot die besef kom dat hierdie verhouding nie 'n bydrae tot die optimale ontwikkeling van die kind lewer nie.

Die kind word ook soms as die sondebok behandel (*"scapegoating"*). Hierdie verskynsel word gekenmerk deur die beginsel dat die kind altyd as die "skuldige" beskou word, ongeag die situasie. Die kind wat uitgesonder word as die sondebok, is dikwels 'n kind wat die ouer aan die gewese egmaat herinner (Bogolub, 1995:148). 'n Gevoel van moedeloosheid gaan hiermee gepaard, aangesien die kind 'n onvermoë ervaar om self te verander of om die gesin te beïnvloed om te verander. Die ontwikkeling van 'n negatiewe selfkonsep en gevoelens van hopeloosheid kom voor. Hierdie kinders voel vasgevang in die familie proses en ervaar dat hulle glad nie daaruit kan kom nie. Die resultaat, volgens Oppawsky (1989:144), is dat kinders dikwels ervaar na die verwagting (van mislukking) wat daar aan hulle gestel word.

Soos reeds gemeld word die verhouding tussen die nie-toesighoudende ouer en die kind dikwels deur vermaak gekenmerk. *"This phenomenon threw some of the children*

*into double-bind situations in which they questioned the actions and motives of their parents which were so dissimilar to previous ones, but responded positively out of loyalty toward their parents and because the gifts, trips and outings were just too enticing to be rejected*" (Oppawsky, 1989:149). Hierdie situasie duur voort na die kind reeds terugbesorg is by die toesighoudende ouer, aangesien die kind verleë voel om alles wat die naweek gebeur het met die toesighoudende ouer te deel. Hierdie gevoel spruit uit die kind se evaluering van die nie-toesighoudende ouer se motiewe en die feit dat die kind skuldig voel omdat hy/sy die aandag en geskenke so baie geniet het. Konflik met betrekking tot lojaliteit kom ook voor, aangesien die kind ervaar dat hy/sy lojaliteit en liefde openbaar teenoor die ouer wat die kerngesin verlaat het. Die kind kan ook moontlik talleurstelling in sy/haar toesighoudende ouerhuis ervaar, omdat liefde nie "bewys" word deur baie aandag en geskenke nie.

## **2.5 Terapeutiese intervensie**

### **2.5.1 Volwassenes**

Die primêre doelstelling van die terapeutiese mediasie benadering is om 'n gelyke ooreenkoms te bereik, wat oor die langtermyn die emosionele struikelblokke tussen ouers minimaliseer en 'n na-egskeiding gesinsisteem daar te stel, waar gesonde ouer-kind verhoudings gehandhaaf kan word (Schwebel, Gately, Renner & Milburn, 1993:219). Volgens Keoughan (2001:155-164) kan mediasie as meganisme geïmplementeer word na afloop van 'n egskeding, ten einde positief aan te pas. Mediasie is dus nie tot die wetlike skeiding beperk nie.

Die terapeutiese mediasie benadering konstateer dat wedersyds aanvaarbare, gelyke ooreenkomste bereik kan word in 'n gee-en-neem verhouding, indien emosionele struikelblokke eers uit die weg geruim is. Die aanspreek van hierdie emosionele struikelblokke kan talle ure beslaan. Die terapeutiese benadering benut die dienste van 'n professionele persoon wat in geestesgesondheid opgelei is. Mediators neem aktiewe, direkte rolle in en rig die besprekingsgeleentheid met die oog op die identifisering en bestuur van struikelblokke in die probleemoplossingsvaardighede van die betrokke egpaar (Schwebel, *et al.* 1993:219). Volgens Bogolub (1995:111-120) is die volgende doelwitte van belang:

- Om die proses van rou te fasiliteer op twee vlakke. Eerstens universeel en spesifiek en tweedens in die verlede en die hede.
- Om die werksbekommernisse aan te spreek.
- Om bekommernisse met betrekking tot afsprake en 'n sosiale lewe aan te spreek.

Doelwitte vir beide ouers word spesifiek met die oog op terapie geformuleer (Bogolub, 1995:129-132):

- Die toesighoudende ouer moet bemagtig word in terme van dissipline. Nie konsekwente dissipline word dikwels openbaar as gevolg van die ouer se skuldgevoelens omdat die kind deur 'n egskeiding moes gaan. Die ouer is dikwels fisies te moeg om dissipline konsekwent toe te pas. Die nie-toesighoudende ouer voel dikwels dat die beperking van die kwantiteit tyd saam met die kinders, regverdig dat dissipline agterweë gelaat word.
- Bied aan die toesighoudende ouer die geleentheid om skuldgevoelens, moegheid, eensaamheid en woede te ventileer. Die nie-toesighoudende ouer behoort dieselfde geleentheid gebied te word.
- Reflekteer die impak van hierdie gevoelens op ouerskap.

Dit is ook belangrik dat kommunikasie tussen die volwassenes aangemoedig word in terme van die kontak met die kinders. Positiewe kommunikasiepatrone moet as doelwit nagestreef word, aangesien ontoereikende kommunikasie die kontak tussen die kind en die nie-toesighoudende ouer kan benadeel en dit spanning vir beide die ouers en die kind teweeg bring (Keoughan, 2001:155-164). Dit is dus belangrik dat beide die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer deur 'n proses van gevoelshantering en bemagtiging beweeg.

## 2.5.2 Kinders

Terapeutiese intervensie is noodsaaklik ten einde kinders te begelei om weer die balans in hulle funksionering te herstel. Doelwitte wat nagestreef moet word tydens terapeutiese intervensie met die jong kind, sluit die volgende in (Van der Merwe, 1994:13-14):

- Spreek die gesinstrauma wat voor die egskeiding voorgekom het, aan.
- Verstaan die redes vir die egskeiding en die proses van egskeiding.
- Hanteer die egskeidingsverwante gevoelens en reaksies.
- Bespreek ander aspekte wat betrekking het op die egskeiding, soos onder meer nuwe vriende vir die ouers en hertroue.
- Erken die nuwe realiteit en maak positiewe veranderinge.
- Beweeg in die rigting van herstel, dit wil sê die bereiking van 'n ewililibrium.

Die kind moet dus met die volgende aspekte gekonfronteer word (Van der Merwe, 1994:14):

- Die realiteit van die huweliksverbrokkeling erken.

- Nie by oerlike konflik betrek word nie en steeds voortgaan met hul eie belangstellings.
- Die verlies as gevolg van die egskeiding, hanteer.
- Bepaalde gevoelens soos woede en vrees hanteer.
- Die permanente aard van die egskeiding aanvaar.
- Realistiese hoop opbou met betrekking tot die ontwikkeling van nuwe vriendskappe.

Die volgende aspekte word deur Benokraitis (2002:419) as belangrik in die begeleiding van die kind deur die egskeidingsproses, beskou. Navorser is van mening dat dit nie net tydens die aanvang en verloop van die egskeiding van belang is nie, maar dat dit noodsaaklik is om die genoemde aspekte deurlopend op te haal, na gelang van die situasie en die ouderdom van die kind. Dit is nie die egskeiding self wat die negatiewe impak op die kind se funksionering het nie, maar eerder die konflik wat daarmee gepaardgaan en voortduur. Die kind word meer getraumatiseer indien hy/sy in die middel geplaas word. Die kind se hantering van die egskeiding word bevorder deur die uitbreiding van hulpbronne en die vermindering van stresfaktore.

- Berei kinders voor op die fisiese skeiding.
- Elke ouer moet die geleentheid kry om die omstandighede aan die kind te verduidelik. Indien moontlik moet die ander ouer ook teenwoordig wees.
- Die kind moet verseker word van die ouers se liefde vir hom/haar.
- Emosionele uitdrukking moet voorkom.
- Voorsien inligting wat ouderdomsverwant is.
- Beklemtoon dat die egskeiding nie die kind se skuld is nie. Hierdie verbalisering is van kardinale belang, aangesien ouers dit wel sê, maar die boodskap weerspreek word met boodskappe van woede, spyt en soms direkte beskuldigings aan die kind (Dowling & Barnes, 2000:67).
- Wees bedag vir tekens dat die kind hulp nodig het in die hantering van die egskeiding. Voorskoolse kinders kan na 'n vroeëre ontwikkelingsfase regresseer.
- Die kind moet ervaar dat sy/haar fundamentele behoeftes aan sekuriteit steeds bevredig sal word.
- Die nie-toesighoudende ouer moet 'n kontinueuse verhouding met die kind handhaaf.

Kinders kan bemagtig word deur middel van die volgende tegnieke: Verbaliseer hulle gevoelens vir hulle, bemagtig die volwassenes om te luister, modelleer wyses om die verlies konstruktief te hanteer en praat oor die voor- en nadele van twee huishoudings (Dowling & Barnes, 2000:100). 'n Gesinsverhaal kan geskep word, waarin beide ouers

manifesteer. Ouers wat deur 'n egskeiding beweeg het, vertel dikwels kontrasterende verhale met betrekking tot hulle lewens saam. Ouers moet begelei word om vir die kinders 'n narratief te voorsien, selfs indien dit min ingligting bevat. In dié betrokke verhaal moet 'n positiewe storielyn gehandhaaf word met betrekking tot die gesin voor die egskeiding. Die kind moet dus kan erken dat 2 storielyne saam kan bestaan, sonder dat die kind een moet kies. Die narratief kan die volgende inligting insluit: Die wyse waarop die ouers ontmoet het, hoe die ouers lief was vir mekaar, hoe mense verander en die ouers nou nie meer lief is vir mekaar nie (Dowling & Barnes, 2000:67). 'n Onderskeid moet weer eens getref word tussen die liefde tussen volwassenes en die liefde in die ouer-kind verhouding.

### 2.5.3 Gesin

Ten spyte van die feit dat die gesin nie meer as 'n sistemiese eenheid funksioneer nie, is dit steeds van belang dat die gesin as 'n emosionele eenheid beskou word, aangesien die ouers steeds 'n gesamentlike verantwoordelikheid met betrekking tot die opvoeding van die kinders het. Gesinsterapie het dus waarde in hierdie verband. 'n Verdere waarde vir gesinsterapie word soos volg deur Keoughan (2001:155-164) beskryf: *“Use family therapy to lessen animosity between divorced parents in order to avoid children being used as pawns in parental conflict. This is a viable option when both parents are willing participants and have the best interest of the children as the focus of therapy.”* Ouers is die primêre bron van beheer en invloed binne die gesinsisteem. Daarom sal ouers wat nie beheer wil neem nie en swak modellering van gedrag openbaar, aanleiding gee tot die presentering van gedragsprobleme by kinders. Dit is dus belangrik dat terapeutiese intervensie, in 'n poging om die kind se gedrag te verander, by die ouer sal begin en die ouer sal insluit (Griffin, 1993:44). Die ouers vorm 'n eenheid wat veronderstel is om na die beste belange van die kind om te sien.

Die volgende elemente is van belang tydens terapeutiese intervensie (Van der Merwe, 1994:15):

- Kommunikasie met betrekking tot die egskeiding moet tussen ouers en kinders aangemoedig word.
- Kinders moet begrip openbaar vir die feit dat sommige behoeftes nie bevredig kan word nie, as gevolg van egskeidingsverwante spanning en probleme.
- Die unieke hanteringsvaardighede en reaksies van elke gesinslid moet in ag geneem en gerespekteer word.
- Die algemene voorkoms van egskeiding in die samelewing kan bespreek word sodat die kind nie 'n tergerly vrees nie.

- Die kinders se vrees vir verwerping moet aangespreek word.
- Kinders se skuldgevoelens moet aangespreek word sodat hulle kan beseft dat hulle nie die egskeiding “veroorzaak” het nie.

Bogolub (1995:110) stel die volgende doelwitte met die oog op terapie vir die gesin:

- Om die emosionele status van die individue binne die gesin te verbeter deur hulle te begelei om hulle gevoelens oor die egskeiding te begryp, te beheer en te hanteer.
- Om finansiële en sosiale ondersteuning aan die toesighoudende ouer (tradisioneel die moeder) te verbeter.
- Om die verhouding tussen die ouers en die kinders te verbeter.
- Om die konflik tussen die ouers te minimaliseer en ‘n toename in samewerking te bewerk, waar prakties moontlik.

Daar word spesifieke stappe voorgestel wat nie-toesighoudende ouers kan deurloop ten einde die verhouding met hulle kinders in stand te hou (Benokraitis, 2002:416). Eerstens moet die ouer in kontak met die kind se ontwikkelingsbehoefte bly. Jonger kinders baat byvoorbeeld meer by korter, maar meer gereelde, besoeke. Ten tweedens moet die ouer so ver moontlik fisies naby aan die kind woon. Veral jonger kinders het meer gereelde kontak en ondersteuning in daaglikse aktiwiteite nodig. Die gereelde betaling van die onderhoudsgeld is die derde wyse. Die ouer se selfwaarde word verhoog indien verpligtinge nagekom word. Die nie-toesighoudende ouer moet egter daarteen waak om die kind te bederf. Ten vierde moet die nie-toesighoudende ouer nie die kind onder kruisverhoor neem met betrekking tot die kind se huidige huisomstandighede nie. Die ouer se verantwoordelikheid met betrekking tot die kind behoort te fokus op hulle verhouding en nie die kind se ervaring van verhoudings in sy/haar huis nie.

Kinders ervaar soms dat hulle nie vir een ouer mag vertel as hulle tyd saam met die ander ouer geniet het nie. Soms versoek een ouer die kind ook om ‘n spesifieke geheim van die ander ouer te weerhou. Tydens terapie moet hierdie stiltes uitgedaag word. Die toesighoudende ouer moet die kind toestemming gee en dit vir die kind moontlik maak om die ander ouer ‘n wettige plek in die kind se emosionele funksionering te gee (Dowling & Barnes, 2000: 72). Die kind kry dus “toestemming” om die ander ouer lief te hê en tye saam te geniet.

Die volgende riglyne word gestel vir positiewe gesinsaanpassing na afloop van 'n egskeiding (Collings, 1995:102):

- Verseker dat daar 'n positiewe manlike rolmodel beskikbaar is vir die kinders, veral vir die seuns.
- Bou 'n positiewe ondersteuningsnetwerk op wat ook buite die grense van die familie strek.
- Poog om goed-georganiseerd, maar ook aanpasbaar te funksioneer. Sekuriteit en struktuur is baie belangrik. Ontwikkel nuwe gesinstradisies.
- Moedig kinders aan om deel te neem aan aktiwiteite buite die huis, soos byvoorbeeld spansporte, uitstappies met vriende, besoeke aan grootouers ensameer. Hierdeur sal die kinders ervaar dat hulle ook binne 'n groter netwerk behoort.
- Moenie emosioneel op kinders steun nie. Hulle is nie die enkelouer se vertroueling nie.
- Dit is belangrik dat kinders 'n positiewe verhouding met die nie-toesighoudende ouer handhaaf.
- Die enkelouer moet self nuwe en positiewe vriendskappe vestig. 'n Ondersteuningsgroep vir enkelouers kan bygewoon word.

Dis belangrik om te verstaan hoe elke volwassene sin maak van die innerlike beeld wat hy/sy het van die gesin wat agtergelaat word. Soms handhaaf ouers slegs die negatiewe beeld van die ander ouer en die verhouding wat daar tussen hulle bestaan het. Die implikasie hiervan is 'n negatiewe effek op die toekomstige verhouding tussen die kind en die ander ouer en ook 'n negatiewe effek op die wyse waarop die kind die ander ouer as deel van homself sien. Tydens terapie word daar gepoog om die negatiewe beeld wat die betrokke ouer van die ander ouer het, te bespreek en deur die betrokke emosies te werk. Dit is belangrik dat positiewe beelde van die ander ouer by die bestaande beeld geïnkorporeer word ten einde 'n gebalanseerde funksionering te bewerk (Dowling & Barnes, 2000:70). Die gevolg hiervan is dat die kind sy/haar verhouding met beide ouers kan waardeer en kan koester, in plaas daarvan om een ouer heeltyd teenoor die ander ouer te verdedig.

## **2.6 Samevatting**

Die term egskeiding verwys nie slegs na die wetlike skeiding wat plaasvind nie. Dit verwys ook na die prosesse waar vervreemding, ekonomiese skeiding, sosiale skeiding, psigiese of emosionele skeiding en ouerskapskeiding plaasgevind het. Die prosesse van egskeiding word gekenmerk deur verskillende fases waar elemente van 'n rouproses

deurloop word. Hierdie proses het 'n direkte invloed op sowel die gesin as die individue binne die gesin, wat die volwassenes en ook die kinders insluit.

Ouerskap duur voort na afloop van 'n egskeiding, maar kan verskeie vorme aanneem. Die tipe verhouding wat die ouers handhaaf hou bepaalde implikasies in vir die funksionering van die gesin en die individue. Die ideale tipe verhouding word beskryf as die verhouding van samewerkende kollegas, wat beteken dat die ouers op 'n positiewe wyse kan saamwerk, maar hulleself nie as vriende of vyande beskou nie.

'n Proses van positiewe aanpassing na afloop van 'n egskeiding word daardeur gekenmerk dat die volwassenes op 'n positiewe wyse die huweliksrol en die ouerskapsrol van mekaar kan skei. Die ouerskapsrol duur vir beide ouers voort, maar is elke ouer se individuele verantwoordelikheid. Voortdurende konflik tussen ouers word as die mees omvangryke aspek van negatiewe aanpassing beskryf. Hierdie konflik strem die funksionering van sowel die gesin as die individue.

Terapeutiese intervensie met die gesin wat 'n egskeiding deurloop het behoort op die kind, die volwassenes en die gesin te fokus. Die gevoelens wat na afloop van die egskeiding ervaar word, behoort aangespreek te word, ten einde alle betrokkenes die geleentheid tot optimale funksionering te bied.

Die gesin is die mees intieme sosiale eenheid en het gevolglik die meeste invloed op die groei en ontwikkeling van die individuele lede. Die gesin bied die konteks vir individuele funksionering. Gesinslede beïnvloed mekaar ook op bepaalde wyses. Die gesinseenheid funksioneer egter nie in 'n vakuum nie. Die rol van die gesin van oorsprong, die uitgebreide gesinsisteme, organisasies en ander sisteme waarbinne die gesinsisteme funksioneer, moet ook in ag geneem word vanuit 'n sistemiese perspektief. Funksionering na afloop van 'n egskeiding word dus as 'n keuse en 'n wilsbesluit in terme van positiewe transformasie, eerder as negatiewe aanpassing, beskryf.



## Hoofstuk 3

### Die ontwikkelingstake van die sisteme

#### 3.1 Inleiding

Menslike ontwikkeling is 'n lewenslange proses wat met dramatiese veranderinge gepaard gaan. Voortdurende veranderinge met betrekking tot die fisiese, emosionele, kognitiewe en morele funksionering van die individu, kom voor. Die omstandighede waarbinne die individu funksioneer, verander ook. Turner en Helms (1995:v) som dit soos volg op: *“As the lifespan unfolds, a person develops the capacity to think and learn in complex ways, relate to others in meaningful ways, and adjust to the challenges that characterize each life stage”*. Vanaf geboorte bevind die individu hom/haar binne 'n gesin waar die individu versorg word. Hierdie gesinsisteam beskik oor 'n bepaalde dinamika wat, tesame met genetika, daartoe lei dat die individu se persoonlikheid volgens 'n spesifieke wyse ontwikkel. Na afloop van adolessensie bevind die individu homself/haarself meer onverbonden aan die gesinsisteam, totdat die individu weer 'n lewensmaat ontmoet en 'n nuwe gesin gevestig word. Binne hierdie gesinsisteam verander die rol van die betrokke individu na versorger en word die lewensiklus herhaal. Die veranderde rolle, verwagtinge en eise wat met elke ontwikkelingsfase gepaard gaan, beïnvloed die totale funksionering van die individu.

Wanneer menslike funksionering in terme van ontwikkelingsfases bespreek word, is dit belangrik om te verstaan wat die implikasies van fases en dienooreenkomstige ontwikkelingstake is. *“Kenmerkend van 'n groei-georiënteerde benadering is dat daar 'n verloop in die stadiums van ontwikkeling is, dat geen stadium oorgeslaan kan word nie, elke stadium meer kompleks as die vorige een is, dit wat vroeër bestaan het in 'n veranderde vorm aangebied word en dat elke stadium op die voorafgaande een gebou word en voorbereiding vir die daaropvolgende daarin plaasvind”* (Van Staden, 1992:53). Ontwikkeling is dus 'n voortdurende, dinamiese proses.

Verskillende rolle en take met betrekking tot emosionele ontwikkeling, sal vervolgens bespreek word.

## 3.2 Emosionele ontwikkeling volgens die teorie van Erikson

### 3.2.1 Inleiding

Erik Erikson (1902-1994), 'n Duitser van oorsprong, het agt psigo-sosiale fases van ontwikkeling geïdentifiseer (Turner & Helms, 1995:47). Erikson se egosielkundige teorie stem volgens Meyer, *et al.* (1997:215) baie met die beskouings van die persoonsgeoriënteerde benaderings van onder andere Rogers en Maslow, ooreen. Erikson se mensbeskouing dui aan dat die mens basies daarna streef om sy/haar aangebore moontlikhede te ontplooi, om hulself en hulle moontlikhede te aanvaar en om te weet dat hulle met hierdie eienskappe en moontlikhede in hulle sosiale omgewing kan tuisvoel.

Volgens Turner en Helms (1995:48) erken Erikson wel die rol van drange en belangstelling in verskillende dele van die liggaam in persoonlikheidsontwikkeling. Die klem van persoonlikheidsontwikkeling word egter geplaas op die wyse waarop die individu met die omgewing in interaksie is, dit wil sê die aanname dat die individu deur omgewingsfaktore beïnvloed word. “Erikson trek geen skerp grenslyn tussen die persoon en die omgewing nie, en beskryf hulle eerder as elemente wat inmekaarvloei” (Meyer, *et al.* 1997:217). Volgens Erikson ontwikkel die menslike ego deurentyd volgens 'n epigenetiese beginsel, dit wil sê 'n geneties bepaalde grondplan. Hierdie grondplan impliseer dat die individu dwarsdeur sy/haar lewe bepaalde eienskappe op sekere ouderdomme in 'n geneties vasgelegde volgorde ontwikkel. Ontwikkeling vind dus op so 'n wyse plaas dat dit nie altyd opsigtelik is nie. “Terwyl een besondere eienskap of ontwikkelingstema op 'n bepaalde ouderdom die ontwikkelingstoneel oorheers, vind daar ook op alle ander terreine veranderinge in die individu plaas” (Meyer, *et al.* 1997:219). Die basiese beginsels van ontwikkeling lê volgens Erikson opgesluit in twee komplementêre prosesse, naamlik genetiese en sosiale faktore.

Op die oog af blyk dit of die individu op 'n bepaalde stadium slegs besig is met die ontwikkelingskrisis wat vir die spesifieke lewensfase geïdentifiseer is. Die individu is egter volgens Meyer, *et al.* (1997:219) ook op daardie gegewe oomblik besig om deur die krisisse van die vorige ontwikkelingsfases te werk. Hulle begin ook werk aan toekomstige ontwikkelingskrisisse. 'n Voorbeeld sou wees dat die kind in die skooljare die krisis van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid deurwerk. Die krisis van die vorige fase, te wete vertrouwe teenoor wantroue, word egter ook weer deurgewerk as gevolg van die nuwe akademiese omstandighede waaraan die kind blootgestel word.

Daar word ook reeds gepoog om 'n oplossing te vind vir die volgende ontwikkelingskrisis, by name ego-integriteit teenoor vertwyfeling, aangesien die kind sy/haar lewe moet aanvaar en integreer. Dit blyk dus dat die individu spesifieke ontwikkelingskrisisse met die beskikbare psigiese energie moet hanteer. Wanneer aanpassing as gevolg van 'n egskeiding die beskikbare psigiese energie uitput, kan emosionele ontwikkeling dus gestrem word.

Die sosiale omgewing waarbinne die individu funksioneer stel egter ook bepaalde eise aan die individu. Sekere geleenthede tot groei word ook vir die individu beskikbaar gestel deur die sosiale omgewing. "Hierdie eise en geleenthede is in ooreenstemming met en komplementêr tot die individu se ontwikkelende moontlikhede en behoeftes op elke stadium" (Meyer, *et al.* 1997:220). Op hierdie wyse sal 'n 6-jarige kind die geleentheid gebied word om skool toe te gaan en sy/haar sintese van die ontwikkelingskrisis vir die betrokke lewensfase, naamlik die aanleer van vaardighede, te aktualiseer. Erikson identifiseer agt stadia in die ontwikkeling van persoonlikheid en dit kan soos volg voorgestel word (Meyer, *et al.* 1997:221):

Tabel 3.1: Erikson se stadia van emosionele ontwikkeling

Stadium									Ego-kwaliteit	
Bejaardheid									Integriteit vs wanhoop	Wysheid
Volwassenheid								Generatiewe vs stagnasie		Sorgsaamheid
Vroeë volwassenheid	Vertroue vs wantroue mbt nuwe huweliksmaat	Outonomie teenoor maat handhaaf	Nuwe rolle in gesin bemeester	Nuwe take aanleer in gesin en beroep	Herformulering van identiteit as getroude persoon	Intimiteit vs isolasie	Beplanning van gesin; begin beroepsloopbaan	Uitwerk van gemeenskaplike lewensfilosofie en waardes		Liefde
Adolesensie					Identiteit vs verwarring					Betroubaarheid
Skooljare				Arbeidsaamheid vs minderwaardigheid						Bekwaamheid
Speel stadium			Inisiatief vs skuld							Doelgerigtheid
Vroeë kinderjare		Outonomie vs twyfel								Wiskrag
Babajare	Vertroue vs wantroue									Hoop

Bron: Meyer, *et al.* 1997:221

“Elke ontwikkelingsstadium word gekenmerk deur ‘n sogenaamde ontwikkelingskrisis wat veroorsaak word deur die interaksie tussen die epigenetiese ontwikkeling en die sosiale invloed” (Meyer, *et al.* 1997:220). Die behoeftes, geleenthede, eise en moontlikhede wat deur elke ontwikkelingsfase te weeg gebring word, bring mee dat die individu voortdurend ‘n keuse moet uitoefen tussen twee ontwikkelingsmoontlikhede. Hierdie ontwikkelingsmoontlikhede moet nie noodwendig as wedersyds uitsluitend beskou word nie, maar eerder as komplementerende teenoorgesteldes. Die individu moet dus voortdurend daarna streef om ‘n balans tussen die twee moontlikhede te ontwikkel. Die egosterktes wat hieruit voortspruit, word dan as die positiewe persoonlikheidseienskappe van die individu beskou.

### **3.2.2 Babastadium**

#### *Basiese vertrouwe teenoor wantroue: Hoop*

Hierdie stadium dek die eerste lewensjaar en word daardeur gekenmerk dat die baba sy/haar omgewing deur middel van sy/haar mond ervaar. Volgens Erikson (in Meyer, *et al.* 1997:227) hang die mate van vertrouwe wat die baba in sy/haar omgewing ontwikkel, al dan nie, af van die kwaliteit van die verhouding tussen die baba en sy/haar moeder. Vertroue kom voor wanneer die baba toereikende versorging en liefde ontvang. Wantroue kom voor wanneer die baba se basiese behoeftes nie bevredig word nie en die baba gevolglik suspisiesus en angstig op sy/haar omgewing reageer en vrees openbaar (Turner & Helms, 1995:49). Die egokwaliteit vir hierdie fase, dit wil sê die oplossing tot die ontwikkelingskrisis, is gesetel in die hoop wat die baba ervaar dat daar wel in sy/haar basiese behoeftes voorsien word. Volgens Gladding (1996:190) word die klem tydens hierdie fase op die bevrediging van basiese fisiese en emosionele behoeftes, geplaas. Positiewe uitkomst van hierdie ontwikkelingsstadium sluit volgens Pervin (1993:101) die volgende in: ‘n Gevoel van innerlike goedheid, vertrouwe in die self en ander en ‘n gevoel van optimisme. ‘n Gevoel van innerlike slegtheid, wantroue teenoor die self en ander en ‘n gevoel van pessimisme is van die negatiewe uitkomst wat kan voorkom. Met betrekking tot die gesin wat ‘n egskeiding deurloop het, sal die individuele gesinslede weer moet leer dat die omgewing vertrou kan word en moet hoop dus weer gekoester word.

### **3.2.3 Vroeë kinderjare**

#### *Otonomie teenoor skaamte en twyfel: Wilskrag*

Hierdie stadium dek ongeveer die tweede lewensjaar waartydens die kind se spierontwikkeling hom/haar daartoe in staat stel om met twee psigososiale modaliteite,

terughouding of uitskeiding, te eksperimenteer. Wanneer die kind sy/haar spierbeheer suksesvol kan implementeer sal daar 'n gevoel van outonomie ontwikkel. Die kind se behoefte aan eksplorering van die omgewing moet dus aangemoedig word (Turner & Helms, 1995:49). Indien hierdie behoefte aan eksplorasië nie deur ouers aangemoedig word nie, maar met ouerlike afkeur of 'n gebrek aan aanmoediging gepaard gaan, kan selfstandige ontwikkeling gestrem word. 'n Mate van skaamte en twyfel in sy/haar eie vermoëns sal dus voorkom. Hierdie interpretasië word deur Gladding (1996:190) ondersteun: "...*emphasis on exploration and developing self-reliance*". Die egokwaliteit wilsrag, onderskryf die vermoë van die individu om selfstandige keuses uit te oefen en die self te beheer (Meyer, *et al.* 1997:228). Die uitvoering van eie wilsbesluite, selfbeheer en die vermoë om self besluite te neem, is van die positiewe uitkomst wat kenmerkend is van hierdie fase. Rigiditeit, onsekerheid en selfbewustheid is volgens Pervin (1993:101), van die negatiewe uitkomst wat kan manifesteer. Met betrekking tot die gesin wat 'n egskeiding deurloop het, is dit belangrik dat die gesinsisteam weer 'n gevoel van outonomie en wilsrag openbaar. Hierdie ontwikkelingskrisis word weer pertinent deur die enkelouer deurloop, deurdad die ouer weer moet leer om as enkelouer besluite te neem met betrekking tot die kinders en die huishouding.

### 3.2.4 Speelstadium

#### *Inisiatief teenoor skuld: Doelgerigtheid*

Ongeveer die derde tot die sesde lewensjaar word by hierdie fase ingesluit. Die kind openbaar 'n toenemend selfstandige houding. Gladding (1996:190) konstateer dat die klem tydens hierdie fase op die bemeestering van 'n gevoel van bevoegdheid en inisiatief geplaas word. Die kind ervaar dus konflik "tussen hulle vermoë om in ander mense se lewens in te dring (deur hulle lokomotoriese vermoëns, hulle vermoë om te praat en te lawaai, en deur hulle seksuele fantasieë) en hulle nuutgevonde besef van morele reëls (wat deur hulle identifikasie met die ouer van dieselfde geslag aangehelp word)" (Meyer, *et al.* 1997:228). Volgens Turner en Helms (1995:49) sal ouerlike aanmoediging en versterking die kind meer tot die neem van inisiatief lei, terwyl ouers wat voortdurend beperkings stel die ontwikkeling van skuldgevoelens kan stimuleer. Die egokwaliteit doelgerigtheid dui op die vind van 'n balans tussen kinderlike entoesiasme waarmee die kind funksioneer en 'n neiging tot te strenge selfbeoordeling. Tydens hierdie stadium kan die positiewe uitkomst verklaar word in terme van die plesier wat bemeestering meebring, aktiewe funksionering en 'n doelbewuste rigting van ontwikkeling. Skuldgevoelens oor doelwitte wat nie bereik is nie en prestasies wat nie bereik is nie, is volgens Pervin (1993:101) van die negatiewe uitkomst wat tydens hierdie fase kan voorkom. Die gesin wat 'n egskeiding deurloop het, moet weer 'n

gevoel van bemeestering openbaar met betrekking tot nuwe gesinsroetines, tradisies en opvoedingstyle wat geïmplimenteer word.

### 3.2.5 Skooljare

#### *Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid: Bekwaamheid*

Die laerskoolloopbaan, dit wil sê ongeveer ses tot twaalf jaar, word hierby ingesluit. Hierdie fase word gekenmerk deur die aanspreek van persoonlike behoeftes (Gladding, 1996:191). Kinders produseer bepaalde dinge in 'n poging om erkenning te verkry. Die sin van arbeidsaamheid wat ontwikkel, bring mee dat die kind graag deelneem aan enige produktiewe proses. Die ander sy van die ontwikkelingskrisis lê daarin dat die kind onsuksesvol kan wees in hierdie pogings om bepaalde vaardighede effektief aan te wend en gevolglik 'n gevoel van minderwaardigheid ontwikkel. Turner en Helms (1995:49) konstateer die volgende: *“Such an industrious attitude typically leads to a sense of order, a system of rules, and an important understanding about the nature of one’s surroundings. Inferiority may result, however, if adults perceive such behavior as silly, mischievous, or troublesome.”* “n Gesonde balans word bereik in die egokwaliteit bekwaamheid, dit wil sê die ontwikkeling van 'n gevoel van bekwaamheid of vaardigheid, wat een van die voorwaardes is vir suksesvolle deelname aan die kulturele prosesse van produktiwiteit en die latere materiële versorging van 'n gesin” (Meyer, *et al.* 1997:229). Positiewe uitkomst in hierdie ontwikkelingsfase sluit in dat die individu opgeneem word in produktiewe werksaamhede en 'n gevoel van trots met die eindproduk ervaar word (Pervin, 1993:101). 'n Gevoel van ontoereikendheid, minderwaardigheid en 'n onvermoë om werk te voltooi, is van die negatiewe uitkomst wat geïdentifiseer word. Met betrekking tot die gesin wat 'n egskeiding deurloop het, is dit noodsaaklik dat 'n gevoel van bekwaamheid en selftevredenheid gestimuleer word.

### 3.2.6 Adolessensie

#### *Identiteit teenoor rolverwarring: Betroubaarheid*

Die begin van puberteit dui die aanvang van hierdie fase aan. Hierdie fase eindig wanneer die fase van vroeë volwassenheid 'n aanvang neem, wat enige stadium tussen 18 en 25 jaar kan plaasvind. Die fisiese ontwikkeling, die intrede van geslagsrypheid en die sosiale verwagting dat die individu op hierdie stadium 'n beroepskeuse moet doen, bring mee dat die sekerheid wat die individu vantevore ervaar het, weer hervestig moet word. “Die totaliteit van hierdie soektog na 'n selfbeeld, kontinuïteit in die eie lewe, en kongruensie tussen die selfbeeld en die rolverwagtinge van die samelewing noem Erikson die soeke na identiteit” (Meyer, *et al.*

1997:230). Turner en Helms (1995:49) verwys hierna as 'n "geïntegreerde self", wat impliseer dat die individu sy/haar eie identiteit ontwikkel, wat uniek van ander individue is. Die egokwaliteit wat deur hierdie soeke na identiteit ontwikkel word, staan bekend as betroubaarheid en impliseer 'n sekerheid oor eie identiteit, 'n bewustheid van ander identiteitskeuses en 'n vermoë om lojaliteit teen die selfgekoose rolle te wees.

Opsommenderwys kan dus gestel word dat hierdie fase deur die toets van grense en die bereiking van 'n self-identiteit gekenmerk word (Gladding, 1996:191). Die vertroue wat die adolessent ervaar met betrekking tot sy/haar identiteit en die kontinuïteit van sy/haar funksionering en die belofte van 'n beroepsloopbaan, is van die positiewe uitkomst vir hierdie stadium. Die negatiewe uitkomst dui op 'n ongemak in terme van rolvervulling, standarde wat nog nie vasgestel is nie en 'n gevoel van kunsmatigheid (Pervin, 1993:101). Gevoelens van ontoereikendheid, isolasie en 'n onvermoë om besluite te kan neem, kom ook voor (Turner & Helms, 1995:49). Met betrekking tot die gesin wat 'n egskeiding deurloop het, is dit belangrik dat sowel die gesinsisteam as die individuele lede weer 'n identiteit vestig. Rolverwarring moet aangespreek word, deurdat die verskillende rolle wat 'n enkelouer moet aanneem na afloop van 'n egskeiding, geklarifiseer moet word. Hierdie rolverwarring kan voorkom op grond van die feit dat een ouer die verantwoordelikheid van beide ouers aanneem met betrekking tot die kinders en dat prioriteite weer herevalueer moet word met die oog op positiewe aanpassing.

### 3.2.7 Vroeë volwassenheid

#### *Intimiteit teenoor isolasie: Liefde*

Die suksesvolle vestiging van 'n identiteit stel die individu in staat om hierdie identiteit ook met 'n ander individu te deel. *"Having attained a sense of personal identity in the previous stage, individuals are now able to share themselves with others on a moral, emotional, and sexual level"* (Turner & Helms, 1995:49). Die klem word dus op die bereiking van intieme, persoonlike verhoudings geplaas tydens hierdie fase (Gladding, 1996:191). Hierdie verbintenis mag opofferings en kompromieë vereis, maar die aanname is dat die individu dit wel die hoof sal kan bied. Die egokwaliteit liefde word gekenmerk deur onder andere wedersydse vertroue en word normaalweg geaktualiseer binne 'n huweliksverhouding (Meyer, *et al.* 1997:231). Die deel van gedagtes met betrekking tot gevoelens en werk is 'n positiewe uitkomst van hierdie ontwikkelingsfase. Die vermyding van intimiteit en instandhouding van kunsmatige verhoudings is negatiewe uitkomst wat kan voorkom (Pervin, 1993:101). Na afloop van 'n egskeiding moet die individue by 'n atmosfeer aanpas waar intimiteit en liefde verlore geraak het in 'n proses van konflik en vervreemding. Indien daar nie



ondersteuningsnetwerke in plek gestel en benut word nie, kan die ouer geïsoleerd en eensaam voel, te midde van die oorweldigende verantwoordelikheid van ouerskap.

### 3.2.8 Volwassenheid

#### *Generatieweit teenoor selfbehepteit en stagnasie: Sorgsaamheid*

Hierdie tydperk verwys ongeveer na die ouderdom 25 tot 65 jaar. Volgens Meyer, *et al.* (1997:230) word hierdie fase as die belangrikste ontwikkelingsstadium beskou, aangesien dit die verskillende generasies saamvat. Die volwassene ontwikkel steeds self, maar is terselfdertyd nou betrokke by die ontwikkeling van die volgende geslag (Gladding, 1996:191). Die volwassene se behoefte om te voel dat hy/sy nodig is, word verweselik in die versorging van kinders en die oordra van tradisies en kennis. Indien hierdie behoefte van die individu nie aangespreek word nie kan die individu selfbehep raak aangesien hy/sy homself/haarself as die enigste “kind” ervaar en kom stagnasie dus voor. Onopgeloste krisisse van die vroeë kinderjare, veral die gebrek aan vertroue in die samelewing, bring mee dat die volwassene ‘n onvermoë om ‘n sin van generatieweit te ontwikkel, openbaar. Die sorgsaamheid wat die egokwaliteit van hierdie stadium is, kan egter ook ontwikkel word deur betrokkenheid by kreatiewe prosesse, vaardighede en die uitleef van waardes en dus nie noodwendig net deur die opvoeding van kinders nie. Pervin (1993:101) dui aan dat positiewe uitkomst tydens hierdie fase insluit dat die individu oor die vermoë beskik om homself/haarself voluit in te leef in verhoudings en werksomstandighede. ‘n Verlies aan belangstelling in die werksituasie en verhoudings wat skade ly, is van die negatiewe uitkomst. Turner en Helms (1995:50) voeg by dat die individu, binne ‘n positiewe konteks, die samelewing probeer verbeter en ingestel is op die toekoms, terwyl die individu, binne ‘n negatiewe konteks, selfbehep en gepreokkupeerd is met materiële gewin. Die ontwikkelingsmoontlikheid van generatieweit word by implikasie deur die toesighoudende ouer voortgesit. Die moontlikheid bestaan egter dat die nie-toesighoudende ouer meer selfbehep sou kon raak op grond van die feit dat daar nie op ‘n daaglikse basis ouerlike pligte nagekom hoef te word nie. Sorgsaamheid behoort egter die ego-kwaliteit vir beide die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer te bly.

### 3.2.9 Bejaardheid

#### *Ego-integriteit teenoor vertwyfeling: Wysheid*

Hierdie laaste ontwikkelingsstadium dek die ouderdomsgroep wat ‘n aanvang neem vanaf ongeveer 60 of 70 jaar, afhangend van die individu se gesondheid en die kultuur waarbinne die individu funksioneer. Die finaliteit van hierdie fase lê daarin dat die



individu moet kan terugkyk op sy/haar lewe en weet dat die einde daarvan naby is. Persone wat hulle vorige krisis met sukses bemeester het kan aanvaarding in hierdie fase beleef. Hierdie vrede staan as ego-integriteit bekend. Die individu beleef waardigheid, tevredenheid en 'n gevoel van persoonlike vervulling (Turner & Helms, 1995:50). Indien hierdie tevredenheid nie ervaar word nie kan die individu gekonfronteer word met vertwyfeling, wat gekenmerk word deur 'n vrees vir die dood en die wens dat sy/haar lewe herhaal kon word. Die individu ervaar dat sy/haar lewe vol teleurstellings en mislukkings was. Die egokwaliteit wysheid word deur Erikson (in Meyer, *et al.* 1997:232) omskryf as 'n *“detached concern with life itself, in the face of death itself”*. 'n Gevoel van orde, betekenis en selftevredeheid word deur Pervin (1993:101), as positiewe uitkomst beskryf. Vrees vir die dood en bitterheid oor die lewe is negatiewe uitkomst. Dit is dus volgens Gladding (1996:191) die integrasie van lewensaktiwiteite en 'n gevoel van tevredenheid, wat hierdie fase kenmerk. Wanneer die individu 'n egskeiding deurloop het, of as kind deur 'n egskeiding beweeg het, kan 'n gevoel van vertwyfeling voorkom indien gevoelshantering en positiewe aanpassing nie gerealiseer het nie. Indien die individu deur 'n proses van positiewe aanpassing beweeg het, behoort 'n gevoel van ego-integriteit voor te kom.

### 3.2.10 Optimale emosionele ontwikkeling

Optimale ontwikkeling van 'n individu kan, volgens die teorie van Erikson, soos volg saamgevat word: “Dit is iemand wat elke stadium se krisis suksesvol opgelos het en wat gevolglik oor al die egosterktes beskik” (Meyer, *et al.* 1997:232). Aangesien van die krisis in ander stadiums van ontwikkeling weer deurgewerk moet word, sou die holistiese benadering ook verduidelik kon word aan die hand daarvan dat elke stadium sy eie optimale ontwikkeling impliseer. Op grond hiervan gee Meyer, *et al.* (1997:233) die volgende beskrywing met betrekking tot die jong volwassene, soos deur navorser aangepas met die oog op die hantering van 'n egskeiding:

- Vertroue en hoop kom voor met betrekking tot die lewensmaat en die toekoms van die gesin. Hierdie vertroue en hoop kan tydens die egskeiding verplaas word deur 'n gevoel van wantroue en moontlike wanhoop. Indien die individu egter sy/haar gevoelens konfronteer en 'n proses van positiewe aanpassing deurloop, kan die vertroue en hoop weer gekoester word.
- Wilskrag om outonome besluite te neem oor die gesin se lewenswyse (byvoorbeeld verblyfplek) kom voor. Beide volwassenes moet, op grond van die realiteit van die egskeiding, belangrike besluite met betrekking tot byvoorbeeld behuising en so meer, neem.

- Doelgerigheid kom voor in terme van besluite oor die morele ontwikkeling van die kinders. Beide ouers moet 'n doelgerigte opvoedingstyl handhaaf met die oog op optimale kinderontwikkeling.
- Bekwaamheid kom voor in die beroepslewe ten einde te verseker dat gesin na behore versorg word. Beide die ouers moet 'n beroepsrol inneem, met die oog op die versorging van die gesin. Die feit dat vrouens tradisioneel evalueer word in terme van hulle rol as ouer, eerder as hulle rol as beroepsvrou, kan spanning meebring en die gevoel van bekwaamheid inhibeer.
- Betroubaarheid lê daarin dat die gesin en ander mense op die gesin kan staatmaak. Die gesin wat 'n egskeiding deurloop het moet dikwels 'n nuwe ondersteuningsnetwerk in plek stel.
- Liefde impliseer die gevoel teenoor die eggenoot en die gesin. Hierdie gevoel van liefde word slegs op die kinders toegepas, na afloop van 'n egskeiding. 'n Nuwe verhouding met 'n potensiële lewensmaat sal hierdie gevoel van liefde ook na 'n ander volwassene, dit wil sê 'n nuwe sisteem, uitbrei.
- Sorgsaamheid binne die gesin kom voor. Hierdie gevoel van sorgsaamheid kan geminimaliseer word, indien die verskillende rolle en take van die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer nie geklarifiseer en aangepas word nie.
- Wysheid impliseer dat die sin van hulle eie lewe, identiteit en besluite tot op hede aanvaar word. 'n Proses van rou en positiewe transformasie na afloop van 'n egskeiding, is nodig vir die individu om hierdie vlak van wysheid te ervaar.

Psigopatologiese en probleemgedrag kan voorkom indien die egokwaliteite nie na behore ontwikkel nie en die ontwikkeling van die individu meer na die negatiewe ontwikkelingsmoontlikheid neig.

### **3.3 Ontwikkeling van die voorskoolse kind**

Die rol van die gesin in die ontwikkeling van die voorskoolse kind, is primêr van aard. Die gesinseenheid dra toepaslike gedragswyses, waardes en kennis aan kinders oor. Hierdie eenheid voorsien egter ook 'n emosionele konteks waar kinders kan ervaar dat hulle liefgehê en aanvaar word. Die ontwikkelingskonteks van die gesin speel 'n kritiese rol in die ontwikkeling van die kind se persoonlikheid en sosiale ontwikkeling (Turner & Helms, 1995:268). Faktore soos ouers se ondersteuning, leiding, begrip, vertroue en sekuriteit is van belang. Die kind se gevoelens met betrekking tot sy/haar identiteit en die feit dat hy/sy "behoort", word ondersteun deur gevoelens van warmte en aanvaarding.

Die rol van die kleuterskool in die ontwikkeling van die voorskoolse kind, is belangrik. Programme wat in die skool gevolg word, streef daarna om alle ontwikkelingsareas te stimuleer (Turner & Helms, 1995:282). 'n Groot verskeidenheid geleenthede vir leer, onder andere met die oog op sosialisering, optimale stimulasie, sekuriteit deur struktuur en so meer, word dus geskep.

Die gesin is die element wat die sterkste invloed op die kleuter se ontwikkeling openbaar. Die kleuterskool speel ook 'n belangrike rol in hierdie verband, maar staan sekondêr tot die rol van die ouers. Die volgende ontwikkelingstake moet deur die kleuter bemeester word (Louw, 1990:243-244):

- Motoriese beheer – Fyn en grofmotoriese vaardighede moet bemeester word om sodoende meer beheer oor hulle liggame te kry.
- Aanleer en verbetering van sy/haar vaardighede – Die kleuter leer om self te eet en aan te trek en om verskillende voorwerpe te hanteer en die werking daarvan te verstaan.
- Kognitiewe ontwikkeling – Die kleuter leer om eenvoudige konsepte van die sosiale en fisiese realiteit te vorm. Absolute groottes soos byvoorbeeld groot teenoor klein en baie teenoor min, word aangeleer.
- Taalontwikkeling – Taalbegrip en kommunikasievermoë brei baie uit. Die kleuter kan sy/haar eie behoeftes in taal uitdruk en taal in sosiale interaksie gebruik.
- Sosialisering – Die kleuter leer wat van hom/haar in die gesinsopset verwag word. Hy/sy leer om sosiaal aanvaarbare gedrag te openbaar.
- Selfkonsepontwikkeling – Selfbewussyn en –begrip ontwikkel sterk. Hierdie selfkonsepontwikkeling verander voortdurend, namate die kind se denke meer gesofistikeerd raak en sy/haar ervaringswêreld uitbrei.
- Geslagsrolidentiteit – Die kleuter speel met “geslagtoepaslike” speelgoed, dit wil sê seuns met onder meer motortjies en dogters met onder meer poppe.
- Selfkontrole – Die kleuter kan beheer oor intense emosies uitoefen.
- Morele ontwikkeling – Norme, reëls en kulturele betekenis word aangeleer en 'n konsep van reg en verkeerd ontwikkel.
- Emosionele ontwikkeling – Die kleuter kan emosionele reaksies van betekenisvolle persone herken en interpreteer.

Dit blyk dus dat die kleuter op talle terreine psigiese energie benut met die oog op ontwikkeling. Indien 'n egskeiding deurloop word, word psigiese energie egter vir oorlewing aangewend en sou dit kon gebeur dat ontwikkeling tydelik agterweë bly.

Kinders se emosionele repertoire vergroot tydens die voorskoolse jaar. Waar emosionele reaksies hoofsaaklik algemeen was, kom groter differensiasie nou voor. Verhoogde kognitiewe bewustheid stel kinders daartoe in staat om hulle omgewing op nuwe maniere te eksploreer. *“Cognitive advances also make youngsters more alert to contextual information and enable children to detect and express a wider range of emotion and feeling”* (Turner & Helms, 1995:265). Die uitbreiding van die kind se sosiale horison en die uitdagings van die ontwikkelingsfase sal ook die kind se vermoë tot emosionele uitdrukking beïnvloed.

Vrese wat meer prominent tydens hierdie ontwikkelingsfase voorkom, sluit volgens Turner en Helms (1995:265) ‘n vrees vir die donker en ‘n vrees vir verbeeldingskreature, in. Ander vrese wat voorkom, sluit vrese met betrekking tot die dood, gevaarlike diere en fisiese besering soos verdrinking en vuur, in.

Met betrekking tot woede en aggressie is dit opvallend dat die uitdrukking van woede met verloop van tyd verander. Kleiner kinders sal skop, byt en op die grond neerval en skop. Met betrekking tot ouer kinders word daar tussen twee tipes aggressie onderskei. Instrumentele aggressie word gerig op die verkryging van objekte, voorregte of terrein. Vyandige aggressie, aan die ander kant, word op ‘n ander individu gerig met die doel om daardie individu te beseer (Turner & Helms, 1995:267). Kinders in die voorskoolse fase openbaar hoofsaaklik instrumentele aggressiewe gedrag.

### **3.4 Ontwikkeling van die jong volwassene**

Jong volwassenheid omvat talle ontwikkelingstake wat belangrik is: *“Young adulthood provides a diverse landscape for learning about oneself and others, and embarking on new and challenging life paths”* (Turner & Helms, 1995:437). ‘n Hoë mate van emosionele volwassenheid word benodig ten einde die uitdagings van volwassenheid die hoof te bied. Hierdie emosionele volwassenheid verwys na ‘n toestand van funksionering wat fisiese en psigiese welstand bevorder. Die individu wat emosioneel volwasse funksioneer, beskik dikwels oor ‘n goed ontwikkelde waardesisteem, ‘n akkurate selfkonsep, stabiele emosionele welstand, bevredigende sosiale verhoudings en intellektuele insig. Emosionele volwassenheid impliseer ook dat die individu ‘n realistiese lewensbeskouing handhaaf met betrekking tot doelwitte en ideale wat nagestreef word. *“Maturity implies the ability to cope more successfully with life’s problems, increasing the effectiveness of our planning strategies, deepening our appreciation of the surroundings, and expanding our resources for happiness”* (Turner & Helms, 1995:437). Alle volwassenes bereik egter nie noodwendig ‘n bevredigende vlak van emosionele volwassenheid nie.

In vroeë volwasseheid moet die volgende ontwikkelingstake volgens Louw (1990:475-476), bemeester word:

- Met betrekking tot die self:
  - Om onafhanklikheid en verantwoordelikheid te bereik;
  - Om identiteit te vestig en te stabiliseer;
  - Om waardes te omlin;
  - Om die vermoë te ontwikkel om aan ander verbonde te wees.
- Met betrekking tot gesin:
  - Om 'n maat te kies;
  - Om te leer om met 'n huweliksmaat saam te lewe;
  - Om 'n ouer te word en kinders groot te maak;
  - Om 'n huishouding te vestig en te bestuur.
- Met betrekking tot werk en vryetydsbesteding:
  - Om in 'n beroep gevestig te raak;
  - Om 'n patroon van ontspanning te ontwikkel.
- Met betrekking tot die gemeenskap:
  - Om 'n plek in die gemeenskap te vind en 'n bydrae te lewer.

Die volgende word deur Gladding (1996:303) omskryf in terme van die ontwikkeling van die gesin en die take wat onderneem moet word:

Tabel 3.2 : Ontwikkelingstake van die gesin

<b>Fase</b>	<b>Emosie</b>	<b>Kritiese take</b>
Onverbonde volwassene	Aanvaar die ouer-kind losmaking	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Differensiasie van gesin van oorsprong</li> <li>• Ontwikkeling van portuurgroepverhoudings</li> <li>• Aanvang van 'n loopbaan</li> </ul>
Pas getroud	Toewyding aan huwelik	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vestiging van huweliksisteem</li> <li>• Ruimte vir eggenoot se familie en vriende</li> <li>• Aanpas by loopbaan-eise</li> </ul>
Kinders hê	Aanvaar nie lede tot die sisteem	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Pas huwelik aan om ruimte te laat vir kind</li> <li>• Neem ouer-rolle aan</li> <li>• Ruimte vir grootouers</li> </ul>
Voorskoolse kinders	Aanvaar die nuwe persoonlikheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Pas gesin aan by behoeftes van kind(ers)</li> <li>• Hanteer verlaagde energievlakke en gebrek aan privaatheid</li> <li>• Neem tyd om 'n egpaar te wees</li> </ul>

Bron: Gladding, 1996:303

Alle gesinsisteme ervaar hierdie fases nie noodwendig in spesifieke tydramwerke nie. *“Regardless of timing, all families have to deal with family cohesion (emotional bonding) and family adaptability (ability to be flexible and change)”* (Gladding, 1996:304). Dit blyk dus dat aanpasbaarheid en die vorming van ‘n emosionele band die kern van die gesinsontwikkeling uitmaak.

### 3.5 Ontwikkeling van die huwelik

Die teoretiese uiteensetting van die huwelik binne fases bied duidelikheid ten opsigte van die verskillende take wat die individu moet bemeester en impliseer ook bepaalde fokusterreine in die huwelik. Tabel 3.3 word as opsomming voorgehou, waarna die inhoud daarvan bespreek sal word (Weeks in Van Staden, 1992:55):

Tabel 3.3: Fases in die huwelik

Stadium van huwelik	Ontwikkelingstadium	Fokusaspekte	Kliniese areas
Huwelik-sluiting 0-2 jaar	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Simbiose</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Simbiose/ differensiasie</li> <li>• Identiteit</li> <li>• Intmiteit</li> <li>• Vertroue</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kommunikasie</li> <li>• Konflikhantering</li> <li>• Vaardighede</li> <li>• Gesin van herkoms</li> </ul>
Vestiging 2-4 jaar	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Differensiasie</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Identiteit</li> <li>• Insluiting</li> <li>• Uitsluiting</li> <li>• Mag</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kommunikasie</li> <li>• Konflikhantering</li> <li>• Vaardighede</li> <li>• Gesin van herkoms</li> <li>• Lewensfase</li> <li>• Skoonouers</li> <li>• Rolvervulling</li> </ul>
Besluitneming 3-7 jaar	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Praktisering</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Betrokkenheid en verbintenis</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gesinsiklusfase en behoeftes</li> <li>• Individuele en gesamentlike waardesisteem</li> <li>• Probleemoplossende vermoëns</li> <li>• Selfkonsep</li> <li>• Geloofsaspekte</li> </ul>

Latente fase 7-15 jaar	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toenadering</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Identiteit</li> <li>• Produksie</li> <li>• Afhanklikheid</li> <li>• Betrokkenheid</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ouerskap en algemene vaardighede</li> <li>• Spanning</li> <li>• Kommunikasie</li> <li>• Konflikhantering</li> </ul>
---------------------------	---	---	--

Bron: Weeks in Van Staden, 1992:55

Simbiose dui op die saamsmelt van persoonlikhede en die intense bindings wat tussen twee verliefdes plaasvind. *“Om samesmelting te bewerkstellig word ooreenkomste vergroot en verskille ontken – die egmaats wil mekaar akkommodeer en tevrede stel, en min behoefte bestaan om die maat te verander”* (Van Staden, 1992:53). Indien die egmaats tydens hierdie fase bemagtig word met ‘n deeglike kennisname van hulle ooreenkomste en die feit dat hulle beide ‘n behoefte aan eenheid openbaar, kan ‘n gesondfunksionerende eenheid gevestig word. Hierdie eenheid dien as ‘n goeie basis vir die toekoms. Hierdie simbiose kan egter ook op ‘n negatiewe wyse ontwikkel, soos byvoorbeeld wanneer die individu konflik in hulle verhouding ontken en hulle verskille minimaliseer. Dominering en kenmerke soos woede en konflik kan ook voorkom en ‘n wanfunksionerende eenheid daarstel. Die huweliksmaats kan dan ‘n behoefte openbaar om die konflik, en die huweliksverhouding, te beëindig, aangesien die huweliksmaats vasgevang kan raak in ‘n negatiewe kringloop wat destruktief op hulle verhouding inwerk.

Differensiasie binne die huweliksverhouding impliseer dat die huweliksmaats mekaar nie meer idealiseer nie, maar dat hulle mekaar meer objektief beskou. Hierdie stadium ontwikkel spontaan namate die individue ‘n behoefte aan persoonlike ruimte ontwikkel. Die huweliksmaats raak meer bewus van verskille en herstabilliseer hulle eie grense, aangesien hulle bewus raak van die feit dat hulle behoeftes verander het. *“Terwyl differensiasie plaasvind, raak die egmaats van nuwe persoonlike gevoelens en gedagtes bewus wat die vorming van uniekheid moontlik maak”* (Van Staden, 1992:54). Tydens hierdie fase van differensiasie raak die huweliksmaats minder empaties en word hulle, in werklikheid, selfgesentreerd. Om as ‘n outonome individu te funksioneer, word ‘n belangrike behoefte tydens hierdie fase. Hierdie fase van differensiasie vloei voort in ‘n fase van praktisering, waar betrokkenheid by mekaar en verbintenis aan mekaar, sterk beklemtoon word.

Toenadering ontwikkel namate ‘n duidelik gedefinieerde en toereikende identiteit ontwikkel is. Die individue reik weer uit na mekaar en openbaar ‘n behoefte aan

intimiteit en emosionele ondersteuning. *“Onderhandeling vind makliker plaas en ‘n duideliker en sensitiewer balans tussen ‘my’ en ‘ons’ realiseer wat positief op die huweliksverhouding inwerk”* (Van Staden, 1992:55). Die bereiking van hierdie balans bied die geleentheid tot optimale funksionering as individue en as gesin.

### 3.6 Die gesin met jong kinders

Die transformasie van ‘n diadiese na ‘n triadiese verhouding is een van die mees komplekse en dramatiese veranderinge wat meeste mense ooit in hulle lewe sal ondergaan. *“...becoming a parent thrusts couples into a continual state of transition and exposes them to numerous challenges and rewards over the course of the family life cycle”* (Turner & Helms, 1995:470). Binne die gesin met jong kinders moet bepaalde veranderinge plaasvind, vir die gesin om te kan ontwikkel. Die huweliksstelsel moet aanpas om voorsiening te maak vir die kinders, ouerrolle moet ingeneem word en die verhouding met die uitgebreide gesinstelsel (grootouers) moet herevalueer word (Berg-Cross, 2000:10).

Tipiese probleme wat tydens hierdie fase kan voorkom lê daarin dat die ouers na die vlak van intimiteit en kommunikasie verlang wat teenwoordig was voor die geboorte van die kinders. Die ouers is dikwels so oorweldig en depressief as gevolg van die spanning wat ouerskap meebring, dat hulle dit moeilik vind om op hul huweliksverhouding te konsentreer en mekaar se behoeftes te bevredig (Berg-Cross, 2000:13). In die huidige sosiale milieu is die oorgang na die fase van ouerskap ‘n formidabele taak wat selfs egmaats wat voorheen ‘n bevredigende verhouding gehad het, nie noodwendig kan bemeester nie (Peck, 1989:89). Die hipotese word gestel dat ouers moontlik reeds sedert die kind se geboorte ‘n verhouding kan handhaaf wat deur konflik en spanning gekenmerk word

Babas onder twee jaar het feitlik geen herinnering aan die gesin as ‘n eenheid nie, wat ‘n voordeel vir die gesin kan inhou. *“Ultimately, this may prove advantageous as they alone may be relieved of the obligation to mourn what was, and babies are self-centered enough not to feel more complex human emotions, such as guilt”* (Peck, 1989:89). Babas is daarop ingestel om basiese vaardighede met die oog op onafhanklikheid aan te leer, soos onder andere om te loop, praat, self eet en ander sosiale gedragpatrone te vestig. Die feit dat babas so afhanklik van hulle ouers vir basiese oorlewing is en sekuriteit en die feit dat binding tussen die ouer en die kind moet plaasvind, bring mee dat die konsekwentheid wat die baba nodig het om optimaal te funksioneer nie binne die egskeidingsituasie kan realiseer nie. Die toesighoudende



ouer kan oorweldig voel deur die verantwoordelikheid van die versorging van die baba terwyl die nie-toesighoudende ouer ontoeganklik of onbetrokke kan wees. Hierdie ontoereikende gesinsisteem kan meebring dat 'n kind te veeleisend kan funksioneer, of kan onttrek van alle interaksie. In beide hierdie gevalle sal die kind totaal verbonde aan die primêre versorger funksioneer. Volgens die navorser is dit van belang dat daar tydens die assessering van hierdie situasie ook aandag gegee word aan die skeidingsangs wat alle kinders as deel van normale ontwikkeling ervaar.

Tydens hierdie vroeë fase in die kind se lewe is dit ook noodsaaklik dat toereikende binding met die nie-toesighoudende ouer voorkom. Volgens Peck (1989:91) ontwikkel hierdie band wanneer die ouer deelneem aan daaglikse roetines soos onder andere kos gee, bad en slaaptid-rituele. Indien die nie-toesighoudende ouer nie voor die egskeding by hierdie prosesse betrokke was nie, kan dit 'n bykomende bron van spanning en potensiële gevaar inhou vir die ontwikkeling van die band tussen ouer en kind.

Met betrekking tot ontwikkeling is die voorskoolse kind in 'n proses waar hy/sy meer "losmaak" van die huisgesin en meer neig na interaksie met die portuurgroep en die bywoning van 'n kleuterskool. Die kind begin besef dat hy/sy ook 'n effek op die omgewing het. Die kind se begrip met betrekking tot morele ontwikkeling groei ook en laat die kind kwesbaar met betrekking tot skuldgevoelens en verwarring. Volgens navorsing deur Wallerstein en Kelly (in Peck, 1989:91) kan voorskoolse kinders tydens die verwarring wat 'n egskeding meebring, geneig wees om te regresseer. Skeidingsangs, slaapversteurings, enuresis, klouerige gedrag, vrees om weg te wees van die ouer en aggressiewe gedrag kan voorkom.

### **3.7 Binding tussen ouer en kind**

Binding tussen die ouer en kind kan suksesvol plaasvind onder leiding van die ouer. Dit impliseer dat die ouer spesifieke funksies vir die kind moet vervul ten einde aan die kind te bied wat hy/sy nodig het om suksesvol met die ouer te bind. Assessering van die faktore met betrekking tot die ouer se vermoë om sosio-emosioneel in die kind se ontwikkeling te belê, sluit volgens Berg-Cross (2000:43-44) die volgende in:

- Die ouer se aanvaarding van die ouerlike rol. Die ouer moet die kind se behoefte bo sy/haar eie kan stel en die kind beskerm en vertroetel. Hierdie stelling impliseer dat die ouer oor kennis moet beskik rakende die behoeftes van die kind. Die ouer moet ook daartoe instaat wees om sy/haar eie behoeftes te kan identifiseer. Na

afloop van 'n egskeiding voel die ouer dikwels dat hy/sy die rol van die ander ouer ook moet inneem aangesien die ouer take, wat normaalweg deur die ander ouer vervul is, ook moet onderneem in die afwesigheid van die ander ouer.

- Die ouer moet oor die vermoë beskik om vreugde en blydschap voor die kind te openbaar. 'n Egskeiding gaan met intense emosionele uitdrukking gepaard. Die ouer moet 'n bewustelike besluit neem om te verseker dat positiewe gevoelens deel uitmaak van sy/haar gevoelsrepertoire. Hiermee word daar egter nie bedoel dat die ouer skynheilig moet optree deur emosies op te maak nie, maar dat die ouer deur middel van sy/haar eie verwerking van die egskeidingsproses daarin sal slaag om in kontak met sy/haar eie positiewe gevoelens te kom en positiewe gedrag dus te modelleer.
- Die ouer moet oor 'n intellektuele en intuïtiewe bewustheid beskik, met betrekking tot die vaardighede wat die kind moet kan bemeester tydens verskillende ontwikkelingsfases. Die ouer moet dus responsief kan optree teenoor die kind. Veral na afloop van 'n egskeiding is dit belangrik dat die ouer moet weet wat die implikasies daarvan op die kind se ontwikkeling is. Die ouer moet dus beseft dat die kind deur die egskeidingsproses begelei moet word, sodat die kind sy/haar psigiese energie weer vir die bemeestering van normale ontwikkelingstake kan aanwend.
- Die ouer moet bewus wees van sy/haar eie mate van skeidingsangs. Die ouer moet daarteen waak om sy/haar eie vrese op die kind te projekteer en die kind se teenwoordigheid te gebruik as 'n element van vertroosting.

Wanneer kinders grootword binne 'n omgewing waar sowel hulle basiese fisiese behoeftes as hulle emosionele behoeftes bevredig word, sal hulle sekure bindings met versorgers vorm en hulself dus in 'n positiewe lig evalueer. Dit vorm die basis vir die ontwikkeling van verdere positiewe verhoudings (Dowling & Barnes, 2000: 26). Indien ouers die kinders van 'n sekure basis wil voorsien vanwaar die kinders emosioneel en sosiaal positief kan ontwikkel, moet die volgende in ag geneem word:

- Ouers moet 'n begrip toon vir die kinders se wense vir aandag en responsiwiteit. Kinders moet nie as stout, veeleisend of onredelik beskou word nie, maar dat hierdie wense deel vorm van hulle ontwikkelende behoefte-uitdrukking. Hoe meer hierdie behoeftes verwerp of onbevredig gelaat word, hoe meer sal die behoeftes toeneem. Uiteindelik sal behoeftes uitgedruk word in die vorm van fisiese of psigiese simptome.

- Ouers moet erken dat die mees algemene bron van kinders se woede in hulle frustrasie gesentreer is. Hierdie frustrasie kom voor as gevolg van 'n onbevredigde behoefte aan liefde en versorging. Die kinders se angs reflekteer die onsekerheid met betrekking tot hulle ouers se beskikbaarheid (Dowling & Barnes, 2000:28). Dit is dus duidelik dat 'n proses van bemagtiging met ouers deurloop behoort te word, met die oog op optimale ontwikkeling.

### 3.8 Bemagtiging van ouers


Ouerskap kan oorweldigend wees vir ouers. 'n Program met betrekking tot bemagtiging sal, volgens Berg-Cross (2000:44) die volgende elemente insluit:

- Ouers moet leer wat die spesifieke ontwikkelingsfase waarin hulle kind tans funksioneer, behels.
- Die gesin van herkoms moet in ag geneem word in dié dat die grootouers se ouerskapstyl geëvalueer word in 'n strewe na die ouer se eie ouerskapstyl.
- Begeleide spel of interaktiewe oefeninge kan onderneem word. Hierdie aktiwiteite stimuleer versterking, vreugdevolle interaksie wat affektiewe verbondenheid skep en 'n geheuebank van positiewe gesinsinteraksie word opgebou.

### 3.9 Ontwikkelingstake van die gesin

Met betrekking tot behoeftebevrediging binne gesinsverband word daar veral verwys na die behoeftehiërargie van Abraham Maslow. Hierdie teorie verwys na die innerlike behoeftes van die individu en die wyse waarop die individu sy/haar omgewing manipuleer ten einde die behoeftes te bevredig. Selfaktualisering is volgens Maslow (Turner & Helms, 1995:68) die optimale vlak van funksionering waarna elke individu streef. Maslow toon egter aan dat bepaalde basiese behoeftes eers bevredig moet word alvorens die individu daarin kan slaag om selfaktualisering te bemeester. Turner en Helms (1995:68) konstateer die volgende in hierdie verband: *“At the heart of Maslow’s theory is the assumption that human needs (and consequently motivations) exist in a hierarchy, from the most basic to the most advanced. The further one progresses up this motivational pyramid, the more distinctly human one becomes”*. Die hoër vlakke kan egter net bereik word indien die basiese behoeftes reeds bevredig is.

Figuur 3.1 : Die behoeftehiërargie van Maslow



Bron: Turner en Helms, 1995:69

Die fisiologiese behoeftes sluit honger, dors, rus en seks, in. Die behoefte aan veiligheid sluit sekuriteit, stabiliteit en orde, in. Liefde dui op vertroeteling en versorging, terwyl die gevoel van behoort 'n behoefte aandui met betrekking tot deel vorm van 'n groep en die gevoel van mededeelsaamheid. Die selfkonsep dui op die waarde wat die individu aan homself/haarself heg. Hierdie waarde kan net geïdentifiseer word deur terugvoer van ander. Respek en die gevoel dat die individu sukses behaal, hang nou hiermee saam (Turner & Helms, 1995:69). Self-aktualisering impliseer dat die individu ervaar dat alle aspekte van sy/haar funksionering vervul word en impliseer 'n gevoel van bevoegdheid .

### 3.10 Samevatting

Die ontwikkeling van die individu en die gesin stel baie eise en is 'n komplekse proses. Traumatiese gebeure soos byvoorbeeld 'n egskeiding, beklemtoon die kwesbaarheid van die individu en die gesin en kan die "normale" ontwikkeling strem. Dit word gekonstateer dat bewuswording van "normale" ontwikkeling bemagtigend is, aangesien die betrokke sisteme afwykings van die norm kan identifiseer en insig in die aard daarvan kan ontwikkel.

Emosionele ontwikkeling, volgens die teorie van Erikson, word beïnvloed deur genetica en die sosiale omgewing. Erikson konstateer dat die mens deur verskillende ontwikkelingstadiums beweeg, waartydens die individu 'n bepaalde egokwaliteit nastreef. Hierdie emosionele ontwikkeling duur dwarsdeur die lewe van die individu en elke fase kan ook die ontwikkelingskrisis van die vorige fases insluit. Op hierdie wyse ontwikkel die individu optimaal wanneer elke ontwikkelingsfase op 'n positiewe wyse deurloop word.

Die ontwikkeling van die voorskoolse kind is 'n komplekse proses, aangesien dit op verskillende vlakke plaasvind. Kognitiewe ontwikkeling, motoriese ontwikkeling, sosialisering, taalontwikkeling, morele ontwikkeling en die ontwikkeling van 'n selfkonsep is van die elemente wat elke voorskoolse kind deurloop. Die jong volwassene moet ook bepaalde ontwikkelingsterreine bemeester met betrekking tot die self, die gesin, werk en vryetydsbesteding en die gemeenskap. Die ontwikkelingstake van die gesin hou ook 'n bepaalde implikasie in vir die aanpassing en funksionering van 'n gesin na afloop van 'n egskeiding.

## Hoofstuk 4

### Optimale ouerskap

#### 4.1 Inleiding

Tradisioneel wil dit, volgens informele waarneming, voorkom of moeders outomaties toesig en beheer oor minderjarige kinders verkry wanneer ouers skei. Van Staden (1992:160) huldig die mening dat vaders wat wel toesig en beheer kry, basies dieselfde tipes probleme as moeders ervaar. Navorser ondersteun hierdie stelling, hoewel wesenlike verskille ook erken word. Hierdie navorsingstudie huldig die standpunt dat vaders en moeders wel soortgelyke probleme ondervind, ongeag of die vader of moeder toesig en beheer het.

Die strewe na oorlewing, gebrek aan vryetyd as gevolg van werksomstandighede en groter druk op beskikbare ekonomiese hulpbronne bring gevoelens van angs en onsekerheid met betrekking tot verantwoordelike ouerskap mee. Hierdie oorweldigende gevoelens kan beter bestuur word indien ouers basiese ouerskapsvaardighede in plek het, binne beide die huishoudings.

Navorser is van mening dat ouers daarna behoort te streef om insig in hulle eie funksionering te ontwikkel sodat hulle op 'n relatief objektiewe wyse die rol van ouerskap kan vervul. Hoewel die dinamika binne die gesin verander wanneer daar 'n egskeiding plaasgevind het, is daar bepaalde aspekte wat in beginsel steeds van kardinale belang is. Die hantering van gevoelens, konsekwente dissipline en handhawing van 'n bepaalde struktuur binne beide huishoudings sal die beginsel van parallelle ouerskap prakties haalbaar maak. Parallelle ouerskap maak deel uit van 'n onverbonde opvoedingstyl, waarvolgens beide ouers by die kinders betrokke is, maar elkeen hulle eie styl van opvoeding handhaaf en dié van die ander ouer respekteer (Dowling & Barnes, 2000:22). Kommunikasie met mekaar word vermy, behalwe waar kommunikasie oor die kinders noodsaaklik is. Hierdie tipe gedeelde ouerskap word as die optimale alternatief beskou aangesien die moontlikheid van direkte konflik geminimaliseer en die kind gesentraliseer word.

## 4.2 Opleiding vir ouers

### 4.2.1 Ouer-terapeut vennootskap

Ouerskap is 'n besluit wat meeste paartjies neem, sonder dat hulle noodwendig oor die nodige vaardighede beskik om hierdie rol na die beste van hulle vermoë te vervul. Talle ouers probeer hierdie leemte aanvul deur die lees van boeke wat deur kundiges geskryf is, maar raak dikwels oorweldig deur die omvang en gekompliseerde aard daarvan. Egskeiding stel bepaalde uitdagings aan ouers, met betrekking tot optimale ouerskap. Na aanleiding van navorsing wat deur Taylor (2001:152) onderneem is, word die volgende samevatting deur laasgenoemde outeur voorsien: *“It is important to encourage and promote parents to get the assistance they need during the divorce process in order to be able to adequately realize their parenting roles and responsibilities”*. Praktiese besprekingsgroepe, kursusse en werksinkels kan hierdie proses meer realisties en prakties maak. Maatskaplike werkers, sielkundiges en selfs predikante, word tydens hulle opleiding bemaatig met kennis oor die funksionering van die individu, gesinsdinamika en verskillende teoretiese benaderings waarvolgens gedrag verklaar kan word. Die ouer en die professionele persoon kan dus in 'n vennootskap staan ten einde die teoretiese kennis en die praktiese kennis met mekaar te vergelyk en op hierdie wyse optimale ouerskap te verseker.

Intervensie met ouers bring baie geleenthede en ook baie frustrasies na vore. Die volgende basiese aannames vir kerngesinne word deur Curran (1989:19) onderskei en is aangepas om die ouer wat geskei is, te akkommodeer:

- Meeste ouers wil graag beter ouers wees. Hierdie stelling word deur navorsers ondersteun. Egskeiding impliseer egter dat die verantwoordelikheid van ouerskap swaarder op die een ouer rus, aangesien slegs een ouer tradisioneel toesig en beheer oor die minderjarige kinders verkry. Hierdie veranderde gesinsdinamika, verandering in ekonomiese hulpbronne, verandering in vryetydsbesteding en energievlakke en skuldgevoelens wat voorkom, bevestig 'n behoefte by die toesighoudende ouer om 'n beter ouer te wees. Die nie-toesighoudende ouer se belewing van beperkte tyd saam met die kinders, bevestig ook hierdie behoefte.
- Meeste ouers ken hulle kinders beter as enige ander persoon. Professionele persone wat terapeutiese dienste aan kinders bied, beskik oor kennis en ervaring met betrekking tot die algemene funksionering van kinders op verskillende ouderdomme. Die terapeut beskik ook oor 'n teoretiese verwysingsraamwerk met betrekking tot die ontwikkelingstake wat tydens elke ontwikkelingsfase bemeester

behoort te word. Die aanname dat die ouer sy/haar kind beter as enige ander persoon ken, gee aan die ouer outoriteit en beheer, aangesien die ouer nie 'n vae, algemene idee het met betrekking tot sy/haar kind se funksionering nie, maar oor spesifieke kennis beskik met betrekking tot die spesifieke konteks waarbinne die kind funksioneer. Die erkenning wat die ouer in hierdie verband ontvang, versterk die gevoel van bemagtiging en bring ook die kind se unieke prosesse en dinamika na vore. 'n Egskeiding bevestig die feit dat ouers hulle kinders steeds die beste moet ken, met die oog op effektiewe gevoelshantering en die versterking van die verhouding tussen ouer en kind.

- Min ouers begryp en verstaan kinderontwikkeling. Talle professionele persone word in detail opgelei met betrekking tot die kompleksiteit van kinderontwikkeling. Min ouers word egter met hierdie kennis bemagtig. Curran (1989:23) konstateer die volgende in hierdie verband: *“If public schools, religious schools, pediatricians, social agencies, and daycare centers all focused on educating parents to their children’s development at a given age, we would go a long way toward achieving our goal of preventing problems rather than having to deal with them.”* Indien hierdie stelling waar is vir ouers binne 'n kerngesin, hoeveel meer waarde sal dit nie hê binne die gesin wat 'n egskeiding deurloop het nie. Ouers moet nie net kennis dra van die “normale” gedrag en ontwikkeling nie, maar moet ook bewus wees van die wyse waarop egskeiding hierdie prosesse beïnvloed.

Vanuit bogenoemde stellings is dit duidelik dat ouers en terapeute as vennote kan optree in die begeleiding van die gesin. Wanneer daar 'n egskeiding plaasgevind het, het hierdie stelling steeds waarde en word die vennootskap dan tussen toesighoudende ouer en terapeut en nie-toesighoudende ouer en terapeut gevestig. Navorser wil egter konstateer dat dit belangrik is om die doel van die vennootskap voor oë te hou, sodat die terapeut ouers objektief kan bystaan en nie 'n verdere komplikasie word nie. Dit is van kardinale belang dat beide die ouers sal weet dat die terapeut nie vertroulike inligting aan mekaar bekend kan maak nie.

#### **4.2.2 Ouer se ervaring van eie kinderjare**

Die verhouding tussen ouer en kind word tot 'n groot mate bepaal deur die ouer se eie belewing van sy/haar kinderjare. Elke volwassene het slegs sy/haar eie kinderjare as verwysingsraamwerk met betrekking tot kinderopvoeding. Sekere aspekte van sy/haar eie kinderjare sal die volwassene wil oordra binne sy/haar eie gesin, terwyl daar definitiewe pogings aangewend sal word om sekere aspekte nie oor te dra nie. Ouers is die produk van hulle eie huislike omstandighede. Die invloed wat die ouers se ouers



op hulle ontwikkeling gehad het gedurende hulle vormingsjare, beïnvloed die ouer se siening en hantering van ouerskap. Ouers se eie kinderjare kan dus op 'n positiewe of 'n negatiewe wyse inwerk op die ouers se hantering van ouerskap en versorging van die kinders. Die ouer moet dus kognitief bewus wees van sy/haar eie emosionele volwassenheid deurdat sy/haar eie ervaring tot voordeel van die huidige ouerskap, binne die ouerhuis waar egskeiding voorgekom het, oorgedra kan word (Van Staden, 1992:150). Hierdie kognitiewe bewustheid moet egter ook in 'n emosionele bewustheid oorloop: *“Parents who were not helped to tolerate certain feelings in their own infancy and childhood, and have not developed effective strategies for doing so in later life, will find it difficult to fully experience those same feelings in their children”* (Park, 1999:95). Dit wil dus voorkom of ouers eers in 'n proses van selfinsig begelei moet word in terme van hulle gevoelens alvorens hulle begrip kan openbaar vir die emosionele behoeftes van hulle kinders. In die lig hiervan word dit as van kardinale belang beskou dat volwassenes ook moet inskakel vir terapeutiese intervensie na afloop van 'n egskeiding, ten einde hulle te bemagtig om hulle kinders deur die proses te kan begelei. Dit is ook belangrik om te onthou dat enkelouerskap meer druk op die ouer plaas om die kinders na die beste van sy/haar vermoë op te voed. Waar daar voor die egskeiding 'n tweede ouer was met wie sekere opvoedingstrategieë bespreek kon word, moet die enkelouer alleen verantwoordelikheid daarvoor neem.

#### **4.2.3 Opleidingsprogramme**

Kinders is die grootste natuurlike hulpbron van enige samelewing. Hulle is die werkers, volwassenes, ouers en leiers van die toekoms. Dit is dus in die beste belang van die gemeenskap dat ouers alles in hulle vermoë sal doen om kinders so effektief en so humanisties moontlik op te voed (Alvy, 1994:1). Programme om ouers op te lei met betrekking tot ouerskap, word toemend as waardevol beskou. 'n Verhoogde begrip bestaan met betrekking tot die impak wat interaksie tussen kinders en ouers op die individu se kapasiteit om emosionele en sosiale vaardighede aan te leer, het. Die positiewe benutting van geleenthede wat die lewe bied word ook hierby ingesluit (Park, 1999:90). Ouerskap as komponent van egskeiding impliseer spanning en negatiewe gesinsinteraksie. *“As gevolg van die versteurde persoonlike verhouding is die verantwoordelikhede van die ouers nie verdeel nie, konsensus is nie moontlik nie en ooreenkomste ontbreek. Gesag en dissipline is afwesig, aangesien die ouers verskillend optree”* (Van Staden, 1992:41). Hierdie stelling skep op die oog af ruimte vir negatiewe funksionering binne die gemeenskap. Hierdie transformasieproses kan egter, met die nodige insig en vaardighede, lei tot 'n verhoogde begrip vir individue en hulle funksionering. Programme wat “normale” ontwikkeling en interaksie aanspreek,

is noodsaaklik sodat die aanpassings wat gemaak moet word tydens egskeiding as 'n positiewe transformasieproses deurloop en bespreek kan word. Indien die ouer weet wat die norm is, kan die ouer die ongemak wat ervaar word as 'n balansversteuring identifiseer en kan die nodige aanpassing dus realiseer.

### 4.3 Ouerskap as konsep

Ouerskap speel 'n belangrike rol in die kind se vermoë om aan te pas na 'n egskeiding (Shaw, *et al.* 1999:743). Ouers se uitdaging lê daarin om 'n kind wat selfvertroue uitstraal, ander respekteer, selfonderhoudend kan funksioneer, verantwoordelik is en ook samewerkend kan optree, groot te maak (Dinkmeyer; McKay; Dinkmeyer; Dinkmeyer & McKay, 1997:1). Hierdie stelling word deur Van Staden (1992:40) ondersteun wanneer laasgenoemde outeur konstateer dat doeltreffende ouerskap ook geleë is in die vermoë om liefde te gee en emosionele sekuriteit aan die kinders te bied, sodat die kinders volgens hulle eie unieke tempo kan ontwikkel. Nuwe vaardighede word bemeester wanneer die kinders fisies en emosioneel gereed is daarvoor. 'n Dinamiese proses van groei word dus geïmpliseer. Daar word ook gekonstateer dat ouers hulle kinders kan begelei om positiewe oortuigings te ontwikkel. Speel is vir die kind soos werk vir die volwassene en moet dit dus aangemoedig en geleenthede vir speel, geskep word. Dit is die ouer se plig om die kind te begelei deur die proses van ontwikkeling deur leiding – nie deur te veel te straf of te veel vryheid toe te laat nie.

Dit is die ouer se taak om wyses te vind wat verseker dat hulle kinders op 'n bevredigende wyse daarin kan slaag om hulle instinktiewe behoeftes te bevredig en om te verseker dat hulle kinders hulle potensiaal ten volle kan bereik. Die langtermyn doel sluit in dat kinders in gebalanseerde, bevoegde volwassenes sal ontwikkel wat bevrediging uit sy/haar lewe put (Park, 1999:91). "Ouerskap en die opvoeding van kinders vereis emosionele volwassenheid van 'n stabiele, goed-funksionerende ouerpaar" (Van Staden, 1992:40). Hierdie stelling weeg swaarder wanneer die ouers geskei is en daar oorweldigende gevoelens deur alle betrokke individue ervaar word. Die ouers self beleef dikwels 'n periode waar emosionele volwassenheid, stabiliteit en positiewe funksionering eers kan volg wanneer 'n periode van aanpassing en aanvaarding deurloop is. Navorser is van mening dat ouerskap dus 'n proses is wat nie net op die kind gerig is nie, maar ook op die groei, ontwikkeling en aanpassingvermoë van die volwassene, as ouer, gerig is.

Die verwagtinge wat ouers aan ouerskap stel, sal tot 'n groot mate die ouer se ervaring daarvan beïnvloed. Dikwels verwag ouers negatiewe gedrag, soos byvoorbeeld om 'n bepaalde ontwikkelingsfase in 'n negatiewe lig te omskryf soos "terrible twos". Die vraag word gestel of ouers en kinders nie beter sal kan saamwerk indien die verwagting positief geformuleer word deur eerder te verwys na die "terrific twos" nie (Dinkmeyer, *et al.* 1997:5). Navorsers konstateer dat die verwagting wat ouers aan hulle kinders en hulself stel, na afloop van 'n egskeiding, ook in 'n positiewe lig as 'n transformasie-proses beskou behoort te word, eerder as 'n lewenskrisis wat negatiewe funksionering tot gevolg gaan hê. Hierdie negatiewe verwagting lei tot die etikettering van gedrag. Hierdie etikettering lei weer tot selfverwesenliking van gedrag. Positiewe verwagtinge werk op dieselfde beginsel, maar bied bevredigende gedrag.

Woordkeuses speel ook 'n kardinale rol in ouerskap. Ouers is geneig om op negatiewe woorde te fokus (nee), eerder as om positiewe woorde (ja) te gebruik (Dinkmeyer, *et al.* 1997:6). Die uitdaging word aan ouers gestel om eerder kreatiewe wyses te gebruik om in positiewe terme te kommunikeer. Die totale atmosfeer van kommunikasie sal dus meer positief ervaar word. Grense wat gestel word, kan dus ook positief geformuleer word en 'n atmosfeer van samewerking daarstel, eerder as 'n atmosfeer van mag. Hierdie atmosfeer lê die basis vir die ontwikkeling van kinders se oortuigings: "*Young children are forming beliefs*" (Dinkmeyer, *et al.* 1997:7). Twee primêre tipes oortuigings bestaan: Wanneer ouers voortdurend op die kinders skree of hulle afkraak, sal kinders begin glo dat hulle sleg is. Ander ouers weer, kan deur aanmoediging en die verklaring van liefde, kinders oortuig dat hulle waardig is. Hierdie outeurs meld dat positiewe oortuigings ook sal lei tot positiewe gedrag. Hierdie positiewe gedrag word aangemoedig wanneer ouers kinders die geleentheid bied om te leer dat gevoelens belangrik is en dat ouers begrip het vir die gevoelens wat deur die kind ervaar kan word. Die gevoelens wat deur egskeiding te weeg gebring word, behoort ook op dieselfde positiewe wyse erken te word.

Ouerskap impliseer die versorging en opvoeding van kinders. Verskeie aspekte van ouerskap word met betrekking tot die fisiese en emosionele behoeftes van kinders, geïdentifiseer.

#### **4.3.1 Hulpbronvoorsiening**

Hierdie aspek fokus op die hulpbronne wat noodsaaklik is om die huishouding en gesinslewe in stand te hou. Die volgende spesifieke aspekte resorteer hieronder (Alvy, 1994:10 en Van Staden, 1992:41):

- Materiële hulpbronne (huis, klere, toerusting, meubels, speelgoed) – Tydens die egskeiding verhuis die een ouer dikwels en impliseer dit dat 'n nuwe woning met noodsaaklike meubels en toerusting uitgerus moet word. Die tempo waarteen kinders groei, vereis ook dikwels dat daar tydens elke seisoen nuwe klere aangekoop moet word, wat stremming op die beskikbare ekonomiese hulpbronne plaas. Speelgoed is dikwels laag op die prioriteitslys en gevolglik is dit maklik 'n konfliktpunt tussen die toesighoudende ouer en die kind. Dit gebeur ook meer gereedelik dat die nie-toesighoudende ouer speelgoed vir die kind koop omdat daar relatief min kontak tussen die nie-toesighoudende ouer en die kind is. Ten spyte van die onderhoud wat die nie-toesighoudende ouer aan die toesighoudende ouer voorsien, beskik die nie-toesighoudende ouer dikwels oor 'n groter finansiële vermoë om die kind te “bederf” met speelgoed.
- Voedingshulpbronne (kos, koeldrank) – Die voorsiening in hierdie behoefte verander minimaal na afloop van 'n egskeiding. Dit kan soms nodig wees om aanpassings met betrekking tot die hoeveelheid keer wat die enkelouer en die kind(ers) kan gaan uiteet of wegneemetes kan koop, te maak. Weer eens is hierdie voorsiening anders vir die nie-toesighoudende ouer: Uit die aard van die kontak, is dit soms makliker en meer spesiaal om wegneemetes te kry of uit te eet as om self kos by die huis te maak. Navorsers is van mening dat hierdie proses van kosmaak in beide die ouerhuise 'n geleentheid vir leer en pret kan wees met voorskoolse kinders.
- Bruikbaarheidshulpbronne (elektrisiteit, gas, water) – Water en elektrisiteit bly 'n noodsaaklike hulpbron en kan glad nie aangepas word na afloop van 'n egskeiding nie. Die verantwoordelike gebruik van water en elektrisiteit kan wel onder die kind se aandag gebring word.
- Dienshulpbronne (gesondheid, opvoeding) – Toegang tot mediese dienste en kleuterskole/skole is steeds 'n prioriteit na afloop van 'n egskeiding. Tydens die skikkingsooreenkoms word daar dikwels gespesifiseer watter ouer verantwoordelik sal wees vir onder andere die mediese fonds bydrae en die skoolfonds. Hierdie hulpbron vorm deel van die optimale opvoeding van die kind.
- Gemeenskapshulpbronne (parke, winkels, kerke) – Ontspanningsgeriewe soos parke bied aan ouers en kinders die geleentheid om van frustrasie, spanning en aggressie ontslae te raak binne 'n milieu wat vir kinders bekend en aangenaam is. Winkels moet redelik gemaklik besoek kan word ten einde die nodige voedsel en klere aan te koop. Geleentheid vir spirituele groei moet vir die ouer geskep word en kinders moet die geleentheid gebied word om in die Godsdiensoonderrig te word. Die gereelde bywoning van eredienste en Kategese word bemoeilik wanneer ouers geografies verder van mekaar woon na afloop van 'n egskeiding. Waar moontlik is

navorsers van mening dat daar alternatiewe reëlings getref behoort te word deurdat kinders toegang tot hierdie hulpbronne sal hê, ongeag in watter huishouding die kind homself/haarself tydens 'n betrokke naweek bevind.

- Kulturele en rekreasie hulpbronne (teaters, musiek, kunste, sport) – Met die oog op voorskoolse kinders verwys hierdie hulpbronne na fliekteaters. Talle voorskoolse kinders begin ook al sportsoorte soos swem en rugby beoefen. Balletlesse, musieklesse en pottebakkersklasse word ook hierby ingesluit. Die musiek en die kunste bly 'n belangrike bronne van ontspanning vir volwassenes.
- Kommunikasiehulpbronne (televisie, telefoon, radio, koerante) – Televisie kyk word dikwels 'n ontvlugtingswêreld waar kinders nie met hul eie realiteit gekonfronteer word nie. Die feit dat die televisie hulle “besig hou” bring mee dat ouers meer geneig is om kinders toe te laat om meer televisie te kyk. Die telefoon word 'n belangrike hulpbronne waarmee die kind en die nie-toesighoudende ouer kontak kan hou.

Die belangrikheid van hierdie hulpbronnevoorsiening word soos volg beklemtoon: *“The education, occupation and income of parents greatly determines their ability to provide these resources, and this ability, in turn, has repercussions on their other functions”* (Alvy, 1994:14). Die vlak van opleiding van die ouers, beroep en gevolglike inkomste bepaal sonder voorbehoud die wyse waarop ouers daarin kan slaag om die genoemde hulpbronne vir hulle kinders beskikbaar te stel. Die mate waartoe ouers daarin kan slaag sal weer 'n direkte invloed op die ouer se bevrediging van ouerskap en tevredenheid met sy/haar lewe uitoefen.

#### **4.3.2 Versorging van die huisgesin**

Die versorging van die huisgesin verwys na die praktiese take wat onderneem moet word in 'n poging om die daaglikse funksionering van die gesin moontlik te maak.

Hierdie funksies sluit die volgende in:

- Instandhouding van die huis (skoonmaak, verf, tuinbou, waterpype) – Die versorging van die huis en tuin word dikwels aan werkers oorgelaat binne die kerngesin. Dit kan egter gebeur dat daar, na afloop van 'n egskeiding, aanpassings gemaak moet word omdat die finansiële hulpbronne verander het. Die toesighoudende ouer kan egter steeds 'n behoefte openbaar om werkers in diens te neem om die huis en tuin te versorg, veral indien die ouer 'n voltydse betrekking beklee. Die fisiese voorkoms van die huis het tradisioneel nie op 'n maandelikse basis aandag nodig nie en kan 'n huis dalk eenmaal elke paar jaar geverf word. Wanneer die dienste van 'n elektrisiën of 'n loodgieter benodig word,

is dit dikwels die resultaat van 'n krisis en nie 'n beplande uitgawe nie en kan dit spanning meebring.

- **Versorging van klerasie (was, stryk, naaldwerk)** – Die toesighoudende ouer kan, soos reeds vermeld, soms die indiensneming van 'n huiswerker regverdig. Wanneer dit egter nie kan realiseer nie, word ekstra druk op die ouer se beskikbare tyd en energie geplaas en beïnvloed dit die verhouding tussen die ouer en kind.
- **Voedselvoorsiening (aankope, voorbereiding, skottelgoed was)** – Die maandelikse aankoop van voedsel, die daaglikse voorbereiding daarvan en die gevolglike skottelgoed was, kan baie spanning op die toesighoudende ouer plaas. Hierdie proses kan egter op 'n positiewe wyse bestuur word indien die toesighoudende ouer van beskikbare ondersteuningsnetwerke gebruik maak. So kan die ouer byvoorbeeld 'n paar disse berei en in die vrieskas plaas, grootouers versoek om na kinders te kyk terwyl aankope gedoen word en voorskoolse kinders kan betrek word by die was van skottelgoed deur byvoorbeeld te help afdroeg.
- **Voertuig onderhoud (skoonmaak, herstel)** – Die skoonmaak van 'n voertuig kan 'n gesinsaktiwiteit word waar elke gesinslid 'n verantwoordelikheid het. Die energie wat hiervoor benodig word, is egter nie altyd geredelik beskikbaar nie en sal ouers soms van vulstasies gebruik maak om die motor te was. Die herstel van 'n motor is 'n diens wat ook bestuur moet word deurdat die ouer die motor gereeld vir 'n diens behoort te neem sodat instandhouding, eerder as herstel, plaasvind.

Die opstel van 'n begroting vir die huishouding word as kernelement in die versorging van die gesin beskou (Alvy, 1994:16). Navorsers is van mening dat die begroting vir die ouer 'n aanduiding sal wees van die wyse waarop die prioriteitslys gespesifiseer moet word. Hoewel die begroting vir die ouer gemoedsrus behoort te bring omdat sy/hy insig ontwikkel in die wyse waarop die finansies bestuur moet word, bring dit egter dikwels ook spanning mee as dit duidelik is dat die beskikbare finansies gebrekkig is in terme van die behoeftes wat aangespreek moet word. In hierdie geval sal die ouer kreatiewe wyses moet vind om die begroting so goed moontlik te bestuur.

#### **4.3.3 Versorging van die kinders**

Ouers is verantwoordelik vir die fisiese, emosionele, godsdienstige en kulturele integriteit van die gesin. Die volgende bedreigings in hierdie verband word vermeld (Alvy, 1994:16):

- **Liggaamlike leed** - Kinders erken dikwels nie die bedreiging wat die omgewing vir hulle inhou nie, soos byvoorbeeld om met vuur te speel, oor die straat te hardloop en so meer. Bedreigings deur ander persone aan die kind, sluit mishandeling en

seksuele molestering, in. Hierdie potensiaal tot liggaamlike leed is een van die aspekte wat deur beide ouers beklemtoon behoort te word. Parallele ouerskap sal impliseer dat beide ouers die verantwoordelikheid neem om kinders bewus te maak van hierdie potensiële gevare en sal bepaalde reëls in beide ouerhuise in plek gestel moet word om die belangrikheid daarvan te bevestig. Die neem van die kinders vir mediese en tandheelkundige ondersoeke, word tradisioneel deur die toesighoudende ouer onderneem. Wanneer hospitalisasie en operasies noodsaaklik is, behoort beide ouers emosioneel vir die kind beskikbaar te wees.

- Emosionele leed - Dit sluit die afkraking en minimalisering van die kind se vermoëns, karaktereenskappe en voorkoms in. Na afloop van 'n egskeiding moet die totale gesin deur 'n transformasieproses beweeg. Wanneer hierdie proses nie bestuur word nie kan die volwassenes soms die kinders emosionele leed aandoen deurdat hulle voortdurend in konflik met mekaar is, ongeduldig met die kinders is of nie daarin kan slaag om die emosionele behoeftes van hulle kinders te identifiseer en aan te spreek nie.
- Portuurgroep bedreigings - Die aard van die sosiale kringe waarin die kind beweeg, kan ook negatiewe druk op hom/haar plaas. Die kind se vermoë om deur die transformasieproses van egskeiding te beweeg, sal sy/haar gedrag binne sosiale verhoudings beïnvloed. Kinders wat nie deur die proses begelei word nie, kan negatiewe gedrag soos byvoorbeeld ander kinders boelie, sosiaal onttrek of ander simptome soos steel, openbaar. Hierdie gedrag sal die kind onbeminde in die portuurgroep maak en sal 'n negatiewe invloed op toekomstige portuurgroepverhoudings hê. Die kind wat na afloop van 'n egskeiding weerloos voel, kan ook as 'n slagoffer funksioneer deurdat ander kinders hom/haar kan boelie en so meer. Bemagtiging van die voorskoolse kind wat deur 'n egskeiding gegaan het is dus noodsaaklik. Talle ander aspekte moet ook in ag geneem word, soos byvoorbeeld watter ouer die kind sou neem vir terapie, of beide ouers bereid sou wees om deel te vorm van die terapeutiese proses, of beide ouers kontak het met die kind se onderwysers, of beide ouers skool- en sportgeleenthede bywoon en of die kind byvoorbeeld lede van sy/haar portuurgroep na beide ouerhuise kan nooi.
- Sosiale bedreigings - Diskriminasie in terme van geslag kan voorkom. Binne die sosiale konteks kan diskriminasie en stigmatisering ook voorkom as gevolg van die feit dat die kind se ouers geskei is. Navorsers is van mening dat hierdie tipe diskriminasie, wat op egskeiding gebaseer is, progressief afneem omdat die statistiek aandui dat al hoe meer kinders aan egskeiding blootgestel word.



Ouers sal alles in hulle vermoë doen om hulle kinders te beskerm. *“Protective functions are carried out through a parent’s management of the physical, social and psychological environments to diminish and buffer the encounters which children have with potential harm”* (Alvy, 1994:17). Hierdie outeur konstateer verder dat ouers dikwels verskillende opinies huldig met betrekking tot die mate waartoe hulle die kinders moet beskerm of moet bemagtig om die situasies self te hanteer. Parallele ouerskap kan meebring dat ‘n balans in hierdie verband gevind kan word.

#### **4.3.4 Fisiese versorging van die kind**

Die fisiese versorging van die kind sluit in om vir die kind kos te gee, te bad en aan te trek, hulle gesondheidsbehoefte aan te spreek, medisyne te gee wanneer dit nodig is, hulle dokter en tandarts toe te neem en seker te maak dat hulle genoeg rus en slaap (Alvy, 1994:18). Op die oog af blyk dit of hierdie aspekte die verantwoordelikheid van die toesighoudende ouer is. Die roetine wat nodig is vir kos gee, bad, aantrek en in die bed sit, vorm deel van die orde en struktuur wat ‘n kind nodig het om emosioneel veilig te voel. Soos reeds vermeld is dit belangrik dat die kind ‘n roetine in beide huishoudings sal hê, selfs al is daar bepaalde verskille. Die feit dat kinders tradisioneel slegs naweke by die nie-toesighoudende ouer deurbring kompliseer roetine, aangesien naweke as meer ontspanne ervaar word. Genoegsame rus en gebalanseerde voeding word as belangrik beskou. Die aspekte wat met gesondheid te doen het, moet ook deur beide huishoudings voorsien kan word, aangesien hierdie versorging primêr deel van die kind se vermoë om sy/haar omgewing te kan vertrou, uitmaak. Die koestering wat ‘n siek kind nodig het, moet dus deur beide die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer erken word. Wanneer daar hospitalisasie betrokke is, huldig navorser die mening dat die toesighoudende ouer die nie-toesighoudende ouer daarvan in kennis behoort te stel sodat laasgenoemde ouer die kind kan besoek en die kind se behoefte aan sekuriteit deur beide ouers aangespreek kan word. Emosionele volwassenheid en die erkenning van die belangrike rol wat beide ouers in die lewe van die kind vervul, word dus in hierdie verband van die ouers vereis.

#### **4.3.5 Emosionele versorging van die kind**

Kinders moet vertroetel word en warmte en aanvaarding ervaar. Hulle moet gedissiplineer en begelei word om die sosiale toepaslikheid van gedrag aan te leer. Hulle moet georiënteer word in terme van hulle geslagsrolfunksionering, van die wêreld geleer word en formeel onderrig word. Ouers moet ook die krisis waarin kinders hulle kan bevind bestuur. Inligting en leiding moet met betrekking tot die kinders se



seksuele funksionering voorsien word en bepaalde waardes en norme aangeleer word (Alvy, 1994:18). Ouers moet ook bewus wees van die rol van modellering – ouers moet 'n voorbeeld van toepaslike en gewenste gedrag stel. Hierdie modellering vind ook in terme van nuwe verhoudings wat gevorm word, plaas. Al hierdie take en verantwoordelikhede wat aan die ouer opgelê word, lê die basis vir die optimale emosionele ontwikkeling van die kind. Die kern hiervan lê volgens navorser in die mate van emosionele uitdrukking wat realiseer binne beide die huishoudings.

Ouers kan kinders in hulle pogings om gevoelens uit te druk, begelei. Dit is baie belangrik dat modellering plaasvind deurdat die ouer sy/haar eie gevoelens met die kind kan deel. Die kind kan die ouer se gedrag, byvoorbeeld 'n glimlag, trane of beheerste woede, waarneem en naboots. Deur verskillende speelgoed te benut kan die ouer ook die geleentheid gebruik om hulle kinders van gevoelens te leer, aangesien speel die wyse is waarop kinders "werk". Storieboeke en handpoppe kan ondermeer benut word om gevoelsuitdrukking en bemagtiging te bewerk. Dit is ook belangrik dat die ouer steeds bepaalde grense met betrekking tot emosionele uitdrukking, sal vasstel. Die gevoel mag ervaar word, byvoorbeeld kwaad wees, maar die gedrag moet steeds sosiaal aanvaarbaar wees, byvoorbeeld moenie die maatjie slaan nie, maar slaan eerder jou kussing (Dinkmeyer, *et al.* 1997:116). Navorser is van mening dat hierdie emosionele uitdrukking egter slegs gemodelleer kan word indien die ouer(s) insig in hulle eie gevoelsfunksionering openbaar. Die emosionele aanpassings wat deurloop moet word na afloop van 'n egskending, bied die ideale geleentheid om 'n nuwe tradisie van emosionele uitdrukking en erkenning van gevoelens, te skep.

#### **4.4 Ouerskapstyle**

Ouerskapstyle manifesteer in die vorme van mag en gesag. 'n Onderskeid behoort tussen hierdie begrippe getref te word: "'n Mens het mag oor iemand anders omdat jy groter, sterker, ryker of slimmer as hy is" (Roos & Vlok, 1985:64). Ouers het dus mag oor hulle kinders, as gevolg van hulle fisieke grootte – hulle het dus die mag om kinders seer te maak. Gesag daarenteen, is iets wat nie op ander afgedwing kan word nie. Gesag word verdien volgens gedrag wat openbaar word, dit wil sê dat mense (in hierdie geval kinders) graag wil luister en na die gesaghebbende persoon opsien. Kinders wat volgens mag opgevoed word, rebelleer dikwels wanneer die ouer nie meer 'n wakende oog oor hulle hou nie. Die kind wat egter sy/haar ouer se gesag erken, sal die waardes wat sy/haar ouer oordra, internaliseer en sal dus selfdisipline kan toepas.

Parallele ouerskap beteken dat die ouers 'n soortgelyke ouerskapstyl aanneem en mekaar se rol as ouer respekteer. Met betrekking tot ouerskapstyle is dit duidelik dat daar slegs een tipe styl is wat 'n positiewe, gesondfunksionerende kind optimaal laat ontwikkel. Die ouers behoort hulle eie styl te evalueer en aan te pas ten einde in beide huishoudings 'n gesaghebbende styl vas te lê en in stand te hou (Gottman & DeClaire, 1997:32).

#### 4.4.1 Outoritêre ouerskapstyl

Outoritêre ouers gebruik mag om hulle kinders te dissiplineer. Dié ouers is van mening dat hulle die beste weet en sal dus hulle opinies op die kind afdwing. Die outoritêre ouer stel talle grense en verwag streng gehoorsaamheid van die kind, sonder dat daar verduidelikings aan die kind voorsien word (Gottman & DeClaire, 1997:32 en Alvy, 1994:183). Die outoritêre ouer gee voortdurend opdragte aan die kind. Hierdie tipe ouer is baie streng en verwag totale gehoorsaamheid. Hulle straf kinders wanneer die reëls nie nagekom word nie en beloon hulle wanneer dit wel nagekom word. Indien die outokratiese ouer op 'n gereelde basis van beloning gebruik maak, begin dit by die kind die verwagting skep dat hy/sy 'n beloning sal ontvang elke keer wanneer hy/sy soet is. Wanneer die kind voortdurend gestraf word omdat hy/sy "stout" was, kan kinders begin om hulle ouers te vrees en kan daar weerstand in die verhouding opbou. Navorsers is van mening dat hierdie kinders dus van hulle omgewing afhanklik is en nie die waardes en norme van die ouers internaliseer nie.

Kritiek teen hierdie ouerskapstyl word soos volg uitgespreek: "*Children need freedom to grow and learn. They also need the chance to make choices. This lets them learn limits and responsibility*" (Dinkmeyer, et al. 1997:11). Die outoritêre ouer laat nie genoegsame ruimte vir hierdie proses waarvolgens verantwoordelikheid aangeleer kan word nie. Die ouer handhaaf absolute mag en beheer en domineer die huishouding deur opdragte. Kinders moet hulle ouers se woord onvoorwaardelik aanvaar en word nie toegelaat om enige opdragte of reëls te bevraagteken nie (Alvy, 1994:183.) Hierdie totale onvoorwaardelike aanvaarding hou egter nadelige gevolge op die langtermyn in.

Die handhawing van 'n outoritêre ouerskapstyl lei daartoe dat die kind en die ouer voortdurend in 'n magstryd gewikkel is. Dit is kenmerkend dat die ouer "wen", maar die langtermyn gevolg is dat die kind 'n wrok koester en 'n gevoel van toenemende bitterheid ervaar. Hierdie gedrag deur die ouer bring mee dat die kind 'n intense behoefte ervaar om homself/haarself te laat geld, aangesien 'n selfbeskermende instink intree. Opstand en verzet word deur die kind ervaar en die kind raak

vyandiggesind teenoor die ouer (Van Niekerk, 1990:139). Hierdie ouerskapstyl lei dus tot 'n destruktiewe verhouding tussen die kind en die ouer. Die kind wat volgens die outoritêre styl opgevoed word en dus die geleentheid om self besluite te neem ontse word, sal maklik ontoereikend en minderwaardig voel en sal dus teruggetrokke wees. “Sy vrees vir mislukking en sy onsekerheid inhibeer ook doelmatige probleemoplossende gedrag en skeppendheid. Spanningsprobleme kom algemeen voor” (Van Niekerk, Van der Spuy & Becker, 1996:296). Dit blyk dus dat hierdie ouerskapstyl tot 'n intrapersoonlik destruktiewe verhouding lei.

Navorsing deur Baumrind (in Gottman & DeClaire, 1997:32) het bevind dat kinders wat volgens hierdie ouerskapstyl opgevoed is, meer geneig is om geïrriteerd en konflikterend te funksioneer. Kinders wat volgens hierdie ouerskapstyl opgevoed word, sal selde as entrepreneurs of kreatiewe mense funksioneer (Roos & Vlok, 1985:65). Die kind leer nooit 'n vaardigheid om te redeneer aan nie. Die kind is dus van sy omgewing afhanklik ten einde te weet wat “aanvaarbaar” en “onaanvaarbaar” is. “So 'n kind is karig toegerus vir ons komplekse samelewing waarin hy voortdurend keuses moet kan maak en besluite moet kan neem” (Roos & Vlok, 1985:66). Die kind kan ook 'n onvolwasse afhanklikheid van ander ontwikkel (Van Niekerk, *et al.* 1996:296) en nie selfhandhawende gedrag aanleer nie. Wanneer die kind met 'n egskeiding gekonfronteer is, moet hy/sy leer om 'n interne lokus van kontrole te vestig en nie van die omgewing afhanklik te wees nie. 'n Opvoeding volgens hierdie ouerskapstyl sal dus nie tot die optimale ontwikkeling van die kind lei nie.

#### **4.4.2 Permissiewe ouerskapstyl**

Hierdie ouerskapstyl word gekenmerk deur warmte en positiewe kommunikasie, maar min grense word in terme van gedrag gestel (Gottman & DeClaire, 1997:32). Volgens navorsing is hierdie kinders meer geneig om impulsief en aggressief op te tree. Die kinders kan hulself nie onderhou nie en presteer ook nie volgens hulle potensiaal nie. Volgens Roos en Vlok (1985:66) abdikeer die ouer enige mag of gesag waaroor hy beskik, “omdat hy glo dat elke mens 'n individu is wat die geleentheid moet hê om te ontwikkel sonder druk of inmenging van buite.” Hierdie gebrek aan grense en oënsynlike vryheid ontnem die kind van rigting en beskerming. Die handhawing van 'n permissiewe ouerskapstyl lei daartoe dat die kind 'n gebrek aan liefde ervaar omdat daar 'n gebrek aan struktuur voorkom. Die ouer en die kind se behoeftes is dikwels in botsing met mekaar. Die kind tree dikwels as “wenner” uit hierdie situasie en dit kan daartoe aanleiding gee dat die ouer gegrief voel omdat sy/haar wense en behoeftes nie

erken en gerespekteer word nie (Van Niekerk, 1990:141). Hierdie ouerskapstyl lei dus tot 'n destruktiewe verhouding tussen die kind en die ouer.

Die permissiewe ouer is geneig om altyd toe te gee. Geen grense word vir die kind gestel nie. Die kind word dus groot sonder dat daar riglyne vir gedrag vasgestel word. Die kind voel weerloos en is nie gereed om hierdie onbeperkte vryheid te geniet nie. Die gevolg is 'n gevoel van onsekerheid en onveiligheid. As gevolg van die gebrek aan grense, sal kinders met permissiewe ouers nie goeie verhoudings met ander mense in stand kan hou nie, aangesien hulle eie behoeftes prioriteit is en hulle dus as selfsugtig beleef word (Van Niekerk, *et al.* 1996:297). Hierdie kinders toon ook nie insig in die gevoelens en behoeftes van ander nie. Die reëls wat deur die samelewing opgestel is, word dus ook nie gerespekteer nie, met die gevolg dat hierdie kinders probleme ondervind om, volgens samelewingstandaarde, aanvaarbare gedrag te openbaar (Dinkmeyer, *et al.* 1997:11). Min respek en roetine word gehandhaaf, aangesien die kinders die geleentheid gebied word om self besluite oor hulle lewe te neem en hulle "eie ding te doen". *"One of the main drawbacks of this system is the feeling of insecurity which often plagues children raised in this manner: they often have no sense of belonging or of cooperation"* (Alvy, 1994:183). Navorser is van mening dat hierdie opvoedingstyl ook 'n negatiewe invloed op die kind se langtermyn ontwikkeling het, aangesien die kind die gedrag wat hy/sy as kind openbaar het ook binne sy/haar werksopset en eie gesin sal wil handhaaf. Hoewel dit wil voorkom of hierdie kind 'n interne lokus van kontrole handhaaf, is navorser van mening dat daar 'n gebrek aan selfbeheer bestaan, aangesien alle gedrag deur die kind geregverdig kan word.

#### **4.4.3 Gesaghebbende ouerskapstyl**

Hierdie ouerskapstyl word as die optimale styl beskou. Grense word in terme van die kind se funksionering gestel, maar die ouer is meer aanpasbaar en voorsien die kind met verduidelikings en warmte (Gottman & DeClaire, 1997:32). Hierdie kinders is dikwels meer samewerkend, self-onderhoudend, energiek, vriendelik en prestasie-georiënteerd. Die gesaghebbende ouer erken die rigting en leiding wat die kind nodig het, maar erken ook die waarde daarvan dat die kind van kleins af waardes moet internaliseer deur te weet wat reg en wat verkeerd is (Roos & Vlok, 1985:67). Die gesaghebbende styl beklemtoon rasonele ouerskap. Hierdie tipe ouer heg waarde aan sowel outonome funksionering as konformering. Beheer word in balans tot vryheid aangewend en redenering, gesag en versterking word benut ten einde gedrag te rig (Hammer & Turner, 1996: 46). Hierdie ouer en kind raak nie in 'n magstryd gewikkel nie, wat meebring dat daar nie 'n "wenner" geïdentifiseer kan word nie (Van Niekerk,

1990:142). Respek en kreatiewe probleemoplossingsvermoëns word in hierdie klimaat gekweek. Positiewe kommunikasie- en konflikthanteringsvaardighede word dus aangeleer.

Die gesaghebbende ouerskapstyl word gebaseer op respek en gelykheid. Die unieke vermoëns, verantwoordelikhede en ervarings van elke individu word erken. Dit beteken egter nie dat die kind dieselfde voorregte as die volwassene het nie. Dit beteken bloot dat die ouer die belangrikheid van die kind se behoeftes en gevoelens erken en die kind, waar toepaslik, in besluitnemingsprosesse ken. Hierdie keuses moet egter met die ouerdom en ontwikkelingsvlak van die kind korreleer. Grense word gestel en wanneer die grense oortree word, is daar bepaalde gevolge wat hieruit voortspruit.

Kinders met gesaghebbende ouers leer om ander te respekteer. *“Children learn that their choices count and carry responsibility”* (Dinkmeyer, et al. 1997:12). Die gesaghebbende ouerskapstyl beklemtoon vryheid binne grense. Die ouer tree as die leier binne die huishouding op en laat ruimte vir respek, vryheid en die neem van verantwoordelikheid. Hierdie leierskap stimuleer samewerking en inisiatief (Alvy, 1994:183). Navorsers is van mening dat hierdie ouerskapstyl 'n balans tussen grense en vryheid handhaaf. Die kind weet dus wat van hom/haar verwag word en word ook die geleentheid gebied om die verwagtinge en gedrag te analiseer. Die inkorporering van die samelewing se reëls en norme vind dus geredelik plaas.

Die drie ouerskapstyle word soos volg opgesom:

Tabel 4.1: Ouerskapstyle

<b>Outokratiese ouer</b>	<b>Gesaghebbende ouer</b>	<b>Permissiewe ouer</b>
Domineer; neem alle besluite.	Verantwoordelike keuses word gebied.	Vermyn formele besluitneming.
Laat min ruimte vir inisiatief - vir gesin as geheel en individue binne gesin.	Moedig inisiatief aan - vir gesin as geheel en individue binne gesin.	Laat inisiatief in die vorm van algehele vryheid toe.
Beheer alle verantwoordelikeheid.	Kan verantwoordelikheid delegeer.	Wend geen pogings aan om regulerend op te tree nie.
Formuleer reëls en dwing dit af.	Moedig die gesin aan om die riglyne vir gedrag daar	Maak geen reëls nie en dwing dus geen reëls af

	te stel.	nie. Lei tot chaos.
Eis respek van individue binne gesin.	Implementeer wedersydse respek.	Ongeërg met betrekking tot respek en gesag.

Bron: Van Niekerk (1990:138)

Vanuit bogenoemde inligting is dit duidelik dat die gesaghebbende ouerskapstyl optimale ontwikkeling van die kind en 'n positiewe ouer-kind verhouding, tot gevolg het.

#### 4.5 Emosies

Vir hierdie studie word die begrippe “gevoelens” en “emosies” as sinonieme gebruik.

##### 4.5.1 Emosie en ouerskap

Goeie ouerskap vereis meer as bloot 'n intellektuele funksionering. Om 'n goeie ouer te wees, vereis ook dat die rol van emosies in ag geneem word. Volgens navorsing wat onderneem is word ouers in twee breë kategorieë geplaas: “...those who give their children guidance about the world of emotion and those who don't” (Gottman & DeClaire, 1997:21). Hierdie outeurs verwys na ouers as “emosionele afrigters” en tref die vergelyking met sportafrigters: Afrigters moet deelnemers toerus met strategieë om die hoogtepunte en laagtepunte van die lewe die hoof te bied. Hierdie tipe ouer aanvaar die negatiewe emosies van hulle kinders en benut hierdie emosionele oomblikke as geleentheid om die kind belangrike lewenslesse te leer en hulle verhouding te versterk.

Die volgende stappe word deur Gottman en DeClaire (1997:24) voorgestel:

- Word bewus van die kind se emosie.
- Erken die emosie as 'n geleentheid tot intimiteit en onderrig.
- Luister empaties en valideer die kind se gevoelens.
- Help die kind om die korrekte beskrywende woorde vir die emosie wat ervaar word, te vind.
- Stel grense deur alternatiewe hanteringstrategieë te ondersoek ten einde die betrokke probleem op te los.

##### 4.5.2 Emosionele intelligensie

Emosies speel 'n primêre rol in die funksionering van alle individue. Hierdie emosionele funksionering kry toenemend meer aandag, namate die moderne

samelewing meer druk op die individu plaas. Die belangrikheid van emosies word beklemtoon deurdat die begrip “emosionele intelligensie” as ‘n tipe intelligensie erken word. Hierdie tipe intelligensie is die enigste tipe wat nie staties is nie, maar wat dinamies is en dus kan groei en ontwikkel kan word. Emosionele intelligensie word, in eenvoudig verstaanbare taal, soos volg omskryf: “Emosionele intelligensie is die vermoë om jou eie gedagtes en gevoelens te identifiseer, te verstaan en te beheer, dit gepas aan ander te kommunikeer, en empatie te hê met ander se emosies, wat jou in staat stel om op ‘n emosionele vlak met hulle ‘n verhouding te hê” (De Klerk & Le Roux, 2003:7). Hierdie emosionele intelligensie fokus dus eerstens op die individu, dit wil sê intrapersoonlike funksionering en tweedens op die interpersoonlike funksionering van die individu, dit wil sê verhoudings. Gesinne wat deur ‘n egskeiding beweeg, moet in ‘n proses waar hulle eers insig in hulle eie emosies ontwikkel en gevolglik ook empatie en respek vir mekaar se emosies kan ontwikkel, begelei word. Hierdie intrapersoonlike insig behoort beide volwassenes in staat te stel om parallelle ouerskap met sukses te implementeer. Volwassenes wat emosioneel intelligent funksioneer kan deur middel van modellering hulle kinders ook leer om in kontak met hulle eie emosies te wees en uiteindelik positiewe interpersoonlike verhoudings te vestig en in stand te hou.

Emosies is ‘n fisiese reaksie wat volg op ‘n stimulus wat ervaar is. Volgens Le Roux en De Klerk (2001:18) kan hierdie stimulus iets wees wat deur die sintuie ervaar word vanuit die omgewing, of dit kan bloot ‘n gedagte wees wat by die individu opkom. Die bron van die emosie kan dus intern of ekstern van aard wees. Dit is belangrik dat ‘n onderskeid tussen die emosies wat ervaar word en die reaksie wat op die emosie volg, getref word. ‘n Emosie word altyd as ‘n interne proses binne die liggaam ervaar en kan dan op waarneembare gedrag, soos byvoorbeeld huil of lag, uitloop. Alle emosies wat ervaar word, is dus aanvaarbaar, hoewel alle gedrag wat op ‘n emosie volg, nie noodwendig aanvaarbaar is nie. Emosies is belangrik aangesien dit die natuurlike wyse is waarop mens bewus word van iets waaraan jy moet aandag gee. “Ons onderskei nou wel tussen positiewe en negatiewe gevoelens, maar dit is belangrik om te onthou dat ‘n negatiewe of minder aangename emosie net soveel waarde vir jou inhou omdat dit dui op ‘n onvervulde behoefte” (Le Roux & De Klerk, 2001:19). Hierdie outeurs bevestig die belangrikheid daarvan om dus nie negatiewe emosies te onderdruk nie. Gevoelens bring die mens in beweging om vrae te vra en aksie te neem sodat sekere goed kan verander (Le Roux & De Klerk, 2001:19). Binne die gesin wat ‘n egskeiding deurloop het, is dit noodsaaklik dat die volwassenes bewus sal wees van die aanpassingsproses wat met bepaalde emosies gepaardgaan. Op hierdie wyse kan die volwassenes die transformasieproses met sowel positiewe as negatiewe emosies



deurloop en dus 'n gebalanseerde funksionering nastreef. Indien die volwassenes hulle eie emosies kan identifiseer, verstaan en beheer, sal hulle ook vir hulle kinders doeltreffende hanteringstrategieë kan aanleer en sal die individue ook begrip vir ander se emosies kan openbaar. Navorser is van mening dat die gesin wat emosioneel intelligent funksioneer, ook vinniger en meer effektief deur die nodige transformasie kan beweeg en gebalanseerde individue binne die samelewing kan wees.

Hierdie emosioneel intelligente funksionering kan slegs manifesteer indien respek en empatie as kernelemente van verhoudings teenwoordig is. Die verhouding tussen ouer en kind is geen uitsondering nie. Wanneer 'n ouer sy/haar kind met respek behandel sal die verhouding tussen hulle versterk. *“When our friends have problems or make mistakes, we think about their feelings. We do this because we respect and value our friends. Treating our children the same way will help us build a closer relationship”* (Dinkmeyer, et al. 1997:61). Navorser is van mening dat daar egter beklemtoon moet word dat die ouer nie die kind se “maatjie” is nie. Die hiërargie van gesag word steeds in stand gehou, maar die ouer toon die nodige respek en begrip vir sy/haar kind. 'n Kind leer respek betoon deur die gedrag wat deur die ouer gemodelleer word, dit wil sê deur die wyse waarop die ouer kommunikeer deur te praat en te luister. Reflektiewe luistervaardighede is 'n positiewe wyse waarvolgens die kind kan ervaar dat die ouer poog om die kind se gevoelens te verstaan.

Ouerlike sensitiwiteit vereis dat ouers oor die kapasiteit moet beskik om empaties te kan respondeer tot hulle kinders se gevoelens en om die emosionele behoeftes wat bestaan, te kan akkommodeer (Park, 1999:92). Kinders is besonder fyn ingestel op die verbale en nie-verbale boodskap wat die ouer oordra en sal baie vinnig van 'n diskrepansie bewus word. Indien ouers nie sensitief op hulle kinders se emosionele behoeftes kan reageer nie, word kinders nie bemagtig in terme van hulle sosiale verhoudings nie en het die kind dus geen ander uitweg as om verdedigend op te tree in sosiale interaksie nie.

#### **4.5.3 Kommunikasie van gevoelens**

'n Verband word gevestig tussen die kapasiteit van ouers om beskikbaar en responsief te wees tot die emosionele behoeftes van ander en hulle kinders se vermoë om gesonde verhoudings te vestig en in stand te hou. 'n Positiewe uitkyk op die lewe word dus gevestig en skep die geleentheid tot 'n betekenisvolle mate van persoonlike bevrediging (Park, 1999:91). Egskeiding kan dus as 'n leerskool benut word. Die ouer en die kind kan met bepaalde emosies gekonfronteer word en kan bemagtig word om



hulle emosies te verstaan en te beheer en begrip vir ander se emosies te ontwikkel. Twee prosesse word onderskei, naamlik die vermoë om 'n boodskap te ontvang deur te luister en die vermoë om 'n boodskap te stuur, deur dit te verbaliseer. Hierdie tegnieke van reflektief luister en die oordra van ek-boodskappe kan ewe effektief tussen volwassenes as tussen volwassenes en kinders realiseer. Vir hierdie afdeling sal daar slegs op die ouer-kind verhouding gefokus word.

#### 4.5.3.1 Reflektief luister

Om reflektief te luister beteken dat die volwassene die kind se “gevoel”-boodskap analiseer en daarop reageer deur die gevoelswoord in sy/haar respons te gebruik. Daar word dus gelet op die implikasie van die woorde, eerder as die sinskonstruksie, soos deur Van Niekerk (1996:134) gekonstateer word: “Luister beteken om inkomende boodskappe te vertolk; dit behels dus ook die vermoë om die boodskap agter die woorde te hoor wat werklik gesê word.” Indien die kind byvoorbeeld uitvaar teenoor die onderwyser wat onregverdig opgetree het, kan die ouer reageer deur te sê dat die kind kwaad en teleurgesteld voel oor die onderwyser se gedrag (Hammer & Turner, 1996:125). Dinkmeyer, *et al.* (1997:63) som reflektiewe luister soos volg op:

- Luister – Die ouer moet dit waarmee hy/sy besig was staak, oogkontak met die kind bewerkstellig deur die kind op te tel of gekniel voor die kind plaas te neem. Hierdie aksies bevestig vir die kind op 'n nie-verbale wyse, dat die ouer se onverdeelde aandag by die kind is en dat dit wat die kind ervaar vir die ouer belangrik is.
- Luister na die gevoel – Die ouer moet na die kind se woordkeuses luister. Die ouer moet poog om 'n beskrywende woord te vind vir die gevoel wat die kind ervaar. Op hierdie wyse kan kinders ook in hulle strewe na emosioneel intelligente funksionering begelei word.
- Verbaliseer wat gehoor is – Die ouer moet die gevoel wat hy/sy gehoor het aan die kind terugreflekteer. Die rede waarom die kind die betrokke gevoel ervaar, kan ook geverbaliseer word.

Laasgenoemde outeurs noem die volgende voorbeeld: Wanneer die ouer en die kind in die parkie speel en die ouer aandui dat dit tyd is om huistoe te gaan, toon die kind weerstand en sleep sy/haar voete. Die ouer kan die gevoelens reflekteer deur te noem dat hy/sy kan sien dat die kind teleurgesteld is omdat die speelyd verby is, omdat die kind soveel pret gehad het. Indien die ouer egter nie daarin kan slaag om die gevoel te identifiseer nie sou dit in orde wees om 'n hipotese te stel: Dit lyk vir my of jy teleurgesteld is omdat speelyd nou verby is. Hierdie hipotese kan dan deur die kind bevestig of weerlê word. Die feit dat die ouer die kind se gevoelens in hierdie scenario valideer, bring ook mee dat die kind meer samewerkend sal optree en nie noodwendig

weerstand sal openbaar teen die ouer se wense nie. 'n Magstryd sou dus voorkom kon word. Die teenoorgestelde van reflektief luister is geslote reaksies. Hierdie tipe reaksie ontken die kind se reg op sy/haar gevoelens. Oop reaksies erken die kind se reg op sy/haar gevoelens deurdat die luisteraar begrip openbaar vir die emosionele inhoud van die boodskap (Hammer & Turner, 1996:125). Volgens Van Niekerk (1990:84) beteken reflektief luister dat die ouer die betekenis van wat die kind sê of doen, of nie sê of nie doen nie, begryp en die betekenis aan die kind sal terugreflekteer. Die kind kry dus deur die ouer se herfrasing insig in sy/haar eie gevoelens en gedagtes. Ouers moet egter versigtig wees om nie verkeerde vertolkings as die waarheid voor te hou nie. Ouers moet so objektief moontlik luister en nie hulle eie subjektiewe afleidings maak nie.

#### 4.5.3.2 Ek-boodsappe

Ek-boodsappe is 'n erkende term in die sielkunde wat verwys na 'n positiewe wyse van kommunikeer. 'n Ek-boodsap bestaan uit drie dele: Ten eerste word die gedrag van die kind beskryf. In die tweede plek word die gevoel wat die ouer daarvoor koester, beskryf. Die laaste deel dui op die gevolg of uitwerking van die kind se gedrag op die ouer. Die samestelling van 'n ek-boodsap word dus soos volg aangedui:

- (i) Wanneer jy...
- (ii) voel ek...
- (iii) omdat...

Ter illustrasie noem Van Niekerk (1990:115) die klein dogtertjie wat haarself met haar moeder se lipstiffie besmeer het. Die moeder se tipiese reaksie sou aanvallend kon wees: Kyk net watter gemors het jy aangevang. 'n Ek-boodsap sou kon lui: Wanneer jy so met die lipstiffie speel voel ek sommer hartseer, want dit is baie duur en spesiaal. 'n Ek-boodsap hoef egter nie altyd met hierdie presiese woorde geverbaliseer te word nie.

Ek-boodsappe is 'n tegniek waarop die ouer met respek en aanmoediging met sy/haar kind kan kommunikeer. Hierdie tipe boodskap is nie aanvallend soos byvoorbeeld 'n Jy-boodsap nie. 'n Jy-boodsap laat die kind waardeloos voel en etiketteer die kind. Ek-boodsappe dra bloot die ouer se gevoel aan die kind oor (Dinkmeyer, *et al.* 1997:67). Hierdie ek-boodsap is nie 'n egosentriese tegniek wat as manipulerings of bejammering oorgedra kan word nie. Dit behoort dus nie vir eie gewin misbruik te word nie, maar het primêr ten doel om op 'n nie-bedreigende wyse die ander individu in te lig met betrekking tot die emosie wat ervaar word.

#### 4.6 Dissipline

Dissipline hou verband met die woord dissipel, wat leerling beteken. Van Niekerk, *et al.* (1996:279) definieër dit soos volg: Die kind word onderrig en sy/haar karakter gevorm deur die aanmoediging en versterking van gewenste gedrag en die wysiging van ongewenste gedrag. Dissipline behoort dus nie die negatiewe konnotasie te hê wat dit in die volksmond het nie: “Wanneer jy as ouer dissipline toepas, doen jy die werk van ‘n leermeester (ouer) wat sy leerling (kind) sekere kennis en vaardighede wil aanleer en van hom verwag om sy opdragte te gehoorsaam” (Van Niekerk, 1990:176). Die woord gesag word as die werkwoord bestempel en dui op die ouer se reg om vir sy/haar kind iets te kan leer. Hierdie gesag behoort nie gewysig te word wanneer die gesin ‘n egskeiding deurloop nie. Dit is belangrik dat beide ouers steeds gesag sal openbaar en die kind na die beste van hulle vermoë sal leer.

Dissipline word as ‘n proses op ‘n kontinuum van straf en goedkeuring beskou. Dissipline word aangewend om ‘n kind te leer om die lewensreëls aan te leer. “Die meeste ouers vergeet heeltemal van die positiewe kant van dissipline en glo dat ‘n kind die lewensreëls moet aanleer deur middel van straf” (Roos & Vlok, 1985:63). Aanmoediging en prys hou baie voordele in. Roos en Vlok (1985:64) noem dat navorsing bevestig dat kinders makliker leer indien hulle dit kan doen op ‘n wyse waar hulle ouers trots op hulle kan wees. Die goedkeuring vanaf ouers het dus waarde in terme van leer. Hierdie goedkeuring kan ‘n besondere belangrike rol speel wanneer die ouers geskei is. Beide ouers kan steeds deur middel van aanmoediging en die erkenning van positiewe gedrag die kind leer. Hierdie proses van leer word nie slegs die toesighoudende ouer se verantwoordelikheid nie, maar behoort in beide huishoudings te realiseer.

Dissipline het volgens Van Niekerk (1990:178) drie fasette. Die eerste is dat die ouer duidelike grense stel, waarbinne die kind moet beweeg. Grense definieer die leef- en beweegruimte van die kind en bied die kind die geleentheid om homself/haarself te oriënteer in terme van sy/haar persoonlike ruimte (Van Niekerk, *et al.* 1996:289). Dit is die ouer se taak om te verseker dat die kind presies weet wat hierdie grense behels. Dit vind plaas deur die opdragte wat die ouer gee, die waardes en norme wat die ouer vir die kind voorhou en die voorbeeld wat die ouer aan die kind stel. Die kern van die eerste faset word saamgevat in die term onderrig. Die tweede faset dui op die ouer se taak om die kind te begelei sodat die kind daagliks binne hierdie grense leef. Dit realiseer deurdat die ouer steeds ‘n voorbeeld stel en goeie gewoontes versterk word. Positiewe kommunikasievaardighede is baie belangrik in hierdie faset wat in die term

oefening saamgevat word. Die derde faset staan bekend as tug en dui op die maatreëls wat die ouer implementeer om gehoorsaamheid te bevestig, wanneer die kind buite die grense beweeg het. Hierdie fasette van dissipline vereis konsekwente optrede. Dissipline kan dus slegs effektief wees indien die ouer daarin kan slaag om konsekwent op te tree. Die doel van parallelle ouerskap sou in hierdie opsig daarin lê dat die kind sal weet dat die grense in beide huishoudings ooreenstem en dat aanvaarbare gedrag in beide ouerhuise aangemoedig sal word, maar dat onaanvaarbare gedrag in beide ouerhuise, op 'n konsekwente wyse, ontmoedig sal word.

Die volgende riglyne vir goeie dissipline word deur Van Niekerk (1990:204) en Van Niekerk, *et al.* (1996:296) gekonstateer:

- Die ouer moet 'n voorbeeld vir die kind wees. Die ouer moet bewus wees dat hy/sy bepaalde gedrag aan die kind modelleer. Die ouer se gedrag en die ouer se verwagtings wat hy/sy aan die kind stel moet met mekaar korreleer (vergelyk hoofstuk 5).
- Beide ouers moet saamstem rondom die basiese beginsels van dissipline. Na afloop van 'n egskeiding behoort parallelle ouerskap geïmplementeer te word, wat beteken dat dissipline in beide huishoudings gehandhaaf word, maar dat dieselfde dissiplineringsmetodes nie noodwendig benut word nie.
- Kinders moet geleer word om self na alternatiewe oplossings vir probleme te soek.
- Uiterste vorms van dissipline moet vermy word.
- Ouers moet duidelik, ferm en konsekwent optree.
- Onvoorwaardelike liefde moet die dissipline komplementeer.
- Die kind moet vryheid toegelaat word sodat selfdissipline op dissipline deur ouers, kan volg.

Dissipline moet met 'n positiewe gesindheid benader word en as 'n leerervaring beskou word, soos deur Van Niekerk, *et al.* (1996:294) gekonstateer word: "Tug wat gepaardgaan met begrip, meegevoel, sensitiwiteit, omgee en vergewensgesindheid, lei tot selfdissipline." Hierdie selfdissipline impliseer 'n interne lokus van kontrole en bring 'n gevoel van selftrots by die kind mee.

#### **4.6.1 Dissipline teenoor straf**

Straf is 'n opvoedingsgeleentheid wat vir die kind gebied word om te leer. Straf is gerig op die morele ontwikkeling van die kind en bevestig die ontwikkeling van 'n gewete. Skuldbesef en berou word dus deur straf geïmpliseer (Van Niekerk, *et al.* 1996:294). Die kind moet leer wat hy/sy verkeerd gedoen het, waarom dit verkeerd is en ook

waarom die spesifieke gedrag nie in die toekoms herhaal mag word nie. Die straf word dus as 'n positiewe boodskap oorgedra (Roos & Vlok, 1985:68). Volgens Hammer en Turner (1996:49) is daar spesifieke aspekte wat in ag geneem moet word alvorens straf uitgedeel word. In die eerste plek moet die straf die strafbare gedrag onmiddellik volg. Hierdie tipe straf blyk meer betekenisvol te wees. Ten tweede moet die straf verdien wees en begryp word. Die ouer moet die onaanvaarbare gedrag binne konteks evalueer, besluit watter mate van straf regverdig sou wees en dit ook so aan die kind verduidelik. In die derde plek is dit belangrik dat die straf verband moet hou met die gedrag wat gestraf word. Indien die kleuter byvoorbeeld op die muur skryf, sou daar van hom/haar verwag kon word om die mure self skoon te was en kan die kryte/potlode vir 'n ruk weggeneem word. Indien die kleuter byvoorbeeld voortdurend vyandig of aggressief teenoor 'n maatjie optree, kan die kleuter vir 'n spesifieke tydperk belet word om met die betrokke maatjie te speel. *“In this way the child associates the punishment with the act and is likely to have clearer understanding of the forbidden behavior”* (Hammer & Turner, 1996:49). Indien die ouer voortdurend van een globale tipe straf gebruik maak, deur byvoorbeeld altyd die kind kamer toe te stuur, sal die effektiwiteit van die straf verlaag word omdat die kind dit moeiliker sal vind om toepaslike gedragspatrone aan te leer. Klem word ook op die wyse waarop die straf toegedien word, geplaas. Liefde en respek behoort altyd sigbaar te wees. Ouers moet daarteen waak om aggressief oor te kom en moet so objektief moontlik wees.

#### **4.6.2 Dissiplineringsmetodes**

##### **4.6.2.1 Orde en reëls**

Hierdie orde en reëls verwys onder andere na die roetine wat binne die huishouding gevestig en instand gehou word. *“Vaste en patroonmatige verloop van handeling en denke bied aan jou kind 'n veilige en geborgde omgewing”* (Van Niekerk, 1990:192). Die basiese reëls en orde dien as positiewe beklemtoning van 'n gesaghebbende huishouding en het nie ten doel om rigied te wees en die kind se funksionering gevolglik te inhibeer nie. Die roetine in terme van etenstyd, kan moontlik aangepas word om by die gesin se veranderende behoeftes aan te pas, maar die reël dat eiendom gerespekteer moet word, is nie aanpasbaar nie. Hierdie rigiede of plooibare reëls moet duidelik geklarifiseer word sodat alle gesinslede sekerheid kan hê met betrekking tot die aard, omvang en implikasies daarvan. Wanneer die kind aan twee verskillende huishoudings blootgestel word, is dit belangrik dat hy/sy sal weet watter reëls en roetines in watter huishouding geld. In terme van parallelle ouerskap is dit belangrik dat beide huishoudings wel 'n bepaalde roetine en reëls sal handhaaf, selfs

al is daar verskille in die wyses waarop dit geïmplementeer word. Volgens Dinkmeyer, *et al.* (1997:97) is roetine 'n wyse waarop die omgewing vir die kind gestruktureer word. Die drie tye wanneer roetine vir orde en sekuriteit nodig is, sluit die oggendroetine, maaltye en slaapyd, in. Dit is belangrik dat hierdie drie op min of meer dieselfde tyd plaasvind en dat 'n bepaalde volgorde in aktiwiteite gehandhaaf word. So sal 'n bad en 'n storie slaapyd byvoorbeeld voorafgaan. Hierdie roetine bied aan die kind die noodsaaklike grense wat kinders in staat stel om te weet wat van hulle verwag word. Alle gesinne se roetine hoef egter nie ooreen te stem nie. Navorser is van mening dat kinders wat as gevolg van 'n egskeiding binne twee huishoudings funksioneer, daarby kan baat indien beide huishoudings se roetine so ver moontlik ooreenstem. Hierdie ideaal word egter bemoeilik deurdat die nie-toesighoudende ouer die kind dikwels slegs oor naweke of vakansies sien en die "skooltyd-roetine" dus nie noodsaaklik is vir optimale funksionering nie. In hierdie geval bly dit egter steeds belangrik dat die beginsel van roetine in die nie-toesighoudende ouer se huishouding konsekwent sal bly, selfs al verskil dit van die toesighoudende ouer se huishouding, soos beklemtoon word in die beginsel van parallelle ouerskap. Die kind sal 'n begrip ontwikkel dat die ouerhuse se roetine sal verskil. Ouers moet dit erken en respekteer, anders sal die kind pogings aanwend om die situasie te manipuleer deur op die ouer se gevoel te speel dat die ander ouer "beter" is omdat hy/sy die kind ander roetines toelaat. 'n Verduideliking in hierdie verband, deur reflektiewe luistervaardighede en ek-boodskappe, sal die potensiaal wat die situasie tot manipulasie openbaar, minimaliseer.

#### **4.6.2.2 Grense en keuses**

Ouers en kinders raak dikwels in 'n magstryd betrokke, as gevolg van 'n soeke na beheer deur beide ouer en kind. Kinders het nodig om 'n sekere mate van positiewe beheer te ervaar, sodat hulle onafhanklik en vol selfvertroue kan ontwikkel. Die ouer moet dus leer om die omgewing, eerder as die kind, te beheer. Hierdie beheer van die omgewing word gedoen deur grense te stel en die kind van keuses te voorsien. Die ouer stel bepaalde grense en bied dan aan die kind keuses binne hierdie veilige, gestruktureerde omgewing. Hierdie grense gee aan die ouer beheer terwyl die keuses beheer aan die kind ook gee (Dinkmeyer, *et al.* 1997:97). Navorser onderskei twee dele in hierdie proses van grense stel en keuses gee. Die eerste deel sluit die gegewe in: Die kind moet aantrek. Dit is die basislyn van die aksies wat uitgevoer moet word en is nie onderhandelbaar nie. Die tweede deel sluit die keuses in: Die kind kan self kies of hy/sy die rooi broek en blou hemp of die groen broek en geel hemp wil aantrek. Navorser is van mening dat twee keuses voldoende is ten einde te vermy dat die kind

oorweldig voel. Wanneer die kind sy/haar keuse uitgeoefen het, kan die ouer erkenning gee vir die goeie keuse wat gemaak is (beide sou “goed” wees, want die ouer het slegs veilige keuses daargestel.). Hierdie erkenning dui aan dat die ouer die kind se keuse respekteer en dit sal weer aanleiding gee tot selftrots en ‘n positiewe selfbeeld by die kind.

#### 4.6.2.3 Natuurlike en logiese gevolge

Natuurlike gevolge is daardie tipe gevolge wat natuurlik voortspruit uit bepaalde gedrag, dit wil sê dit “gebeur” net. Hierdie tipe gevolg kan ook volg op ‘n keuse wat die kind uitgeoefen het, byvoorbeeld die kind wat weier om te eet, sal honger bly (Hammer & Turner, 1996:48 en Dinkmeyer, *et al.* 1997:98). Logiese gevolge, daarenteen, word deur ouers geskep. “*Logical consequences are those that are assigned by the parent to express the reality of the social order, not of the person*” (Hammer & Turner, 1996:48). ‘n Voorbeeld hiervan sou wees dat, indien die kind die res van die gesin aan die etenstafel steur, die kind voor ‘n keuse gestel word om die tafel te verlaat, of sy/haar gedrag te wysig.

Hierdie benaderings van natuurlike en logiese gevolge plaas die verantwoordelikheid van gedrag op die kind, bied aan die kind die keuse met betrekking tot die tipe gedrag wat hy/sy wil openbaar en bied aan die kind die geleentheid om op sy/haar eie vanaf die omgewing te leer, eerder as om met die wense van ander individue te konformeer. Ouers beleef die benutting van natuurlike en logiese gevolge dikwels as moeilik. Ouers is meer geneig om nie te wil sien hoe hulle kinders “ly” as gevolg van ‘n natuurlike of logiese gevolg nie, of ouers kan dalk moedeloos raak omdat dit op die oog af lyk of hierdie dissiplineringsmetode nie vrugte afwerp nie. Konsekwente volharding en aanmoediging maak dus ‘n integrale deel van hierdie tipe benadering uit (Hammer & Turner, 1996:48). Volgens Van Niekerk, *et al.* (1996:298) kan ouers dikwels gewenste gedrag aan kinders kommunikeer, maar word ondervinding as die beste leermeester op die langtermyn beskou.

Gevolge het bepaalde eienskappe. Volgens Dinkmeyer, *et al.* (1997:99) sluit dit die volgende in:

- Gevolge impliseer dat die ouer en kind respek vir mekaar openbaar.
- Dit is toepaslik vir die aard van die onaanvaarbare gedrag.
- Gevolge handel oor die gedrag van die kind – nie oor die kind self nie. ‘n Onderskeid word dus getref tussen gedrag wat onaanvaarbaar is en ‘n kind wat onaanvaarbaar is.



- Dit verwys na die hier-en-nou. Dit haal nie die verlede op nie, maar spreek die hede aan en word dus as effektief beskou, selfs wanneer dit in twee verskillende huishoudings geïmplementeer word.
- Gevolge is ferm en vriendelik. Die atmosfeer skep dus 'n positiewe, eerder as 'n negatiewe gevoel.
- 'n Gevolg beteken dat die kind keuses kon uitoefen. 'n Positiewe mate van beheer is dus aan die kind toegeken.

Gevolge moet verband hou met die aard van die negatiewe gedrag wat openbaar is. Die kind weet vooraf watter gevolge daar vir bepaalde gedrag is en is dus nie verbitterd daarvoor nie (Van Niekerk, 1990:194). 'n Kind wat nie sy/haar speelgoed opgeruim het nie, verbeur byvoorbeeld die slaaptyd storie. Navorser is van mening dat die benutting van natuurlike en logiese gevolge aan die ouer kreatiewe geleentheid bied om die leerproses op 'n spontane wyse te rig.

#### **4.6.2.4 Leer uit foute**

Die kind moet ook die geleentheid gebied word om uit sy eie foute te leer (Van Niekerk, 1990:194). Die ontwikkelingsfase van die kind is hier van belang, aangesien bepaalde situasies vir 'n eenjarige 'n bedreiging inhou, maar nie vir 'n sesjarige nie. 'n Kind wat byvoorbeeld vir homself/haarself koel drank ingooi leer deur sy/haar eie fout hoe om die koel drankhouer te hanteer. Die kind wat gemors het, kan die koel drank self met 'n lappie opvee. Hierdie motoriese vaardigheid sal met oefening en konsentrasie, bemeester word. Ouers is dikwels egter te gejaagd of te besig om tyd beskikbaar te stel vir die kind om uit sy/haar eie foute te leer. Navorser is van mening dat, indien ouers meer tyd in hierdie tegniek belê, toekomstige dissiplineringsmaatreëls nie aangewend hoef te word om hierdie spesifieke scenario aan te spreek nie, omdat die kind reeds die aanvaarbare gedrag aangeleer en geïnternaliseer het. Die emosionele ontwikkelings stadium van die kind moet ook in ag geneem word (vergelyk Erikson se teorie in hoofstuk 3).

#### **4.6.2.5 Ignoreer die gedrag**

Die ignoreer van ongewenste gedrag kan met sukses in bepaalde omstandighede geïmplementeer word. "Hierdie tugmaatreël kan gebruik word wanneer jou kind 'n sekere gedragspatroon moet afleer, veral swak gedrag en ook in die geval van kinders wat op 'n negatiewe wyse aandag soek" (Van Niekerk, 1990:194). 'n Kind wat voortdurend neul en kerm se gedrag kan geïgnoreer word deurdat die ouer nie



aanmerkings daarvoor maak nie. Deur gedrag te ignoreer, dit wil sê nie positiewe of negatiewe kommentaar daarop te lewer nie, word die gedrag ontmoedig (Van Niekerk, Van der Spuy & Becker, 1996:297). Geen individu hou daarvan om geïgnoreer te word nie en sal dus sy/haar gedrag aanpas ten einde 'n reaksie te ontlok (vergelyk hoofstuk 5).

#### **4.6.2.6 Ontneem voorregte**

Hierdie maatreël is volgens Van Niekerk (1990:195) veral effektief om nalatigheid teë te werk. Die kind wat sy/haar skoene by die skool vergeet het, verbeur byvoorbeeld 'n nuwe speelding omdat die geld vir nuwe skoene aangewend moet word. Deur die kind se televisie-voorregte of rekenaarvoorregte weg te neem, word onaanvaarbare gedrag ook reggestel. Die kind leer op hierdie wyse dat sy/haar vryheid ingeperk kan word en dat aanvaarbare gedrag nodig is om die reg op vryheid te kan hê (Van Niekerk, *et al.* 1996:298). Wanneer die ouer van hierdie dissiplinemaatreël gebruik wil maak, is dit belangrik dat die voorreg wat ontnem word, waarde vir die kind moet hê. Navorser is van mening dat hierdie wegneem van voorregte 'n korttermynproses vir die voorskoolse kind moet wees. Die voorreg behoort op dieselfde dag as die ongewenste gedrag te realiseer, aangesien kinders binne die hier en nou funksioneer en hierdie betrokke tegniek dus meer waarde sal hê indien dit in dieselfde tydsbestek as die negatiewe gedrag kan realiseer. Die kind wat geweier het om op te ruim kan byvoorbeeld daardie betrokke aand nie televisie kyk nie. Weer eens is die konsekwente toepassing van die dissiplinemaatreël van kardinale belang.

#### **4.6.2.7 Laat die kind sy fout regstel**

'n Geleentheid vir spontane regstelling behoort in bepaalde omstandighede gestel word. "Kinders het soms 'n innerlik gemotiveerde behoefte om hulle foute reg te stel, veral wanneer hulle 'n aanvoeling het dat jy hartseer of ontsteld is oor sy gedrag" (Van Niekerk, 1990:196). Indien die kind byvoorbeeld die ouer se blompot breek en dit met gom probeer vasheg, moet die ouer die gewilligheid om die fout te herstel, in ag neem. 'n Kind wat byvoorbeeld die glas melk op die tafel omgestamp het kan ook die geleentheid gebied word om self die lappie te gaan haal en die tafel (na die beste van sy/haar vermoë) skoon te maak. Navorser is van mening dat die konteks waarbinne die wangedrag openbaar is in ag geneem moet word. Indien die kind reeds verskeie kere gemaan of gewaarsku is, is navorser van mening dat die geleentheid om die fout reg te stel, soms reeds verbeur is.

#### **4.6.2.8 Tereg wysing**

Hierdie maatreël het waarde wanneer 'n kind uit onkunde of 'n gebrek aan ervaring optree. Die kleuter wat byvoorbeeld met die leer tot op die dak klim, moet daarop gewys word waarom dit gevaarlik is en waarom die gedrag nie herhaal mag word nie (Van Niekerk, 1990:196). Navorser huldig die mening dat tereg wysing dikwels as 'n "waarskuwing" ook geïmplementeer kan word ten einde 'n ander dissiplinemaatreël te voorkom. Die kind word dus op die ongewenste gedrag gewys en word die geleentheid gebied om nie die spesifieke gedrag weer te herhaal nie.

#### **4.6.2.9 Gesprekvoering**

Deur die benutting van bepaalde kommunikasie-tegnieke soos byvoorbeeld reflektief luister en ek-boodskappe kan die ouer en kind oor die onaanvaarbare gedrag in gesprek tree. Volgens Van Niekerk (1990:196) is dit belangrik dat die ouer nie sal preek, skimp of vae boodskappe probeer oordra nie. Die ouer moet direk en duidelik die bedoelde boodskap oordra. Navorser is van mening dat gesprekvoering op verskillende vlakke deel uitmaak van alle dissiplineringstegnieke, aangesien die ouer moet bevestig dat die kind die rede vir die tugmaatreël begryp.

#### **4.6.2.10 Dissiplineer nie-verbaal**

Nie-verbale gedrag kan met groot sukses geïmplementeer word as tugmaatreël. Vermanende oogkontak en 'n fisiese wegdraai van die kind sal die boodskap duidelik aan die kind oordra (Van Niekerk, 1990:197). Hierdie tegniek kan egter, volgens navorser, slegs met sukses geïmplementeer word indien die kind reeds bewus is dat die gedrag wat openbaar word, ongewens is. Indien daar onsekerheid by die kind bestaan met betrekking tot die gewenstheid van die gedrag, kan die kind hierdie nie-verbale gedrag as verwerping beskou.

#### **4.6.2.11 Afsondering**

Die wyse waarop afsondering as dissiplinemaatreël geïmplementeer kan word, word deur verskeie professionele persone gedebatteer. Die kernidee word deur meeste mense erken: "Isolasie is effektief in bepaalde omstandighede" (Van Niekerk, *et al.* 1996:297). Gesprekke met ouers bevestig 'n verdeeldheid met betrekking tot die wyse waarop hierdie afsondering plaasvind. Sommige mense reken dat die kind na sy/haar kamer gestuur moet word. Ander huldig die mening dat die badkamer meer waarde

het aangesien die kind nie met sy/haar speelgoed kan speel in die tyd wat hy/sy gestraf word nie. Met betrekking tot voorskoolse kinders is navorser van mening dat die badkamer of die bed in die kind se eie kamer effektief kan wees. Of die deur oop of toe moet wees is nog 'n kontroversiële punt. Navorser is van mening dat hierdie besluit op grond van die kind se persoonlikheid geneem moet word. 'n Goeie maatreël met betrekking tot die duur van die afsondering is dat 'n kind een minuut vir elke jaar wat hy/sy oud is in afsondering moet wees. Die voorskoolse kind sal dus slegs 5 of 6 minute in afsondering hoef te wees vir hierdie maatreël om effektief te wees. Navorser is van mening dat langer afsondering nie die sinvolheid daarvan verhoog nie, maar eerder 'n gevoel van onsekerheid en moontlik weerstand by die kind kan ontlok. Die tradisionele hoekie-staan word hierby ingesluit.

#### **4.6.2.12 Lyfstraf**

Hierdie vorm van tug is 'n kontroversiële onderwerp en het sowel aanhangers as teenstanders. Wanneer die ouer lyfstraf toepas, is dit noodsaaklik om die ouer se houding en gesindheid in ag te neem. Lyfstraf word nie geïmplementeer met die oog op vergelding of wraak nie, maar word onderlê deur 'n liefde wat impliseer dat die ouer die kind wil begelei om, in die toekoms, van die betrokke negatiewe gedrag af te sien. Dit is ook van belang dat die ouer die boodskap moet oordra dat die gedrag onaanvaarbaar is en nie die kind self nie (Van Niekerk, 1990:199). Lyfstraf het ten doel om die innerlike ingesteldheid van die kind te wysig en "is op langtermynvorming gerig" (Van Niekerk, *et al.* 1996:298). Hierdie vorm van dissiplinerig behoort die uitsondering eerder as die reël te wees en moet nie vir geringe oortredings benut te word nie. Outeurs soos Van Niekerk, *et al.* (1996:299) huldig die mening dat die ouerhande op vertroosting en vertroeteling gerig is en lyfstraf dus met 'n "instrument" toegedien behoort te word. Navorser is van mening dat hierdie "instrument" vir die voorskoolse kind 'n pantoffel of houtlepel kan insluit. Navorser huldig egter die mening dat die ouer van die voorskoolse kind eerder lyfstraf met die hand moet toedien, juis omdat die ouerhande ook vertroosting en vertroeteling voorsien en dissipline 'n vorm van onderrig is. Indien die lyfstraf binne die regte atmosfeer en weens die regte redes toegedien word, sal daar nie verwarring ontstaan met die kry van liefde en straf nie. Die ouer kan ook beheer uitoefen oor die intensiteit van die straf wanneer hy/sy dit met die hand doen.

#### 4.7 Samevatting

Ouerskap kan oorweldigend wees en word deur die proses van egskeiding bemoeilik. Opleiding vir ouers is noodsaaklik ten einde ouers te bemagtig met die oog op optimale kinderopvoeding. Hulpbronvoorsiening impliseer dat 'n huishouding bepaalde hulpbronne moet benut ten einde die gesin in stand te hou. Van hierdie hulpbronne sluit in materiële-, voedings-, bruikbaarheids-, diens-, gemeenskaps-, kulturele en rekreasie- en kommunikasiehulpbronne. Praktiese take moet ook onderneem word met die oog op die versorging van die gesin. Van hierdie take sluit die instandhouding van die huis, die versorging van klerasie, voedselvoorsiening en voertuig onderhoud, in. Die versorging van kinders beteken dat prosesse in plek sal wees om die kind te beskerm teen liggaamlike leed, emosionele leed, portuurgroepbedreigings en sosiale bedreigings. Die fisiese versorging van die kind en die emosionele versorging van die kind word as die twee primêre faktore beskou wat onontbeerlik is vir optimale ontwikkeling van die kind.

Verskillende ouerskapstyle kan deur ouers gehandhaaf word. Die outoritêre styl beklemtoon die mag wat ouers het en dat hulle opinies op hulle kinders afgedwing word. Hierdie ouerskapstyl bring 'n destruktiewe ouer-kind verhouding mee. Die permissiewe ouerskapstyl bring ook 'n destruktiewe ouer-kind verhouding mee, aangesien daar geen grense vir die kind se funksionering gestel word nie. Die gesaghebbende ouerskapstyl word as die optimale ouerskapstyl beskryf. Grense word in terme van die kind se gedrag gestel, maar die ouer is meer aanpasbaar en voorsien die kind met verduidelikings en warmte. Hierdie ouerskapstyl bring mee dat die kind weet wat van hom/haar verwag word en lei dus tot die ontwikkeling en instandhouding van 'n positiewe ouer-kind verhouding.

Emosionele intelligensie vorm 'n belangrike konsep in ouerskap. Dit is belangrik dat die ouer bewus sal wees van die kind se emosie, die emosie sal erken, empaties sal luister, die kind sal help om die korrekte beskrywende woorde vir die betrokke emosie te vind en grense te stel, deur alternatiewe hanteringstrategieë te ondersoek. Hierdie kommunikasie van gevoelens kan plaasvind deur reflektief te luister, dit wil sê die onderliggende boodskap aan die kind te reflekteer en ook deur van ek-boodskappe gebruik te maak, wat 'n minder bedreigende kommunikasietegniek is.

Dissipline is 'n proses van onderrig wat aangewend word om lewensreëls aan 'n kind oor te dra. Verskillende dissiplineringsmetodes word erken, naamlik orde en reëls, grense en keuses, natuurlike en logiese gevolge, leer uit foute, ignorering van gedrag,

ontneem voorregte, die kind sy/haar eie foute laat regstel, teregwysing, gesprekvoering, nie-verbale dissipline, afsondering en lyfstraf.

## Hoofstuk 5


### Teoretiese benaderings wat tydens intervensie benut word

#### 5.1 Inleiding

Die kompleksiteit van menslike funksionering en die dinamika van die samelewing bring mee dat daar 'n verskeidenheid teorieë bestaan waarvolgens menslike gedrag verduidelik kan word. Volgens Van Rooyen en Combrink (1990:31) is dit vir die maatskaplikwerk-praktisyn net so belangrik om vanuit 'n teoretiese grondslag te werk soos wat dit vir 'n dokter belangrik is om die menslike anatomie te ken. Volgens hierdie outeurs is teorie "die formulering van algemene beginsels uit gegewens wat verskynsels verklaar" (Van Rooyen & Combrink, 1990:31). Met die oog op hierdie navorsingstudie sal daar van drie komplementerende teoretiese raamwerke gebruik gemaak word. Die eerste is 'n sirkulêre benadering, naamlik die sistemiese benadering, terwyl die tweede benadering, die behavioristiese benadering, 'n linieêre benadering is. Die derde benadering, transaksionele analise, verwys na verskillende kommunikasiepatrone en word as 'n instrument vir effektiewe kommunikasie en probleemoplossing beskou.

Die komplementerende aard van die benaderings kan soos volg voorgestel word:

Figuur 5.1: Teoretiese benaderings




Bron: Navorsers se eie sintese

Vanuit bogenoemde skematiese voorstelling is dit duidelik dat die sistemiese benadering as die oorkoepelende teoretiese verwysingsraamwerk benut sal word, terwyl daar elemente van die behavioristiese benadering en die transaksionele teorie, bygevoeg word.

## 5.2 Lineêre en sirkulêre epistemologieë

Twee verskillende paradigmas word benut ten einde menslike gedrag te verklaar. Binne die Westerse kultuur is daar 'n neiging om meer lineêr te dink. Hiermee word bedoel dat 'n reduksionistiese benadering gevolg word waarvolgens oorsaak en gevolg ondersoek word. Hierdie preokkupasie met oorsaak en gevolg bring mee dat daar nie net gesê kan word dat A B tot gevolg gehad het nie, maar ook dat A "bedoel het" dat B op 'n sekere wyse moet gebeur (Tomm, 1984:118). Tydens sirkulêre denke word die interaksiepatrone eerder as die gedrag beklemtoon. Die kommunikasiepatroon tussen A en B kan 'n reaksie op C hê, wat weer 'n reaksie op A kan hê. 'n Voorbeeld hiervan sou insluit dat die vader se laat werk (A) tot konflik lei tussen hom en die moeder (B) en dat die kind se huilery (C) as gevolg van die konflik die konflik tussen die ouers intensifiseer. Die vader kan dus meer gereeld laat werk ten einde te probeer ontvlug van die konflik. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:

Figuur 5.2 :Verskillende epistemologieë



Bron: Navorser se eie sintese

'n Lineêre epistemologie fokus op diskrete gevolge en stel hipoteses aangaande die oorsake daarvan, terwyl 'n sirkulêre epistemologie op die herhalende effek van interaksie tussen dele van die sisteem fokus en hipoteses stel met betrekking tot holistiese patrone (Tomm, 1984:118). Tydens die sirkulêre epistemologie word die

fokus dus op kommunikasiepatrone geplaas. Hierdie navorsingstudie sal beide die sirkulêre en linêre epistemologieë beklemtoon.

### 5.3 Sistemiese benadering

#### 5.3.1 Definisie

Volgens Gladding (1998:241) is “sistemies” ‘n algemene term wat baie omvattend is en omskryf dit ‘n terapeutiese benadering wat interverwant is. Mikesell, Lusteran en McDaniel (1995:xv) gee die volgende beskrywing: “*Systems therapy...is considered (to be) the comprehensive set of interventions for treating the family, including individuals, couples, nuclear families, families of origin, medical systems and other larger contexts (such as school and work), and the cultural and ethnic contexts in which all of these are embedded*”. Becvar en Becvar (2000:65) gebruik die woord “kuberneties” as ‘n sinoniem vir sistemies. Sisteeme kan soos volg opgesom word:

- Dit bevat interaktiewe elemente.
- Sisteeme kan oop of geslote wees met betrekking tot interaksie van die eksterne wêreld.
- Dit is hiërargies verbind.
- Sisteeme kan toestande van homeostase of ewilibrum openbaar.
- Dit word deur positiewe of negatiewe terugvoer gereguleer.
- Dit het ‘n sirkulêre invloed, deurdat veranderinge in een deel van die sisteem ander dele van die sisteem ook beïnvloed.
- Sisteeme beklemtoon dat ‘n gegewe effek veranderinge elders in die sisteem te weeg bring en onverwagte gevolge kan inhou vir die sisteme wat hieraan verbind is.

‘n Sisteem opsigself word deur Bateson (1971:243) omskryf as ‘n eenheid waar terugvoer voorkom, dit wil sê inligtingsverwerking kan voorkom. Die waarde van die sisteemteorie vir die maatskaplikewerk-praktyk: “...is die klem wat dit plaas op interaksie, transaksies, wederkerigheid van rolle en kommunikasie” (Van Rooyen & Combrink, 1990:65). Volgens Van Staden (1992:204) hou die voortbestaan van ‘n sisteem “met die uitruiling van inligting deur die individue van die sisteem verband”. Dit blyk dus dat ‘n sisteem ‘n dinamiese entiteit is wat interverwant funksioneer met ander sisteme, dit wil sê ander sisteme beïnvloed en deur ander sisteme beïnvloed word. ‘n Dinamiese interaksieproses hou hierdie sisteem in stand. Die feit dat inligtingsverwerking kan voorkom, bring mee dat kognitiewe bewustheid verandering kan meebring.



Met die oog op hierdie navorsingstudie sal die sistemiese benadering die klem op die sosiale konteks waarbinne die individu funksioneer, plaas. Die gesinsdinamika, interaksiepatrone wat binne die gesinsisteem voorkom en die gepaardgaande style van kommunikasie en konflikthantering sal beklemtoon word.

### 5.3.2 Teoretiese beskouing

Die sistemiese model is 'n ontwikkeling in die sielkunde waar die fokus nie soseer op die individu nie, maar eerder op die sisteem waarbinne die individu funksioneer, val. Die sosiale konteks waarbinne die individu funksioneer moet in ag geneem word. Die primêre konteks is die gesinsisteem (Peterson, 1996:87). Volgens Berg-Cross (2000:6) is 'n gesin die basiese biososiale eenheid in die gemeenskap wat in kern uit twee volwassenes wat saamwoon, bestaan. Hierdie kern werk saam in die opvoeding van eie of aangenome kinders. Die sielkundige karaktereienskappe van 'n gesin sluit die volgende in (Berg-Cross, 2000:7): wedersydse toegewydheid, 'n geskiedenis en kontinuïteit, potensiaal tot uitbreiding, langdurige verhoudings wat intensief is en volwassenes wat 'n sosiale verantwoordelikheid met betrekking tot die ontwikkeling en welstand van die kinders het. Hierdie eienskappe word bedreig wanneer die gesinsisteem verdeel word tydens 'n egskeiding.

Die sistemiese model beklemtoon die gesin se invloed op die gedrag van die individu. *"This viewpoint holds that all members of a family are enmeshed in a network of interdependent roles, statuses, values, and norms"* (Sue, et al. 1997:56). Die holistiese benadering van die sistemiese model dui daarop dat die geheel meer as die som van die dele is. Hierdie beginsel bevestig die feit dat die gesinsisteem meer as slegs die individuele lede insluit (Oltmanns & Emery, 1995:41). Die omvang van die gesinsisteem se funksionering kan ook nie verklaar word aan die hand van die evaluering van die individuele gesinslede nie, aangesien die totale gesinsisteem as meer as die som van individue beskou word (Denton, 1990:115). Tomm (1984:118) konstateer tereg: *"In adopting a systemic perspective, the capacity to shift from a reductionistic to a holistic orientation is essential"*. Terapeutiese intervensie fokus nie op die evaluering van die doelwitte wat die gesin met spesifieke gedragpatrone wil bereik nie, maar wel op die effek wat die bepaalde gedrag op die gesinsisteem het. Interaksiepatrone en gesinsdinamika speel ook 'n kardinale rol in hierdie beginsel van holisme. Hierdie feit van holisme word te na gekom wanneer 'n egskeiding realiseer.

Wanneer daar in hierdie navorsingstudie na die term “sisteem” verwys word, word daar na die gebroke kerngesin verwys. Die term “subsisteme” verwys na die vader en kinders of moeder en kinders.

Drie basiese aannames word in hierdie model onderskei:

- Die eerste aanname is dat persoonlikheidsontwikkeling tot 'n groot mate deur die bydrae van die gesin beïnvloed word. Tomm (1984:117) som hierdie stelling op as “*mind is social*”. Die implikasie hiervan is dat problematiek by die individu as 'n resultaat van sosiale interaksiepatrone beskou word en nie as patologie van aard nie. Problematiek wat binne die gesin voorkom, word geïdentifiseer as “probleme met leef”, dit wil sê die gedrag reflekteer die sisteem se kondisie en aanpassingsvermoë (Griffin, 1993:2). Hierdie sosiale interaksiepatrone word versteur tydens 'n egskeiding en die gebroke gesinsisteem se vermoë tot aanpassing, word beproef. Veral die wyse waarop ouers teenoor hulle kinders optree, word hier beklemtoon (Sue, *et al.* 1997:57). Elke gesin word as 'n komplekse sisteem waar elke gesinslid se gedrag die ander gesinslede se gedrag beïnvloed en daardeur beïnvloed word, beskou (Peterson, 1996:87). Die belangrikheid van hierdie wedersydse beïnvloeding neem toe na afloop van 'n egskeiding, aangesien die ewilbrium van funksionering versteur is en nuwe interaksiepatrone tot stand gebring moet word. Die perspektief verander vanaf die individu na die individu se konteks van funksionering.

Terapeutiese intervensie fokus dus op die verandering van die omgewing. Volgens Griffin (1993:2) verwys die term “omgewing” na sowel die fisiese omgewing (gedragspatrone) as die perseptuele omgewing (kognisie, oortuigings). Die stelling van Becvar en Becvar (2000:69) som dit effektief op: “...*reciprocal causality, we see people and events in the context of mutual interaction and mutual influence*”. Die implikasie hiervan is dat verandering in een deel van die sisteem (individu) noodwendig ook 'n verandering in die res van die sisteem (gesin) sal meebring (Denton, 1990:115). Hierdie aanname dui daarop dat betekenis verkry word vanuit die wyse waarop die verskillende elemente mekaar definieër. Die oorweldigende emosies wat tydens 'n egskeiding ervaar word, kan daartoe lei dat hierdie betekenis en definiëring moontlik destruktief, eerder as konstruktief, kan wees.

Binne die gesin waar egskeiding plaasgevind het, bring dit 'n bykomende dimensie van sosialisering en definiëring in terme van die sisteem mee. Die kind definieër homself/haarself in terme van die interaksie en wederkerigheid van die toesighoudende ouer (subsisteem), maar ook in terme van die nie-toesighoudende ouer (subsisteem) binne die groter sisteem van die gebroke gesinseenheid. Die kind se persepsie van

homself/haarself as element van die sisteem kan dus wissel na gelang van sy/haar kontak met die nie-toesighoudende ouer. Die toesighoudende ouer definieër homself/haarself in terme van die interaksie met sy/haar kinders (subsisteem), maar ook in terme van die noodsaaklike kommunikasie en kontak met die nie-toesighoudende ouer as deel van die gebroke sisteem. Problematiek by enige van die betrokke individue (vader, moeder of kinders) kan dus as resultaat van die interaksiepatrone beskou word.

- Die tweede aanname van die sistemiese benadering dui daarop dat “problematiese gedrag” in die individu as ‘n simptome van die gesinsfunksionering beskou word. Hierdie destruktiewe gesinsfunksionering gaan normaalweg gepaard met ongesonde gesinsdinamika en swak kommunikasie (Sue, *et al.* 1997:57). Die “problematiese gedrag” wat voorkom word dus nie noodwendig deur die gesinsisteem veroorsaak nie, maar kom wel voor as gevolg van die disfunksionaliteit van die gesin. Denton (1990:115) konstateer tereg: “...*symptoms serve a purpose or function within the family system*”. Die “problematiese gedrag” van die individu gee ook aan die individu beheer en mag oor die situasie. Die gesin wat ‘n egskeiding deurloop het, kan op verskeie vlakke met “probleemgedrag” manifesteer, aangesien disfunksionele gedrag, ongesonde gesinsdinamika en konflik ‘n egskeiding dikwels voorafgaan. Probleme binne die gesin word nie noodwendig deur ander lede van die gesinsisteem veroorsaak nie, maar kom voor as gevolg van die disfunksionaliteit binne die gebroke gesinsisteem.

- Die derde aanname beklemtoon dat terapie op die totale gesinsisteem gefokus moet wees en nie slegs op die geïdentifiseerde kliënt (gesinslid) nie (Sue, *et al.* 1997:57). Volgens Peterson (1996:87) is die geïdentifiseerde kliënt bloot dié een wat blatant aandui dat daar ‘n probleem binne die gesin voorkom. By implikasie is dit duidelik dat die gedrag van die betrokke individu nie as “problematies” beskou word nie, maar dat die konteks waarbinne die individu funksioneer “problematies” is. Alle terapie word dus toegespits op die verhoudings tussen individue, nie die individu self nie. Na afloop van ‘n egskeiding is dit dikwels die kind binne die gesin wat as die geïdentifiseerde kliënt na vore kom. Die kernkonsepte in gesinsterapie word tweeledig deur Griffin (1993:9-12) geïdentifiseer: verhoudings (affektief, gedrag, kognisie, houding teenoor ander) en prosesse. Hierdie stelling beklemtoon die belangrikheid van die gesprek binne die terapeutiese situasie in dié sin dat die persoon nie in terme van sy/haar gedrag beskryf sal word nie, maar dat die klem sal lê op die feit dat die persoon sekere gedrag openbaar, byvoorbeeld: “Jy is rebels” word vervang met “Die rebellerende gedrag wat jy openbaar”. Dit is dus duidelik dat die gesin en verhoudings

binne die gesin 'n kragtige veranderingsagent is en terapeutiese toetrede dus plaasvind waar dit die grootste impak kan hê – in die gesin (Griffin, 1993:3). Die uitdaging wat die gebroke gesinsisteem binne hierdie konteks aan die terapeut stel, is intens: die terapeut moet die gesin daarin kan begelei om, te midde van emosionele konflikte en pogings tot aanpassing, die klem op gedrag eerder as persoonlikhede, te plaas.

Na afloop van 'n egskeidingsituasie, dit wil sê die terminering van die gesin as sisteem, is dit dikwels onmoontlik om terapeuties toe te tree tot die gesin as geheel. Die kinders wat uit die betrokke huwelik gebore is, behou die oorspronklike gesin as 'n terapeutiese sisteem. Terapeutiese intervensie is wel moontlik indien die subsisteme as 'n teoretiese eenheid beskryf word. Die vestiging van effektiewe kommunikasiepatrone binne die gevolglike susbsisteme (gebroke kerngesin) is noodsaaklik met die oog op optimale funksionering en emosionele gesondheid.

Hierdie aannames word soos volg deur Keeney (1979:120) opgesom: Probleme in een deel van die sisteem kan lei tot simptomatiese uitdrukking in enige ander deel van die sisteem. Simptomatiese verligting in een deel van die sisteem kan lei tot die oordrag van die simptomatiese uitdrukking na 'n ander deel van die sisteem. Verandering in een deel van die sisteem sal by implikasie aanleiding gee tot verandering in die ander deel van die sisteem, dit wil sê die sogenaamde rimpel-effek sal manifesteer. Dit is dus duidelik dat geen gesinslid onaangeraak kan bly tydens terapeutiese intervensie volgens die sisteembenadering nie. Die hipotese is dat terapeutiese intervensie wat gelyktydig met twee subsisteme onderneem word, die nodige veranderinge spoediger sal laat plaasvind en meer blywende resultate tot gevolg sal hê, aangesien beide subsisteme toegewyd sal wees tot die daarstel en in stand hou, van positiewe interaksiepatrone.

### **5.3.3 Terapeutiese intervensie**

Terapeutiese intervensie met die gesin wat 'n egskeiding deurloop het, kan in drie dele verdeel word (Griffin, 1993:3):

- Die eerste dui op bemagtiging in terme van kommunikasie. Didaktiese inligting met betrekking tot kommunikasie moet deurgegee word, met die oog daarop om kommunikasiepatrone te kan identifiseer. Binne die gebroke gesinsisteem moet die kommunikasiepatrone aangepas word ten einde voorsiening te maak vir die hantering van intense emosionele reaksies. Die doel van hierdie vorm van intervensie is die daarstel en instand hou van konstruktiewe kommunikasiepatrone.

- Die tweede deel dui op assessering van die egskeidingsituasie. Sirkulêre vraagstelling sal die gesinsdinamika en onderliggende emosies en verhoudings na vore bring.
- Die derde deel is toekomstgerig en beklemtoon die waarde van gesinsrituele binne die gebroke gesinsisteem.

### 5.3.3.1 Kommunikasie

Elke gesin het 'n unieke styl en karaktereenskappe wat in herhalende patrone van interaksie voorkom (Peterson, 1996:87). Die dag-tot-dag funksionering van 'n gesin staan bekend as die gesinsdinamika en word deur kommunikasie ondersteun. 'n Egskeidingsituasie versteur die homeostase van die gesin, verander die gesinsdinamika radikaal en bring dikwels ernstige kommunikasie-probleme mee. Terapeutiese intervensie, met die klem op kommunikasie, fokus daarop om die ekwilibrium in die gesin te herstel en in stand te hou, ook binne die gebroke gesinsisteem.

Die term “kommunikasie” word deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1996:34) omskryf as “die proses waardeur gedagtes of gevoelens verbaal of nie-verbaal deur een persoon aan 'n ander oorgedra word”. Individue en gesinne ontwikkel duidelik herkenbare kommunikasiestyle. Liggaamshouding, verbuigings in die stemtoon en die onderwerp van besprekings integreer die gesinsidentiteit (Berg-Cross, 2000:301). Meeste van die teoretiese verklarings wat te make het met die kommunikasiepatrone binne die gesin onderskei hoofsaaklik tussen twee boodskappe: In die eerste plek is daar die woorde, dit wil sê die inhoud van die boodskap – die verbale boodskap. Ten tweede word die nie-verbale boodskap geïdentifiseer. Hierdie tipe boodskap verwys na die konteks waarbinne die verbale boodskap oorgedra word. Die belangrikheid van die nie-verbale boodskap word soos volg deur Berg-Cross (2000:302) omskryf: *“The metamessage often restricts the meaning of the spoken words and always colors their interpretation”*. Die liggaamshouding en stemtoon van 'n moeder wat vir haar kind sê “Jou kamer lyk wonderlik”, sal dus aandui of die moeder opregte erkenning gee vir 'n kamer wat netjies is en of sy sarkasties is aangesien die kamer alles behalwe wonderlik lyk.

Die wyse waarop inligting deurgegee word, bepaal hoe die inhoud van die boodskap geïnterpreteer moet word. Van Staden (1992:204) konstateer die volgende in hierdie verband: “Inligting wat op die “wat”-vlak deurgegee word, word deur die “hoe”-vlak kongruent of inkongruent bevestig.” Ambivalente kommunikasie (waar 'n boodskap

verbaal oorgedra word, gepaardgaande met 'n nie-verbale gedrag wat die boodskap weerspreek) bring spanning en konflik mee. Goeie kommunikasievaardighede is essensieël vir gesonde gesinsfunksionering, veral in krisistye en tye waar homeostase nie bereik kan word nie.

▪ *Die kommunikasieproses*

Volgens Van Niekerk (1996:123) behels die kommunikasieproses "'n afsender (die persoon wat die boodskap stuur), 'n boodskap (dit wat gesê of gedoen word) en 'n ontvanger (die persoon met wie die afsender kommunikeer en die ontvanger van die boodskap)". Hierdie outeur beklemtoon dat kommunikasie nie net "praat" beteken nie, maar dat aktiewe luister 'n integrale rol in kommunikasie speel. Wanneer 'n individu met aandag luister na 'n boodskap, impliseer dit 'n mate van omgee tussen die kommunikeerders.

Verskillende vlakke van kommunikasie word aangedui:

- Die eerste vlak is die cliché. Hierdie is die mees algemene vlak vir gesprekvoering. "Die afsender is totaal onbetrokke by die ontvanger. Die afsender wys baie min tot niks van homself" (Van Niekerk, 1996:126). Gesprekke wat daagliks plaasvind met betrekking tot die weerpatrone word as 'n voorbeeld hiervan aangedui.
- Die volgende vlak van kommunikasie het te make met feite. Objektiewe mededelings word deurgegee, sonder dat emosionele uitlatings daaraan gekoppel word. Hierdie vlak van kommunikasie maak die afsender bietjie meer betrokke by die ontvanger, aangesien die afsender inligting kommunikeer wat meer waarde vir hom het. 'n Voorbeeld hiervan sou wees dat die afsender aan die ontvanger sê dat die afsender se kind 'n goeie rapport gekry het.
- Die "menings"-vlak van kommunikasie dui op die uitruiling van persoonlike gedagtes, oordele en opinies en die afsender openbaar dus nog meer van homself. Die afsender sal moontlik kan sê dat hy dink dat sy kind baie hard gewerk het om die goeie rapport te kon kry.
- Die volgende vlak het te make met die kommunikeer van emosies. "Omdat hy meer van homself openbaar, leer die ontvanger hom beter ken" (Van Niekerk, 1996:127). Hindernisse kan ook uit die weg geruim word ten einde beter kommunikasie te bewerk. Die afsender sou moontlik kon noem dat hy baie trots is op sy kind oor die genoemde rapport.
- Die laaste vlak van kommunikasie, die vlak van algehele openbaring, dui op spontane en openhartige kommunikasie. Die afsender vertrou die ontvanger en weet dat sy/haar standpunt en gevoelens gerespekteer word. Hierdie vlak van

kommunikasie vind slegs tussen mense wat naaste aan mekaar is, plaas. Die hipotese sou wees dat hierdie vlak van kommunikasie tussen gesinslede behoort te realiseer. Met inagneming van parallelle ouerskap, sal hierdie kommunikasievlak nie na afloop van 'n egskeiding aangemoedig word nie.

- *Kommunikasie-style*

Satir (in Berg-Cross, 2000:303) omskryf vyf verskillende style van kommunikasie wat 'n individu kan openbaar.

- Die eerste styl staan bekend as die “paaier” (*“placator”*). Hierdie styl word gekenmerk deur die vermyding van konflik. Satir (in Berg-Cross, 2000:303) omskryf hierdie tipe persoon soos volg: *“He or she is too accommodating, too polite, too apologetic, or just ‘too good to be true’”*. Hierdie tipe persoon is baie gemotiveerd om alles so glad moontlik te laat verloop. Hoewel hierdie tipe persoon as vriendelik beskou word, word sy/haar styl deur minimale verbalisering van persoonlike behoeftes gekenmerk. Die angstigheid wat deur hierdie tipe persoon ervaar word, word weerspieël in die feit dat hulle maklik emosioneel mishandel word, aangesien hulle altyd bereid is om die minste te wees. Saxton (1990:164) ondersteun hierdie beskrywing en voeg by dat die paaier alles in sy/haar vermoë sal doen om nie in 'n konfliktsituasie betrokke te raak nie, ongeag hoe sterk die provokasie. Hierdie individu se persoonlike ideale word nie nagestreef nie, aangesien hy/sy altyd instemmend reageer op alle proposisies, ongeag hulle eie gedagtes of idees daaromtrent. 'n Verhouding met 'n paaier is nie wederkerig bevredigend nie, aangesien die paaier daarop ingestel is om die ander persoon tevrede te hou, eerder as om sy/haar gevoelens te verbaliseer.
- Die “blameerder” verkies ook dat gesinsfunksionering glad en effektief verloop. Wanneer die roetine egter verbreek word of verwagtinge nie bereik word nie sal hierdie tipe persoon maklik iemand anders kan identifiseer wat die verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar. Hierdie individu se kommunikasiestyl word gekenmerk deur woorde soos “moes”, “was veronderstel om”, “altyd” en “nooit”. Hierdie tipe persoon hou daarvan om ander te blameer, te rig, te adviseer en namens ander te praat (Satir in Berg-Cross, 2000:303). Blameerders is ook geneig om nie te luister nie en slaag dus ook nie daarin om 'n begrip te ontwikkel van wat die ander individu probeer uitdruk nie. Volgens Saxton (1990:164) beskou die blameerder aanval as die beste vorm van verdediging. Na afloop van 'n egskeiding is ouers dikwels geneig om hierdie styl van kommunikasie teenoor die ander ouer aan te neem.



- Die “afleier” (“*distractor*”) verkies ook vrede en harmonie binne die gesinsopset. Hierdie tipe persoon vind dit egter moeilik om verantwoordelikheid te neem vir probleme wat binne die gesin voorkom, maar wend ook nie pogings aan om ander gesinslede te blameer nie. *“Instead, the distractor tries to defuse family conflicts by forcing the family to unite and face an equally pressing, but less divisive concern”* (Berg-Cross, 2000:303). ‘n Voorbeeld hiervan sou wees dat ‘n kind skielik baie “siek” word ten einde die ouers se aandag op hom/haar te fokus, eerder as die probleem waaroor hulle op daardie spesifieke oomblik baklei. Na afloop van ‘n egskeiding sou die kind moontlik “vrede” tussen die ouers probeer inisieër, deur as afleier op te tree. Die afleier is ook geneig om ‘n irrelevante opmerking te maak, eerder as om ‘n reguit antwoord te gee. Die afleier kan ook die feite van die gesprek ignoreer deur nie te reageer nie en die ander persoon dus te ignoreer, of deur weg te loop of dadelik met iemand anders, byvoorbeeld ‘n troeteldier, te gesels (Saxton, 1990:164).
- Die “super-regverdig” persoon word beskou as die individu wat altyd rasioneel probleme op ‘n objektiewe wyse probeer analiseer. Die woordeskat van hierdie tipe persoon word gekenmerk deur woorde soos “moontlik”, “sou kon” en “mag dalk”. Hierdie tipe persoon vind dit egter moeilik om in kontak te kom met sowel sy/haar eie emosies as dié van ander. *“Super-reasonable people are never wrong in their own eyes. Yet they are rarely right because they only see one layer of reality”* (Berg-Cross, 2000:305). Dit blyk dus dat hierdie analitiese styl van kommunikasie nie slegs voordele inhou nie.
- Die laaste styl van kommunikasie word beskryf as die “kongruente” persoon. Hierdie tipe persoon openbaar die mees omvangryke styl van kommunikasie. Hierdie persoon openbaar die behoefte om sy/haar gevoelens uit te druk en ‘n rede te voorsien van waarom hulle op ‘n spesifieke oomblik op ‘n spesifieke wyse optree. Hierdie tipe persoon sal soms kwaad word aangesien hy/sy dit belangriker ag om woede uit te druk as om die vrede te bewaar. Wanneer hierdie persoon skuldig is, sal hy/sy die verantwoordelikheid en blaam daarvoor neem. Die probleem word nie geïgnoreer nie. Die verbale styl van hierdie persoon is vol emosie. *“The congruent style gives the individual the highest degree of personal freedom and gives families the greatest hope of successfully maintaining trust and support within their nuclear group”* (Berg-Cross, 2000:306). Dit blyk dus dat hierdie tipe kommunikasie die meeste voordele vir die gesinsisteam inhou.

Bogenoemde kommunikasiestyl kan egter ook wissel van interaksie tot interaksie. So kan ‘n moeder byvoorbeeld ‘n blameerder wees teenoor ‘n vader, ‘n afleier teenoor haar seun en ‘n kongruente persoon teenoor haar dogter. Hierdie faset beklemtoon die



kompleksiteit van die kommunikasiepatrone binne 'n gesinsisteem en ook binne die gesinsisteem wat 'n egskeiding deurloop het.

- *Kommunikasievaardighede*

Kommunikasievaardighede is van kardinale belang vir gesonde gesinsfunksionering. Kommunikasie word as effektief beskou wanneer die ontvanger die boodskap interpreteer, ooreenkomstig die boodskap wat die afsender bedoel het. Ondoeltreffende kommunikasie kom voor wanneer die boodskap wat gestuur is, nie met die boodskap wat ontvang is ooreenstem nie. Veral twee redes vir wankommunikasie word deur Van Niekerk (1996:131) geïdentifiseer. Die eerste dui daarop dat die inhoud van die boodskap en die wyse waarop die boodskap oorgedra word, nie met die bedoeling van die boodskap korreleer nie. 'n Individu wat byvoorbeeld uitdrukkingloos aantoon dat hy/sy bly is om die ander persoon te sien, dra 'n ambivalente boodskap oor. Ten tweede bestaan die gevaar ook dat die ontvanger die boodskap foutief kan interpreteer, selfs al is die boodskap kongruent oorgedra. Redes wat hiervoor aangevoer word, sluit verskillende agtergronde in terme van opvoeding, kultuur en huislike omstandighede, in. Die oplossing vir hierdie twee redes van wankommunikasie lê daarin dat die afsender se verbale en nie-verbale gedrag kongruent moet wees en dat die ontvanger op so 'n wyse moet hoor en verstaan wat die afsender sê, dat die bedoeling daarvan ook korrek geïnterpreteer kan word.

Die effektiwiteit van kommunikasie hang van bepaalde elemente, wat binne die kommunikasieproses voorkom, af. Elke individu binne die interaksie bring sy/haar eie styl, agtergrond, vaardighede en vermoëns na vore. Die volgende elemente van kommunikasie word deur Lasswell en Lasswell (1991:193) onderskei:

- Openheid

Wedersydse openheid van die individue in interaksie is noodsaaklik vir betekenisvolle kommunikasie. Selfopenbaring en opregtheid is kenmerkend van openhartige kommunikasie. *“Openness allows others to get to know a person’s likes, dislikes, thoughts, and feelings”* (Laswell & Lasswell, 1991:193). Hierdie openheid impliseer dat die individu wat die boodskap stuur oor selfkennis en selfinsig moet beskik in sy/haar eie funksionering. Na afloop van 'n egskeiding kan hierdie openheid tydelik geïnhibeer word.

- Eerlikheid

Die belangrikheid van eerlikheid lê daarin dat dit gevoelens klarifiseer, misverstande voorkom/uit die weg ruim en negatiewe gevoelens aanspreek. Eerlikheid kan egter ook destruktief aangewend word binne 'n kommunikasieproses. Dit is daarom van kardinale belang dat die persoon sy/haar kommentaar eers evalueer ten einde te bepaal of dit konstruktief sal bydrae tot die groei en instandhouding van die verhouding. Egskeiding kan hierdie proses van eerlikheid strem.

- Vertroue

Vertroue word onderlê deur die mate van intimiteit en kwesbaarheid wat binne die verhouding voorkom. *“To facilitate trust in communication, a listener needs to convey sincere, non-self-serving interest in what others are saying”* (Lasswell & Lasswell, 1991:198). Dit is dus duidelik dat vertroue hand-aan-hand gaan met die reeds genoemde elemente. Na afloop van 'n egskeiding kan vertroue egter eers weer binne die nuwe gesinsisteme bewys moet word.

- Empatie

Empatie dui op die individu se vermoë om met die ander persoon se emosionele reaksie te identifiseer, sonder om die betrokke gevoelens self te ervaar. Die individu moet dus kan identifiseer met hoe dit voel om in die ander persoon “se skoene te staan”. Dit is dikwels moeilik om hierdie element van kommunikasie te kan implementeer, aangesien die ontvanger van die boodskap ook sy/haar eie gevoelens met betrekking tot die boodskap moet evalueer en dus altruïsties moet kan optree. Empatiese gedrag behoort, na afloop van 'n egskeiding, binne die onderskeie huishoudings voort te duur.

- Luister

Die proses van luister is aktief van aard en benodig konsentrasie. Die proses van luister (ontvanger) en praat (afsender) vorm die basis van alle kommunikasie en word bemoelijk aangesien beide partye emosionele reaksies met betrekking tot die boodskap het. Sonder 'n proses van aktiewe luister sal die afsender nie op die boodskap kan reageer nie en sal kommunikasie getermineer word. Indien die afsender nie aktief luister nie, kan misverstande voorkom wat die verhouding tussen die betrokke individue kan versteur. Die kwaliteit van kommunikasie hang dus af van die individue se kapasiteit om die betekenis van die boodskap korrek te interpreteer.

Dit blyk dus dat egskeiding 'n nuwe vorm van kommunikasie impliseer.

### 5.3.3.2 Sirkulêre vraagstelling

Sirkulêre vraagstelling omvat die kapasiteit van die terapeut om die ondersoekproses te rig. Die terugvoer van die gesin in reaksie op die inligting wat beskikbaar gestel word met betrekking tot die verhoudings en by implikasie dus die vermoë tot verandering, word bevestig. Prakties word hierdie tegniek soos volg toegepas: Elke gesinslid word die geleentheid gebied om die verhouding tussen twee ander gesinslede te beskryf. Op hierdie wyse word “objektiewe” inligting en ook die individuele perspepsies van gesinsverhoudings verkry (Palazzoli-Selvini, Boscolo, Cecchin & Prata, 1980:9) Hierdie wyse van interaksie dwing kommunikasie binne die gesin af, aangesien elke lid graag sy/haar bydrae sal wil lewer ten einde homself/haarself te “verdedig” of sy/haar reaksies te regverdig. Die benutting van sirkulêre vraagstelling word deur Penn (1982:272) in verskillende kategorië verdeel:

- Die eerste kategorie is die analogiese kategorie en sluit in die verbale en nie-verbale inligting wat deur die gesin aan die terapeut beskikbaar gestel word.
- Die tweede kategorie lei tot die definiëring van die probleem in die hier en nou. Die vraag “Wat is die probleem op die oomblik?” word as die beginpunt van die gesprek beskou. Inligting met betrekking tot die oorsprong van die probleem en die patrone wat sedertdien gevestig het, sal weldrae na vore kom.
- Kategorie drie dui op die koalisies wat binne die gesin bestaan. Vrae soos wie die meeste ontsteld is met wie en so meer, resorteer hieronder.
- Wat die verskillende lede van die gesin doen wanneer die probleem na vore kom, is kategorie vier. ‘n Poging word hier aangewend om die gevestigde patrone te wysig.
- Kategorie vyf fokus op vrae wat bepaalde aspekte van die gesinsfunksionering kan klassifiseer of vergelyk. Klassifikasie sal plaasvind in terme van byvoorbeeld verhoudings: “Wie is die naaste aan ma. En dan? En dan?” Vergelykings kan getref word in terme van byvoorbeeld tydsduur: “Is die probleem nou beter of slegter as toe?”.
- Kategorie ses vrae, is vrae met betrekking tot ooreenstemming. Die terapeut sal tydens hierdie tipe vraagstelling poog om te bepaal of daar van die gesinslede is wat met ‘n betrokke stelling saamstem, al dan nie.
- Skinder-vrae val in kategorie sewe. Hierdie tipe vrae sal een persoon versoek om in die teenwoordigheid van twee spesifieke gesinslede oor hulle te skinder.
- Kategorie agt sluit die vergelyking van subsysteme binne die gesin, in. Die evaluering van verskille en ooreenkomste word hierby gegroep.

- Kategorie nege sluit verduidelikende vraagstellings in. Die terapeut maak hier gebruik van vrae wat spesifiek 'n verduideliking van die gesin vra. 'n Vraag soos "hoe sal jy dit verduidelik?" sou hierby ingesluit kan word. Hierdie kategorieë van vraagstelling vind nie noodwendig in hierdie volgorde plaas nie.

Met betrekking tot hierdie navorsingstudie is hierdie tegniek van sirkulêre vraagstelling nie benut nie, maar word dit volledigheidshalwe geïnkorporeer.

### 5.3.3.3 Rituele

Bepaalde rituele word vir die gesin voorgeskryf in 'n poging om die disfunksionele interaksiepatrone wat reeds binne die gesin gevestig is, te vervang. 'n Ritueel soos om byvoorbeeld 'n punt daarvan te maak om vir mekaar "goeienag" te sê is betekenisvol. Gladding (1998:244) som die waarde van 'n ritueel soos volg op: "*By changing the actions of the family members, the therapist hopes to change the cognitive map or meaning of the behavior*". Die sukses van 'n ritueel sal by implikasie by die gesin lê. Indien een van die gesinslede nie die voorgestelde ritueel wil volg nie sal dit, volgens die sisteembenadering, 'n negatiewe effek op die ander gesinslede ook hê. Die teendeel kan egter ook as waar beskou word: Indien daar slegs een van die gesinslede is wat nie aan 'n betrokke ritueel wil deelneem nie, sal die positiewe modellering van die ander gesinslede wel uiteindelik ook die betrokke gesinslid beïnvloed.

Die vestiging van nuwe rituele binne die gebroke gesinsisteem is belangrik ten einde positiewe interaksiepatrone en dus 'n positiewe gesinsdinamika vas te stel. Hierdie rituele is egter nie net belangrik vir die betrokke subsysteme (vader en kinders of moeder en kinders) nie, maar is ook belangrik vir kommunikasie tussen die betrokke subsysteme, dit wil sê tussen vader en moeder. Rituele sluit nou aan by die totstandkoming en handhawing van roetine. Na afloop van 'n egskeiding is dit belangrik dat nuwe rituele en roetine in plek gestel word, al is daar verskillende wyses waarop dit in die twee verskillende huishoudings prakties deurgevoer word, met inagneming van die beginsel van parallelle ouerskap.

### 5.3.4 Gesonde gesinsfunksionering

Vanuit hulle ervaring van die praktyk het Becvar en Becvar (2000:131) tot die gevolgtrekking gekom dat daar sekere dimensies van funksionering binne "gesonde" gesinne voorkom. Die betrokke outeurs bevestig dat geen gesin oor al hierdie

dimensies beskik nie, maar dat 'n groter aantal van die dimensies 'n meer "gesonde" of optimale funksionering beteken. Die implikasies van egskeiding daarop word ook genoem. Die dimensies sluit in dat die gesin:

- Oor 'n wettige bron van outoriteit beskik wat reeds gevestig is en met die verloop van tyd ondersteun is. Egskeiding bring mee dat die outoriteit binne die sisteem verdeel word.
- 'n Stabiele stel reëls gevestig het en daarop reageer. Hierdie reëls kan verander as gevolg van 'n egskeiding. Hierdie reëls kan ook inkonsekwent toegepas word en tussen die twee huishoudings verskil.
- 'n Stabiele en konsekwente vorm van vertroetelende en koesterende gedrag openbaar. Die emosionele geborgenheid van die kerngesin word versteur tydens egskeiding.
- Effektiewe en stabiele metodes implementeer met die oog op kinderontwikkeling. Kinderopvoedingspraktyke kan verskil na 'n egskeiding, aangesien beide ouers die kinders volgens hulle eie persepsies grootmaak. Soos reeds aangedui is die gesaghebbende ouerskapstyl die optimale opvoedingstyl en behoort dit, as meganisme in parallelle ouerskap, in beide huishoudings geïmplementeer te word.
- 'n Stel doelwitte as gesin en as individue nastreef. Die nastreef van gesinsdoelwitte kan sekondêr staan tot oorlewing, na afloop van 'n egskeiding.
- Voldoende buigbaarheid en aanpasbaarheid voorkom ten einde normale ontwikkeling te akkommodeer en onverwagte krisisse die hoof te bied. Buigbaarheid en aanpasbaarheid kan sekondêr staan tot emosionele oorlewing, beheer en mag.

Die volgende dimensies kan geïdentifiseer word as noodsaaklik vir gesonde gesinsfunksionering te wees, na 'n egskeiding:

- Beide die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer moet hulle rolle van outoriteit inneem sodat dit met verloop van tyd ondersteun kan word.
- Beide ouerhuise moet 'n stel reëls vestig wat geldig is vir die betrokke huishouding en dit in stand hou. Waar moontlik moet reëls in die twee ouerhuise ooreenstem.
- Ouers moet daarna streef om hulle kinders emosioneel geborge te laat voel deur emosioneel toeganklik te wees en koesterend op te tree.
- Ouers moet verantwoordelikheid neem vir hulle eie kinderopvoedingspraktyke. Parallele ouerskap, waar ouers die ander ouers se opvoedingstyl respekteer, moet nagestreef word, selfs indien die ouers daarvoor verskil.
- Beide huishoudings moet doelwitte formuleer wat binne die subsisteme nagestreef kan word. Hierdie doelwitte kan onder andere rituele insluit wat gesinseenheid en betrokkenheid bevorder.

- Die volwassenes moet bewus wees van hulle eie prosesse en dié van hulle kinders ten einde kognitiewe beheer oor lewensomstandighede te kan uitoefen.

Die ontwikkelingsvlakke van die individu, die fases in die huweliksverhouding en die fases van die gesin (Becvar & Becvar, 2000:139) moet in ag geneem word binne die sistemiese teorie. Hierdie stelling identifiseer van die verskillende sisteme wat binne die gesinsisteem voorkom naamlik die individu, die man en vrou en die gesin as 'n geheel. Met betrekking tot hierdie studie is die ontwikkelingsvlakke van die individu, die fase van die huweliksverhouding tydens terminering van die huwelik en die fase van die gesin bespreek (vergelyk hoofstuk 3).

### **5.3.5 Kritiese evaluering van die sistemiese benadering**

Kommentaar op die sisteemteorie het hoofsaaklik te make met multi-kulturele en hersaamgestelde gesinsaspekte. Die eerste is dat die begrip “gesin” in die blanke kultuur na die kerngesin (vader, moeder, kinders) verwys. Tradisioneel verwys “gesin” in die swart kultuur na die groter familie wat grootouers, ooms en tannies ensomeer insluit. In die hersaamgestelde gesin bring kinders dikwels elke alternatiewe naweek en vakansies by die ouer wat nie toesig en beheer gekry het nie, deur. 'n Nuwe stel huisreëls, interaksiepatrone en kommunikasiestyl is dus van toepassing vir hierdie gesinsisteem.

Hierdie leemtes van die sistemiese benadering is nie vir hierdie studie van toepassing nie.

## **5.4 Behavioristiese benadering**

### **5.4.1 Definisie**

Behaviorisme word deur Pervin (1993:376) omskryf as 'n benadering binne die sielkunde wat ondersoek tot overte, waarneembare gedrag beperk. Macmillan (1999:52) beskryf gedragsterapie soos volg: *“A form of therapy in which the principles of learning theory are used to devise methods of teaching patients to overcome maladaptive habits”*. Die behavioristiese benadering fokus dus op waarneembare gedrag en erken die belangrikheid van leer.

#### 5.4.2 Teoretiese beskouing

John B. Watson (1878-1958) word as die vader van die behaviorisme beskou (Pervin, 1993:340). Watson het die bestudering van die mens as 'n wetenskap beskou en gekonstateer dat die teoretiese doel van behaviorisme die voorspelling en beheer van gedrag is (Davison & Neale, 1998:39). Volgens die behaviorisme word daar dus nie gepoog om die individu te probeer verstaan nie (Meyer, *et al.* 1988:179). Met betrekking tot hierdie studie word daar ook nie primêr gepoog om die individu te verstaan nie, maar wel om gedrag te voorspel en dus te beheer. Verskeie teoretici het bydraes tot hierdie benadering gelewer, onder andere Skinner, Pavlov, Bandura en Watson. Volgens Nye (1992:49) som Watson die behavioristiese benadering en die rol van die omgewing in die volgende stelling op: “...could take any healthy infant and make it into whatever was desired – doctor, lawyer, artist, beggar or thief – by providing the proper environment”. Die rol van genetika word nie noodwendig hierin gerespekteer nie. Met betrekking tot hierdie navorsingstudie word die waarde van genetika erken, maar nie beklemtoon nie.

Drie basiese aannames van behaviorisme word onderskei:

- Die eerste aanname is dié van omgewingsdeterminisme, wat konstateer dat “*all organisms, including humans, are shaped by the environment*” (Rosenham & Seligman, 1995:114). Hierdie stelling word deur Meyer, *et al.* (1997:291) ondersteun: “...gedrag verklaar word as die outomatiese resultaat van omgewingsfaktore”. Bandura se standpunt toon dat elke persoon oor 'n gedragsrepertoire beskik, dit wil sê oor 'n bepaalde stel gedragsreaksies. Die gedragsreaksie wat binne 'n bepaalde situasie aangewend sal word, hang volgens Meyer, *et al.* (1997:343) af van die aard van die situasie, die individu se vorige ervaring, die toekomsverwagting en die doelwitte van die individu. Meyer, *et al.* (1988:179) erken die rol van genetika in dié dat daar gekonstateer word dat die individu by geboorte oor 'n aantal geneties bepaalde response beskik en dat die omgewing hierdie individu in 'n komplekse organisme omskep wat oor talle aangeleerde response en gewoontes beskik. Die rol van genetika word duidelik deur Van Rooyen en Combrink (1990:42) geformuleer: “Die kern waarop die behavioristiese model gegrond is, is die veronderstelling dat die persoon drange het wat primêr fisiologies van aard is, maar dat 'n hiërgargie van sekondêre motiewe deur die proses van sosialisering kan ontstaan.” Binne die gesin wat 'n egskeiding deurloop het, staan hierdie rol van omgewingsdeterminisme direk tot alle gedrag, aangesien die bekende omgewing waarbinne die persoon funksioneer, totaal verander en die funksionering van die persoon dus direk geraak word.



- Die tweede aanname is dié van eksperimentering, naamlik dat die individu deur middel van eksperimentering kan bepaal watter aspek van die omgewing die betrokke gedrag veroorsaak het en hoe die individu hierdie gedrag kan verander (Rosenham & Seligman, 1995:115). Die spesifieke aspek van die omgewing wat die individu motiveer om op 'n bepaalde manier te reageer, moet dus geïdentifiseer word (Meyer, *et al.* 1988:237). Van Rooyen en Combrink (1990:42) konstateer in hierdie verband dat die individu uit ervaring weet dat, indien hy/sy op 'n sekere wyse te werk gaan, hy/sy sy/haar doel kan bereik. Die veranderde situasie na 'n egskeiding bring mee dat die persoon nuwe gedragspatrone moet ondersoek ten einde sy/haar doelwitte te kan bereik. Daar moet dus gelet word op spesifieke elemente in die omgewing wat 'n bepaalde gedragsreaksie tot gevolg het en in stand hou.

- Die derde aanname dui op optimisme. Die implikasie hiervan is dat, indien die individu deur eksperimentering kan bepaal watter aspek van die omgewing die individu se gedrag tot gevolg het en die omgewing verander kan word, die individu by implikasie ook sal verander (Rosenham & Seligman, 1995:115). Indien daar bepaal kan word watter aspek van die omgewing die individu se ongewenste gedrag in stand hou, kan verandering bewerkstellig word. "Die basiese beginsel dat die meeste gedrag deur die omgewing beheer word en dat 'n verandering in sekere elemente in die omgewing gedrag kan verander, is vir die behavioris belangriker as die oorsprong van die gedrag" (Van Rooyen & Combrink, 1990:42). Pervin (1993:339) konstateer dat die individu die omgewing kan manipuleer en dat hierdie manipulasie in die gedrag wat openbaar word, gereflekteer word. Die individu se oortuiging van sy/haar vermoë om binne 'n bepaalde situasie effektief te funksioneer, is hier van belang (Meyer, *et al.* 1988:236). 'n Assessering van die omgewing hou dus waarde in, met die oog op bemagtiging na afloop van 'n egskeiding.

Hierdie teoretiese aannames van die behavioristiese benadering word soos volg deur Meyer, *et al.* (1997:294) opgesom: "Die mens, soos enige ander organisme, produseer gedrag en word deur die resultate van die gedrag beheer in die sin dat die omgewing bepaal watter gedrag aangeleer en herhaal word. Aangesien gedrag deur omgewingsfaktore beheer word, kan dit gemanipuleer word deur die omgewing te manipuleer." Volgens Van Rooyen en Combrink (1990:42) fokus die behavioristiese benadering op waarneembare gedrag en word gedrag aangeleer deur die individu se interaksie met die omgewing. Hierdie model beskou leer dus as 'n kardinale faktor in die ontwikkeling van gedrag. Leer is die wyse waarop 'n individu bepaalde gedrag sal aanleer en dus by implikasie ook kan afleer, soos deur Pervin (1993:339) beklemtoon word: "*Since most problematic behaviors have been learned, they can be unlearned or*



*otherwise changed through the application of learning-based procedures.*” Hoofsaaklik drie tipes leer word onderskei, naamlik: Klassieke kondisionering, operante kondisionering en waarnemingsleer.

#### 5.4.2.1 Klassieke kondisionering

Met betrekking tot klassieke kondisionering konstateer Gladding (1996:267) dat die persoon nie aktief by die proses betrokke hoef te wees, om te leer nie. Leer vind deur die assosiering van twee stimuli plaas. Volgens die beginsel van klassieke kondisionering (ook genoem respondente kondisionering) sal 'n ongekondisioneerde stimulus 'n ongekondisioneerde respons tot gevolg hê. Die term “stimulus” verwys volgens Skinner (in Meyer, *et al.* 1997:295) na “enige waarneembare voorwerp of verandering in die omgewing wat gedrag voorafgaan”. Pervin (1993:342) stel die beginsel van klassieke kondisionering soos volg: *“The essential characteristic of classical conditioning is that a previously neutral stimulus becomes capable of eliciting a response because of its association with a stimulus that automatically produces the same or a similar response.”* Wanneer 'n gekondisioneerde stimulus (wat 'n betekenisvolle assosiasie met die ongekondisioneerde stimulus het) geïmplementeer word sal 'n gekondisioneerde respons verkry word (Wilson, O'Leary, Nathan & Clark, 1996:52). Die klassieke eksperiment van Pavlov (1849-1936) kan hier as voorbeeld beskryf word. In hierdie eksperiment het Pavlov waargeneem dat die hond reeds speeksel in sy mond vorm wanneer “leidrade” aan hom voorgelê word dat daar voedsel op pad is. Hierdie leidrade sluit die bak waarin die voedsel voorsien is en die teenwoordigheid van die persoon wat normaalweg die voedsel aan die hond voorlê, in. In hierdie voorbeeld sal die voedsel as die ongekondisioneerde stimulus en die speeksel as die ongekondisioneerde respons beskryf word. Hierdie beskrywing word gemaak aangesien die speeksel 'n outomatiese, reflektiewe reaksie op die voedsel is. 'n Neutrale stimulus, soos byvoorbeeld 'n klokkie, sal nie normaalweg tot die vorming van speeksel aanleiding gee nie. Indien die klokkie kort voor die voorsiening van voedsel gelui word vir 'n sekere aantal kere, sal die lui van die klokkie alleen genoegsame stimuli wees vir die speeksel om te vorm. Kondisionering het dus plaasgevind. In hierdie geval sal daar na die klokkie verwys word as 'n gekondisioneerde stimulus, terwyl daar na die speeksel as 'n gekondisioneerde respons verwys sal word (Pervin, 1993:341-342). Volgens Nye (1992:54) verwys respondente kondisionering na *“a specific kind of behavior that is elicited by a specific kind of stimulus”*. Hierdie gekondisioneerde response is 'n geleidelike proses van leer en moet versterk word om optimale resultate te behaal. Veralgemening kan ook voorkom met betrekking tot stimuli en response. *“Pavlov found that the response that*

*had become conditioned to a previously neutral stimulus would also become associated with similar stimuli, a process called generalization”* (Pervin, 1993:343).

Volgens hierdie proses van veralgemening sal die respons op die klokke (dit wil sê die vorming van speeksel) veralgemeen kan word na die geluid van soortgelyke stimuli. Die individu sal egter 'n mate van diskriminasie in hierdie verband kan openbaar, wat as 'n beperking van veralgemening beskou word. Met betrekking tot egskeiding, is hierdie beginsel geldig vir onder andere ouers wat mekaar kritiseer en afkraak. Die kind kan angstig en onseker raak binne hierdie omstandighede en dus 'n bepaalde hanteringstrategie aanleer, ten einde nie te voel dat hy/sy dislojaal teenoor die ander ouer op te tree deur stil te bly nie.

Gedrag wat deur middel van klassieke kondisionering aangeleer is, kan deur middel van verskeie prosesse afgeleer word. Van hierdie prosesse sluit in uitwissing en sistematiese desensitasie. Die proses van uitwissing word deur Pervin (1993:343) soos volg bespreek: Indien die oorspronklike neutrale stimulus (die klokke) herhaaldelik voorgelê word sonder dat die ongekondisioneerde stimulus (die voedsel) daarop volg, sal daar 'n progressiewe afname of verswakking van die kondisionering of assosiasie voorkom. Die aanname waarop uitwissing as metode gebaseer is word soos volg omskryf: “Wanneer gedrag konsekwent sonder versterking bly, lei dit daartoe dat die gedrag verswak en mettertyd heeltemal verdwyn” (Meyer, *et al.* 1997:310). Indien ouers ophou om mekaar te kritiseer en voor die kind af te kraak, kan die ang en onsekerheid wat deur die kind ervaar word, dus verdwyn.

Sistematiese desensitasie word as metode aangewend om “angsheidsreaksies te elimineer deur die persoon te leer om in die teenwoordigheid van die gevreesde stimulus te ontspan” (Meyer, *et al.* 1997:309). Die effektiewe implimentering van ontspanningsoefeninge vorm 'n integrale deel van sistematiese desensitasie. Hierdie ontspanning ('n meedingende respons) word gekondisioneer om stimuli wat voorheen ang veroorsaak het, te neutraliseer. Die waarde van sistematiese desensitasie word soos volg gestel: “...*the patient learns to respond to certain previously anxiety-arousing stimuli with the newly conditioned response of relaxation*” (Pervin, 1993:349). Die persoon word dus geleidelik blootgestel aan die stimuli wat ang veroorsaak. Met betrekking tot egskeiding, kan die kind dus deur gereelde kontak met beide ouers ervaar dat die omgewing nie lojaliteitskonflik afdwing nie.

#### 5.4.2.2 Operante kondisionering

Operante kondisionering (ook genoem instrumentele kondisionering) beteken letterlik dat die gedrag “operate on” die omgewing. Hierdie stelling impliseer dus dat die persoon aktief betrokke moet wees by die proses vir leer om te kan plaasvind (Gladding, 1996:267). Nye (1992:55) omskryf dit soos volg: “*Operant behavior is behavior that operates on the environment to produce consequences.*” Volgens hierdie leerbenadering speel diskriminerende stimuli ‘n rol. “*Discriminative stimulus refers to the information our environment provides us about the likelihood that our responses will be rewarded, ignored, or punished*” (Wilson, et al. 1996:55). ‘n Operante respons word dus in werking gestel waarvolgens die gedrag gereguleer word in ooreenstemming met die gevolge wat die gedrag inhou.

Die werk van Skinner word as van kardinale belang beskou in die ontwikkeling van operante kondisionering as behavioristiese benadering. “*The basis of Skinner’s operant conditioning procedure is the control of behavior through the manipulation of rewards and punishments in the environment*” (Pervin, 1993:355). Volgens Skinner sal die stimuli in die omgewing nie die organisme dwing om op te tree nie. Die oorspronklike oorsaak van gedrag word beskou as inherent aan die organisme self te wees. Dit blyk dus dat Skinner gedrag as ‘n outomatiese funksie van die organisme beskou. Gedrag word dus nie uitgelok nie, maar vind spontaan plaas. Versterkers kom egter voor. Dit word deur Skinner beskou as ‘n aksie (stimulus) wat op ‘n respons volg en die waarskynlikheid van herhaling van die aksie bevorder (Meyer, et al. 1997:299).

Hierdie proses van versterking word soos volg geïllustreer: Indien ‘n duif op die grond rond pik (natuurlike aksie) sal die teenwoordigheid van korrels op die grond meebring dat die duif na alle waarskynlikheid sal aanhou om op die grond rond te pik. Die korrels dien dus as versterking. ‘n Versterker word dus gedefinieer in terme van die effek wat dit op spesifieke gedrag uitoefen (Pervin, 1993:357). Meyer, et al. (1997:300) konstateer verskeie tipes versterkers wat deur Skinner onderskei word. *Positiewe versterking* impliseer dat ‘n sekere gedragstipe toeneem na aanleiding van die toediening van ‘n positiewe stimulus. Die implikasie hiervan is dat die bepaalde gedragstipe voortgaan of toeneem. ‘n Voorbeeld sou wees dat, indien ‘n kind erkenning kry vir ‘n spesifieke gedrag, die gedrag waarskynlik weer sal manifesteer. *Negatiewe versterking* vind plaas wanneer ‘n sekere gedragstipe toeneem na die verwydering van ‘n aversiewe stimulus, dit wil sê ‘n onaangename stimulus. Weer

eens word 'n toename in spesifieke gedrag waargeneem. 'n Voorbeeld hiervan sou wees dat die kind, wat nie meer oor die ander ouer se huishouding uitgevra word nie, moontlik spontaan inligting met die ouer daarvoor sal deel. *Straf* impliseer dat 'n bepaalde gedragswyse afneem as gevolg van twee moontlike gebeure: Die toediening van 'n aversiewe stimulus of die verwydering van 'n positiewe stimulus.

Dissiplineringsmetodes wat geïmplementeer word, word ook as straf beskou.

*Uitwissing* kom voor wanneer die stimulus weerhou word, soos byvoorbeeld wanneer 'n ouer 'n kind se ongewenste gedrag ignoreer.

Met betrekking tot die ontwikkeling van kinders, konstateer Pervin (1993:359) die volgende: "*As the child develops, responses are conditioned and remain under the control of reinforcement contingencies in the environment.*" Op hierdie wyse sal materiële beloning en erkenning as versterkers optree vir byvoorbeeld selfstandige gedrag soos aantrek en self eet.

Die verskil tussen respondente en operante kondisionering is drieledig van aard:

- Geen spesifiek identifiseerbare stimuli gaan operante kondisionering vooraf nie. Dit wil dus voorkom of die organisme dit spontaan produseer.
- Ten tweede "het operante gedrag 'n effek op die omgewing en word die operante gedrag deur hierdie effek beheer (terwyl respondente gedrag deur voorafgaande stimuli beheer word)" (Meyer, *et al.* 1997:296).
- In die derde plek word daar by respondente kondisionering 'n assosiasie gevorm tussen 'n stimulus en 'n respons, terwyl daar by operante kondisionering 'n toename in gedrag plaasvind, as gevolg van 'n stimulus of omgewingsverandering wat op die gedrag volg.

Klassieke en operante kondisionering word as direkte leerervarings beskou. Beloning en straf word as eksterne agente beskou, dit wil sê omgewingsverwant. Hierdie proses vind egter nie outomaties plaas nie. Die individu reageer nie blindelings op hierdie stimuli nie, maar interpreteer dit en formuleer hipoteses oor die resultaat van die moontlike gedrag. Die rol van die individu in gedrag word dus versterk, aangesien dit blyk dat die individu die self moet versterk (dit wil sê 'n besluit moet neem) om die gedrag te internaliseer (Meyer, *et al.* 1988:240).

#### **5.4.2.3 Waarnemingsleer**

Volgens die waarnemingsleer kan 'n individu bepaalde gedrag aanleer (en afleer) deur die gedrag van 'n model waar te neem. Met betrekking tot hierdie vorm van leer is dit

dus nie nodig dat die individu aktief by die proses betrokke hoef te wees nie en hoef die proses ook nie direkte gevolge vir die persoon in te hou nie (Gladding, 1996:268). Die naam van Bandura (1925- ) word sterk aan hierdie tipe leer gekoppel (Meyer, *et al.* 1997:341). Hierdie aspek van behaviorisme verklaar gedrag in terme van interaksie tussen die individu en die omgewing en staan as wederkerige determinisme bekend. Hierdie beginsel bepaal dat mens beïnvloed word deur faktore vanuit die omgewing, maar dat die individu die keuse kan uitoefen met betrekking tot hoe hy/sy wil reageer. Die individu is dus aktief betrokke met betrekking tot response op die omgewing en die rekonstruksie van die omgewing. *“People select situations as well as being shaped by them, and they influence the behavior of others as well as being shaped by the behavior of others”* (Pervin, 1993:388). Selfregulering, dit wil sê die individu se oortuiging dat hy/sy sy/haar eie gedrag kan beheer en self-effektiwiteit, dit wil sê die individu se oortuiging dat hy/sy oor die vermoë beskik om beheer uit te oefen oor faktore wat sy/haar lewe beïnvloed, speel 'n kardinale rol in die betekenis van waarnemingsleer.

Die beginsel van waarnemingsleer beklemtoon dat gedrag aangeleer of afgeleer kan word, deur die blote waarneming van 'n ander individu se gedrag. Modelling is dus die wyse waarvolgens gedrag aangeleer kan word. Modelling impliseer nie dat alle gedrag wat waargeneem word, noodwendig nagevolg word nie. Volgens Meyer, *et al.* (1988:242) is die volgende van belang tydens indirekte leer : Die mate van aandag wat die individu aan die model se gedrag gee, sal 'n rol speel in die mate van leer wat plaasvind. Tydens retensie word bedoel dat die individu die gedrag van die model kan onthou, al dan nie. Tydens reproduksie, word die gedrag van die model deur die individu nageboots of nie nageboots nie. Dit kan ook gebeur dat kontranabootsing voorkom, dit wil sê dat die individu gedrag produseer wat anders as die waargenome model se gedrag is. Waarnemingsleer vind nie outomaties plaas nie, aangesien die betrokke individu aan meer as een model blootgestel word en 'n keuse kan uitoefen in terme van die gedrag wat hy/sy wil aanleer of afleer (Pervin, 1993:394). Binne die gesin, ook die gesin waar egskeiding plaasgevind het, bly die ouers die kind se belangrikste model van gedrag.

Motivering tot gedrag kan soos volg opgesom word:

- Elke individu skep bepaalde doelwitte of standaarde waarvolgens hy/sy wil funksioneer.
- Die individu oorweeg alternatiewe wyses van funksionering en neem besluite op grond van die geantisipeerde uitkomst (intern en ekstern) en die waargenome self-effektiwiteit wat nodig is om die bepaalde aksies uit te voer.

- Wanneer aksie geneem is, word die uitkomst geassesseer in terme van die eksterne beloning van ander en die individu se eie interne selfevaluering.
- Suksesvolle funksionering sal aanleiding gee tot verhoogde self-effektiwiteit en 'n moontlike ontspanning met betrekking tot funksionering, of 'n verhoging van doelwitte of standaarde.
- Onsuksesvolle funksionering of mislukking kan aanleiding daartoe gee dat die individu hetsy opgee, of voortgesette pogings tot bemeestering aanwend, afhangend van die waarde wat die individu aan die suksesvolle funksionering heg (Pervin, 1993:397).

### 5.4.3 Terapeutiese intervensie

Binne die behavioristiese benadering kan daar van verskillende tegnieke gebruik gemaak word om die negatiewe of disfunksionerende gedrag af te leer. Die doel van terapie kan in die beantwoording van die volgende vrae geklarifiseer word. Met watter onwenslike gedrag presenteer die individu? Watter versterkers hou hierdie gedrag in stand? Watter omgewingsveranderinge moet plaasvind sodat die wanaangepaste gedrag afgeleer en toepaslike gedrag aangeleer kan word? (Rosenham & Seligman, 1995:124). Die afleer van ontoepaslike gedragsreaksies (dit wil sê problematiese gedrag) het te make met die self-effektiwiteit van die individu. Die individu se vertroue in sy/haar vermoë om bepaalde toepaslike gedrag te reproduseer en bepaalde ontoepaslike gedrag te elimineer, bepaal of die individu sal poog om die betrokke situasie te hanteer, al dan nie. Die individu sal ook geneig wees om situasies waar hy/sy weet dat sukses behaal kan word eerder aanpak, as situasies waar hy/sy die risiko kan loop om onsuksesvol te wees. 'n Positiewe of negatiewe kringloop kan op dié wyse gevorm word aangesien sukses in 'n situasie self-effektiwiteit sal verhoog en die persoon met vrymoedigheid weer 'n soortgelyke situasie sal konfronteer. Wanneer 'n bepaalde situasie nie bemeester kan word nie, sal die persoon soortgelyke situasies in die toekoms probeer vermy, aangesien sy self-effektiwiteit verlaag word (Meyer, *et al.* 1988:244). Hierdie stellings is ook geldig vir die gesin wat 'n egskeiding deurloop het.

Assessering volgens 'n behavioristiese benadering, beklemtoon die volgende stappe:

- Ten eerstens moet spesifieke gedrag, bekend as die teiken-gedrag, geïdentifiseer word.
- Spesifieke omgewingsfaktore wat hierdie teiken-gedrag uitlok of stimuleer, moet ten tweedens geïdentifiseer word.

- Ten derdens moet spesifieke omgewingsfaktore wat gemanipuleer kan word ten einde die teiken-gedrag te verander, geïdentifiseer word (Pervin, 1993:361). 'n Behavioristiese assessering van woede-buie by 'n kind sal dus insluit dat die woede bui duidelik en objektief gedefinieër word. 'n Duidelik beskrywing van die omstandighede wat die woede-bui uitlok, moet onderneem word en 'n duidelike beskrywing van die volwassenes se reaksie moet gegee word, ten einde te bepaal of die reaksie die gedrag versterk. Hierdie assesseringstegniek staan ook bekend as die ABC-assessering waar A verwys na die voorafgaande gebeure ("*Antecedent conditions*"), B verwys na die gedrag self ("*Behavior*") en C verwys na die gevolge van die gedrag ("*Consequences*") (Pervin, 1993:360). Alle gedrag kan hiervolgens verklaar word.

#### 5.4.4 Kritiese evaluering van die behavioristiese benadering

Die waarde van behaviorisme is gesetel in die gedragsverandering wat voorkom.

- Volgens Van Rooyen en Combrink (1990:44) lei die implementering van gedragsveranderingstegnieke die kliënt tot selfhulp, aangesien die kliënt insig ontwikkel in die feit dat hy/sy beheer oor omstandighede kan uitoefen. Beheer word deur die ouer en die kind ervaar.
- Die tweede voordeel van hierdie benadering word soos volg opgesom: "...is gedragsverandering op voorkoming ingestel omdat ouers, onderwysers of belangrike persone in die kliënt se omgewing geleer kan word om omstandighede in die kliënt se milieu te verander om die voorkoms van verdere probleemgedrag by die kliënt te voorkom" (Van Rooyen & Combrink, 1990:44).
- 'n Behavioristiese benadering in terapie is koste-effektief en tyd-effektief, aangesien dit die individu se funksionering in die hier en nou assesseer en dit dus nie nodig is om die verlede ook te assesseer nie (Gladding, 1996:275).

Die behavioristiese benadering manifesteer egter ook met bepaalde kritiek en beperkinge:

- Die feit dat die basiese beginsels van leer op diere onderneem is bevraagteken die relevantheid daarvan vir mense. Meyer, *et al.* (1997:294) konstateer egter in hierdie verband dat die belangrikste verskil tussen die mensdom en die diereryk in hierdie verband daarin lê dat die mens oor 'n groter repertoire van moontlike gedragsreaksies beskik, op grond van die mens se genetiese struktuur (Pervin, 1993:375).



- Die feit dat alle ondersoek binne 'n laboratorium plaasgevind het en veranderlikes dus beheer en gemanipuleer kon word, bevraagteken die geldigheid vir natuurlike omstandighede (Pervin, 1993:375).
- Die behavioristiese benadering blyk die waarde van die kognitiewe funksionering van die mens te oorvereenvoudig. Die rol van kennis, dit wil sê die wyse waarop inligting ontvang, georganiseer en oorgedra word, word nie genoegsaam erken nie (Pervin, 1993:375).
- Hierdie benadering fokus nie op die persoon in geheel nie, maar fokus eksplisiet op die gedrag van die individu (Gladding, 1996:277).
- Hierdie benadering erken ook nie die rol van die verlede in die vorming van die individu nie en erken ook nie die rol van ontwikkelingsfasies nie (Gladding, 1996:277).

Met die oog op hierdie navorsingstudie word die behavioristiese benadering as voordelig beskou vir die gesin wat 'n egskeding deurloop het, aangesien daar op waarneembare gedrag in die hier-en-nou gefokus word.

## 5.5 Transaksionele analise

### 5.5.1 Inleiding

Transaksionele analise (TA) is 'n psigoterapeutiese metode wat die kognitiewe benadering en die psigodinamiese benadering op 'n kreatiewe wyse kombineer. Volgens Gladding (1996:247) is hierdie teorie in die vroeë sestigerjare deur Eric Berne geformuleer. Volgens Macmillan (1999:476) is transaksionele analise 'n vorm van terapie *"in which interactions are used to reveal what role (e.g. that of parent or child) a person is unconsciously playing, his unconscious goals, and the tricks ('games people play') he habitually uses in his dealings with others"*. Hierdie teorie sluit die kognitiewe en affektiewe funksionering van die individu in.

Hierdie terapeutiese benadering is op vier basiese konsepte gebaseer, naamlik drie egostate (as't ware elemente van die persoonlikheid), transaksies (dit wil sê sosiale interaksie), sielkundige speletjies (*"games"*) en lewensdraaiboeke (*"scripts"*). Met betrekking tot hierdie studie word die transaksionele analise benadering aangewend met die oog op die vestiging van positiewe sosiale interaksies binne die gesinsisteem. Daar sal verduidelik word hoe die drie egostate, die transaksies en die sielkundige speletjies wat binne die egskedingsgesin realiseer, die totale sistemiese funksionering destruktief kan beïnvloed. Dit word gebaseer op die aanname dat negatiewe



kommunikasiepatrone en konflik 'n belangrike bydrae gelewer het tot die realiteit van die egskeiding.

### 5.5.2 Teoretiese beskouing

Die filosofiese aannames waarop die TA-teorie gebaseer is, kan hoofsaaklik in drie dele verdeel word (Stewart & Tilney in Palmer, 2000:317 en Stewart, 1989:1):

- Die eerste aanname is dat mense “OK” is, dit wil sê dat elke individu 'n intrinsieke waarde het.
- Ten tweede word beklemtoon dat alle individue oor die vermoë beskik om te dink. Die feit dat 'n mens keuses het en self die verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar, word bevestig.
- Die derde aanname is dat mense hulle eie toekoms bepaal en die keuses wat hulle toekoms kan bepaal, kan verander. Die dinamiese aard van die persoonlikheid en die vermoë tot verandering word dus beklemtoon.

Volgens Gladding (1998:245) word TA as 'n optimistiese teorie beskou, aangesien die basiese beginsel is dat mens, ongeag sy/haar verlede, kan verander en dat keuse 'n sentrale konsep in funksionering is. Menslike gedrag kan, volgens Gladding (1998:246) met behulp van vier wyses geëvalueer word naamlik, strukturele analise, transaksionele analise, spel-analise en lewensdraaiboek analise. Die onderskeid word soos volg verduidelik (Gladding, 1996:248):

- Strukturele analise - begrip vir wat besig is om met die individu te gebeur.
- Transaksionele analise – beskryf wat tussen twee of meer individue gebeur.
- Spel-analise – begrip vir die transaksies wat tussen individue plaasvind en negatiewe gevoelens ontlok.
- Lewensdraaiboek-analise – begrip vir die lewensplan wat elke individu volg.

### 5.5.3 Metodes waarvolgens menslike gedrag geëvalueer kan word


#### 5.5.3.1 Strukturele analise

Die persoonlikheid van die mens word volgens die TA-teorie saamgestel uit drie funksionele egostate. Die begrip “egostaat” word deur Berne (in Clarkson, 1992:75) omskryf as die konsekwente patroon van gevoelens en ervaring wat direk verwant is aan 'n ooreenstemmend konsekwente patroon van gedrag. Hierdie egostate word nie as drie aparte “persoonlikhede” binne die individu beskou nie, maar eerder as bepaalde fasette van die betrokke individu se persoonlikheid. Hierdie egostate sluit die

ouer (P – “*parent*”), die volwassene (A – “*adult*”) en die kind (C – “*child*”), in. Die ouer word verder in ‘n vertroetelende ouer (“*nurturing parent*”) en ‘n kritiese ouer (“*critical parent*”) onderverdeel. Die volwasse word nie onderverdeel nie. Die kind-egostaat word weer in ‘n natuurlike kind (“*natural child*”) en ‘n aangepaste kind (“*adaptive child*”) onderverdeel, soos deur Gladding (1998:246-248 en 1996:248) beskryf.

Bogenoemde kan skematies soos volg voorgestel word:

Figuur 5.3: Egostate



Bron: Gladding, 1998:247

Die kind-egostaat is die eerste om te ontwikkel en word gekenmerk deur kinderlike gedrag en gevoelens. Berne (in Clarkson, 1992:44) omskryf dit soos volg: “*Child ego state is a set of feelings, attitudes and behaviour patterns which are relics of the individual’s own childhood.*” Die natuurlike kind is spontaan en impulsief terwyl die aangepaste kind konformeer met die wense en die behoeftes van die ouerfigure. Die kind-egostaat sal alle interne inligting as deel van die persoonlikheid inkorporeer, dit wil sê die kind se reaksie op dit wat hy/sy sien of hoor (Gladding, 1998:247). ‘n Voorbeeld van funksionering vanuit die natuurlike kind, kan positief wees, “Ek wil hierdie saak wen”, of negatief wees “Wie dink sy is sy” (Van Staden, 1992:206). Oormatige funksionering vanuit die natuurlike kind-egostaat kan egter onbeheerbare gedrag tot gevolg hê. Funksionering vanuit die aangepaste kind-egostaat kan ook positief wees, indien opdragte positief uitgedruk word: “Gee asseblief die groente aan” of indien dit negatief uitgedruk word: “Ek kan nie in die openbaar optree nie” (Van Staden, 1992:206). Laasgenoemde outeur is van mening dat die konformerende kind moeilik is om mee oor die weg te kom en geneig is tot die koestering van skuldgevoelens, depressie en ‘n “robot”-persoon.

Die ouer-egostaat inkorporeer alle houding en gedrag van die ouerfigure. Die lang lys van “moet” en “moenie” word hierby ingesluit. Hierdie egostaat bestaan uit die gevoelens, houdings en gedragspatrone wat ooreenstem met die ouerfiguur, volgens Berne (in Clarkson, 1992:49). Die vertroetelende ouer is dié deel van die egostaat wat liefhet, erkenning gee en help, terwyl die kritiese ouer kritiseer, fout vind en ander verhoed om goed oor hulself te voel. Hierdie egostaat sal alle inligting van sy/haar ouerfigure en omgewing inneem en stoor sonder om dit te evalueer – dit wil sê introjeksie vind plaas waartydens die ouer-egostaat alle inligting in die persoonlikheid inkorporeer. Verwarring kom voor deurdad die ouerfigure inkongruent is in hulle optrede: Die ouerfigure sal die kind wat ‘n leuen vertel daarvoor aanspreek, maar sal self ‘n leuen vertel (Gladding, 1998:247). Die kritiserende ouer kan op ‘n positiewe wyse: “Moenie oor die straat stap nie, die motors kan jou raakry” of ‘n negatiewe wyse: “Jy doen dit alweer”, oorkom. Oormatige funksionering vanuit die kritiese ouer-egostaat kan as diktoraal beleef word. Die vertroetelende ouer: “Indien jy hulp nodig het met die somme, vra gerus” kan ook positief of negatief: “Gee hier dat ek jou kan help” ervaar word. ‘n Oormatige funksionering vanuit die vertroetelende egostaat kan weer as versmorend beleef word (Van Staden, 1992:206).

Die volwasse-egostaat is objektief en word glad nie aan ‘n bepaalde ouderdom gekoppel nie. *“The Adult ego state is characterised by an autonomous set of feelings, attitudes and behaviours which are adapted to current reality”* (Berne in Clarkson, 1992:48). Hierdie egostaat samel inligting in en kan die realiteit toets. Hierdie egostaat is ook rasioneel en georganiseerd. Hierdie egostaat funksioneer as ‘n eenheid en word nie onderverdeel nie (Gladding, 1998:248).


Die fokus van die TA-teorie lê daarin om te bepaal vanuit watter egostaat ‘n individu op ‘n gegewe oomblik funksioneer. Een egostaat word nie as verkieslik beoordeel nie. Die gesonde funksionering van die individu lê daarin dat die individu die toepaslike egostaat kan aanwend binne ‘n gegewe situasie en ‘n balans kan ontwikkel tussen die benutting van die verskillende egostate (Gladding, 1998:248). Lester (1997:1392) ondersteun hierdie stelling: *“At any time, one-egostate is assumed to be in executive control of the mind, and the different ego states can take control in appropriate circumstances and for appropriate amounts of time”*. Patalogiese funksionering word dus beskryf wanneer ‘n persoon nie daartoe instaat is om die uitvoerende beheer tussen die verskillende egostate te balanseer nie.

### 5.5.3.2 Transaksionele analise

Waar die strukturele analise die klem op die intrapersoonlike funksionering van die individu plaas, word die klem in transaksionele analise op die interpersoonlike funksionering van die individu geplaas (Gladding, 1996:249). Hierdie tipe analise verwys na die wyse waarop interaksie (transaksies) plaasvind en word volgens Gladding (1998:249) in hoofsaaklik drie tipes verdeel: komplementêre transaksies, gekruisde transaksies en ulterieure transaksies.

'n Komplementêre transaksie vind plaas wanneer die reaksie toepaslik en voorspelbaar is. Dit kan plaasvind wanneer die persoon wat praat en die persoon wat reageer vanuit dieselfde egostaat kommunikeer (byvoorbeeld kind-kind of ouer-ouer). Dit vind ook plaas wanneer die individue vanuit komplementêre egostate kommunikeer (byvoorbeeld volwasse-kind of kind-volwasse) (Gladding, 1998:249).


Figuur 5.4: Komplementêre transaksie



Bron: Gladding, 1998:249

Tydens 'n gekruisde transaksie sal die ontoepaslike egostaat geaktiveer word en 'n reaksie wat die ander betrokke persoon kan seermaak, produseer. Die onderwerp sal dan dikwels verander word of die persone wat besig was om te kommunikeer, sal van mekaar onttrek. 'n Voorbeeld hiervan sou insluit dat 'n persoon vanuit die kind-egostaat kommunikeer en 'n ouer-egostaat reaksie verwag, maar eerder 'n volwasse-egostaat reaksie kry (Gladding, 1998:249).


Figuur 5.5: Gekruisde transaksie



Bron: Gladding, 1998:249

'n Ulterieure transaksie dui daarop dat twee egostate gelyktydig funksioneer waartydens die een boodskap die ander boodskap verberg. Met die eerste oogopslag blyk dit dat 'n ulterieure transaksie sosiaal aanvaarbaar en komplementêr van aard is, hoewel dit nie is nie (Gladding, 1998:249).

Figuur 5.6: Ulterieure transaksie



Bron: Gladding, 1998:249


### 5.5.3.3 Spel-analise

Spel-analise ("*game-analysis*") fokus op die ulterieure transaksies wat plaasvind en die gepaardgaande negatiewe gevoelens waarmee hierdie transaksionele styl eindig. Daar is verskeie redes waarom individue in hierdie tipe spel betrokke raak, soos uiteengesit deur Gladding (1998:249): "*People play games to structure time, achieve recognition, make others predictable, and prevent intimacy.*" Hierdie spel hou dus 'n

manipuleringsstegniek in, aangesien die betrokke individu ervaar dat hy/sy nodig het om sy/haar gevoelens en gedagtes te beskerm.

Persone wat in spel betrokke raak, kan vanuit een van drie posisies funksioneer, naamlik slagoffer, vervolger of redder (Gladding, 1996:252).

Figuur 5.7: Spel-posisies



Bron: Gladding, 1998:249

Die individu kan die rolle wissel, soos dit die betrokke transaksie die beste pas (Gladding, 1998:249). Die lys van moontlike speletjies is eindeloos. 'n Voorbeeld van so speletjie sluit in: "Hoekom probeer jy nie.../Ja, maar...". Wanneer hierdie speletjie te uitputtend raak, kan die redder oorskakel na 'n rol waar hy/sy meer bestraffend optree, soos byvoorbeeld om op 'n sarkastiese wyse te vra "Is dit nie verskriklik nie?". Hierdie tipe speletjies kan maklik uitgevoer word. Individue wat binne hierdie speletjies vasgevang word, word egter as verloorders bestaan (Gladding, 1996:252), aangesien hulle betekenisvolle en gesonde interaksies vermy.


#### 5.5.3.4 Lewensdraaiboek-analise

'n Lewensdraaiboek ("*script*") is reeds tot 'n groot mate gevestig wanneer 'n kind die ouderdom van vyf jaar bereik. Hierdie draaiboek bepaal hoe die individu met ander individue sal omgaan tydens interaksie en word gebaseer op die interpretasie van eksterne voorvalle. Positiewe boodskappe sal die kind nie inperk of sy/haar funksionering op enige wyse inhibeer nie en word as "toestemming" beskou. Negatiewe boodskappe word beskou as inhiberend ("*injunctions*") en het meer mag en kan die kind se funksionering totaal wysig. Hierdie negatiewe boodskappe vorm die basis vir destruktiewe draaiboeke. Tensy die kind daarin kan slaag om hierdie tipe boodskappe doelbewus te herskryf sal die kind gewaarborg wees van 'n ongelukkige lewe (Gladding, 1998:250). Indien daar baie konflik in die gesinsisteem voorgekom het voor, tydens of na afloop van die egskeiding, kan dit tot die vestiging van 'n negatiewe lewendraaiboek by die kind lei.

'n Lewensdraaiboek beklemtoon ook die individu se vermoë om verbale of nie-verbale erkenning te ontvang, in TA algemeen bekend as “*strokes*”. Negatiewe “*strokes*” is beter as geen, daarom sal kinders eerder stout wees en raas kry as om totaal geïgnoreer te word. “*Strokes*” bring bepaalde gevoelens mee, hetsy positief of negatief. Hierdie gevoelens word in TA beskryf as “*stamps*”. Wanneer die individu genoeg “*stamps*” bymekaar gemaak het, word dit ingeruil vir gedragspatrone (Gladding, 1998:250).

Vanuit die lewendraaiboek wat die individu vir homself/haarself opstel kan verskillende lewensposisies ingeneem word. Dit kan skematies soos volg voorgestel word:

Figuur 5.8: Lewensdraaiboek



Bron: Gladding, 1998:251

Die klem in TA lê daarin dat die kliënt “gesond” moet wees en as 'n outonome entiteit moet funksioneer. Die terapeut moet die kliënt daarin begelei om egostate te herstel, 'n nuwe lewendraaiboek te skryf en ook vanuit die lewensposisie “I'm OK, you're OK” te funksioneer (Gladding, 1998:251). Na afloop van 'n egskeiding behoort daar positiewe lewensposisies wedersyds ervaar te word tussen die betrokke volwassenes, die toesighoudende ouer en kind en die nie-toesighoudende ouer en kind.

#### 5.5.4 Kritiese evaluering van die transaksionele analise teorie

Die waarde van die TA-teorie lê daarin dat dit duidelik verstaanbare taal bevat en 'n doelgerigte benadering is. Hierdie terapie kan ook met ander teorieë gekombineer

word. Die verantwoordelikheid vir verandering lê by die kliënt (Gladding, 1998:252 en Gladding, 1996:256).

Volgens Gladding (1998:252) word die professionaliteit van die terapeut nie noodwendig beklemtoon tydens die implementering van die TA-teorie nie. Die terminologie is ook so bekend dat probleme geïntellektualiseer, in plaas van aangespreek kan word. Die feit dat dit 'n kognitief-georiënteerde benadering is, bring ook mee dat dit dikwels met ander teorieë gekombineer moet word. Geen uitbreidings is aan die teorie gedoen sedert die dood van Berne gedurende 1970 nie. Die gevaar hieraan is dat hierdie teorie die prominentheid as terapie-modaliteit kan verloor, aldus Gladding (1996:257).

Met betrekking tot hierdie studie word die TA teorie as sinvol beskou, aangesien dit 'n positiewe raamwerk daarstel vir die hantering van gevoelens en kommunikasie.

## **5.6 Samevatting**

Die kompleksiteit van menslike funksionering en die dinamika van die samelewing bring mee dat daar 'n verskeidenheid teorieë bestaan waarvolgens menslike gedrag verduidelik kan word. Drie teorieë is komplementêr tot mekaar beskryf in hierdie navorsingstudie. Die sistemiese benadering fokus op die sisteem waarbinne die individu funksioneer, eerder as op die individu. Die sosiale konteks waarbinne die individu funksioneer word dus in ag geneem. Die behavioristiese benadering fokus op die gedrag van die individu, terwyl die transaksionele analise teorie op kommunikasiepatrone fokus.

Persoonlikheidsontwikkeling word tot 'n groot mate deur die bydrae van die gesin beïnvloed. Problematiek binne die gesin word dus as 'n resultaat van sosiale interaksiepatrone beskou, eerder as 'n probleem by 'n individuele gesinslid. Terapeutiese intervensie fokus dus op die verandering van die omgewing. Na afloop van 'n egskeidingsituasie, dit wil sê die terminering van die gesin as sisteem, is dit dikwels onmoontlik om terapie toe te tree tot die gesin as geheel. Die kinders wat uit die betrokke huwelik gebore is behou die oorspronklike gesin as 'n terapeutiese sisteem. Terapeutiese intervensie is wel moontlik indien die subsisteme as 'n teoretiese eenheid beskryf word. Die vestiging van effektiewe kommunikasiepatrone binne die gevolglike subsisteme (gebroke kerngesin) is noodsaaklik met die oog op optimale funksionering en emosionele gesondheid. Kennis met betrekking tot kommunikasie is dus van belang. Hierdie aspekte sluit in openheid, eerlikheid,



vertroue, empatie en luister. Gesonde gesinsfunksionering in die gesin wat 'n egskeiding deurloop het sluit in dat beide ouers 'n rol van outoriteit inneem, beide ouerhuise reëls het wat in stand gehou moet word, emosionele geborgenheid in beide ouerhuise voorkom, positiewe kinderopvoedingspraktyke deur beide ouers geïmplementeer word, beide huishoudings bepaalde doelwitte nastreef en volwassenes bewus is van hulle eie emosionele funksionering en dié van hulle kinders.

Die behavioristiese benadering fokus op die gedrag van die individu. Die basiese aanname dui daarop dat alle gedrag aangeleer en dus by implikasie afgeleer kan word. Klassieke kondisionering, operante kondisionering en waarnemingsleer word as wyses van leer geïmplementeer. Terapeutiese intervensie implementeer verskillende tegnieke ten einde ongewenste gedrag af te leer. Die primêre vraag wat tydens intervensie gestel word, is watter omgewingsverandering plaas moet vind ten einde wanaangepaste gedrag af te leer en toepaslike gedrag aan te leer.

Transaksionele analise verdeel die menslike psige in drie egostate, te wete die kind, volwassene en ouer. Elke individu beskik oor al drie hierdie egostate en gesonde funksionering lê daarin dat die individu die toepaslike egostaat in die toepaslike omstandighede kan benut. Die kind-egostaat word gekenmerk deur kinderlike gedrag en gevoelens. Die ouer-egostaat inkorporeer alle houdings en gedrag van ouerfigure, wat die lang lys van "moet" en "moenie" insluit. Die volwasse-egostaat is objektief, samesinnig in en kan die realiteit toets. Transaksies, wat verwys na die proses van kommunikasie, word aangedui in terme van komplementêre transaksies, wat konflikvry en konstruktief is, gekruisde transaksies wat konflik tot gevolg het en ulterieure transaksies wat met die eerste opslag aanvaarbaar blyk te wees, maar wat 'n verborge boodskap inhou. Elke individu kan een van drie rolle aanneem, naamlik dié van redder, slagoffer of vervolger. Volgens die transaksionele analise skryf elke individu vir homself/haarself 'n lewendraaiboek waarvolgens hy/sy funksioneer. Volgens hierdie lewendraaiboek kies die individu die wyse waarop hy/sy homself/haarself en ander individue evalueer, volgens 'n posisie dat mense "OK" of "not-OK" is.

## Hoofstuk 6

### Ontwikkeling van die ouerskapsprogram

#### 6.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstukke, dit wil sê hoofstuk 2 tot 5, is 'n omvattende literatuurstudie omskryf. Komplementêr tot die literatuurstudie is gesprekke met kundiges gevoer en 'n behoeftebepalingsvraelys aan volwasse respondente voorsien, met die oog op die identifisering van temas en kategorieë vir die ontwikkeling van die ouerskapsprogram. Hierdie data, tesame met die assessering van die kinder-respondente, wat vervolgens bespreek sal word, het gelei tot die ontwikkeling van die ouerskapsprogram wat in hierdie hoofstuk bespreek gaan word. Hierdie voorafgaande proses maak alles deel uit van fase een van die twee-fase model wat vir hierdie navorsing gebruik word. Die inligting wat deur die behoeftebepalingsvraelys ingesamel is, die literatuurstudie, gesprekke met kundiges en bestudering van bestaande programme, vorm deel van fase 2 van die intervensienavorsingsproses

Die empiriese ondersoek, naamlik die intervensienavorsingsproses, vind in verskillende fases plaas. Die integrasie van teorie en praktiese toepassing is hier van belang. Hierdie hoofstuk het ten doel om die praktiese uiteensetting, met teoretiese verantwoording, sistematies uiteen te sit. Hierdie hoofstuk beskryf die wyse waarop die program ontwikkel is (fase 3 van intervensienavorsingsproses) terwyl die inhoud van die program, soos dit aan die teikengroep ouers uitgedeel kan word, as bylaag 2 aangeheg is (fase 4 van intervensienavorsingsproses).

#### 6.2 Die struktuur van die empiriese ondersoek

Die proses en struktuur van die praktiese uitvoering van die navorsingsonderzoek (fase 2 van die twee-fase model en fase 5 van die intervensienavorsingsproses) word soos volg in tabelvorm weergegee:

Tabel 6.1: Praktiese uitvoering van twee-fase model

	Teikengroep	Aard	Hulpmiddels	Duur
Behoeftesbepaling: vraelys aan volwasse respondente	Vrywillige deelname vanuit populasie	Vraelys	Skryfbehoeftes	15 minute per volwassene (individuele tyd, in afwesigheid van navorser)

Behoeftebepaling: Kinder-assessering	5 voorskoolse kinders, dit wil sê 5-6 jariges	Individuele onderhoud	Projeksie (diere)	1 uur per kind, dus 5 ure
<b>Werkswinkel A</b> <i>Toesighoudende ouer</i> <i>Teoretiese agtergrond</i>	• Voortoets	Vraelys	Pen	10 min
	• Werkswinkel	Egskeiding	Gesprekvoering, skriftelike dokument, gevalllestudies, oorhoofse truprojekter, blaaibord	45 min
		Ontwikkeling		30 min
		Ouerskap		30 min
		Teoretiese benaderings		30 min
• Natoets	Vraelys	Pen	10 min	
<b>Werkswinkel B</b> <i>Nie-toesighoudende ouer</i> <i>Teoretiese agtergrond</i>	• Voortoets	Vraelys	Pen	10 min
	• Werkswinkel	Egskeiding	Gesprekvoering, skriftelike dokument, gevalllestudies, oorhoofse truprojekter, blaaibord	45 min
		Ontwikkeling		30 min
		Ouerskap		30 min
		Teoretiese benaderings		30 min
• Natoets	Vraelys	Pen	10 min	
<b>Werkswinkel C</b> <i>Toesighoudende ouer en voorskoolse kind</i> <i>Praktiese werkswinkel</i>	• Aggressie-ontlading	Praktiese opdragte	Koerantballe frommel en gooi, kussinggeveg	10 min
	• Vertroue vestig	Praktiese opdragte	Blinddoek loop, teken op mekaar se rûe	10 min
	• Emosionele herkenning	Praktiese opdragte	Emosiekaart met gesigsuitdrukings, gesigte trek, spieël-speel	10 min
	• Gesprek: egskeding	Teken	Ouers se huise, met beskrywing van emosie	10 min
	• Toekomstverwagtings	Teken	Papier, potlode	10 min
<b>Werkswinkel D</b> <i>Nie-toesighoudende ouer en voorskoolse kind</i> <i>Praktiese werkswinkel</i>	• Aggressie-ontlading	Praktiese opdragte	Koerantballe frommel en gooi, kussinggeveg	10 min
	• Vertroue vestig	Praktiese opdragte	Blinddoek loop, teken op mekaar se rûe	10 min
	• Emosionele herkenning	Praktiese opdragte	Emosiekaart met gesigsuitdrukings, gesigte trek, spieël-speel	10 min
	• Gesprek: egskeding	Teken	Ouers se huise, met beskrywing van emosie	10 min
	• Toekomstverwagtings	Teken	Papier, potlode	10 min

### 6.3 Kinder-assessering

As deel van die behoeftebepaling is daar individuele sessies met die kinders, wat tydens die hoofondersoek die praktiese werkswinkel saam met hulle ouers deurloop het, onderneem. Hierdie individuele sessies het assessering ten doel gehad. Data wat tydens hierdie assessering ingesamel is, is tydens die werkswinkel aan die betrokke ouers deurgegee. Die doel hiervan, was om die ouers die geleentheid te bied om spesifieke problematiek wat tydens die assessering geïdentifiseer is, tydens die praktiese werkswinkel aan te spreek en dus die geleentheid wat vir hulle beskikbaar gestel is om hulle verhouding met hulle kind te versterk, optimaal te benut.

Die begrip “assessering” word soos volg deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1996:4) beskryf: “Proses van ontleding van die faktore wat die individu, gesin, groep of gemeenskap se maatskaplike funksionering beïnvloed of bepaal.” Tydens hierdie assessering is die proses op faktore wat die kind se maatskaplike funksionering binne sy/haar gesinsisteem bepaal/beïnvloed, gefokus. Daar is dus gepoog om te bepaal watter faktore, wat met egskeiding verband hou, as negatief of positief deur die kinders ervaar word. Hierdie assesseringsdata word dus volgens die sistemiese benadering benut ten einde die maatskaplike funksionering van die gesin aan te spreek. ‘n Assessering is met elke kind op individuele vlak onderneem. Tydens die sessies, wat ‘n uur per kind geduur het, is projeksietegniese gebruik ten einde die kind die geleentheid te bied om sy/haar eie ervaring met betrekking tot die egskeiding te projekteer.

Projeksie is volgens Schoeman en Van der Merwe (1996:64) die toesegging van die kind se eie ongewenste gevoelens aan ander. Die doel van projeksie word onder meer soos volg beskryf: “*Projection gives the child the space to sort out the expectations with which the world confronts him*” (Schoeman & Van der Merwe, 1996:64). Binne die gebruik van diere as projeksiemedium kan die kind dus sy/haar eie emosies op die diere oorplaas. Die interaksiepatrone binne die gesin, wat tot die ervaar van spesifieke gevoelens lei, kan ook op die diere geprojekteer word. Laasgenoemde outeurs konstateer ook dat kinders diere graag vermenslik en dus binne ‘n nie-bedreigende atmosfeer hulle eie gevoelens kan uitspeel.

Die benutting van diere tydens projeksie het bepaalde voordele. Diere is ‘n medium wat bekend is aan kinders. Die kind het ook die geleentheid om sy/haar eie opinies oor spesifieke diere oor te dra en verskillende diere in verskillende verhoudings tot mekaar te plaas. Schaefer (1993:56) konstateer dat diere aan die kind ‘n geleentheid bied om ook aggressiewe gevoelens te openbaar, wat moontlik nie die geval sou wees met byvoorbeeld mens-poppe nie. Vyandigheid, hartseer, woede, frustrasie en enige ander emosie wat voorkom, kan effektief deur middel van diere geprojekteer word.

Fantasie speel ook ‘n belangrike rol tydens die benutting van diere as projeksiemedium. Kinderspel is nie noodwendig net spontane fantasie nie. “*Themes children use in their play are developed through various experiences in their lives*” (Schaefer, 1993:53). Die waarde van die fantasie word deur Oaklander (1988:11) op twee vlakke onderskei: Eerstens word dit wat weggesteek of vermy word, tydens die fantasiespel na die oppervlak gebring en tweedens kan die terapeut insig ontwikkel in die wyse waarop die kind sy/haar huidige leefwêreld ervaar, vanuit die kind se

perspektief. Die wyse waarop die kind sy/haar huidige leefwêreld in terme van twee verskillende huishoudings ervaar, word dus geëksploreer.

Die assesseringsproses het soos volg verloop:

Tabel 6.2: Asseseringsproses

<p>Die kind is die geleentheid gebied om die diere uit te pak. Hy/sy kon in stilte werk of spontaan daarvoor gesels.</p> <p><i>Doel:</i> Kind is geleentheid gebied om homself/haarself met die diere vertrouwd te maak. 'n Rapport is met die kind opgebou.</p>
<p>Navorsers het met die kind oor die diere gesels. Die gesprek het bloot oor die feitlike klassifikasie van diere gehandel:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• wilde diere,</li> <li>• mak diere,</li> <li>• kat-familie: leeu, luiperd, tier,</li> <li>• geveerde diere: gans, eend, hoender</li> <li>• plaasdiere: skaap, koei, vark</li> </ul> <p><i>Doel:</i> Suggesties van groeperings is met die oog op eenhede, bedreigings, en so meer, gemaak.</p>
<p>Die kerngesin en ander betekenisvolle persone in die kind se lewe is in terme van diere uitgebeeld. Die kind is dus die geleentheid gebied om aan elke gesinslid 'n spesifieke dier te allokeer. Navorsers het die kind versoek om die volgende diere uit te wys: Die Pappa, Mamma, Kind, Sibbe, Grootouers, ander betekenisvolle persone.</p> <p><i>Doel:</i> Die kind het 'n dier met spesifieke eienskappe gekies en projekteer dus op hierdie wyse spesifieke eienskappe aan 'n betekenisvolle persoon in sy/haar lewe. Die kind se persepsie van die dier is geverifieër. Die "leeu" is dus nie spontaan as "kwaai" beskryf nie. Die kind se beskrywing is deurlopend aanvaar as sy/haar eie realiteit.</p>
<p>Gesprekvoering rondom die diere het die kind se persepsie van die dier bevestig. Navorsers het algemene nie-leidende vrae, soos byvoorbeeld: "Hoe is 'n olifant?", gevra. Verdere vrae is gevra, soos byvoorbeeld as die kind sy/haar vader as die olifant beskryf en 'n olifant as kwaai beskryf het: "Ek wonder of dit partykeer vir jou voel of jou Pappa ook so kwaai is soos 'n kwaai olifant?"</p> <p><i>Doel:</i> Inligting is verpersoonlik en die kind kon die gevoelens wat deur die projeksie uitgebeeld is, besit.</p>
<p>Twee groot A3 papiere is op die mat geplaas. Die kind kon met die diere binne hierdie twee omgewings speel. Die kind is die geleentheid tot vryspel gebied.</p> <p><i>Doel:</i> Die papiere het 'n denkbeeldige grens geskep en kon instrumenteel wees in die wyse waarop die kind die beskikbare spasie benut het. Geleentheid om self die</p>

omgewings te beskryf, is aan die kind gegee. Leidrade is geneem uit die kind se beskrywing, ter illustrasie van moontlike belewenisse van die kind se twee huishoudings.

Oaklander (1988:169) noem dat die kind die geleentheid gebied kan word om 'n scenario uit te speel. Leidende vrae is dan gevra, soos onder andere om 'n storie daarvoor op te maak, te verduidelik wat besig is om te gebeur (teenwoordige tyd) wat voorheen gebeur het (verlede) en wat nog gaan gebeur (toekomsverwagting).  
*Doel:* Die kind se perspepsie van sy/haar eie lewe in terme van tydsverloop kon dus uitgespeel word.

Gevoelshantering is onderneem deurdat die navorser bevestig het dat die kind se gevoelens duidelik deur die vryspel geïdentifiseer is. Die verskillende verhoudings, interaksiepatrone en geïllustreerde behoeftes is genotuleer.  
*Doel:* Gevoelsinligting is ingesamel met die oog op die oordra van data aan die ouer voor die aanvang van die praktiese werkswinkel, wat deur die ouer en kind saam bygewoon word.

#### **6.4 Volwasse respondente**

'n Vraelys (bylaag 4) is aan die ouers voorsien voor die aanvang van Werkswinkel A en B. Hierdie vraelys het as voortoets gedien, om 'n basislyn te verkry. Elke ouer het ongeveer 10 minute gehad om die betrokke vraelys te voltooi. Dieselfde vraelys is na afloop van die werkswinkel voltooi, as natoets. Die vraelys het die ouer se kennisvlak voor en na afloop van die werkswinkel getoets, ten einde te bepaal of insigontwikkeling plaasgevind het. Hierdie data het ook as evaluering vir die inhoud van die werkswinkel en die benuttingswaarde van die program gedien.

#### **6.5 Teoretiese werksinkels**

'n Teoretiese werkswinkel is vir beide die toesighoudende (werkswinkel A) en nie-toesighoudende ouer (werkswinkel B) apart voorgelê. Die aanname is dat ouers meer geredelik by die navorsingstudie betrokke sou raak, indien daar nie van die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer verwag is om 'n werkswinkel gesamentlik by te woon nie. 'n Uitdeeltuk is met die oog op gesprekvoering en beskikbaarheid van inligting voorsien. Die inhoud van die werkswinkel het verskillende onderwerpe aangespreek, naamlik egskeiding, ontwikkelingsfases, ouerskap en teoretiese benaderings. Die volledige uitdeeltuk word as bylaag 2 by hierdie navorsingsverslag aangeheg.

## **6.6 Praktiese werkswinkels**

Werkswinkel C (toesighoudende ouer en kind) en D (nie-toesighoudende ouer en kind) is as praktiese werkswinkels beskryf, waar beide die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer die geleentheid gebied is om saam met die betrokke kind spesifieke aktiwiteite te onderneem. Hierdie werkswinkelinhoud word soos volg uiteengesit:

### **6.6.1 Aankoms en inligting**

Elke ouer het 'n kort verslag ontvang, wat inligting deurgegee het oor die kind se beleving van sy/haar huidige lewensomstandighede. Hierdie verslag het die kern van die data wat tydens die kinder-assessering ingesamel is, bevat. Elke ouer het slegs die data wat betrekking het op sy/haar eie kind se assessering, ontvang. Die doel hiermee was dat ouers 'n verwysingsraamwerk kon hê van hulle kinders se gevoelens en evaluering van die lewensomstandighede en dat die ouer insig in die daaropvolgende proses kon ontwikkel.

### **6.6.2 Aggressie-ontlading**

Aangesien egskeiding, en die tydperk na 'n egskeiding, baie negatiewe emosies kan inhou, is beide die ouer en kind die geleentheid gebied om alle weerstand wat voor mag gekom het, aan te spreek deur aggressiewe energie binne 'n aanvaarbare, konstruktiewe konteks te kanaliseer. Die oefeninge wat onderneem is met die oog op aggressie-ontlading, het ook geleentheid vir die verkry van rapport tussen ouer en kind geskep. Aktiwiteite wat onderneem is, sluit in: Koerantballe gefrommel en mekaar daarmee gegooi en 'n kussinggeveg tussen ouer en kind gehou.

### **6.6.3 Vertroue vestig**

Wanneer weerstand uit die weg geruim was en rapport tussen die ouer en kind verkry is, was dit noodsaaklik dat 'n vertrouensverhouding in plek gestel word. Vir sommige ouers het dit die geleentheid gebied om 'n wankelrige verhouding te versterk of 'n nuwe verhouding te vestig. Aktiwiteite wat onderneem is, sluit in: Kind en ouer het mekaar geblinddoek en rond gelei en het prentjies op mekaar se rûe geteken.

#### **6.6.4 Emosionele herkenning**

Primêr aan alle gedrag lê daar emosies wat geïdentifiseer en bestuur moet word. Vir die gesin wat 'n egskeiding deurloop het, is dit noodsaaklik dat 'n bepaalde gevoelsrepertoire opgebou word. Die ouer en kind het die geleentheid gekry om 'n emosiekaart te bestudeer, gesigte daarop te identifiseer en die gesigte vir mekaar uit te beeld. Liggaamshouding, as nie-verbale kommunikasiemedium, is ook gedemonstreer sodat dit herken kan word. Spieël-speel is dus geïmplementeer, waartydens die ouer en kind beurtelik gekry het om mekaar se spieëlbeeld te wees.

#### **6.6.5 Gesprek oor egskeiding**

Die ouers se twee huise is op twee papiere geteken. Binne in die dak van die huis is die gevoel van die "huis" geteken, byvoorbeeld die "huis" is hartseer, kwaad of gelukkig. 'n Gesprek is dan rondom die redes vir elke betrokke emosie binne die huis, gevoer. Op hierdie wyse is die ouer en die kind die geleentheid gebied om gevoelens wat binne die huis ontlok word, te identifiseer. So het die kind die geleentheid kry om, aan beide ouers, te beskryf wat die kind bly, kwaad of hartseer maak in elke huishouding.

#### **6.6.6 Toekomsverwagting**

Elke ouer en kind is ten slotte die geleentheid gebied om hulle eie toekomsverwagting in terme van die gesinsisteam te illustreer. Die opdrag wat gegee is, was dat die ouer en kind die spesifieke gesin moes teken, soos wat hulle dit graag sou wou sien. Gesprekvoering hieroor het die proses van verhoudingsversterking tussen ouer en kind gefinaliseer.

#### **6.7 Samevatting**

Die ontwikkeling van 'n ouerskapsprogram volg na afloop van die omvattende literatuurstudie wat onderneem is, die konsultasie met kundiges en die analisering van die kwantitatiewe behoeftebepalingsvraelys wat deur respondente vanuit die populasie voltooi is.

'n Kinder-assessering is onderneem ten einde die kind se ervaring van sy/haar leefwêreld te eksploreer. Hierdie data is aan die ouers oorgedra tydens die praktiese



werkswinkel wat deur beide die ouer en kind bygewoon is, ten einde die geleentheid tot die versterking van die verhouding, optimaal te kan benut.

‘n Teoretiese werkswinkel is deur die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer bygewoon, op verskillende geleenthede. ‘n Volledige uitdeeltuk, wat die kern van die literatuurstudie vervat, is met die aanvang van die werkswinkel aan elke volwassene voorsien.

Tydens die praktiese werkswinkel wat deur die toesighoudende ouer en die kind en ook deur die nie-toesighoudende ouer en die kind bygewoon is, is daar gefokus op aggressie-ontlading, die vestiging van ‘n vertrouensverhouding, emosionele herkenning en gesprekvoering rondom die egskeiding en die toekomsverwagtings. Hierdie werkswinkel het ten doel gehad om die verhouding tussen die ouer en kind te versterk. Inligting wat tydens die kinder-assesserings ingesamel is, is tydens hierdie werkswinkel aan die betrokke kind se ouers beskikbaar gestel.

## Hoofstuk 7

### Empiriese gegewens

#### 7.1 Inleiding

Die opbou van 'n kennisraamwerk met die oog op die ontwikkeling van 'n ouerskapsprogram vir ouers met voorskoolse kinders, na 'n egskeiding, was noodsaaklik. Die literatuurstudie, konsultasie met kundiges en behoeftebepaling is onderneem, waarna die empiriese deel van die ondersoek plaasgevind het. Die literatuurstudie is in hoofstuk 2-5 bespreek. Die ouerskapsprogram wat ontwikkel is en tydens die intervensie (werkswinkels) geïmplementeer is, is in hoofstuk 6 bespreek.

As fase 1 van die twee-fase model, is 'n behoeftebepalingsvraelys deur 20 respondente voltooi en 'n assessering van kinder-respondente onderneem. Hierdie behoeftebepalingsvraelys het ten doel gehad om temas te identifiseer wat komplementêr tot die literatuurstudie (fase 2 van die intervensienavorsing) benut kon word, met die oog op die ontwikkeling van die program wat tydens die werkswinkel aangebied is. Die data wat tydens die behoeftebepaling ingesamel is, word in hierdie hoofstuk aangebied met die analisering en interpretering daarvan. Vir die verryking en finale afronding van die program wat ontwikkel is, het navorser dit as belangrik beskou om die behoeftes van ouers met voorskoolse kinders na 'n egskeiding te verkry. Dit was ook noodsaaklik om die leefwêreld van die betrokke kinder-respondente te eksploreer, met die oog op die aanbieding van die praktiese werkswinkel tussen ouer en kind. Hierdie assessering is enkele dae voor die werkswinkels geïmplementeer is, onderneem. Die data wat tydens hierdie assessering ingesamel is, is aan die betrokke volwasse respondente oorgedra, met die doel dat die volwasse respondente begrip kon openbaar vir hulle kinders se persepsies met betrekking tot die egskeiding. Op hierdie wyse kon die volwasse respondente die praktiese werkswinkel wat hulle saam met hulle kinders deurloop het, optimaal benut.

As fase twee van die twee-fase model, is die enkelstelselontwerp benut om die bruikbaarheid van die ouerskapsprogram te evalueer, dit wil sê fase 5 van die intervensienavorsing. In hierdie hoofstuk word die data wat met die behoeftebepalingsvraelys (fase 1) en deur middel van die enkelstelselontwerp (fase 2) ingesamel is, kwantitatief geanaliseer en geïnterpreteer.

## 7.2 Doelstelling en doelwitte van die studie

Die doelstelling van die studie is soos volg geformuleer: Om 'n ouerskapsprogram vir ouers, met voorskoolse kinders en na 'n egskeiding, te ontwikkel, te implementeer en te evalueer, ten einde insigontwikkeling en gevolglik verbeterde sosio-emosionele funksionering vir sowel die volwassenes as die kinders, te bewerkstellig.

Hierdie doelstelling is nagestreef deurdat die volgende doelwitte geformuleer is:

- Om 'n kennisraamwerk op te bou met betrekking tot egskeiding as verskynsel en die invloed daarvan op die sosio-emosionele funksionering van die betrokke volwassenes en die voorskoolse kind. Hierdie doelwit is aangespreek deur die omvattende literatuurstudie (hoofstuk 2-5) wat onderneem is. Gesprekke met kundiges is ook hierby geïnkorporeer.
- Om 'n behoeftebepaling te doen om temas te identifiseer wat benut kan word in die ontwikkeling van die ouerskapsprogram. Hierdie doelwit is aangespreek deur die behoeftebepaling en die kinder-assessering wat onderneem is (fase 2 van die intervensienavorsing). Die teoretiese kennisbasis is dus uitgebrei met praktiese data. Die data analise en interpretasie word onder punt 7.4 aangebied.
- Om 'n teoreties geïntegreerde intervensieprogram te ontwikkel met betrekking tot:
  - insigontwikkeling en gevolglik verbeterde sosio-emosionele funksionering van die gebroke gesinsisteam as entiteit en die
  - implementering van ouerskapsvaardighede as meganisme tot optimale funksionering.

Hierdie ouerskapsprogram vir ouers met voorskoolse kinders na 'n egskeiding, is ontwikkel en uiteengesit in hoofstuk 6 (fase 4 en 5 van intervensienavorsing). Die uitdeeltstuk wat aan respondente voorsien is (bylaag 2) word as deel van die program beskou.

- Om die program te implementeer met vyf gesinsisteme. Die vyf gesinsisteme het dus 10 volwassenes (2 ouers in elke gesinsisteam) en een kind (voorskoolse fase) ingesluit. Hierdie doelwit is nagestreef tydens die praktiese toepassing van die ontwikkelde ouerskapsprogram.
- Om die program te evalueer. Die data insameling, analisering en interpretering word in hierdie hoofstuk beskryf. Die progamevaluering vind plaas deur die analisering van die data wat tydens die voortoets en natoets ingesamel is.
- Om die navorsingsbevindinge en werkwinkel-inhoud in 'n verbruikersvriendelike dokument te omskep wat deur maatskaplike werkers en ander professionele persone benut kan word tydens terapeutiese intervensie. Die gevolgtrekkings en aanbevelings na aanleiding van die studie word in hoofstuk 8 weergegee. Hierdie

doelwit word nagestreef deurdat die uiteensetting van hoofstuk 6 en bylaag 2 as entiteite benut kan word ten einde die ontwikkelde program in die praktyk toe te pas.

### 7.3 Navorsingsmetodologie

Toegepaste navorsing vanuit 'n kwantitatiewe benadering is onderneem ten einde oplossings te probeer ontwikkel, wat in die praktyk geïmplementeer kan word. Tydens fase 1 is 'n kwantitatiewe vraelys ontwerp benut en tydens fase 2 'n enkelstelselontwerp. Soos in hoofstuk 1 bespreek is, is 'n twee fase navorsingsbenadering vir hierdie studie gevolg. Vanweë die sensitiewe aard van hierdie navorsing, het navorser dan ook verkies om van vraelyste gebruik te maak. Vertroulikheid is gehandhaaf deur die gebruik van fiktiewe name in die navorsingsverslag.

In die eerste fase van die navorsingsproses, naamlik die behoeftebepaling, is die volgende navorsingsvraag geformuleer: *Wat behoort die inhoud van 'n ouerskapsprogram, vir ouers met voorskoolse kinders na 'n egskeiding, te wees?* Hierdie vraag is beantwoord deur die insameling en analisering van data wat met die behoeftebepalingsvraelys en die assessering van die kinder-respondente ingesamel is en word onder 7.4 bespreek.

Hierdie metodologie is gevolg met inagneming van die belangrike etiese aspekte, soos in hoofstuk 1 uiteengesit.

Vervolgens sal die resultate van die empiriese ondersoek bespreek word. Die twee-fase model sal as riglyn hiervoor benut word: Die eerste fase se data word weergegee en geanaliseer, naamlik die behoeftebepalingsvraelys wat deur volwasse respondente voltooi is en die data wat tydens die kinder-assessering ingesamel is. Daarna sal data wat tydens die tweede fase ingesamel is, dit wil sê die voor- en natoets wat deur die volwasse respondente wat die werkwinkel bygewoon het, voltooi is, weergegee en geanaliseer word.

### 7.4 Fase 1: Behoeftebepaling

Die behoeftebepaling vorm deel van fase 1 van die intervensienavorsingsproses en is onderneem met die doel om vas te stel watter inligting in 'n ouerskapsprogram opgeneem behoort te word, komplementêr tot die literatuurstudie.

## 7.4.1 Volwassenes: Behoeftebepalingsvraelys

### 7.4.1.1 Metodologie

Soos in hoofstuk 1 uiteengesit is, is 'n behoeftebepalingsvraelys vir die volwasse teikengroep met behulp van 'n selfontwerpte, handafgelewerde vraelys onderneem. Vraelyste is aan 40 potensiele respondente voorsien. Met die oog op vrywillige deelname is daar aanvaar dat al die vraelyste nie terugontvang sou word nie. Slegs 13 vraelyste is op hierdie wyse deur die respondente voltooi en by die kleuterskole ingedien, waar navorser dit weer gaan afhaal het. 'n Verdere 7 vraelyste is deur kliënte vanuit die navorser se privaatpraktyk voltooi, by die praktyk, maar in afwesigheid van die navorser. Die identifisering van die gemeenskapsbekommernisse het dus plaasgevind deurdat 20 vraelyste voltooi is. Die betrokke vraelyste is deur navorser verwerk.

Met betrekking tot etiese gedrag, is die volgende aspekte in ag geneem met die oog op die voltooiing van die behoeftebepalingsvraelys deur volwasse respondente:

- Respondente het in die dekbrieff wat aan die behoeftebepalingsvraelys aangeheg is, alle relevante inligting ontvang. Geen toestemmingsbrief per sé is deur die betrokke respondente onderteken nie, aangesien die feit dat die vraelys voltooi is, vrywillige deelname impliseer.
- Die respondente is op geen wyse fisiese of emosionele leed aangedoen nie. Die behoeftebepalingsvraelys het bloot data ingesamel en indien nodig, sou die betrokke respondente van die vroe onbeantwoord kon laat, indien hulle dit sou verkies.
- Die respondente se privaatheid is gerespekteer deurdat die verwerking van die data in die behoeftebepalingsvraelys bloot statisties van aard was en geen name gebruik is nie.
- Deelname aan die studie, in hierdie geval deur die voltooiing van die behoeftebepalingsvraelys, het respondente toegang tot gratis terapeutiese dienste verseker. Navorser het in die reeds vermelde dekbrieff aangedui dat, indien respondente bereid sou wees om die betrokke vraelys te voltooi, hulle navorser kon kontak vir gratis advies en indien nodig, terapeutiese intervensie. Geleentheid is ook op die vraelys gebied waar respondente kon aandui of hulle by die hoofondersoek betrek wou word.

Die data wat vanuit die behoeftebepalingsvraelys ingesamel is, word vervolgens geanaliseer en geïnterpreteer. As gevolg van die klein respondente tal het navorser die berekening statisties so eenvoudig moontlik probeer verwerk.

#### 7.4.1.2 Interpretasie van data

##### 7.4.1.2.1 Persoonlike omstandighede

- **Ouerskapstatus**

Die respondente wat die vraelys voltooi het, se status van ouerskap sien soos volg daaruit:

Tabel 7.1: Toesighoudende teenoor nie-toesighoudende respondente (n= 20)

Toesighoudende ouer	Nie-toesighoudende ouer
12	8

Vanuit tabel 7.1 blyk dit dat 12 (60%) van die respondente die toesighoudende ouer is, terwyl 8 (40%) die nie-toesighoudende ouer is. Hierdie groepering word dus as relatief verteenwoordigend beskou vir ouers wat 'n egskeiding deurloop het, deurdat amper ewe veel van die respondente wat die behoeftebepalingsvraelys voltooi het die toesighoudende, of nie-toesighoudende ouer is. Hierdie aspek word as positief beskou in die lig daarvan dat 'n onderskeid getref word tussen mans en vrouens se hantering van egskeiding (vergeelyk 2.3.4.1). Dit word dus ook aanvaar dat die data wat ingesamel is relevant is vir sowel die toesighoudende as nie-toesighoudende ouer. Behoeftes wat vanuit hierdie vraelys geïdentifiseer word, behoort dus geldig te wees vir beide die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer.

- **Ouderdom van ouers**

Die ouderdomme van die respondente en hulle gewese egmaats sien soos volg daaruit:

Tabel 7.2: Ouderdomme van respondente en hulle gewese egmaats (n=40)

Ouderdom	Aantal respondente
30-35 jaar	13
36-40 jaar	19
41-45 jaar	6
46-50 jaar	2

Tabel 7.2 toon aan dat die grootste getal, naamlik 19 (47,5%) van die respondente en hulle gewese egmaats in die ouderdomsgroep 36-40 jaar val. 13 (32,5%) val in die ouderdomsgroep 30-35 jaar. Slegs 6 (15%) val in die ouderdomsgroep 41-45 jaar, terwyl die kleinste getal, naamlik 2 (5%) van die respondente in die ouderdomsgroep 46-50 jaar val. Dit blyk dus dat die meerderheid respondente wat die behoeftebepalingsvraelys voltooi het, tussen 36 en 40 jaar oud is. Die implikasie van ouderdom in die hantering van egskeding het hoofsaaklik te make met die individu se emosionele ontwikkeling en die ontwikkelingstake wat deurloop moet word (vergeelyk 3.2). Met die oog op programskrywing word die fokus dus geplaas op die ouderdomsgroepe tussen 30 en 40 jaar.

- **Ouderdomme van respondente se kinders**

Die ouderdomme van die respondente se kinders sien soos volg daaruit:

Tabel 7.3: Ouderdomme van respondente se kinders (n=40)

Ouderdom	Aantal kinders
0-6 jaar	14
7-12 jaar	19
8-18 jaar	6

Die data in tabel 7.3 toon aan dat die grootste aantal, naamlik 19 (48,7%) kinders van die respondente wat die behoeftebepalingsvraelys voltooi het, tussen 7 en 12 jaar oud is. 14 (35,9%) is tussen 0 tot 6 jaar oud, terwyl 6 (15,4%) tussen 8 en 18 jaar oud is. Dit blyk dus dat die middelkinderjare se fase meer verteenwoordig is as die kleuter of adolessente fase. Hierdie inligting het geen impak op die geldigheid of betroubaarheid van die ondersoek nie, aangesien die behoeftebepalingsvraelys bloot ten doel het om temas met die oog op die ontwikkeling van die werkswinkel, te identifiseer. Die ouderdomsgroep van die kind het 'n direkte invloed op die emosionele ontwikkeling van die kind, wat weer in ag geneem moet word, wanneer ouerskap bespreek word.

- **Etniese groep**

Al die respondente se etniese groep is wit. Hierdie groepering het spontaan plaasgevind op grond van die verteenwoordiging van die betrokke populasie. Dit blyk dat daar nie binne die populasie gesinne van ander etniese groepe was, wat aan die kriteria vir insluiting voldoen het nie. Indien daar ander etniese groepe ingesluit was by

hierdie studie, sou 'n bykomende literatuurstudie hoofstuk ingewerk moes word ten einde kulturele verskille en persepsies te klarifiseer.

- **Geslag van respondente**

Die geslag van die respondente wat die behoeftebepalingsvraelys voltooi het, kan soos volg aangedui word:

Tabel 7.4: Geslag van respondente (n=20)

<b>Manlik</b>	<b>Vroulik</b>
8	12

Tabel 7.4 dui aan dat 8 (40%) van die respondente wat die behoeftebepalingsvraelys voltooi het, manlik was. Die oorblywende 12 (60%) was vroulik. Dit wil dus voorkom of die vraelys relatief ewe veel deur mans en vrouens voltooi is. 'n Onderskeid tussen die geslagte word dus nie getref nie. Dit word egter erken dat mans en vrouens verskillende hanteringsmeganismes kan openbaar (vergelyk 2.3.4.1). Die feit dat mans ook hierdie behoeftebepalingsvraelys voltooi het, beteken dat die behoeftes wat deur vaders openbaar word met betrekking tot ouerskap en sosio-emosionele gesinsfunksionering, ook in die program opgeneem kon word. Dit word as betekenisvol beskryf, aangesien 5 uit 10 (50%) van die volwasse respondente in die werkswinkel manlik moes wees.

- **Geslag van respondente se kinders**

Die geslag van die respondente wat die behoeftebepalingsvraelys voltooi het, se kinders kan soos volg aangedui word:

Tabel 7.5: Geslag van respondente se kinders (n=20)

<b>Manlik</b>	<b>Vroulik</b>
18	21

Volgens tabel 7.5 het die 20 respondente wat die vraelys voltooi het, 'n totaal van 39 kinders waarvan die verspreiding 18 (46,2%) manlik en 21 (53,8%) vroulik was. 'n Relatief gelyke verspreiding tussen die twee geslagte kom dus voor. Hierdie verspreiding word as betekenisvol beskou, aangesien daar nie in hierdie betrokke studie 'n onderskeid getref is tussen seuns en dogters se hantering van egskeiding nie



(vergeelyk 2.3.4.2). Inligting wat deur die respondente voorsien is, word dus as van toepassing op beide geslagte kinders beskou.

- **Aantal dae wat respondent se kind per maand by hom/haar deurbring**

Die respondente het soos volg aangedui hoeveel dae per maand die kinders, gemiddeld, in hulle huis is:

Tabel 7.6: Dae per maand by die respondent (n=20)

0-5 dae	6-10 dae	11-15 dae	16-20 dae	21-25 dae	26-31 dae
0	2	6	1	9	2

Tabel 7.6 dui aan dat 2 (10%) van die respondente hulle kinders 6 tot 10 dae van die maand by hulle het. Die ouers wat hulle kinders tussen 26 tot 31 dae van die maand by hulle het, het ook op 2 (10%) te staan gekom. Slegs 1 (5%) van die respondente het min of meer 'n gelyke verdeling van 16 tot 20 dae aangedui. 9 (45%) van die respondente het aangedui dat hulle kinders 21 tot 25 dae van die maand by hulle is, terwyl 6 (30%) van die ouers hulle kinders tussen 11 tot 15 dae van die maand by hulle het. Bogenoemde inligting korreleer met die tradisionele siening dat kinders elke alternatiewe naweek by die nie-toesighoudende ouer deurbring (vergeelyk 2.4.4.3). Met die oog op programskrywing is hierdie inligting van belang deurdat die hoeveelheid tyd wat die kind by 'n betrokke ouer deurbring, ook 'n invloed het op die sosio-emosionele funksionering van die gesin.

- **Geografiese afstand tussen twee huishoudings**

Die respondente het soos volg aangedui hoeveel kilometer die twee huishoudings van mekaar af is:

Tabel 7.7: Afstand tussen huishoudings (n=20)

0-20 km	20-100 km	100-500 km	Meer as 500 km
11	8	1	0

Tabel 7.7 dui aan dat 11 (55%) van die respondente nader as 20 kilometer aan hulle gewese egmaat woon, 8 (40%) tussen 20 tot 100 kilometer en 1 (5%) tussen 100 en 500 kilometer. Dit blyk dus dat die meeste ouers in 'n radius van kleiner as 20 kilometer van mekaar woon (vergeelyk 2.4.4.2). Hierdie inligting is van belang omdat dit 'n implikasie inhou vir die fisiese toegang wat die kind na sy/haar ouers kan hê. Indien

die ouers ver van mekaar woon kan dit ook die frekwensie van fisiese kontak beïnvloed en dus ook 'n invloed op die sosio-emosionele funksionering van die betrokke individue, uitoefen.

- **Aard van kontakbesoeke**

Die respondente het die volgende aangedui met betrekking tot die tipe kontakbesoeke wat tussen die kind en die nie-toesighoudende ouer realiseer:

Tabel 7.8: Aard van kontakbesoeke (n=20)

a)	Geen reëlins, dit wil sê geen kontak.	0
b)	Beperkte kontak, bv een keer in 6 maande.	2
c)	Genoegsame kontak op 'n gereelde basis, bv elke 2e naweek.	13
d)	Te veel kontak.	5

Tabel 7.8 toon aan dat die meerderheid respondente, naamlik 13 (65%) die tradisionele kontak tussen ouer en nie-toesighoudende kind deurgegee het, naamlik elke alternatiewe naweek. 5 (25%) van die respondente is van mening dat te veel kontak tussen die nie-toesighoudende ouer en kind plaasvind. Slegs 2 (10%) het aangetoon dat beperkte kontak, dit wil sê ongeveer een keer in 6 maande, tussen die ouer en nie-toesighoudende kind realiseer. Dit wil dus voorkom of die meerderheid respondente die tradisionele kontakbesoekreëling as bevredigend beskou (vergeelyk 2.4.4.3) Hierdie inligting dui 'n algemene tevredenheid aan met betrekking tot die tradisionele kontak tussen kinders en hulle nie-toesighoudende ouers. Dit word dus as betekenisvol beskou dat genoegsame, gereelde kontak as positiewe grondslag vir parallelle ouerskap beskou word.

- **Emosionele verhoudings**

Op grond van die volgende skaal het die respondente 'n aanduiding gegee van die emosionele verhoudings tussen ouers en kinders:

<i>Glad nie</i>	<i>Gemiddeld</i>	<i>Baie</i>
1	2	3

Hierdie skaal dui aan dat 1 die totale afwesigheid van 'n emosionele verhouding verteenwoordig, 3 'n baie nabye emosionele verhouding verteenwoordig en 2 'n gemiddeld tussen die twee uiterstes verteenwoordig.

Tabel 7.9: Emosionele verhoudings (n=20)

	1	2	3
Hoe, in terme van gehegtheid, sal u die emosionele verhouding tussen u en u kinders beskryf?	0	2	18
Hoe, in terme van gehegtheid, sal u die emosionele verhouding tussen die ander ouer en die kinders beskryf?	0	14	6
Hoe toegewyd is u as ouer aan u kinders?	0	0	20
Volgens u mening, hoe toegewyd is die ander ouer aan die kinders?	1	15	4

Tabel 7.9 dui aan dat 18 (90%) van die respondente van mening is dat hulle 'n baie goeie emosionele verhouding met hulle kinders handhaaf. 2 (10%) van die respondente beskryf hierdie verhouding as gemiddeld. Die emosionele verhouding tussen die ander ouer en die kind word deur 6 (30%) van die respondente as baie goed beskou, terwyl 14 (70%) van die respondente dit as gemiddeld beskou. Met betrekking tot toewyding aan die kinders, beskryf 20 (100%) van die respondente hulleself as baie toegewyd. Met betrekking tot die toewyding van die ander ouer aan die kinders, beskryf 4 (20%) dit as baie toegewyd, 15 (75%) dit as gemiddeld en 1 (5%) dit as sleg. Hierdie data bevestig dat ouers hulle eie verhouding met hulle kinders vanuit 'n subjektiewe konteks op 'n meer positiewe wyse evalueer, as die verhouding tussen die kinders en die ander ouer. Die veronderstelling is dus dat ouers graag, ter wille van hulle kinders, 'n hegte emosionele verhouding tussen die ander ouer en die kind sou wou bewerk en dat die ander ouer se toegewydheid tot die kind moet verhoog. Programinhoud wat fokus op die instandhouding van 'n hegte emosionele verhouding, sou dus van belang wees.

#### 7.4.1.2.2 Getermineerde huweliksverhouding

- **Aantal jare getroud**

Die volgende tabel beskryf die aantal jare wat die respondente in die huwelik bevestig was:

Tabel 7.10: Aantal jare getroud (n=20)

0-2 jaar	0
2-5 jaar	1
6-10 jaar	14
Meer as 11 jaar	5

Tabel 7.10 dui aan dat meeste van die respondente, naamlik 14 (70%), tussen 6 en 10 jaar getroud was. 5 (25%) van die respondente was vir langer as 11 jaar getroud, terwyl 1 (5%) tussen 2 tot 5 jaar getroud was. Hierdie data het nie 'n direkte invloed op die gesinshantering van die egskeiding nie, maar kan wel 'n verwysing wees na die aanpassing na afloop van 'n egskeiding. Tydens die saamstel van die werkswinkel sal die aantal jare wat die respondente in die huwelik bevestig was 'n moontlike aanduiding kan gee van die fase waarin die huwelik was tydens die terminering daarvan. Dit hou 'n bepaalde implikasie vir die ontwikkelingstake van die huwelik en gesinsisteem, in.

- **Aantal huwelike onderneem**

Die respondente het soos volg geantwoord in terme van hulle hoeveelste huwelik die betrokke een was:

Tabel 7.11: Aantal huwelike onderneem (n=20)

Eerste	17
Tweede	3
Derde	0
Ander	0

Tabel 7.11 dui aan dat dit 17 (85%) van die respondente se eerste huwelik was, terwyl 3 (15%) vir die tweede keer in die huwelik verbind was. Hierdie inligting sou kon verwys na die wyse waarop egskeiding ervaar word, naamlik as 'n onbekende lewensgebeurlikheid, of as 'n proses wat vir die tweede keer deurloop word. Die aantal egskeidings sou ook 'n aanduiding kon wees van die individu se vermoë om positief aan te pas na afloop van 'n egskeiding. Volgens die sistemiese benadering sal elke respondent se huweliksluiting(s) 'n bepaalde effek op die ander dele van die sisteem hê. Hier word spesifiek verwys na die ondersteuningsnetwerke en ekonomiese hulpbronne waaroor die individu, na afloop van ('n) egskeiding(s), beskik.

- **Handhawing van dissiplinestruktuur**

Die respondente se mening met betrekking tot wie hulle dink die dissiplinestruktuur in die huis gehandhaaf het, het gewissel:

Tabel 7.12: Handhawing van dissiplinestruktuur (n=20)

U	10
U gewese egmaat	3
Beide van u	7
Ander	0

Tabel 7.12 dui aan dat 10 (50%) van die respondente van mening was dat hulle self die dissiplinestruktuur in die huis gehandhaaf het. 3 (15%) het die mening gehuldig dat dit deur die gewese egmaat gehandhaaf is, terwyl 7 (35%) van die respondente aangedui het dat beide die ouers die dissiplinestruktuur in die huis gehandhaaf het. Hierdie inligting kan 'n kruisverwysing wees na die feit dat beide ouers 'n dissiplinestruktuur in hulle eie huishoudings moet handhaaf na afloop van die egskeiding. Indien die ouer dus ervaar dat die ouer alleen verantwoordelik was vir die dissiplinestruktuur, sou dit kon gebeur dat die ouer steeds seggenskap wil hê in die ander ouer se handhawing van 'n dissiplinestruktuur, terwyl 'n ouer wat ervaar dat die ander ouer verantwoordelik was daarvoor, moontlik meer oorweldig kan voel daardeur. Die ouer wat ervaar dat beide ouers voor die egskeiding verantwoordelik was daarvoor, sal teoreties gesproke dus 'n beter geleentheid tot parallelle ouerskap openbaar (vergelyk 4.6). In die ontwikkeling van 'n ouerskapsprogram sou dit dus betekenisvol wees om dissipline as element van ouerskap te bespreek. Die dissiplinestruktuur behoort teoreties nie vir die toesighoudende en die nie-toesighoudende ouer te verskil nie.

#### 7.4.1.2.3 Hantering van egskeiding

Vrae met betrekking tot die wyse waarop die respondente van mening was dat hulle die egskeiding hanteer het, is soos volg met behulp van die volgende skaal beantwoord:

- Volwassenes se hantering van egskeiding

Nooit	Byna nooit	Soms	Redelik dikwels	Baie gereeld
1	2	3	4	5

Met die oog op statistiese verwerking word die tabel soos volg saamgegroepeer:

Selde	Soms	Dikwels
1	2	3
		4
		5

Wanneer opsie 1 of 2 deur die respondent geselekteer is, verwys dit dat die betrokke stelling "selde" as van toepassing beskou word. Opsie 3 beteken dat dit "soms"

voorkom, terwyl opsie 4 en 5 beteken dat die respondent die betrokke stelling as “dikwels” van toepassing in sy/haar eie lewe beskou.

Tabel 7.13: Volwassenes se hantering van egskeiding (n=20)

	1	2	3	4	5
Die hele egskeiding probeer vergeet.	3	3	6	3	5
U gevoelens op een of ander wyse ventileer.	0	1	8	7	4
Voel dat u die egskeiding oor uself gebring het.	4	4	4	4	4
Simpatie en begrip van ander mense aanvaar.	2	1	4	9	4
Harder probeer om dinge te laat werk.	0	2	6	0	12
Die ware toedrag van sake van ander mense weerhou.	3	5	3	7	2
Gedagdroom dat dinge moontlik weer reg kan kom.	3	0	2	9	6
Usself beter probeer laat voel het deur byvoorbeeld meer te drink, te rook, medikasie te neem, te ooreet, te harde fisiese oefening te doen.	8	1	6	1	4
Meer as gewoonlik geslaap.	3	5	8	2	2
Herontdek wat vir u in u lewe belangrik is.	4	2	1	8	5
Iets verander sodat alles beter sal uitdraai.	0	1	6	2	11
Gewens u kon dit wat gebeur het verander.	2	8	5	2	3
'n Plan van aksie vir u lewe bedink en uitgevoer.	0	1	9	5	5
'n Vakansie geneem.	9	4	2	4	1
As mens op 'n positiewe wyse verander.	0	1	5	10	4
Die situasie lig beskou – geweier om dit ernstig op te neem.	8	4	8	0	0
Skuldig teenoor u kinders gevoel omdat u geskei is.	1	1	7	7	4

Tabel 7.13 toon dat die volgende getal respondente spesifieke opinies met betrekking tot hulle eie hantering van die egskeiding handhaaf:

- 8 (40%) van die respondente het aangedui dat hulle wel die hele egskeiding probeer vergeet het. 6 (30%) was onseker, terwyl 6 (30%) aangedui het dat hulle nie probeer vergeet het nie. Hierdie relatief gelyke verdelings kan 'n aanduiding wees van die respondente se aanpassing na afloop van die egskeiding (vergelyk 2.3.4.1).
- Die meerderheid respondente, naamlik 11 (55%) het aangedui dat hulle hulle gevoelens op een of ander wyse ventileer. Die 8 (40%) wat aangedui het dat hulle onseker is, skep die indruk dat daar moontlik nog 'n proses van verwerking deurloop word. Slegs 1 (5%) het aangedui dat hulle gevoelens nie op een of ander wyse geventileer word nie. Terapeutiese intervensie sou vir hierdie respondent

aanbeveel word, met die oog op die deurloop van 'n rouproses en die gevolglike hantering van gevoelens (vergelyk 2.3.2).

- 9 (40%) van die respondente het ervaar dat hulle die egskeiding oor hulleself gebring het. 4 (20%) het aangedui dat hulle onseker is of hulle grotendeels daarvoor verantwoordelik is, terwyl 8 (40%) aangedui het dat hulle nie die egskeiding oor hulleself gebring het nie. Hierdie gelyke verdelings na weerskante van die spektrum dui aan dat 'n gelyke verspreiding van skuldtoesegging voorkom (vergelyk 2.3.2).
- Met betrekking tot ondersteuning het 13 (65%) van die respondente aangedui dat hulle simpatie en begrip van ander mense aanvaar het. 4 (20%) het aangedui dat hulle onseker is, terwyl 3 (15%) aangedui het dat hulle nie simpatie en begrip aanvaar het nie. Dit wil dus voorkom of die meerderheid van die respondente die ondersteuning wat aangebied is, aanvaar het (vergelyk 2.3.6.2).
- 12 (60%) van die respondente het aangedui dat hulle harder probeer het om dinge te laat werk. 6 (30%) was onseker, terwyl 2 (10%) aangedui het dat hulle nie verdere pogings aangewend het om dinge te laat werk nie (vergelyk 2.2.1).
- Net minder as die helfte van die respondente, te wete 9 (45%), het aangedui dat hulle die ware toedrag van sake van ander mense weerhou het. Feitlik net so groot getal, naamlik 8 (40%), het aangedui dat hulle nie die ware toedrag van sake van ander mense weerhou het nie. Slegs 3 (15%) het aangedui dat hulle onseker is of hulle het of nie. Dit wil dus voorkom of meeste van die respondente 'n definitiewe standpunt ingeneem het met betrekking tot die sosiale skeiding wat deurloop is (vergelyk 2.2.4).
- 15 (75%) van die respondente het aangedui dat hulle gedagdream het dat dinge moontlik weer reg kan kom. 3 (15%) van die respondente was onseker hieroor, terwyl 2 (10%) aangedui het dat hulle nie fantasieë in hierdie verband gekoester het nie (vergelyk 2.3.2).
- Slegs 5 (25%) van die respondente het aangedui dat hulle hulself beter probeer laat voel het deur byvoorbeeld te drink, te rook, medikasie te neem, te ooreet, te harde fisiese oefening te doen en so meer. 6 (30%) het aangedui dat hulle onseker is, terwyl die meerderheid van 9 (45%) aangedui het dat hulle nie bepaalde negatiewe gewoontes, as verdedigingsmeganisme, aangeleer het nie (vergelyk 2.3.4.1).
- Slegs 4 (20%) van die respondente het aangedui dat hulle meer as gewoonlik geslaap het. 6 (30%) het aangedui dat hulle onseker is, terwyl die meerderheid, naamlik 10 (50%), aangedui het dat hulle nie slaap as ontvlugtingstegniek ervaar het nie (vergelyk 2.3.4.1).

- 13 (65%) van die respondente het aangedui dat hulle na afloop van die egskeiding herontdek het wat vir hulle in die lewe belangrik is. Slegs 1 (5%) het 'n onsekerheid in hierdie verband aangedui, terwyl 6 (30%) aangedui het dat hulle nie hierdie herontdekking gedoen het nie. Dit wil dus voorkom of die meerderheid van die respondente 'n positiewe transformasie kon deurloop met betrekking tot hulle individuele funksionering (vergelyk 2.4.4.1).
- 13 (65%) van die respondente het aangedui dat hulle iets verander het sodat alles beter sal uitdraai. 6 (30%) het 'n onsekerheid in hierdie verband aangedui, terwyl slegs 1 (5%) aangedui het dat hulle niks verander het in die hoop dat alles beter sal uitdraai nie (vergelyk 2.4.4.1).
- Slegs 5 (25%) het aangedui dat hulle gewens het dat hulle dit wat gebeur het kon verander. 'n Verdere 5 (25%) het aangedui dat hulle onseker is. Die helfte, naamlik 10 (50%) het aangedui dat hulle nie gewens het dat hulle dit wat gebeur het, kon verander nie (vergelyk 2.4.4.1).
- 10 (50%) van die respondente het 'n daadwerklike optrede openbaar deur 'n plan van aksie vir hulle lewe te bedink en dit deur te voer. 9 (45%) van die respondente was onseker of hulle dit werklik gedoen het, terwyl slegs 1 (5%) aangedui het dat hulle nie 'n plan van aksie bedink het nie.
- 5 (25%) van die respondente het aangedui dat hulle 'n vakansie geneem het, 2 (10%) was onseker of hulle wel het, terwyl 13 (65%) aangedui het dat hulle nie 'n vakansie geneem het nie.
- Meeste van die respondente, te wete 14 (70%), het aangedui dat hulle as mens op 'n positiewe wyse verander het. 5 (25%) het aangedui dat hulle onseker is, terwyl slegs 1 (5%) aangedui het dat hulle nie as mens op 'n positiewe wyse verander het nie.
- Geen van die respondente het aangedui dat hulle die situasie lig beskou en geweier het om dit ernstig op te neem nie. 8 (40%) van die respondente het aangedui dat hulle onseker is of hulle het, terwyl die oorblywende 12 (60%) aangedui het dat hulle die situasie wel ernstig opgeneem het.
- Die meerderheid van die respondente, naamlik 11 (55%), het aangedui dat hulle skuldig gevoel het teenoor die kinders omdat hulle geskei is. 7 (35%) het aangetoon dat hulle onseker is of hulle skuldig voel, terwyl slegs 2 (10%) aangedui het dat hulle nie skuldig voel nie (vergelyk 2.4.5.2).

Bogenoemde inligting bevestig spesifieke temas wat in die werkswinkel opgeneem moes word, naamlik die ontwikkelingsfases van volwassenes, rouproses as deel van egskeiding en positiewe transformasie na afloop van 'n egskeiding.



- **Terapeutiese dienste**

Met betrekking tot terapeutiese dienste voor, tydens of na afloop van die egskeiding het die respondente die volgende aangedui:

Tabel 7.14: Terapeutiese dienste (n=20)

	Voor egskeiding	Tydens egskeiding	Na egskeiding
U self	3	4	7
U kinders	4	6	11
U hele gesin (gewese egmaat ingesluit)	6	0	0

Vanuit tabel 7.14 kan die volgende interpretasie gemaak word: Met betrekking tot die respondente self, het slegs 3 (15%) terapeutiese dienste voor die egskeiding versoek, 4 (20%) tydens die egskeiding en 7 (35%) na afloop van die egskeiding. Met betrekking tot die kinders, het 4 (20%) ingeskakel vir terapeutiese dienste voor die egskeiding, 6 (30%) tydens die egskeiding en 11 (55%) na afloop van die egskeiding. Terapeutiese dienste aan die hele gesin voor die egskeiding is deur 6 (30%) van die respondente aangedui, terwyl geen terapeutiese dienste vir die gesin tydens of na afloop van die egskeiding versoek is nie. Hierdie tabel bevestig dat individue meer geneig is om terapeutiese dienste te versoek na afloop van die egskeiding as voor of tydens die proses. Met betrekking tot die kinders, geld dieselfde beginsel. Terapeutiese intervensie vir die hele gesin is slegs voor die egskeiding deurloop. Die tabel dui verder aan dat, van al die gesinslede, kinders meer toegang tot terapeutiese dienste het as die volwasse individue of die gesin as geheel (vergelyk 2.5). Die invloed van egskeiding op die kind, die volwassene en die gesin as sisteem behoort dus in die werkwinkel hanteer te word. Hierdie inligting sal die waarde van terapeutiese dienste vir die kind, volwassene en gesin beklemtoon.

- **Gesin se hantering van die egskeiding**

Die volgende tabel verwys tot watter mate die respondente van mening was dat dit goed of sleg is vir gesinslede wat deur 'n egskeiding is, om die volgende te doen, volgens die onderstaande skaal:

Baie sleg	Bietjie sleg	Sleg	Neutraal	Goed	Baie goed	Uitstekend
1	2	3	4	5	6	7

Met die oog op statistiese verwerking word die tabel soos volg saamgegroeper:

Sleg		Neutraal			Goed	
1	2	3	4	5	6	7

Hierdie tabel toon aan dat die respondente die stelling as “sleg” evalueer indien opsie 1 en 2 geselekteer word. Opsie 6 en 7 dui op ‘n evaluasie van “goed”, terwyl opsies 3, 4 en 5 met ‘n neutrale gesindheid geëvalueer word.

Tabel 7.15: Gesin se hantering van die egskeiding

	1	2	3	4	5	6	7
Kinders wat met ander mense praat oor die egskeiding.	0	0	0	6	8	4	2
Kinders wat terapie ontvang met betrekking tot die egskeiding.	0	0	0	0	5	9	6
Ouers wat hulle kinders se vrae oor die egskeiding beantwoord.	0	0	0	2	7	8	3
Kinders wat hulle gevoelens oor die egskeiding uitdruk. (Bv kwaad wees, huil en so meer)	0	0	0	2	1	11	6
Een ouer wat baie kritiek oor die ander ouer uitspreek – voor die kinders.	7	5	3	4	1	0	0
Een ouer wat die kinders probeer beïnvloed om tyd saam met die ander ouer deur te bring.	5	1	1	6	4	3	0
Gewese egmaats wat met mekaar baklei in die kinders se teenwoordigheid.	12	5	3	0	0	0	0
Een ouer wat die ander ouer se aktiwiteite afkeur en kritiseer.	5	7	4	3	0	1	0
Kinders wat hulleself blameer vir die egskeiding.	11	9	0	0	0	0	0
Ouers wat van kinders verwag om oor hulle gevoelens met betrekking tot die egskeiding te kom.	3	2	7	2	3	0	3
Een ouer wat die kinders aanmoedig om met die ander ouer te praat.	1	1	0	8	6	2	2
Een ouer wat die kinders uitvra oor die aktiwiteite van die ander ouer.	13	1	6	0	0	0	0
Een ouer wat die kind se kant kies teen die ander ouer.	7	1	2	2	1	4	3

Kinders wat versekering kry dat hulle nie verantwoordelik is vir die egskeiding nie.	0	0	0	0	1	4	15
Kinders wat gereeld kontak met beide hulle ouers het.	1	0	1	2	0	6	10
Kinders wat presies weet wanneer en hoe gereeld hulle die nie-toesighoudende ouer gaan sien.	0	0	0	0	7	0	13
Kinders wat weet waar beide ouers woon.	0	0	0	2	2	5	11
Een ouer wat die kind se verhouding met die ander ouer aanmoedig en ondersteun.	0	0	0	1	1	9	9

Tabel 7.15 kan soos volg geïnterpreteer word (vergelyk 2.3 en 2.4):

- 6 (30%) van die respondente het dit as 'n goeie idee beskou dat kinders met ander mense praat oor die egskeiding, terwyl 14 (70%) 'n neutrale houding hieroor handhaaf.
- Met betrekking tot kinders wat terapie ontvang aangaande die egskeiding, het 14 (70%) van die respondente positief hierop gereageer, terwyl 6 (30%) neutraal was.
- 11 (55%) van die respondente was van mening dat ouers hulle kinders se vrae oor die egskeiding moet beantwoord, terwyl die oorblywende 9 (45%) 'n neutrale antwoord in hierdie verband gegee het.
- Die meerderheid respondente, naamlik 17 (85%), het aangedui dat dit 'n positiewe aspek is indien kinders hulle gevoelens oor die egskeiding uitdruk deur byvoorbeeld kwaad te wees, te huil en so meer. 3 (15%) van die respondente het neutraal hierop gereageer.
- 13 (60%) van die respondente het die opinie gehandhaaf dat dit negatief is indien een ouer baie kritiek oor die ander ouer uitspreek voor die kinders. Die ander 8 (40%) van die respondente het 'n neutrale opinie in hierdie verband gehandhaaf.
- 6 (30%) van die respondente het die mening gehuldig dat dit positief is indien een ouer die kinders probeer beïnvloed om tyd saam met die ander ouer deur te bring, terwyl 3 (15%) van mening was dat dit nie 'n goeie idee is nie. 11 (55%) van die respondente het 'n neutrale mening gehuldig.
- Die meerderheid van 17 (85%) respondente het aangedui dat dit negatief is indien gewese egmaats in die kinders se teenwoordigheid met mekaar baklei. 3 (15%) van die respondente het 'n neutrale houding ingeneem.
- 12 (60%) van die respondente was van mening dat dit sleg is indien een ouer die ander ouer se aktiwiteite afkeur en kritiseer. Slegs 1 (5%) van die respondente was van mening dat dit positief is, terwyl 7 (35%) 'n neutrale standpunt ingeneem het.

- Al die respondente, dit wil sê 20 (100%), het aangedui dat dit negatief is indien kinders hulleself vir die egskeding blameer.
- Met betrekking tot ouers wat van kinders verwag om oor hulle gevoelens met betrekking tot die egskeding te kom, het 5 (25%) van die respondente gereken dat dit sleg is, terwyl 3 (15%) gereken het dit is goed. 12 (60%) het 'n neutrale standpunt openbaar.
- 2 (10%) van die respondente was van mening dat dit sleg is indien een ouer die kinders aanmoedig om met die ander ouer te praat. 4 (20%) was van mening dat dit 'n goeie idee is, terwyl 14 (70%) 'n neutrale antwoord voorsien het.
- 14 (70%) van die respondente het die mening gehuldig dat dit sleg is indien een ouer die kinders uitvra oor die aktiwiteite van die ander ouer. Die oorblywende 6 (30%) van die respondente het dit as 'n goeie beginsel bestempel.
- Met betrekking tot een ouer wat die kind se kant kies teen die ander ouer, het 8 (40%) van die respondente dit as positief beskou, 7 (35%) as negatief en 5 (25%) het 'n neutrale houding ingeneem.
- 19 (95%) van die respondente het aangedui dat hulle dit as positief beskou indien kinders die versekering kry dat hulle nie verantwoordelik vir die egskeding is nie. Die oorblywende 1 (5%) het 'n neutrale antwoord in hierdie verband voorsien.
- 16 (80%) van die respondente het die mening gehuldig dat dit positief is indien kinders gereeld kontak met beide hulle ouers het. Slegs 1 (5%) het aangedui dat dit negatief is, terwyl 3 (15%) 'n neutrale antwoord voorsien het.
- Met betrekking tot kinders wat presies weet wanneer en hoe gereeld hulle die nie-toesighoudende ouer gaan sien, het 13 (65%) van die respondente aangedui dat dit positief is, terwyl 7 (35%) 'n neutrale houding weergegee het.
- 16 (80%) van die respondente het dit as positief beskou dat kinders weet waar beide ouers woon. Die oorblywende 4 (20%) het 'n neutrale standpunt ingeneem.
- Die meerderheid van die respondente, naamlik 18 (90%), het aangedui dat dit positief is indien een ouer die kind se verhouding met die ander ouer aanmoedig en ondersteun. Die oorblywende 2 (10%) het 'n neutrale houding hieroor ingeneem.

Bogenoemde inligting bevestig die noodsaaklikheid van 'n program waar ouers en kinders geleentheid gebied moet word om gevoelens oor die egskeding te kommunikeer.

- **Kind se hantering van die egskeding**

Met betrekking tot die kind se reaksie op die egskeding, het die respondente die volgende inligting voorsien, volgens die volgende skaal:

Onwaar / glad nie

Bietjie

Waar / baie

1

2

3

Opsie 1 dui aan dat die respondent van mening is dat die betrokke stelling glad nie van toepassing is op sy/haar kind se hantering van die egskeiding nie. Opsie 2 dui aan dat daar wel bietjie waarheid in die stelling steek, terwyl opsie 3 aandui dat die respondent die stelling as waar vir sy/haar kind beskou.

Tabel 7.16: Kind se hantering van die egskeiding

	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Ongesonde eetgewoontes	9	9	2
Ongehoorsaam	6	8	6
Emosionele uitbarstings	3	12	5
Baie huilerig	5	7	8
Klouerig	4	6	10
Temperamenteel	13	4	3
Teruggetrokke	6	9	5
Ongesonde slaappatrone	11	8	1
Konflik met boeties en sussies	11	3	2
Gesondheidsprobleme	17	3	0
Voortdurend hartseer / kwaad	7	10	3
Gebrek aan selfvertroue	13	6	1
Gebrekkige konsentrasievermoë	5	7	8
Verkies om eerder alleen te wees	12	4	4
Stiller as gewoonlik	15	3	2

Tabel 7.16 kan soos volg geïnterpreteer word (vergelyk 2.3.4.2):

- 9 (45%) van die respondente is van mening dat hulle kinders glad nie ongesonde eetgewoontes na afloop van die egskeiding openbaar het nie. 9 (45%) van die

respondente is van mening dat hulle kinders wel bietjie ongesonde eetgewoontes openbaar het, terwyl 2 (10%) reken dat dit definitief die geval was.

- Met betrekking tot ongehoorsaamheid het 6 (30%) van die respondente aangedui dat hulle kinders nie ongehoorsaam was na afloop van die egskeiding nie, 8 (40%) het bietjie ongehoorsaamheid aangedui, terwyl 6 (30%) hulle kinders as baie ongehoorsaam beskryf het.
- 3 (15%) van die respondente het aangedui dat hulle kinders nie emosionele uitbarstings gehad het nie, terwyl 12 (60%) aangedui het dat hulle kinders wel bietjie emosionele uitbarstings openbaar het. 5 (25%) van die respondente het aangedui dat hulle kinders wel emosionele uitbarstings gehad het na afloop van die egskeiding.
- Met betrekking tot kinders wat baie huilerig was, het 5 (25%) van die respondente aangedui dat dit nie die geval was nie, 7 (35%) het aangedui dat hulle kinders bietjie huilerig was, terwyl 8 (40%) aangedui het dat hulle kinders wel baie huilerig was, na afloop van die egskeiding.
- 4 (20 %) van die respondente het aangedui dat hulle kinders, na afloop van die egskeiding, nie met klouerige gedrag presenteer het nie. 6 (30%) van die respondente het hulle kinders se gedrag as bietjie klouerig beskryf, terwyl die helfte, naamlik 10 (50%), hulle kinders se gedrag as baie klouerig beskryf het.
- Die meerderheid van die respondente, naamlik 13 (65%), het aangedui dat hulle kinders nie temperamentele gedrag openbaar het na afloop van die egskeiding nie. 4 (20%) van die respondente het hulle kinders se gedrag as bietjie temperamenteel beskryf, terwyl 3 (15%) dit as baie temperamenteel beskryf het.
- 6 (30%) van die respondente het dit as onwaar beskou dat hulle kinders meer teruggetrokke was, na afloop van die egskeiding. 9 (45%) van die respondente het aangedui dat hulle kinders wel bietjie meer teruggetrokke was, terwyl 5 (25%) van die respondente dit as waar beskryf het dat hulle kinders meer teruggetrokke was, na afloop van die egskeiding.
- Die meerderheid van die respondente, naamlik 11 (55%), het aangedui dat hulle kinders nie ongesonde slaappatrone ontwikkel het, na afloop van die egskeiding nie. 8 (40%) het aangedui dat hulle kinders wel 'n bietjie ongesonde slaappatrone ontwikkel het, terwyl 1 (5%) aangedui het dat hulle kinders wel ongesonde slaappatrone ontwikkel het.
- Met betrekking tot konflik met boeties en sussies, het slegs 16 van die 20 respondente hierdie vraag as toepaslik beskou. Die meerderheid van die respondente, naamlik 11 (68,75%), het aangedui dat hulle kinders nie meer konflik met boeties en sussies beleef het, na afloop van die egskeiding nie. 3 (18,75%)

van die respondente het beskryf dat bietjie meer konflik voorgekom het, terwyl 2 (12,5%) baie meer konflik beskryf het.

- 17 (85%) van die respondente het aangedui dat hulle kinders geen gesondheidsprobleme na afloop van die egskeiding ervaar het nie, terwyl 3 (15%) aangedui het dat bietjie gesondheidsprobleme wel voorgekom het.
- Met betrekking tot 'n gevoel van voortdurende hartseer en kwaad het 7 (35%) van die respondente aangedui dat dit nie by hulle kinders voorkom nie. 10 (50%) het aangedui dat dit wel tot 'n mate voorkom, terwyl 3 (15%) van die respondente aangedui het dat hulle kinders wel, na afloop van die egskeiding, voortdurend hartseer of kwaad was.
- 13 (65%) van die respondente het nie 'n gebrek aan selfvertroue by hulle kinders opgemerk, na afloop van die egskeiding nie. 6 (30%) het bietjie daarvan geïdentifiseer, terwyl slegs 1 (5%) aangedui het dat hulle kinders, tot 'n groot mate, 'n gebrek aan selfvertroue openbaar het, na afloop van die egskeiding.
- Met betrekking tot gebrekkige konsentrasievermoë, het 5 (25%) van die respondente aangedui dat dit glad nie die geval by hulle kinders was nie. 7 (35%) van die respondente het aangedui dat 'n mindere mate van gebrekkige konsentrasie geïdentifiseer is, terwyl 8 (40%) van die respondente aangedui het dat hulle kinders definitief 'n gebrekkige konsentrasievermoë openbaar het, na afloop van die egskeiding.
- 12 (60%) van die respondente het aangedui dat hulle kinders nie verkies het om eerder alleen te wees, na afloop van die egskeiding nie. 4 (20%) het aangedui dat hulle kinders bietjie meer as gewoonlik verkies het om eerder alleen te wees, terwyl 'n verdere 4 (20%) aangedui het dat hulle duidelik kon waarneem dat hulle kinders, na afloop van die egskeiding, verkies het om eerder alleen te wees.
- Die meerderheid van die respondente, naamlik 15 (75%), het aangedui dat hulle kinders nie stiller as gewoonlik was na afloop van die egskeiding nie, terwyl 3 (15%) aangedui het dat dit wel bietjie voorgekom het. 2 (10%) van die respondente het aangedui dat hulle kinders wel na afloop van die egskeiding, stiller as gewoonlik was.

Bogenoemde inlingting het aangedui dat die kind se hantering van egskeiding as tema in die ouerskapsprogram, opgeneem moes word.

#### 7.4.1.2.4 Ouerskap

- **Verhouding tussen ouer en kind**

Met betrekking tot die praktiese aspekte van ouerskap, soos deur die respondente ervaar na afloop van die egskeiding, is die volgende data voorsien:

Tabel 7.17: Verhouding tussen ouers en kinders na egskeiding (n=20)

	Meer positief	Meer negatief	Dieselfde
Ek ervaar my en my kinders se verhouding sedert die egskeiding as:	15	2	3
In my opinie is die verhouding tussen my kinders en hulle ander ouer, sedert die egskeiding:	5	6	9

Tabel 7.17 dui aan dat ouers hulle eie verhouding met hulle kinders sedert die egskeiding, as oorwegend meer positief beskryf. 15 (75%) van die respondente het die verhouding op hierdie wyse beskryf. 2 (10%) van die respondente het die betrokke verhouding as meer negatief beskryf, terwyl 3 (15%) dit as dieselfde beskryf het. Met betrekking tot die verhouding tussen die kinders en die ander ouer het 5 (25%) van die respondente dit as meer positief beskryf, 6 (30%) as meer negatief en 9 (45%) het die verhouding as onveranderd beskryf. Dit blyk dus dat meeste ouers hulle eie verhouding met die kinders as meer positief beskryf het, terwyl meeste ouers die verhouding tussen die ander ouer en die kinders as dieselfde voor en na die egskeiding beskryf het.

- **Ouerskapstyle**

Die volgende tabel verwys na die respondente se evaluering van hulle eie en die ander ouer se ouerskapstyl:

Tabel 7.18: Ouerskapstyle (n=20)

	Outoritêr	Permissief	Gesaghebbend
Ek	4	6	10
Die ander ouer	8	8	4

Vanuit tabel 7.18 blyk dit dat 4 (20%) van die ouers hulle eie ouerskapstyl as outoritêr van aard beskryf het. 6 (30%) beskryf dit as permissief van aard, terwyl die helfte,



naamlik 10 (50%) aangedui het dat hulle 'n gesaghebbende ouerskapstyl openbaar. Met betrekking tot die ouerskapstyl wat deur die ander ouer openbaar word, het 8 (40%) van die respondente aangedui dat dit outoritêr van aard is, 'n verdere 8 (40%) dui aan dat dit permissief van aard is en 4 (20%) dat 'n gesaghebbende ouerskapstyl openbaar word. Dit blyk dus dat meeste van die respondente hulle eie ouerskapstyl as positief beskryf, naamlik gesaghebbend van aard. Meeste van die respondente beskryf die ouerskapstyl van die ander ouer in 'n meer negatiewe lig, naamlik dat dit permissief of outoritêr van aard is (vergelyk 4.4). Die insluiting van ouerskapstyle as 'n tema in die ouerskapsprogram sou dus as betekenisvol beskryf kan word.

- **Ouerskapsverhouding**

Die respondente se beskrywing van die ouerskapsverhouding wat tussen hulle en die ander ouer voorkom, word soos volg uiteengesit:

Tabel 7.19: Ouerskapsverhouding (n=20)

Baie goeie vriende	2
Samewerkende kollegas	3
Woedende kennisse	6
Vurige vegters	8
Onbetrokke strydere	1

Vanuit bogenoemde tabel 7.19 blyk dit dat 2 (10%) van die respondente die verhouding tussen die ouers as 'n goeie vriendskap beskou. 3 (15%) beskryf hulleself as samewerkende kollegas, terwyl 6 (30%) hulleself as woedende kennisse beskou. 8 (40%) van die respondente beskryf hulleself as vurige vegters, terwyl 1 (5%) hulleself as onbetrokke strydere beskryf (vergelyk 2.3.5). Dit blyk dus dat die meerderheid van die respondente 'n verhouding wat konflikbelaaie is, beskryf. Die negatiewe impak van 'n konflikbelaaide ouerskapsverhouding moes dus, met die oog op die verbeterde sosio-emosionele funksionering van die gesin, in die program geïnkorporeer word.

- **Konflikareas tussen ouers**

Met betrekking tot konflikareas wat voorgekom het voordat die wetlike skeiding deurgevoer kon word, het die resondente die volgende aangedui:

Tabel 7.20: Konflikareas (n=20)

Toesig en beheer van minderjarige kinders	5
Onderhoudsgelde	13
Verdeling van materiële bates en laste	4
Ander	2

Tabel 7.20 dui aan dat 5 (25%) van die respondente voor die wetlike skeiding konflik beleef het, met betrekking tot die toesig en beheer van die minderjarige kinders. 13 (65%) van die respondente het konflik ervaar met betrekking tot die onderhoudsgeld, terwyl 'n verdere 4 (20%) konflik ervaar het met betrekking tot die verdeling van materiële bates en laste. 2 (10%) van die respondente het ook aangedui dat hulle konflik oor ander aspekte beleef het (vergelyk 2.2.3).

#### 7.4.1.3 Evaluering van data

- Meeste van die ouers wat die behoeftebepalingsvraelyste voltooi het, was tussen 5 tot 10 jaar getroud en woon tans tussen 0-20 km van mekaar af.
- Die oorheersende ouderdomsgroep was die groep tussen 30 tot 40 jaar.
- Dit blyk dat meeste ouers, hetsy toesighoudend of nie-toesighoudend, 'n mate van tevredenheid openbaar, met betrekking tot die hoeveelheid kontak tussen die kind en die nie-toesighoudende ouer.
- Die reaksie met betrekking tot watter ouer die dissiplinestruktuur in die huis gehandhaaf het, was oorwegend "beide ouers".
- Ouers het oorwegend aangedui dat hulle skuldig voel teenoor hulle kinders omdat hulle geskei is. Daar was geen ouers wat glad nie hierdie gevoel ervaar het nie.
- Meeste ouers, hetsy toesighoudend of nie-toesighoudend, het aangedui dat hulle eie gehegtheid in terme van die emosionele verhouding met hulle kind en hulle toegewydheid tot die kind, meer is as dié van die ander ouer.
- 'n Groot verskeidenheid reaksies is gegee met betrekking tot die ouerskapsverhouding wat tussen ouers bestaan, na afloop van die egskeiding. Die meerderheid ouers het aangedui dat hulle óf "baie goeie vriende" of "woedende kennisse" is. Dit blyk dus dat die reaksies nie gematigd is nie, maar wel tot uiterstes strek.
- Feitlik al die ouers het aangedui dat daar konflik met betrekking tot die verdeling van materiële bates en laste en onderhoudsgelde, voorgekom het.
- Ongeveer helfte van die ouers het aangedui dat hulle, voor die aanvang van die egskeiding, self vir terapeutiese dienste ingeskakel het. Geen ouers het tydens die

egskeidingsproses terapeutiese dienste ontvang nie. Na afloop van die egskedding het ongeveer die helfte van die ouers aangedui dat hulle kinders vir terapeutiese dienste ingeskakel het.

- Al die ouers het aangedui dat hulle die kinders aanmoedig om hulle gevoelens uit te druk en dat hulle die kinders se vrae beantwoord.
- Meeste van die ouers het aangedui dat hulle konflik met die gewese egmaat voor die kinders vermy.
- Meeste van die ouers het ook aangedui dat hulle dit as besonder negatief ervaar, indien een ouer die ander ouer se aktiwiteite afkeur en kritiseer.
- Die ouers se beskrywing van hulle kinders se reaksie op die egskedding bevestig dat meeste kinders een of ander vorm van negatiewe gedrag, soos byvoorbeeld huilerig, klouerig, emosionele uitbarstings en so meer, openbaar het.
- Meeste van die toesighoudende ouers het aangedui dat hulle verhouding met hulle kinders meer positief is, na afloop van die egskedding. Dieselfde geld egter nie vir die nie-toesighoudende ouers nie. Hierdie ouers het aangedui dat die verhouding meer negatief is, op grond van die beperkte hoeveelheid tyd saam.

Hierdie evaluering van die behoeftebepalingsvraelys bevestig dat ouers subjektief reageer en in goedertrou antwoorde voorsien. Daar word aanvaar dat hulle die vrae eerlik beantwoord het en dat dit die realiteit is, soos hulle dit ervaar. Die mate van tevredenheid wat ervaar word met betrekking tot die hoeveelheid kontak tussen die kind en die nie-toesighoudende ouer word as positief beskou met betrekking tot langtermyn verhoudings en emosionele nabyheid. Die feit dat daar aangedui is dat beide biologiese ouers tydens die huwelik verantwoordelikheid aanvaar het vir die handhawing van 'n dissiplinestruktuur, bevestig die feit dat die handhawing van dissipline oorweldigend kan wees na afloop van 'n egskedding. Skuldgevoelens wat ouers ervaar teenoor hulle kinders blyk een van die mees dominante gevoelens te wees. Die ouers se evaluering van hulle eie emosionele verhouding en toegewydheid tot die kind was deurlopend hoër as hulle evaluering van die ander ouer se emosionele verhouding en toegewydheid. Hierdie stelling impliseer dat elke ouer sy/haar eie betrokkenheid graag as meer toereikend as dié van die ander ouer wil beskou.

Die feit dat ouers reken dat hulle woedende kennisse of baie goeie vriende is, na afloop van die egskedding, bring bepaalde implikasies vir die kinders se aanpassing mee. Die ideaal word gestel dat ouers samewerkende kollegas behoort te wees. Woedende kennisse impliseer voortdurende konflik wat spanning en negatiewe aanpassing vir die kinders tot gevolg het. Baie goeie vriende impliseer weer dat die emosionele skeiding nie kan plaasvind nie en dat die moontlikheid bestaan dat die kind

oor gesinshereniging kan fantaseer. Konflik wat voorgekom het met betrekking tot die verdeling van bates en laste en die ooreenkoms met betrekking tot onderhoudsgelde kan voortduur na afloop van 'n egskeiding. Die betaling of versuiming van onderhoudsgeld het 'n direkte impak op die kind se fisiese versorging. Dit kan ook gebeur dat die reg tot kontakbesoeke in verhouding tot die betaling of versuiming van onderhoudsgeld geplaas word. Dit is dus belangrik dat ouers beseft dat hierdie twee aspekte, naamlik die betaling van onderhoud en die reël van kontakbesoeke, nie met mekaar verband hou nie en as aparte entiteite beskou word. Meeste ouers het aangedui dat hulle konflik voor die kinders vermy.

Inskakeling vir terapeutiese dienste word dikwels op twee stadiums deur ouers as noodsaaklik beskou. Aanvanklik skakel die volwassenes dikwels in vir terapie ten einde die huwelik te probeer herstel. Indien die egskeiding deurloop word, is ouers geneig om die kinders vir terapeutiese dienste in te skakel, sonder dat hulle die noodsaaklikheid van hulle eie inskakeling beseft. Ouers ervaar dat hulle sonder terapeutiese intervensie sal aanpas en positief sal funksioneer, indien hulle kinders net in die proses begelei word. Vanuit die sistemiese benadering is dit egter noodsaaklik dat die totale gebroke gesinsisteem by terapeutiese dienste inskakel, ten einde optimale funksionering te verseker. Die ouers het deurlopend aangedui dat hulle emosioneel toeganklik vir hulle kinders is, deurdat die kinders se vrae beantwoord word en die kinders aangemoedig word om hulle gevoelens uit te druk.

Ouers het aangedui dat hulle dit negatief ervaar indien een ouer die ander ouer se aktiwiteite afkeur en kritiseer. Die realiteit is egter dat kinders baie sensitief is hiervoor en dat opinies wat nie geverbaliseer word nie, ook binne sekere kontekste en in sekere situasies 'n negatiewe invloed kan uitoefen. Meeste van die ouers was daartoe instaat om negatiewe gedrag wat deur hulle kinders openbaar is na afloop van die egskeiding, te herken en bewus te wees daarvan. Dit bevestig aan ouers dat terapeutiese hulpverlening moontlik positief kon wees.

#### **7.4.2 Kinder-respondente: Assessering**

##### **7.4.2.1 Metodologie**

Die assessering van die kinder-respondente, as behoeftebepaling, is onderneem deur die benutting van diere-projeksies. Elkeen van die kinder-respondente, dit wil sê 5 kinders van voorskoolse ouderdom, wie se ouers as die volwasse respondente geïdentifiseer is vir die werkswinkel, is die geleentheid gebied om tydens 'n individuele

assessering enkele dae voor die werkwinkel, bepaalde projeksies te doen met diere. Suggesties van groeperings is gemaak deurdat die navorser en die kinder-respondent die diere in kategorieë geplaas het soos byvoorbeeld wilde diere, mak diere, geveerde diere, plaasdiere, lede van die katfamilie en so meer. Die kinder-respondent is daarna die geleentheid gebied om elkeen van sy/haar gesinslede as een van die diere te identifiseer. 'n Scenario waar die diere in twee onderskeie huishoudings woon, is geskep. Die kind se spel is aangeteken en geverifieër deur gesprekvoering.

Met betrekking tot etiese gedrag, is die volgende aspekte in ag geneem met die oog op die kinder-assessering:


- Ingeligte toestemming is van die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer wat deel van die hoofondersoek gevorm het, verkry.
- Kinder-respondente is geen fisiese of emosionele leed aangedoen nie. Alle etiese aspekte aangaande terapeutiese dienste aan kinders, is nougeset deurgevoer.
- Vertroulikheid is gerespekteer deurdat fiktiewe name in die navorsingsverslag benut word.
- Data wat tydens hierdie kinder-assessering ingesamel is, is wel met die volwasse respondente gedeel, binne die konteks van die praktiese werkwinkel wat deurloop is. Hierdie feit is vooraf met die ouers onderhandel en na afloop van die projeksie is dit ook aan die kind verduidelik en is gevoelens wat die kind daarvoor kon hê, aangespreek. Elke ouer het slegs toegang tot sy/haar eie kind se data gehad.

#### 7.4.2.2 Analisering van data

##### 7.4.2.2.1 Biografiese besonderhede

- **Geslag**

Figuur 7.1: Sirkeldiagram vir geslag van kinder-respondente



n=5

Figuur 7.1 dui aan dat 3 uit 5 (60%) van die kinder-respondente manlik en 2 uit 5 (40%) vroulik was. Geen spesifieke motivering word vir hierdie verspreiding aangebied nie, aangesien die geslag van die kind nie as een van die veranderlikes vir hierdie studie, bespreek is nie.

- **Ouderdom**

Die 5 kinder-respondente was almal vyf (5) jaar oud, aangesien die spesifieke teikengroep kinders in die voorskoolse groep was. Toevallig het nog nie een van die respondente hierdie jaar verjaar nie.

#### 7.4.2.2 Respondent 1: Michelle

Tabel 7.21: Michelle

	<b>Projeksie</b>	<b>Beskrywing</b>
<b>Vader</b>	Perd	Skop mense as hulle hom pla.
<b>Moeder</b>	Skaap	Steek mense met sy horing as hulle hom wil seermaak.
<b>Michelle</b>	Eend	Swem alleen in die dam.
<b>Stefan (ouer broer)</b>	Leeu	Byt mense. Leeu is wild.
<b>Konflik kom voor tussen</b>	Perd en skaap	Hulle baklei oor die skaap se baba. Perd wil die skaap se baba hê, want hy het nie sy eie kind nie.
<b>Eenheid gevorm deur</b>	Leeu en perd	Hou van saam speel.
<b>Twee huishoudings</b>	Skaap, eend en leeu woon saam. Perd bly in veld waar daar ander diere ook bly. Die skaap gaan kuier soms by die perd. Hulle drink koffie en kyk televisie.	
<b>Vryspel</b>	Al vier die diere kry geleentheid om by mekaar te kuier en iets saam te doen, byvoorbeeld om te eet aan dieselfde graspol. Al vier die diere onderneem ook hulle eie aktiwiteite individueel. Michelle dui aan dat die eend net geselskap het wanneer die ander diere na haar toe kom, want 'n eend moet in water bly en die ander diere nie.	

Die inligting uit tabel 7.21 word soos volg beskryf:

Die vier diere in hierdie projeksie is slegs op een wyse gekategoriseer, naamlik wilde diere teenoor mak diere. Op hierdie wyse ervaar Michelle dat sy, haar vader en

moeder mak diere is, terwyl haar boetie Stefan die enigste wilde diere is. Haar beskrywings van die diere groepeer weer haar vader, moeder en boetie saam as diere wat ander kan seermaak, terwyl sy haarself beskryf as 'n eend wat op die dam swem, dit wil sê op haar eie funksioneer en nie aggressief is nie. Sy beskryf 'n subgroep van vader en seun wat aktiwiteite saam onderneem. Sy beskryf haarself as op haarself aangewese vir geselskap. Konflik tussen die vader en moeder word beskryf. Hierdie konflik handel oor die kinders.

Bepaalde gevolgtrekkings is deur navorser gemaak. Hierdie gevolgtrekkings is, na aanleiding van gesprekvoering met Michelle, aangepas. Michelle het eienaarskap vir hierdie projeksie aanvaar, deur te erken dat dit die wyse is waarop sy haar gesinsituasie ervaar en haar fantasieë koester.

Die volgende temas het na vore gekom:

- Die vader, moeder en broer kan hulleself beskerm, terwyl Michelle haarself as kwesbaar beleef.
- Die vader en broer vorm 'n eenheid waarby sy nie ingesluit is nie. Haar funksionering is hoofsaaklik individueel eerder as sistemies (vergelyk 2.5.3).
- Michelle openbaar 'n behoefte daaraan dat haar ouers kontak met mekaar kan hê en alledaagse aktiwiteite soos televisie kyk en koffie drink kan onderneem. Hierdie behoefte sluit aan by die konflik wat sy tussen haar vader en moeder beskryf. Hierdie konflik handel altyd oor die kinders. Dit blyk dat Michelle ervaar dat haar ouers voortdurend in konflik met mekaar staan. Sy beskryf dus by implikasie hulle verhouding as een van vurige vegters (vergelyk 2.3.5). Hierdie konflik word in die literatuur (vergelyk 2.4.5.1) as een van die faktore in negatiewe aanpassing na afloop van 'n egskeiding beskou.

#### 7.4.2.2.3 Respondent 2: Lalie

Tabel 7.22 : Lalie

	<b>Projeksie</b>	<b>Beskrywing</b>
<b>Vader</b>	Haan	Kan sy stert verander. Kan maak of hy vlieg. Brul.
<b>Moeder</b>	Hoender	Kan soos 'n haan brul.
<b>Lalie</b>	Perd	Kan vinnig hardloop.
<b>Rian (oudste broer)</b>	Olifant	Is so groot soos 'n reus. Kan ook brul soos 'n haan.
<b>Anton (ouer broer)</b>	Zebra	Kan sy stert swaai. Kan soos 'n

		perd galop.
<b>Konflik kom voor tussen</b>	Olifant en Zebra	Hulle dink hulle is groot. Is nie maats nie. Baklei altyd.
<b>Eenheid gevorm deur</b>	Olifant en Perd	Die olifant help die perd om kos bo uit die bome te kry. Die olifant staan langs die perd sodat niemand die perd kan seermaak nie.
<b>Twee huishoudings</b>	Die hoender, perd, olifant en zebra woon saam. Hulle soek die hele dag kos en doen werk. Die haan bly alleen. Hy sit net en kyk oor die veld. Die hoender gaan kuier partykeer by hom, dan baklei die olifant en die zebra. As die perd hartseer is, troos die olifant hom.	
<b>Vryspel</b>	Die olifant speel met die perd en zebra. Die hoender en haan sit langs mekaar en gesels. Hulle baklei omdat die hoender in 'n ander hok bly.	

Die inligting uit tabel 7.22 word soos volg beskryf:

Die diere in hierdie projeksie is in definitiewe groepe geplaas. Die vader en moeder is geveerde diere, Lalie en die broer wat net ouer as sy is, is soortgelyk, naamlik 'n zebra en 'n perd. Die oudste broer is 'n olifant. Hy is in sy eie groep en is die grootste van al die ander diere. Dit blyk dat die vader en moeder steeds 'n konflikbelaaide verhouding handhaaf (brul). Die oudste broer kan ook soos die vader en moeder optree. Die twee jongste kinders kan weghardloop. Meeste konflik word tussen die twee broers beskryf, terwyl Lalie 'n beskermende verhouding tussen haarself en haar oudste broer beskryf. Sy verbaliseer dat haar moeder steeds by haar vader gaan kuier. Haar oudste broer neem dan die huishouding waar.

Bepaalde afleidings wat met Lalie gekontroleer is, is deur navorser gemaak. Hierdie afleidings is, na aanleiding van gesprekvoering met Lalie, aangepas. Lalie het eienaarskap vir hierdie projeksie aanvaar, deur te erken dat dit die wyse is waarop sy haar gesinsituasie ervaar.

Die volgende temas het na vore gekom:

- Lalie ervaar haar ouers steeds as 'n eenheid. Dit blyk dus dat die huweliksrol nog nie geskei is nie (vergeelyk 2.4.4.1).



- 'n Konflikbelaaide verhouding tussen die ouers word beskryf (vergelyk 2.3.5). Hierdie konflik word in die literatuur (vergelyk 2.4.5.1) as een van die faktore in negatiewe aanpassing na afloop van 'n egskeiding, beskou.
- Die oudste broer neem verantwoordelikheid vir die versorging en beskerming van die jongste kind. Die eenheid tussen haar en haar oudste broer reflekteer die feit dat hy as gesagsfiguur binne die huis funksioneer en die ouerlike pligte tot 'n groot mate oorgeneem het (vergelyk 2.4.5.2). Hierdie gedrag van haar broer word beskryf as dié van die kind wat te veel verantwoordelikhede in die huishouding neem na afloop van 'n egskeiding (vergelyk 2.4.5.2).
- Die twee jonger kinders wil van die situasie wegvlug. Dit blyk dus dat Lalie ervaar dat die gesinsituasie tans onuithoudbaar is.

#### 7.4.2.2.4 Respondent 3: Herman

Tabel 7.23 : Herman

	<b>Projeksie</b>	<b>Beskrywing</b>
<b>Vader</b>	Olifant	Kan hard trompet. Kan ander diere doodtrap.
<b>Moeder</b>	Zebra	Spring soos 'n perd. Kan mens skop.
<b>Herman</b>	Luiperd	Kan vinnig hardloop en in die donker sien.
<b>Konflik kom voor tussen</b>	Olifant en Luiperd	Die olifant baklei met die luiperd omdat die luiperd in die verkeerde boom slaap.
<b>Eenheid gevorm deur</b>	Zebra en Luiperd	Die zebra slaap onder die boom waar die luiperd in slaap. Die zebra waarsku die luiperd as die olifant oppad is. Die zebra raas met die luiperd as hy die boom breek.
<b>Twee huishoudings</b>	Die zebra en luiperd bly saam. Hulle speel en eet saam. Die olifant het nie 'n huis nie. Hy bly in die veld en pla almal wat daar bly.	
<b>Vryspel</b>	Die luiperd spring uit sy boom en beland bo-op die olifant. Die luiperd wil die olifant byt, maar toe steek die olifant die zebra met sy horing.	

Die inligting uit tabel 7.23 word soos volg beskryf:

Geen kategorisering binne die gesin vind plaas nie. Elke individu word as sy eie groep beskryf. Die olifant (vader) se harde trompetter en liggaamsgrootte maak hom 'n bedreiging. Die zebra (moeder) kan soos 'n perd skop en dus op hierdie wyse haarself beskerm teen ander. Die luiperd (Herman) het eienskappe wat hom uniek maak, naamlik sy spoed en sy vermoë om in die donker te kan sien. Die luiperd is dus waaksaam. Herman beskryf dat sy vader met hom raas omdat hy iets verkeerd doen. Sy moeder beskerm hom teen die aggressiewe gedrag van sy vader. Herman ervaar egter dat sy moeder ook kwesbaar in haar verhouding met sy vader is.

Bepaalde gevolgtrekkings is deur navorser gemaak. Hierdie gevolgtrekkings is na aanleiding van gesprekvoering met Herman, aangepas. Herman het eienaarskap vir hierdie projeksie aanvaar, deur te erken dat dit die wyse is waarop hy sy gesinsituasie ervaar.

Die volgende temas het na vore gekom:

- Die gesin funksioneer hoofsaaklik as individuele lede, eerder as deel van 'n sisteem (vergelyk 5.2).
- Herman ervaar dat daar konflik tussen sy ouers voorkom. Hierdie konflik het hoofsaaklik te make met die aggressiewe houding wat die vader teenoor Herman openbaar. Dit blyk dat die moeder poog om Herman teen sy vader se negatiewe houding te beskerm. Dit blyk dat 'n outoritêre ouerskapstyl deur die vader gehandhaaf word en geen ruimte vir Herman se eie ontwikkeling in die verhouding met sy vader, gelaat word nie (vergelyk 4.4.1).
- Dit blyk dat Herman wel grense binne sy verhouding met sy moeder ervaar. Hierdie grense bevestig dat 'n bepaalde dissiplinestruktuur voorkom (vergelyk 4.6).

#### 7.4.2.2.5 Respondent 4: Bertus

Tabel 7.24 : Bertus

	<b>Projeksie</b>	<b>Beskrywing</b>
<b>Vader</b>	Luiperd	Kwaai en kan baie vinnig hardloop. Kan speel met ander diere, want hy kan wegkruip waar hulle hom nie kan sien nie.
<b>Moeder</b>	Olifant	Vriendelik. Olifant speel ook lekker en koop altyd vir die ander diere presente en lekkergoed.

<b>Bertus</b>	Tier	Kan mense eet. Speel saam met die luiperd en olifant.
<b>Landie (ouer suster)</b>	Renoster	Renoster en olifant hou die meeste van mekaar. Hulle swem saam en eet saam vrugte.
<b>Konflik kom voor tussen</b>	Luiperd en Olifant	Baklei omdat altwee met die tier en renoster wil speel. Maar die olifant hou nie van wegkruipertjie speel nie. Hulle maak liewers beurte om te speel.
<b>Eenheid gevorm deur</b>	Olifant, Tier en Renoster	Woon saam op dieselfde plaas. Hulle hou saam partytjie.
<b>Twee huishoudings</b>	'n Eenheid tussen die olifant, tier en renoster word aangedui. Die luiperd woon op 'n ander plaas waar die tier en renoster kan bly as hulle wil.	
<b>Vryspel</b>	Die tier en renoster maak beurte om op die onderskeie plase van die olifant en luiperd te gaan speel. Positiewe interaksie word geprojekteer.	

Die inligting uit tabel 7.24 word soos volg beskryf:

Bertus skep scenarios wat op positiewe interaksiepatrone en geborgenheid dui. Die olifant en renoster, dit wil sê sy ma en suster, word in dieselfde kategorie geplaas, terwyl Bertus en sy vader in dieselfde kategorie geplaas word. Dit blyk dat hierdie kategorisering as positief beskryf word en dat al vier die betrokke diere positiewe verhoudings handhaaf. Die konflik wat tussen die vader en moeder beskryf word, is minimaal van aard en het 'n oplossing, naamlik dat hulle beurte maak om met die kinders te speel, eerder as om te baklei watter speletjie gespeel moet word.

Bepaalde gevolgtrekkings is deur navorser gemaak. Hierdie gevolgtrekkings is na aanleiding van gesprekvoering met Bertus, aangepas. Bertus het eienaarskap vir hierdie projeksie aanvaar, deur te erken dat dit die wyse is waarop hy sy gesinsituasie ervaar.

Die volgende temas het na vore gekom:

- Konflik wat tussen die ouers voorkom, word op bevredigende wyse aangespreek, wat dus 'n positiewe aanpassing na afloop van 'n egskeiding impliseer (vergelyk 2.4.4.3).

- Die kinders het toegang tot beide ouers, wat ook as positief beskou word (vergelyk 2.4.4.3).
- Dit blyk dat Bertus sy ouers as samewerkende kollegas ervaar (vergelyk 2.3.5) en dat die gesinsbehoefte aangespreek word.

#### 7.4.2.2.6 Respondent 5: Wikus

Tabel 7.25 : Wikus

	<b>Projeksie</b>	<b>Beskrywing</b>
<b>Vader</b>	Leeu	Byt en brul. Hy is die koning.
<b>Moeder</b>	Tier	Brul ook. Hardloop weg as hy bang of honger is.
<b>Wikus</b>	Luiperd	Kan ook so hard brul soos die leeu. Kan vinnig hardloop soos die tier.
<b>Konflik kom voor tussen</b>	Leeu en Tier	Hulle baklei oor wie die koning is.
<b>Eenheid gevorm deur</b>	Leeu, Tier en Luiperd	Die drie diere woon saam in dieselfde berg.
<b>Twee huishoudings</b>	Die leeu en luiperd woon saam. Die tier kom kuier partykeer by hulle in hulle berg. Dan eet hulle almal saam aan die bok wat die leeu gevang het.	
<b>Vryspel</b>	Die leeu, tier en luiperd beweeg heeltyd saam. Soms jaag hulle saam 'n trop bokke, soms lê hulle almal saam en slaap. Partykeer moet die tier loop om water te gaan soek, dan speel die leeu en luiperd saam.	

Die inligting uit tabel 7.25 word soos volg beskryf:

Wikus ervaar dat sy gesin steeds 'n eenheid is. Konflik kom voor tussen die ouers. Dit blyk dat die moeder nie meer permanent by hulle woon nie, maar steeds op 'n gereelde basis daar bly.

Bepaalde gevolgtrekkings is deur navorser gemaak. Hierdie gevolgtrekkings is na aanleiding van gesprekvoering met Wikus, aangepas. Wikus het eienaarskap vir hierdie projeksie aanvaar, deur te erken dat dit die wyse is waarop hy sy gesinsituasie ervaar en fantasieë koester.

Die volgende temas het na vore gekom:

- Verwarring kom voor met betrekking tot die emosionele eenheid van die gesin. Die feit dat die moeder steeds op 'n gereelde basis by Wikus en sy vader kom kuier en hulle talle ander aktiwiteite saam onderneem, kompliseer Wikus se belewing van die egskeiding. Hierdie verhouding van perfekte vriende (vergelyk 2.3.5) bring mee dat Wikus die egskeiding nie as 'n realiteit ervaar nie.
- Hierdie oënskynlike vriendskap tussen die ouers en gepaardgaande konflik bring onsekerheid mee en skep vir Wikus die geleentheid om te dagdroom oor 'n moontlike hereniging (vergelyk 2.2.2).

#### **7.4.2.3 Evaluering van data**

Dit blyk dat die meerderheid van die kinder-respondente konflik tussen hulle biologiese ouers ervaar. Hierdie konflik bemoeilik die kind se positiewe aanpassing en skep emosionele spanning deurdat die kind die gevoel ervaar dat daar van hom/haar verwag word om tussen die ouers te "kies". Die literatuur (vergelyk 2.4.5.1) bevestig dat konflik tussen ouers 'n faktor in 'n proses van negatiewe aanpassing is.

In terme van hulle emosionele ontwikkelingsfase (3.2) kan respondente se behoefte aan 'n gesinseenheid beskryf word as deel van inisiatief teenoor skuld. Hulle onvermoë om hulle gesinseenheid te herenig (inisiatief), dra by tot die ontwikkeling van skuldgevoelens vir hulle eie aandeel in die gebrek aan hereniging.

#### **7.5 Fase 2: Werkswinkel implementering en evaluering**

Met die oog op fase 2 van die twee-fase model is die volgende hipotese geformuleer: *Indien ouers en hulle voorskoolse kinders 'n ouerskapsprogram na afloop van 'n egskeiding deurloop, behoort 'n betekenisvolle verandering in hulle kennisvlak met betrekking tot hulle sosio-emosionele funksionering te realiseer.* Hierdie hipotese is getoets deur die implementering van 'n vraelys (meetinstrument) tydens 'n voor- en natoets.

Tydens fase 2 is 'n ABA-enkelstelsel navorsingsontwerp gevolg. Die navorser kon dus bepaal of die terapeutiese intervensieprogram 'n betekenisvolle verandering in die respondente se sosio-emosionele funksionering te weeg gebring het. Die aanname is dat verhoogde insig aanleiding gee tot gedragsverandering.

Die bruikbaarheid van die ouerskapsprogram is gemeet deur die implementering van 'n ABA-enkelstelselontwerp. 'n Vraelys (A) is deur die 10 volwasse respondente voltooi voor die aanvang van die werkswinkel. Die werkswinkel is aangebied (B), waarna dieselfde vraelys (A) weer deur die 10 volwasse respondente voltooi is.

Die ondersoek is soos volg uitgevoer: Vyf gesinne wat 'n egskeiding deurloop het, is by die studie betrek. Sowel die toesighoudende as die nie-toesighoudende ouer is die geleentheid gebied om een werkswinkel individueel en een werkswinkel saam met sy/haar kind van voorskoolse ouderdom by te woon. Hierdie vier werkswinkels (dit wil sê toesighoudende ouer, nie-toesighoudende ouer, vader en kind en moeder en kind) het oor twee weke gestrek. Die werkswinkel vir een ouer en die werkswinkel vir dieselfde ouer en die kind het op dieselfde dag gerealiseer en vir die ander ouer en die betrokke ouer en kind op die volgende Saterdag. Hierdie reëling was prakties meer uitvoerbaar en het tot 'n groot mate te weeg gebring dat beide die werkswinkels wat deur 'n ouer bygewoon moes word, deur al die respondente bygewoon is.

As gevolg van die klein respondente tal het navorser die berekening statisties so eenvoudig moontlik probeer verwerk. Opsommend is die empiriese proses dus soos volg deurgevoer:

Tabel 7.26: Empiriese proses

Donderdag, 24 Februarie 2005 (een uur per kind, dit wil sê 5 ure)	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Individuele assessering van kinder-respondente</li> <li>• Vyf kinder-respondente van voorskoolse ouderdom</li> <li>• Projeksie met diere</li> </ul>
Saterdag, 26 Februarie 2005 (08h00 tot 12h00)	<p>Teoretiese ouerskapsprogram vir toesighoudende ouer, dit wil sê 5 volwasse respondente.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Voortoets vraelys</li> <li>• Aanbied van werkswinkel</li> <li>• Natoets vraelys</li> </ul>
Saterdag, 26 Februarie 2005 (14h00 tot 15h30)	<p>Praktiese ouerskapsprogram vir toesighoudende ouer, dit wil sê 5 volwasse respondente en hulle 5 voorskoolse kinders.</p>
Saterdag, 5 Maart 2005 (08h00 tot 12h00)	<p>Teoretiese ouerskapsprogram vir nie-toesighoudende ouer, dit wil sê 5 volwasse respondente.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Voortoets vraelys</li> <li>• Aanbied van werkswinkel</li> </ul>

	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Natoets vraelys</li> </ul>
Saterdag, 5 Maart 2005 (14h00 tot 15h30)	Praktiese ouerskapsprogram vir nie-toesighoudende ouer, dit wil sê 5 volwasse respondente en hulle 5 voorskoolse kinders.

### 7.5.1 Volwasse respondente: Voor- en natoets

#### 7.5.1.1 Metodologie

'n ABA enkelstelselontwerp is toegepas om inligting in te samel, waar A die voortoets-vraelys was, B die ouerskapsprogram en A die natoets-vraelys (dieselfde vraelys vir voor- en natoets). Hierdie stap vorm deel van fase 5 van die intervensienavorsing. Met die oog op die volwasse respondente is die vraelys (bylaag 4) benut om die ouers se kennis voor en na afloop van die werkswinkel te meet. Die inhoud van hierdie vraelys word kwantitatief geëvalueer. Elke ouer het hierdie voor- en natoets op die dag van hulle betrokke werksinkels voltooi. Tien minute voor die aanbieding van die werkswinkel en tien minute na afloop van die werkswinkel, was vir die voltooiing van die voor- en natoets toegelaat, soos in hoofstuk 6 beskryf is.

Met betrekking tot etiese gedrag, is die volgende aspekte van belang vir die aanbieding van die ouerskapsprogram:

- Die navorser het voldoende inligting met betrekking tot die navorsingstudie verskaf ten einde potensiële respondente die geleentheid te bied om te kon kies of hulle wel wou deel vorm van die ondersoek. Alle potensiële respondente is tydens 'n persoonlike gesprek van relevante inligting voorsien. 'n Skriftelike ooreenkoms wat aangegaan is, het hierdie inligting versterk en gekomplementeer.
- Die respondente is op geen wyse fisiese of emosionele leed aangedoen nie. Emosionele leed is voorkom deurdat die respondente deurlopend beheer oor hulle eie emosionele funksionering gehad het, in dié sin dat hulle hulself ter enige tyd van die studie kon onttrek. Die navorser was ook deurlopend bewus van die respondente se reaksies en het ondersteunend opgetree. Geen skadelike emosionele aspekte het voorgekom nie en dit was dus nie nodig om die navorsing aan te pas nie. Dit was nie nodig om respondente uit die navorsing te verwyder en by individuele terapie in te skakel nie.


- Die respondente is ingelig rondom die presiese wyse waarop die navorsing onderneem sou word en wat die implikasies daarvan op hulle lewens kon wees. Ingeligte toestemming is vanaf die respondente verkry. Hierdie toestemming was skriftelik van aard. Hierdie kontraktering het geïmpliseer dat die respondente bewus en tevrede was met betrekking tot die implikasies wat hierdie navorsingstudie vir hulle lewens inhou.
- Die respondente se privaatheid is gerespekteer. Aangesien hierdie navorsingstudie in die vorm van 'n werkswinkel onderneem is, kon anonimiteit tydens die intervensie nie gewaarborg word nie. Die formele data wat tydens die proses ingesamel is, is egter as vertroulik hanteer en geen respondent het toegang tot byvoorbeeld die vraelys of funksionele hulpmiddels van 'n ander respondent gehad nie. Aangesien beide die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer by die navorsingstudie betrek is, is daar ook daarop gelet dat die aparte volwassenes se hantering en beleving as vertroulik hanteer is. Met die skryf van die navorsingsverslag, het die navorser van fiktiewe name gebruik gemaak ten einde die identiteit van die respondente te beskerm. Vanweë die sensitiewe aard van verhoudings na 'n egskeiding is spesiale voorsorg getref dat grense tussen die ouers gerespekteer word, deur onder andere nie inligting wat deur een ouer voorsien is met die ander ouer te bespreek nie.
- Na afloop van die navorsingsproses is die respondente die geleentheid gebied om deur hulle ervaring van die proses te werk. Alle respondente was na afloop van die navorsingsproses geregtig op gratis terapeutiese intervensie. Slegs 3 van die 10 respondente het aanspraak gemaak op hierdie terapeutiese dienste.
- Die potensiële respondente se bereidwilligheid om deel te neem, was totaal vrywillig. Geen druk is op die respondente geplaas nie. Hoewel dit as druk beskou kon word dat beide die ouers deel moes vorm van die studie, was dit steeds beide ouers se vrywillige keuse. Alle potensiële respondente het die opsie gehad om nie deel te vorm van die studie nie, maar steeds geregtig te wees op die beskikbare dienste.



### 7.5.1.2 Biografiese besonderhede

- **Geslag**


Figuur 7.2: Sirkeldiagram vir geslag van volwasse respondente



In figuur 7.2 word aangedui dat 5 uit 10 (50%) van die volwasse respondente manlik en 5 uit 10 (50%) vroulik was. Hierdie verspreiding korreleer met die teikengroep, aangesien die werkwinkel deur beide die biologiese ouers bygewoon moes word. Slegs respondente waarvan beide ouers bereid was om deel te neem, is in die studie opgeneem. Ander potensiele respondente, waarvan slegs een ouer bereid was om deel te neem, is in individuele gesprekke geakkommodeer.

- **Ouderdom**

Figuur 7.3: Staafdiagram vir ouderdom van volwasse respondente



n=10

Figuur 7.3 toon aan dat 3 uit 10 (30%) van die ouers in die ouderdomsgroep 30 tot 35 jaar was, 6 uit 10 (60%) in die ouderdomsgroep 36 tot 40 jaar en 1 uit 10 (10%) in die ouderdomsgroep 41 tot 45 jaar.

Hierdie verspreiding dui daarop dat die meerderheid van ouers in die ontwikkelingsfase “volwassenheid” eerder as “vroeë volwassenheid” resorteer. Die teoretiese bespreking van vroeë volwassenheid as lewensfase (hoofstuk 3) word egter steeds as waardevol beskou, aangesien die ontwikkelingstake van vroeë volwassenheid primêr in gedrang kom. Die ontwikkelingstake van vroeë volwassenheid lê die grondslag vir volwassenheid en moet dus om hierdie rede aangespreek word, selfs indien die betrokke ouers reeds in die fase van “volwassenheid” beweeg.

### 7.5.1.3 Analisering en interpretasie van data

Die inhoud van die vraelys (bylaag 4) wat as voor- en natoets benut is, word vervolgens kwantitatief geanaliseer en geïnterpreteer. Die wyse waarop die vraelyste voltooi is, naamlik voor en na afloop van die werkswinkel en die samestelling van die vraelyste impliseer dat die data wat ingesamel is, geldig en betroubaar is. Die geldigheid van hierdie vraelyste lê daarin dat dit wel gemeet het wat dit bedoel het om te meet (De Vos & Fouché, 1998:83). Die inhoud, sigwaarde en konstrakte van hierdie meetsinstrument word dus as geldig beskou. Met betrekking tot betroubaarheid, word die betrokke meetinstrument as stabiel, konsekwent, voorspelbaar, akkuraat en herhaalbaar beskryf. Die implementering van hierdie vraelys met ander lede van die populasie sal soortgelyke resultate na vore bring (De Vos & Fouché, 1998:85). Die geldigheid en die betroubaarheid van die vraelys word dus nie in twyfel getrek nie.

- **Voor- en natoets (vraag 1 tot 13)**

Die data wat ingesamel is, kan soos volg in tabelvorm weergegee word, met inagneming van die volgende skaal waar 1 beteken “Ek is oortuig daarvan” terwyl 5 beteken “Ek stem glad nie saam nie”:

Ek is oortuig daarvan. Ek stem glad nie saam nie.  
 1 2 3 4 5

Tabel 7.27: Voor- en natoets (vraag 1 tot 13) (n =10)

Vraag	Voortoets					Natoets				
	1	2	3	4	5	1	2	3	4	5
1. Na afloop van 'n egskeiding moet ons, as volwassenes, steeds vriende wees met mekaar en 'n rol in mekaar se lewe speel.	2	0	4	1	3	1	0	2	2	5
2. Die volwassene wat die egskeiding aanhangig	3	4	1	0	2	2	1	2	3	2

gemaak het, pas makliker aan na afloop van die egskeiding.										
3. Indien die nie-toesighoudende ouer nie die onderhoud betaal nie, kan die toesighoudende ouer kontak tussen die ander ouer en die kind weier.	1	0	2	3	4	0	1	2	3	4
4. Indien die toesighoudende ouer kontak tussen die nie-toesighoudende ouer en kind weier, kan die betrokke ouer weier om onderhoud te betaal.	4	0	1	2	3	3	1	1	1	4
5. Dit is my reg, as ouer, om te weet wat in die ander ouer se huis gebeur, daarom mag ek my kind vrae daarvoor vra.	2	0	4	2	2	2	1	2	2	3
6. My kind se ontwikkeling word deur die egskeiding geraak.	5	3	2	0	0	8	2	0	0	0
7. My eie ontwikkeling word deur die egskeiding geraak.	5	3	1	1	0	6	3	1	0	0
8. My gesin se ontwikkeling word deur die egskeiding geraak.	5	2	2	0	1	6	1	2	0	1
9. Almal wat 'n rol in my en my kind se lewe speel, lewer 'n bydrae tot die manier waarop ek en my kind optree.	1	2	5	0	2	2	1	4	2	1
10. Dit is beter om op myself staat te maak vir ondersteuning as op ander mense.	5	1	1	3	0	4	2	3	0	1
11. My gedrag het 'n direkte invloed op my kind se gedrag.	6	4	0	0	0	7	3	0	0	0
12. Die manier waarop ek met my kind praat kan bepaal of hy/sy vir my luister of nie.	7	2	1	0	0	8	2	0	0	0
13. My kind se behoeftes kom te alle tye en onder alle omstandighede eerste.	7	2	1	0	0	6	3	1	0	0

Tabel 7.27 verwys na die mate van insig wat respondente ontwikkel het met betrekking tot die egskeiding. Die tabel kan soos volg geïnterpreteer word :

Vraag 1: Die getal respondente wat van mening is dat volwassenes na afloop van 'n egskeiding steeds vriende met mekaar moet wees en 'n rol in mekaar se lewe moet speel, het van 4 uit 10 (40%) na 7 uit 10 (70%) gestyg. Dit impliseer dat insig ontwikkel is in die feit dat ouers samewerkende kollegas eerder as goeie vriende of vyande moet wees (vergeelyk 2.3.5).

Vraag 2: Aanvanklik was 2 uit 10 (20%) van die respondente van mening dat die volwassene wat die egskeiding aanhangig gemaak het, makliker aanpas na afloop van die egskeiding. Hierdie getal het na afloop van die werkswinkel na 5 uit 10 (50%) gestyg, wat insigontwikkeling bevestig. Dit beteken dus dat die rouproses wat deur beide volwassenes deurloop word, erken word (vergelyk 2.3.2).

Vraag 3: 7 uit 10 (70%) van die respondente was tydens die voortoets oortuig dat, indien die nie-toesighoudende ouer nie die onderhoud betaal nie, die toesighoudende ouer kontak tussen die ouer en die kind kan weier. Hierdie getal het tydens die natoets onveranderd gebly. Die feit dat insig nie ontwikkel is in die feit dat kontakbesoeke en onderhoudsgeld onafhanklik van mekaar benader moet word nie, is kommerwekkend.

Vraag 4: 5 uit 10 (50%) van die respondente was van mening dat, indien die toesighoudende ouer kontak tussen die nie-toesighoudende ouer en kind weier, die betrokke ouer kan weier om onderhoud te betaal. Hierdie getal het ook onveranderd gebly en is kommerwekkend.

Vraag 5: Die aantal respondente wat van mening is dat dit hulle reg as ouer is om te weet wat in die ander ouer se huis gebeur en dat hulle hulle kinders daarom mag uitvra daarvoor, het van 4 uit 10 (40%) na 5 uit 10 (50%) gestyg. Hierdie styging dui daarop dat insig nie ontwikkel is nie. Die teendeel is waar, naamlik dat ouers minder respek vir die rol van die ander ouer openbaar.

Vraag 6: Al die respondente, naamlik 10 uit 10 (100%), was tydens die natoets oortuig dat hulle kinders se ontwikkeling deur die egskeiding geraak word. Dit dui op styging van 2 uit 10 (20%), na aanleiding van die voortoets waar 8 uit 10 (80%) van die respondente hierdie mening gehuldig het. Dit is betekenisvol dat die respondente besef dat egskeiding kinderontwikkeling beïnvloed (vergelyk 3.2 en 3.3).

Vraag 7: Tydens die voortoets het 8 uit 10 (80%) van die respondente insig getoon in die feit dat hulle eie ontwikkeling deur die egskeiding geraak word. Hierdie getal het gegroei na 9 uit 10 (90%), wat weer eens insigontwikkeling bevestig (vergelyk 3.2 en 3.4).

Vraag 8: Die getal respondente wat van mening was dat hulle gesin se ontwikkeling deur die egskeiding geraak word, het onveranderd op 7 uit 10 (70%) gebly. Vanuit die sistemiese benadering is die veronderstelling dat daar 'n persentasie styging moes wees (vergelyk 3.9).

Vraag 9: 3 uit 10 (30%) van die respondente het aangedui dat almal wat 'n rol in hulle en hulle kinders se lewe speel, 'n bydrae lewer tot die manier waarop hulle en hulle kinders optree. Hierdie getal het onveranderd gebly. Vanuit 'n sistemiese benadering is die verwagting dat hierdie getal moes toeneem.

Vraag 10: 4 uit 10 (40%) van die respondente het die mening gehuldig dat dit beter is om eerder op hulself staat te maak vir ondersteuning as op ander mense. Hierdie getal het gedaal na 1 uit 10 (10%), wat beteken dat hulle insig ontwikkel het in die feit dat mens as deel van 'n sisteem 'n ondersteuningsnetwerk nodig het (vergeelyk 2.3.6.2).


Vraag 11: Tydens die voortoets en natoets het al die respondente, naamlik 10 uit 10 (100%), aangedui dat hulle gedrag 'n direkte invloed op hulle kinders se gedrag het. Hierdie besef word as positief tot die aanpassing van die gesin beskou.

Vraag 12: Die persentasie respondente wat reken dat die wyse waarop hulle met hulle kinders praat, kan bepaal of die kinders vir hulle luister of nie, het van 7 uit 10 (70%) na 10 uit 10 (100%) gestyg. Dit bevestig dat ouers insig ontwikkel het in die waarde van kommunikasie (vergeelyk 5.3.3.1).

Vraag 13: Die getal respondente wat van mening was dat hulle kinders se behoeftes te alle tye en onder alle omstandighede eerste kom, het onveranderd gebly op 7 uit 10 (70%). Dit sou kon dui op ouers se behoefte om hulle kinders se behoeftes aan te spreek en in die kinders se beste belang op te tree.

Grafies kan bogenoemde inligting soos volg aangedui word:

Figuur 7.4: Voor- en natoets (vraag 1 tot 13) (n=10)



Die interpretasie van figuur 7.4 sien soos volg daaruit:

6 uit 13 vrae (46,2%) se antwoorde het onveranderd gebly. 'n Verdere 6 uit 13 (46,2%) het insigontwikkeling aangedui, terwyl slegs 1 uit 13 vrae (7,6%) aangedui het dat bestaande kennis nie toegepas is nie of die respondente van mening verander het. Dit blyk dus dat die respondente insig ontwikkel het in bepaalde aspekte van sosio-emosionele gesinsfunksionering en ouerskap.

- **Voor- en natoets (vraag 14 tot 17)**

Tabel 7.28: Voor- en natoets (vraag 14 tot 17) (n=10)

Vraag	Voortoets		Natoets	
	Ja	Nee	Ja	Nee
14. Dit is belangrik dat my kind die redes vir die egskeiding weet.	6	4	5	5
15. My kind moet weet wat my opinie van die ander ouer se huidige lewensomstandighede is.	4	6	3	7
16. Dit is vir my kind goed as beide ouers geleenthede soos byvoorbeeld 'n oueraand bywoon.	5	5	5	5
17. As daar konflik tussen my en my gewese egmaat voorkom, moet my kind daarvan weet.	2	8	1	9

Tabel 7.28 kan soos volg geïnterpreteer word:

Vraag 14: 6 uit 10 (60%) van die respondente was van mening dat dit belangrik is dat die kind die redes vir die egskeiding weet. Hierdie persentasie het na afloop van die aanbieding van die werkswinkel gedaal na 5 uit 10 (50%). Dit bevestig dat insig ontwikkel is met betrekking tot die aard van inligting wat aan kinders oorgedra behoort te word (vergelyk 2.5.2).


Vraag 15: 4 uit 10 (40%) van die respondente het gevoel dat hulle kind moet weet wat hulle opinie van die ander ouer se huidige lewensomstandighede is. Tydens die natoets het hierdie persentasie gedaal na 3 uit 10 (30%), wat impliseer dat insig ontwikkel is in die feit dat die ouers respek vir mekaar behoort te handhaaf.

Vraag 16: 5 uit 10 (50%) van die respondente het die mening gehuldig dat dit vir die kind belangrik is dat beide ouers geleenthede soos byvoorbeeld 'n oueraand bywoon. Die feit dat hierdie persentasie onveranderd gebly het bevestig dat hierdie stelling 'n bron van onsekerheid bly (vergelyk 2.5.3).

Vraag 17: Slegs 2 uit 10 (20%) van die respondente het die mening gehuldig dat die kind moet weet wanneer daar konflik tussen die ouers voorkom. 1 uit 10 (10%) van die respondente het hierdie opinie steeds na afloop van die werkswinkel gehandhaaf, wat daarop dui dat insig ontwikkel is in die feit dat ouers beseft dat konflik tussen die ouers van die kind weerhou behoort te word (vergelyk 2.4.5.1).

Grafies kan bogenoemde inligting soos volg aangedui word:

Figuur 7.5: Voor- en natoets (vraag 14 tot 17) (n=10)



n=10

Soos blyk uit figuur 7.5 het respondente in 3 uit 4 vrae (75%) insig ontwikkel. 1 uit 4 vrae se antwoord het onveranderd gebly. Hierdie statistiek dui aan dat die respondente insig ontwikkel het in bepaalde aspekte van sosio-emosionele gesinsfunksionering en ouerskap.

- **Opvoedingstyle**

Tabel 7.29: Opvoedingstyle (n=10)

Vraag	Voortoets	Natoets	
18. Die opvoedingstyl wat ek glo die beste vir my kind is, kan soos volg beskryf word:			
a)	Ek is die baas in my huis. Ek weet beter as my kind en daarom sal my kind na my luister.	0	0
b)	Ek laat my kind toe om sy/haar eie besluite te neem en glo dat my kind sy/haar eie potensiaal moet ontgin, sonder inmenging van buite.	1	0
c)	Ek glo dat my kind vryheid mag hê, maar binne die	8	10

	grense wat ek stel.		
d)	Dit hang af van die spesifieke omstandighede.	1	0

Tabel 7.29 kan soos volg met betrekking tot die voor- en natoets geïnterpreteer word:

- Geen van die respondente was tydens die voor- of natoets van mening dat hulle 'n outoritêre opvoedingstyl openbaar nie.
- Slegs 1 uit 10 (10%) van die respondente het tydens die voortoets die mening gehuldig dat hulle 'n permissiewe opvoedingstyl handhaaf. Na afloop van die werkswinkel het hierdie persentasie na 0 uit 10 (0%) gedaal.
- 8 uit 10 (80%) van die respondente het beweer dat hulle 'n gesaghebbende ouerskapstyl gehandhaaf het, voor die aanbieding van die werkswinkel. Tydens die natoets het hierdie persentasie na 100% gestyg, dit wil sê 10 uit 10.
- 1 uit 10 (10%) van die respondente het tydens die voortoets gereken dat hulle opvoedingstyl na gelang van die omstandighede wissel. Tydens die natoets het die persentasie na 0 uit 10 (0%) gedaal.

Dit blyk dus dat al 10 die respondente insig ontwikkel het in die feit dat die gesaghebbende ouerskapstyl die optimale opvoedingstyl is (vergeelyk 4.4.3).

- **Kind se emosionele funksionering**

Tabel 7.30: Kind se emosionele funksionering (n=10)

Vraag		Voortoets	Natoets
19. My oortuiging van my kind se emosionele funksionering kan die beste soos volg beskryf word:			
a)	My kind is nog te klein om regtig oor gevoelens te kan praat.	0	0
b)	My kind weet hy/sy kan enige tyd met my kom gesels.	5	5
c)	Ek skep geleenthede waar ek my kind uitnooi om met my oor sy/haar gevoelens te praat.	5	5
d)	Ander:	0	0

Tabel 7.30 kan soos volg met betrekking tot die voor- en natoets geïnterpreteer word:

- Geen van die respondente was van mening dat hulle kind te klein is om gevoelens te verbaliseer nie.
- Die helfte van die respondente, naamlik 5 uit 10 (50%), was van mening dat hulle kind weet dat hy/sy enige tyd met sy/haar ouer kan gesels oor hulle



gevoelens. Hierdie persentasie het na afloop van die werkswinkel aanbieding onveranderd gebly.

- Die ander helfte van die respondente, naamlik 5 uit 10 (50%), was van mening dat hulle geleentheid tot kommunikasie skep. Hierdie persentasie het ook onveranderd na afloop van die aanbieding van die werkswinkel gebly.

Dit wil dus voorkom of die mate van insig wat respondente ontwikkel het met betrekking tot hulle kinders se emosionele funksionering, onveranderd gebly het (vergelyk 4.3.5 en 4.5.2).

- **Kind se kontak met nie-toesighoudende ouer**

Tabel 7.31: Kind se kontak met nie-toesighoudende ouer (n=10)

Vraag		Voortoets	Natoets
20. Die kontak tussen die nie-toesighoudende ouer en die kind behoort soos volg te verloop:			
a)	Geskeduleerde kontak, soos in die hofbevel uiteengesit.	2	4
b)	Tref reëlings op 'n weeklikse basis, afhangend van beide gesinne se omstandighede.	5	6
c)	Mondelinge ooreenkoms wat tussen ouers vasgestel is, maar nie konkreet op skrif vasgestel is nie.	2	0
d)	Ander:	1	0

Tabel 7.31 kan soos volg met betrekking tot die voor- en natoets geïnterpreteer word:

- 2 uit 10 (20%) van die respondente het verkies dat kontak volgens die bepalings van die hofbevel verloop. Hierdie persentasie het gestyg na 4 uit 10 (40%) na afloop van die werkswinkel.
- 5 uit 10 (50%) van die respondente was van mening dat reëlings met oog op kontak op 'n weeklikse basis kan plaasvind, met inagneming van beide gesinne se omstandighede. 6 uit 10 (60%) van die respondente het hierdie opinie tydens die natoets gehandhaaf.
- 2 uit 10 (20%) van die respondente het gereken dat mondelinge reëlings met die ander ouer getref kan word, sonder dat skriftelike verifikasie nodig is. Geen respondente het hierdie stelling ondersteun tydens die natoets nie.
- 1 uit 10 (10%) van die respondente het ervaar dat reëlings op 'n ander wyse getref kan word. Geen respondente het hierdie stelling tydens die natoets ondersteun nie.

Dit blyk dus dat die respondente insig ontwikkel het in die feit dat geskeduleerde, gestruktureerde kontak meer voordele vir die totale gesinsisteem inhou en minder geleentheid vir konflik skep.

Die algemene evaluering van die voor- en natoets bevestig dat 11 uit die 20 vrae (55%) insigontwikkeling bevestig, terwyl 8 uit 20 vrae (40%) onveranderd gebly het. Slegs 1 uit 20 vrae (5%) het negatief verander. Dit blyk dus dat die implementering van die ouerskapsprogram wel insigontwikkeling en gevolglik 'n verbeterde sosio-emosionele gesinsfunksionering tot gevolg gehad het.

### **7.5.2 Volwasse respondente en kinder-respondente**

Die data wat tydens elke kind se individuele assessering ingesamel is, dit wil sê tydens fase een van die twee-fase model, is voor die aanvang van die werkswinkel met die volwasse-respondente gedeel. Die doel hiermee was om die volwasse-respondente bewus te maak van hulle onderskeie kinders se persepsies rakende die egskeiding, ten einde die beskikbare geleentheid tot emosionele uitdrukking optimaal te benut.

Elke kinder-respondent is, tydens fase twee van die twee-fase model, die geleentheid gebied om een praktiese werkswinkel saam die toesighoudende ouer en een praktiese werkswinkel saam met die nie-toesighoudende ouer by te woon, soos in hoofstuk 6 uiteengesit is. Tydens hierdie werkswinkel is daar op die hantering van gevoelens met betrekking tot die egskeiding, gefokus.

Die werkswinkel, dit wil sê die deurvoer van praktiese aktiwiteite saam met onderskeidelik die toesighoudende en die nie-toesighoudende ouer, was vir die kinders aangenaam. Geen formele assessering vanuit die kind se perspektief is onderneem nie. Die feit dat die aktiwiteite met entoesiasme en vreugde benader is word as 'n informele positiewe evaluasie beskou. Die geldigheid en betroubaarheid van hierdie waarneming is nie deur 'n formele evaluasie bevestig nie. Die betrokke ouers se informele kommentaar het aangedui dat die doel van die praktiese werkswinkel, naamlik die versterking van die emosionele verhouding tussen die ouer en kind, bereik is.

### **7.6 Samevatting**

Inligting wat tydens die literatuurstudie ingewin is (hoofstuk 2 tot 5) en data wat tydens die empiriese ondersoek ingesamel is (hoofstuk 7), is met mekaar vergelyk. Die blyk

dat hierdie inligting mekaar komplementeer en dus die teorie en praktyk integreer. Die praktiese aanbieding van 'n werkwinkel het waarde tot die insig wat respondente openbaar met betrekking tot hulle eie lewensomstandighede, toegevoeg. Die doelstelling van die studie is dus bereik.

Vyf gesinne, waarvan 10 volwassenes en 5 kinders, is terapieë bemagtig met begrip van sosio-emosionele gesinsfunksionering tydens die aanbieding van die werkwinkel. Die inligting wat aan ouers voorsien is met betrekking tot die invloed van egskeiding op die gesinsisteem (teoretiese werkwinkels A en B) en die emosionele verbondenheid wat tussen ouers en kinders gestimuleer is (praktiese werkwinkels C en D) kan 'n verbeterde sosio-emosionele gesinsfunksionering tot gevolg hê, op grond van die kennisbasis wat uitgebrei is.

Vanuit bogenoemde kwantitatiewe verwerkings is dit dus duidelik dat die doelstelling en doelwitte van die studie op 'n positiewe wyse aangespreek is. Dit blyk dat die volwasse respondente insig ontwikkel het in sosio-emosionele gesinsfunksionering en ouerskap. Die kinder-respondente het ook die geleentheid positief benut om hulle huidige gesinsituasies te erken en die feit van die egskeiding en die gepaardgaande gevoelens, met beide ouers te kommunikeer.

Insigontwikkeling wat deur die voor- en natoets van die volwasse respondente aangedui is, bevestig dat groei plaasgevind het tydens hierdie navorsingstudie. Die groei impliseer dus die bevestiging van die hipotese, naamlik dat die implementering van 'n ouerskapsprogram vir ouers en kinders wat 'n egskeiding deurloop het, 'n positiewe invloed sal uitoefen op die sosio-emosionele funksionering van die gesinslede, deurdat insig daarin ontwikkel is. Soos tydens die interpretasies aangedui is, is dit duidelik dat die data van die empiriese ondersoek met die literatuurstudie wat onderneem is, korreleer en word dit dus as geldig en betroubaar beskou, hoewel insig nie noodwendig in alle aspekte deur die respondente ontwikkel is nie.

## Hoofstuk 8

### Gevolgtrekkings en aanbevelings

#### 8.1 Inleiding

Hierdie navorsingstudie het op die gesin wat voorskoolse kinders het en wat 'n egskeidingsproses deurloop het, gefokus. Aandag is gegee aan die invloed van egskeiding op die gesinsisteem, die volwassene en die kind. Die ontwikkelingsfases van die individu en die gesinsisteem is bespreek. Ouerskap as kernelement van kinderopvoeding is bespreek en daar is ook aandag gegee aan verskillende teoretiese benaderings wat menslike ontwikkeling verklaar. Hierdie teorieë sluit die sistemiese benadering, die behavioristiese benadering en transaksionele analise, in.

Tydens die hoofondersoek is 'n ABA-enkelstelontwerp met 'n voor- en natoets vir die volwassenes geïmplementeer. Die werkwinkel wat aangebied is, was teoreties van aard ten opsigte van die volwassenes en prakties met die oog op die versterking van die verhouding tussen ouer en kind. Na afloop van die empiriese data-analising is vergelykings tussen hierdie empiriese ondersoek en die literatuur getref.

Hierdie hoofstuk dien as samevatting van die navorsingsproses en –resultate. Gevolgtrekkings en aanbevelings sal tydens hierdie hoofstuk gemaak word.

#### 8.2 Doel, doelstelling en doelwitte

##### 8.2.1 Doel van studie

Die oorkoepelende doel van hierdie studie was om deur middel van 'n verkennende studie, 'n behoeftebepaling te onderneem, om temas te identifiseer wat komplementêr tot die literatuurstudie (fase 2 van die intervensienavorsing) benut kon word. Hierdie proses is gevolg met die oog op die ontwikkeling van 'n ouerskapsprogram vir ouers met voorskoolse kinders na 'n egskeiding. Aangesien daar min inligting oor die betrokke onderwerp beskikbaar is, het die studie verkenning ten doel gehad. Nuwe konsepte is ontwikkel deurdat die vlak van insig, waarvoor volwassenes wat 'n egskeiding deurloop het beskik, ondersoek is. Die wyse waarop kinders hulle aparte huishoudings en hulle verhouding met beide die ouers beleef, is tydens die kinder-assessering ondersoek. Die ontwikkeling, implementering en evaluering van die ouerskapsprogram vir ouers met voorskoolse kinders na 'n egskeiding, is as

beskrywende navorsing aangedui. 'n Waarheidgetroue beeld, dit wil sê die realiteite van egskeiding en die invloed daarvan op gesinsisteme, is gegee.

Die beskrywende en verkennende prosesse het mekaar gekomplementeer. Die waarde van die twee betrokke prosesse lê daarin dat inligting nie net ingesamel nie, maar ook op 'n groep respondente van toepassing gemaak en beskryf kon word.

### **8.2.2 Doelstelling**

Die volgende doelstelling is vir hierdie studie geformuleer:

Om 'n ouerskapsprogram vir ouers met voorskoolse kinders na 'n egskeiding te ontwikkel, te implementeer en te evalueer, ten einde insigontwikkeling en gevolglik verbeterde sosio-emosionele funksionering te bewerkstellig vir sowel die volwassenes as die kinders.

Hierdie doelstelling is volledig aangespreek. Die ses fases wat tydens die navorsingsintervensie gevolg is, is volledig deurgevoer. Hierdie ses fases sluit die volgende in:

- Probleem-analise en projekbeplanning – Die populasie is geïdentifiseer, toegang en samewerking is bewerk, die geïdentifiseerde probleem is geanaliseer en spesifieke doelwitte (wat onder 8.3 bespreek sal word), is gestel.
- Inligting-insameling en sintese – 'n Literatuurstudie is onderneem, 'n behoeftebepalingsvraelys is deur 20 respondente vanuit die populasie voltooi, 'n kinder-assessering is onderneem, natuurlike voorbeelde is bestudeer en bestaande modelle is geëvalueer.
- Ontwerp – 'n ABA enkelstelselontwerp is as waarnemingsstelsel geïmplementeer en die spesifieke prosedures vir die intervensie is sistematies uiteengesit.
- Vroeë ontwikkeling en vooronderzoek – 'n Prototipe van die intervensie is geformuleer, een gesinsistelsel vanuit die populasie is daaraan blootgestel en die kriteria van die voorlopige intervensie is toegepas.
- Evaluering en gevorderde ontwikkeling – Die eksperimentele ontwerp is geselekteer, data is ingesamel en geanaliseer, die intervensie is onder natuurlike omstandighede herhaal en na aanleiding daarvan, verfyn.
- Verspreiding – Die verspreiding van hierdie program vorm nie deel van hierdie navorsingstudie nie.

Prakties gesproke het bogenoemde proses soos volg gerealiseer: Na aanleiding van die literatuurstudie, konsultasie met kundiges, behoeftebepalingsvraelys en assessering van vyf kinder-respondente is 'n ouerskapsprogram ontwikkel. 'n Voortoets is met die volwassenes onderneem, die ouerskapsprogram is in die vorm van 'n werkswinkel aangebied en 'n natoets is onderneem. Die empiriese data wat met behulp van hierdie kwantitatiewe vraelys ingesamel is, is geanaliseer en geïnterpreteer. Die resultate van hierdie empiriese ondersoek het bevestig dat insigontwikkeling by die betrokke volwasse respondente voorgekom het, met betrekking tot die sosio-emosionele funksionering van die gesinslede na 'n egskeiding. 'n Verbeterde sosio-emosionele funksionering by sowel die volwassenes as die kinders word dus geïmpliseer, op grond van verhoogde insig in die situasie.

### 8.3 Doelwitte van die studie

Die volgende doelwitte is geformuleer:

- Om 'n kennisraamwerk op te bou met betrekking tot egskeiding as verskynsel en die invloed daarvan op die sosio-emosionele funksionering van die betrokke volwassenes en die voorskoolse kind.  
Hierdie doelwit is bereik deur die omvattende literatuurstudie, die konsultasie met kundiges, die behoeftebepaling met ouers wat reeds 'n egskeiding deurloop het en die assessering van kinder-respondente. 'n Teoretiese verwysingsraamwerk (hoofstuk 2-5) is dus opgebou met die oog op die ontwikkeling van die ouerskapsprogram. Hierdie teoretiese onderbou was ook noodsaaklik vir die ontwikkeling van die twee vraelyste wat in hierdie studie gebruik is.
- Om 'n behoeftebepaling te onderneem om temas te identifiseer wat benut kan word in die ontwikkeling van die ouerskapsprogram.  
Hierdie doelwit is bereik deurdat 'n behoeftebepalingsvraelys deur 20 respondente wat reeds 'n egskeiding deurloop het, voltooi is. Hierdie vraelys het die navorser van temas, wat aktief in die ouerskapsprogram aangespreek is, voorsien. Die doelwit, naamlik om die spesifieke temas te identifiseer, is dus bereik. Hierdie behoeftebepalingsvraelys is by hierdie navorsingsverslag aangeheg as bylaag 3. Die resultate van hierdie behoeftebepaling is volledig onder 7.2 uiteengesit.
- Om 'n teoreties geïntegreerde intervensieprogram te ontwikkel met betrekking tot
  - insigontwikkeling en gevolglik verbeterde sosio-emosionele funksionering van die gebroke gesinsisteam as entiteit en die

- implementering van ouerskap as meganisme tot optimale funksionering. Hierdie doelwit is bereik deurdat die data wat tydens die nastreef van die vorige twee doelwitte ingesamel is, in terme van temas georganiseer is. Literatuur wat bestudeer en data wat ingesamel is, het temas geïdentifiseer wat in die ouerskapsprogram opgeneem moes word. Die teoretiese en praktiese werkswinkels wat aangebied is het die bereiking van beide onderdele van bogenoemde doelwit tot gevolg gehad. Die verbeterde sosio-emosionele funksionering van die gebroke gesinsisteme as entiteit, is effektief aangespreek, deurdat beide die toesighoudende en die nie-toesighoudende ouers die betrokke werkswinkels bygewoon het en insig ontwikkel is. Die inligting waarmee die ouers bemagtig is, het die funksionering van die ouer, die kind en die gesinne soos dit tans daaruitsien, aangespreek en het ouerskap dus as meganisme tot optimale funksionering benut. Hierdie intervensieprogram is volledig in hoofstuk 6 bespreek en bylaag 2 is aangeheg.
- Om die program toe te pas op vyf gesinsisteme. Hierdie doelwit is bereik deur die aanbieding van vier werkswinkels. Twee werkswinkels was teoreties van aard en het ten doel gehad om volwasse respondente te bemagtig met kennis. Twee werkswinkels was prakties van aard, waar die onderskeie volwasse respondente die geleentheid gebied is om 'n gestruktureerde program met hulle kinders te deurloop, met die oog op die versterking van hulle verhouding. Die toepassing van hierdie program op die vyf gesinsisteme is volledig in hoofstuk 6 bespreek, waar die praktiese implementering daarvan uiteengesit is.
- Om die program te evalueer. 'n Kwantitatiewe vraelys (bylaag 4) is as voortoets en natoets geïmplementeer. Hierdie program is dus geëvalueer deurdat die respondente hulle kennisvlak en houding in die voortoets deurgegee het. Na afloop van die aanbieding van die program is dieselfde vraelys (bylaag 4) weer aan die respondente voorsien, waartydens dieselfde vrae gestel is. Kwantitatiewe data-analisering is onderneem ten einde die effektiwiteit van die program te evalueer. Die analisering van hierdie data is volledig in hoofstuk 7 bespreek.
- Om die navorsingsbevindinge en werkswinkel-inhoud in 'n verbruikersvriendelike dokument te omskep wat deur maatskaplike werkers en ander professionele persone benut kan word tydens terapeutiese intervensie.

Hierdie doelwit is bereik, deurdat maatskaplike werkers en ander professionele persone wat by gesinne na 'n egskeidingsituasie betrokke is, die program, wat in detail uiteengesit is in hoofstuk 6, in die praktyk kan herhaal. Die twee artikels wat hoofsaaklik 'n uiteensetting van die program en 'n weergawe van die navorsingsresultate insluit, word na vaktydskrifte gestuur vir moontlike publikasie. 'n Doktorale seminaar wat die bekendstelling van die studie, die program en die resultate ten doel gehad het, is reeds aangebied.

Verdere verspreiding van die program word beoog en is stap 6 van die intervensienavorsingsproses wat nie deel gevorm het van hierdie navorsing nie en dus nie verder bespreek word nie.

#### **8.4 Navorsingsvraag en hipotese**

Hierdie navorsing is in twee fases afgehandel, soos in hoofstuk 1 bespreek is.

##### Fase 1

Tydens fase een van die twee-fase model, is 'n navorsingsvraag geformuleer. Hierdie fase het behoeftebepaling ten doel gehad. Vanweë die sensitiewe aard van die ondersoek, het navorser hierdie fase kwantitatief onderneem met behulp van 'n vraelys. Die navorsingsvraag wat gestel was, is:

*Wat behoort die inhoud van 'n ouerskapsprogram, vir ouers met voorskoolse kinders na 'n egskeiding, te wees?*

Hierdie vraag is beantwoord deur die voltooiing van 'n behoeftebepalingsvraelys (bylaag 3) deur 20 respondente en die data wat tydens die projeksietegniek met die kinder-respondente ingesamel is. Hierdie data is geanaliseer (hoofstuk 7) en die resultate is komplementêr tot die kennis wat opgedoen is tydens die literatuurstudie, benut om die ouerskapsprogram te ontwikkel. Hierdie proses is fase 2 in die intervensienavorsingsproses.

##### Fase 2

Tydens fase twee van die twee-fase model, is die volgende navorsingshipotese gestel:

*Indien ouers en hulle voorskoolse kinders 'n ouerskapsprogram na afloop van 'n egskeiding deurloop, behoort 'n betekenisvolle verandering in hulle kennisvlak met betrekking tot hulle sosio-emosionele funksionering te realiseer.*



Hierdie navorsingshipotese is tydens die ABA-enkelstelselontwerp wat geïmplementeer is, as waar bewys. 'n Ouerskapsprogram is ontwikkel na aanleiding van die inligting wat vanuit die literatuurstudie, die behoeftebepalingsvraelys en die kinder-assessering ingesamel is. 'n Kwantitatiewe vraelys (bylaag 4) is as meetinstrument ontwikkel. Hierdie vraelys is voor die implementering van die ouerskapsprogram in die vorm van vier werkswinkels, aan die 10 betrokke respondente voorsien. Die respondente se kennis ten opsigte van sosio-emosionele funksionering en ouerskap is dus in 'n voortoets (A), gemeet. Die werkswinkel is geïmplementeer (B), waarna dieselfde vraelys as natoets (A) geïmplementeer is. Hierdie proses is fase 5 in die intervensienavorsingsproses. Die ouerskapsprogram wat geïmplementeer is, is volledig in hoofstuk 6 beskryf, terwyl die data wat ingesamel is, geanaliseer en in hoofstuk 7 beskryf is.

## **8.5 Samevattende gevolgtrekkings**

### **8.5.1 Hoofstuk 1: Algemene oriëntering**

Die doelstelling wat tydens hierdie navorsingstudie nagestreef is, was om 'n ouerskapsprogram vir ouers met voorskoolse kinders na 'n egskeiding te ontwikkel, ten einde insigontwikkeling en gevolglik verbeterde sosio-emosionele funksionering te bewerkstellig vir sowel die volwassenes as die kinders. Ten einde hierdie doelstelling na te streef, is toegepaste navorsing gedoen en 'n kwantitatiewe benadering gevolg. Intervensienavorsing is onderneem met 'n kwantitatiewe vraelys ontwerp vir die eerste fase van die twee-fase model en die ABA-enkelstelselontwerp vir die tweede fase van die twee-fase model.

'n Volledige literatuurstudie, wat die hoofkonsepte omskryf, is onderneem ten einde 'n teoretiese kennisbasis daar te stel. Vyf gesinne wat 'n egskeiding deurloop het en tans kinders in die voorskoolse groep het, is betrek. 'n Voortoets is met die 10 volwasse respondente (beide ouers) onderneem. Daarna is 4 werkswinkels aangebied: een teoretiese werkswinkel vir die 5 toesighoudende ouers, een teoretiese werkswinkel vir die 5 nie-toesighoudende ouers, een praktiese werkswinkel vir die 5 toesighoudende ouers en hulle 5 voorskoolse kinders en een praktiese werkswinkel vir die 5 nie-toesighoudende ouers met die betrokke 5 voorskoolse kinders. Korrelasies kon dus tussen die literatuur en die praktyk getrek word.

- *Die intervensienavorsingsproses*

Met betrekking tot die intervensienavorsingsproses, is die volgende evaluasie van belang:

- **Fase 1: Probleem-analise en projekbeplanning**

Die populasie, naamlik alle ouers wat 'n egskeiding deurloop het en 'n kind in Graad 0 het, was betekenisvol. Dit het geblyk dat, aangesien die betrokke werksinkels in Centurion aangebied is, gesinne waarvan beide die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer in die Centurion/Pretoria omgewing woon, bereid was om deel te neem aan die studie. Onderhandelinge met die privaat kleuterskole het positief verloop. Waar reaksie vanuit die kleuterskole te kort geskiet het, is respondente vrywillig vanuit die navorser se privaatpraktyk betrek. Die skrywe wat aan die betrokke ouers gerig is, het in die doel van motivering tot deelname aan die navorsingstudie, geslaag. Die geïdentifiseerde probleem, naamlik dat egskeiding 'n sosiale probleem is wat almal in die samelewing raak, ongeag ras, geslag of kultuur, is geanaliseer en toepaslike doelwitte vir die navorsingstudie is geformuleer. Die gebrek aan maatskaplike tegnologie om hierdie probleem aan te spreek, word dus as die kern van die probleem beskryf.

- **Fase 2: Inligting-insameling en sintese**

'n Literatuurstudie en gesprekke met kundiges is met die oog op die insameling van inligting, onderneem. Die beplanning met die handafgelewerde behoeftebepalingsvraelys was dat dertig lede van die populasie dit sou voltooi en terugbesorg. Veertig vraelyste is uitgedeel ten einde voorsiening daarvoor te maak dat almal nie terugontvang sal word nie. Slegs dertien van die oorspronklik uitgedeelde vraelyste is egter terugontvang. Hierdie beperking is oorbrug deurdat sewe vraelyste vrywillig deur kliënte vanuit navorser se praktyk voltooi is. Die analise van hierdie vraelyste het te weeg gebring dat die doel met die vraelyste bereik is, naamlik om temas te identifiseer wat komplementêr tot die literatuurstudie benut kon word in die ontwikkeling van die werksinkel. Bestaande modelle van hulpverlening en betrokke navorsingstudies is geanaliseer. Kennis is dus geneem van dit wat reeds nasionaal en internasionaal bestaan.

- **Fase 3: Ontwerp**

Vir fase 1 van die twee-fase model, is 'n kwantitatiewe vraelys (bylaag 3), met die oog op behoeftebepaling, ontwerp. Vir fase 2 van die twee-fase model, is 'n ABA-enkelstelselontwerp gevolg om inligting in te samel, met die oog op die meting van die

benuttingswaarde van die program. 'n Vraelys (bylaag 4) is as meetinstrument ontwikkel. Die implementering van die ABA- enkelstelselontwerp vir die volwasse respondente, het betroubare en geldige data beskikbaar gestel.

- **Fase 4: Vroeë ontwikkeling en voorondersoek**

'n Prototipe van die voorlopige intervensie is ontwikkel. Die programinhoud en meetinstrumente is saamgestel en op een gesin vanuit die populاسie, toegepas. Hierdie gesin het nie deel gevorm van die hoofondersoek nie. Daar is bepaal dat die intervensie herhaalbaar, effektief, prakties uitvoerbaar en aanpasbaar is. Die nodige veranderinge aan die program is aangebring en kon die program dus gefinaliseer word met die oog op die hoofondersoek, soos in hoofstuk 6 bespreek is.

- **Fase 5: Evaluering en gevorderde ontwikkeling**

Die enkelstelselontwerp is afgerond en geïmplementeer. Kwantitatiewe data-insameling is onderneem tydens die voortoets (A). Die werkswinkel (B) is aangebied en dieselfde vraelys (A) is benut as natoets. 'n Vraelys (bylaag 4) is deur die volwasse respondente voltooi. Vrae is op die evaluering van die volwassenes se huidige vlak van kennis met betrekking tot hulle eie en hulle kinders se sosio-emosionele funksionering en ouerskap, gefokus. Dieselfde vraelys (meetinstrument) is weer na afloop van die intervensieprogram voltooi ten einde die graad van toename in kennis en begrip te evalueer.

Die resultate wat weerspieël word na analisering van die data, naamlik 'n verhoogde begrip en kennisvlak, impliseer dat die ouers die nodige vaardighede aangeleer het om verbeterde sosio-emosionele funksionering te weeg te bring. Die intervensie word verfyn met die oog op verspreiding aan maatskaplike werkers.

- **Fase 6: Verspreiding**

Na afloop van die skryf van hierdie navorsingsverslag is potensiële gebruikers bewus gemaak van die bestaan van die program. Dit realiseer in die vorm van die doktrale seminaar wat reeds aangebied is en twee artikels wat voorberei is vir geakkrediteerde tydskrifte.

Bogenoemde inligting bevestig dat die intervensienavorsingsproses volledig (fase 1-5, soos beplan) en effektief geïmplementeer is. Hierdie sistematiese proses ondersteun die geldigheid en betroubaarheid van die data wat ingesamel en geanaliseer is. By implikasie word die resultate van die navorsingstudie en dus die ouerskapsprogram, as

betroubaar en geldig beskou. Vanweë die klein getal respondente tydens die hoofondersoek, kan geen veralgemenings egter gemaak word nie.

Hierdie navorsingsproses is onderneem, met inagneming van die etiese aspekte wat duidelik uiteengesit is in 1.16. Dit sluit die volgende in: Respondente is op geen wyse fisiese of emosionele leed aangedoen nie, die implikasie van die navorsing op hulle lewens is aan hulle oorgedra alvorens hulle skriftelike toestemming verkry is, die respondente se privaatheid is gerespekteer deur die gebruik van fiktiewe name in die navorsingsverslag, na afloop van die navorsing is die respondente die geleentheid gebied om deur hulle ervaring van die proses te werk, deelname aan die studie was totaal vrywillig en geen druk is op enige individue geplaas om daaraan deel te neem nie. Respondente kon ook ter enige tyd van die studie onttrek.

### **8.5.2 Hoofstuk 2: Egskeiding**

Hierdie hoofstuk vorm deel van fase 2 van die intervensienavorsing, naamlik die onderneming van 'n omvattende literatuurstudie. Literatuur met betrekking tot egskeiding as verskynsel is gereedlik beskikbaar. Dit blyk dat hierdie onderwerp toenemend beskryf, bespreek en as 'n realiteit deur kundiges vanuit verskillende dissiplines beskou word. Die afbakening van die verskynsel "egskeiding" was moeilik, aangesien dit 'n besonder komplekse proses, met talle interverwante patrone en verhoudings, is.

Egskeiding het 'n impak op die funksionering van die kind, die betrokke volwassenes en die gesin as sisteem. Dit skep 'n krisis in elke ontwikkelingsfase wat die emosionele sekuriteit van die individu en die gesin raak. Verskillende fasette van egskeiding kom voor: Aanvanklik kom 'n tydperk van vervreemding voor, waar een van die huweliksmaats emosioneel begin onttrek. Die wetlike skeiding, dit wil sê die dag in die hof, is slegs een van die fasette. Ander fasette sluit in die ekonomiese skeiding, wat die verdeling van bates en laste en die ooreenkoms met betrekking tot onderhoudsgeld behels, 'n sosiale skeiding wat impliseer dat die gemeenskap kennis neem van die egskeidig, 'n emosionele of psigiese skeiding waar beide egmaats 'n verwerkingsproses deurloop en 'n ouerskapskeiding waar die rol van ouer geskei word en ouers dus beide die rol van vader en moeder inneem in die afwesigheid van die ander ouer. Hierdie inligting is in die empiriese ondersoek bevestig, deurdat die respondente se deelname aan die studie bevestig het dat hulle 'n behoefte openbaar om die negatiewe impak van die egskeiding aan te spreek. Die programinhoud ondersteun die feit dat egskeiding wel 'n ontwikkelingskrisis in die sisteem (ouers en

kinders) te weeg bring, maar dit kan ook van korte duur wees. Sommige gesinne beweeg vinniger deur die proses van verwerking en ervaar werklik die egskeiding as 'n positiewe transformasie, eerder as 'n negatiewe proses. Die bekende leefwêreld wat in totaliteit verander word, bring egter wel 'n (moontlik kortstondige) krisis mee.

Bogenoemde inligting is tydens die behoeftebepalingsvraelys bevestig. Dit het geblyk dat individuele respondente meer geneig was om terapeutiese dienste te versoek na afloop van die egskeiding as voor of tydens die proses. Dit blyk dus dat die totale impak van egskeiding eers na afloop van die wetlike skeiding ten volle realiseer.

Verskillende fases word met betrekking tot egskeiding deurloop. Die eerste fase word gekenmerk deur telleurstelling en ongemak en kan voorkom selfs voordat die wetlike skeiding afgehandel is. Die tweede fase dui op die individuele pogings om 'n nuwe lewenstyl te vestig, terwyl die derde fase deur die bereiking van 'n gevoel van stabiliteit gekenmerk word. Tydens hierdie fases word die betrokke individue met 'n rouproses gekonfronteer waar die verlies wat ervaar is, deurgewerk word. Die behoeftebaling het hierdie inligting ondersteun. Tydens die voor- en natoets het die respondente insig ontwikkel in die feit dat 'n rouproses oor die algemeen deur beide huweliksmaats deurloop word en dat dit noodsaaklik is om deur hierdie proses te werk.

Die impak van egskeiding op die individue, verwys na die verhoudings en toeganklikheid van kontak wat voorkom. Dit beteken dat die aard van die verhoudings en die toeganklikheid wat die kind na beide ouers het, die impak van die egskeiding op die primêre gesin beïnvloed. Dit is noodsaaklik dat ouers en kinders emosioneel in voeling met mekaar sal bly ten einde optimale aanpassing te verseker.

Met betrekking tot die volwassenes word erken dat mans en vrouens die egskeiding psigologies verskillend ervaar omdat die man tradisioneel beskryf word in terme van sy loopbaan, terwyl die vrou tradisioneel as meer gesingeoriënteerd beskryf word. Tydens die voltooiing van die behoeftebepalingsvraelys het ongeveer ewe veel mans as vrouens as respondente opgetree. Die behoeftes wat deur vaders openbaar word met betrekking tot ouerskap en sosio-emosionele funksionering, kon dus ook in die program opgeneem word. Dit word as betekenisvol beskryf, aangesien die program vir die vader en moeder ontwikkel moes word.

Vanweë die sensitiewe aard van verhoudings na 'n egskeiding, het navorser die deelname van 20 respondente wat bereid was om die behoeftebepalingsvraelys te voltooi, as baie waardevol beskou. Navorser se praktykervaring is dat persone na 'n

egskeiding nie bereid is om betrokke te raak by besprekings oor die eg skeiding nie, maar verkies om die proses as afgehandel te beskou. Dit was dan ook hoofsaaklik die rede waarom 'n kwantitatiewe vraelys in plaas van kwalitatiewe onderhoude of fokusgroepbesprekings, vir data-insameling, verkies is.

Met betrekking tot die kinders, word daar in die literatuur bevestig dat kinders na 'n eg skeiding met talle negatiewe gevoelens gekonfronteer word. Kinders ervaar lojaliteitskonflik omdat hulle die persepsie het dat hulle moet "kies" tussen hulle ouers en dat die eg skeiding plaasgevind het op grond van gedrag wat die kind openbaar het. Dit is dus belangrik dat die ouer die redes vir die eg skeiding met die kind sal kommunikeer, op 'n vlak en in taal wat deur die kind verstaan kan word. Tydens die empiriese ondersoek het die respondente in die voor- en natoets insig ontwikkel in die feit dat dit belangrik is dat die kinders die redes vir die eg skeiding moet weet. Die hoeveelheid en tipe inligting wat aan die kind oorgedra behoort te word, moet egter gemoniteer word. Inligting moet in ouderdomstoepaslike taal en verkieslik deur beide ouers gesamentlik aan die kind oorgedra word.

Die wyse waarop ouers die ouerskapsverhouding evalueer na afloop van 'n eg skeiding, is bepalend in die gesin se aanpassing. Hierdie ouerskapsverhouding kan wissel tussen perfekte vriende (emosionele verbondenheid) aan die een kant en opgeloste strydery (totaal verbreekte kontak) aan die ander kant. Tussenin realiseer die verhouding van woedende kennisse waar 'n gevoel van woede ervaar word en vurige vegters, waar 'n algehele onvermoë tot kommunikasie voorkom. Die optimale verhouding, naamlik die verhouding van samewerkende kollegas dui daarop dat ouers 'n positiewe verhouding kan handhaaf met die oog op kinderopvoeding.

Vanuit die empiriese resultate van die behoeftebepalingsvraelys het dit geblyk dat meeste van die respondente hulle verhouding as konflikbelaaie beskryf. Dit blyk dat meeste van die konflik voorgekom het op grond van onderhoudsgeld. Die negatiewe impak van 'n konflikbelaaide ouerskapsverhouding is dus in die program geïnkorporeer met die oog op die sosio-emosionele funksionering van die gesinslede. Tydens die voor- en natoets het die betrokke respondente insig in die feit dat ouers samewerkende kollegas, eerder as goeie vriende of vyande moet wees, ontwikkel.

Die helfte van die respondente het tydens die voor- en natoets aangedui dat dit belangrik is dat beide ouers geleenthede soos byvoorbeeld 'n oueraand bywoon. Onsekerheid in hierdie verband bestaan steeds. Hierdie element van ouerskap moet op meriete beoordeel word, aangesien dit vir die kind voordelig of nadelig kan wees

indien beide ouers 'n geleentheid by die skool bywoon. Die mate van konflik wat tussen ouers voorkom en die kind se persepsie van sy/haar toegang na beide ouers, behoort die deurslaggewende faktore in hierdie scenarios te wees.

Die mate waartoe die betrokke gesinslede elkeen 'n ondersteuningsnetwerk in plek het, speel 'n belangrike rol in die hantering van egskeiding. Emosionele ondersteuning deur familie, vriende, bure, ander betekenisvolle persone en sosiale groepe, is ook noodsaaklik vir die optimale funksionering van die gesinsisteem. Tydens die behoeftebepalingsvraelys het die meerderheid van die respondente aangedui dat hulle oor 'n ondersteuningsnetwerk beskik en die ondersteuning wat aangebied word, aanvaar. Die belangrikheid van 'n ondersteuningsnetwerk is dus tydens die werkwinkel beklemtoon. Die voor- en natoets het insigontwikkeling in hierdie verband aangedui. Dit word egter ook erken dat ondesteuningsnetwerke in sekere situasies konflik kan stimuleer, eerder as om slegs ondersteunend van aard te wees.

Ekonomiese hulpbronne sluit in dat die gesinslede nie materiële behoeftes het wat onaangespreek bly nie en dat onderhoudsgeld effektief vir die versorging van die kind aangewend word. Tydens die empiriese proses is daar nie insig in hierdie feit ontwikkel nie. Tydens die voortoets was 70% van die respondente oortuig dat, indien die nie-toesighoudende ouer nie die onderhoud betaal nie, die toesighoudende ouer kontak tussen die ouer en die kind kan weier. Hierdie getal het tydens die natoets onveranderd gebly. 50% van die respondente was van mening dat, indien die toesighoudende ouer kontak tussen die nie-toesighoudende ouer en kind weier, die betrokke ouer kan weier om onderhoud te betaal. Die feit dat insig nie ontwikkel is in die feit dat kontakbesoeke en onderhoudsgeld onafhanklik van mekaar benader moet word nie, is kommerwekkend. Navorsers kom tot die gevolgtrekking dat die finansiële aspek dus die aspek is wat die verhouding negatief kan beïnvloed en voortdurend in die plek van optimale funksionering van die verskillende partye, kan staan.

Egskeiding word as 'n transformasieproses beskou wat met positiewe gevolge onderneem kan word. 'n Proses van herdefiniëring word deur volwassenes deurloop. 'n Onderskeid word tussen die rol van ouer en die rol van huweliksmaat getref, ten einde die kommunikasie wat voorkom, op parallelle ouerskap te fokus. Vanuit die kinder-assessering was dit duidelik dat, indien ouers nie daarin kan slaag om die ouerskapsrol en die huweliksrol van mekaar te onderskei nie, dit verwarring by die kind veroorsaak. Hierdie verwarring spruit daaruit dat die kind sy/haar ouers steeds as 'n eenheid ervaar en moontlik ook die fantasie, wat meeste kinders na 'n egskeiding koester, naamlik dat hereniging kan plaasvind, versterk.



Kinders se positiewe aanpassing na afloop van 'n egskeiding word deur veral twee elemente bepaal, naamlik die ouers se vermoë om 'n mede-ouerskapsverhouding daar te stel en die geleentheid wat kinders het om toegang tot beide ouers te hê. Volgens die empiriese data wat tydens die behoeftebepalingsvraelys ingesamel is, het meeste van die respondente aangedui dat die geografiese afstand tussen die twee ouerhuise tussen 0 tot 100 kilometer is. Dit blyk dus dat inligting ingesamel is waar die kind se ouers fisies bereikbaar van mekaar woon. Die gesinsisteme wat die werkswinkel bygewoon het, het geografies nie ver van mekaar gewoon nie, aangesien almal die werkswinkel kon bywoon. Hierdie geografiese nabyheid skep die geleentheid tot meer fisiese kontak. Die literatuurstudie dui daarop dat positiewe aanpassing deur die gesin aspekte soos fisiese en emosionele veiligheid, die struktuur van roetine, gemeensaamheid en kohesie onderstreep. Navorser kom tot die gevolgtrekking dat, met betrekking tot roetine, respondente insig ontwikkel het in die feit dat geskeduleerde, gestruktureerde kontak meer voordele vir die totale betrokke gesinsisteme inhou en minder geleentheid tot konflik skep. Die wyse waarop die kind op- en afgelaai word behoort op so wyse gestruktureer te word dat die kind so min moontlik emosionele verleentheid ervaar. Kontak tussen ouers behoort geminimaliseer te word indien kontak geneig is om konflikbelaaie te wees. Indien ouers die kleuterskool as kontakpunt benut, behoort die betrokke kind se naweektas strategies hanteer te word, sodat dit nie 'n verleentheid vir die kind word nie. Die realiteit is egter dat die betrokke kind nie noodwendig die enigste kind in die betrokke kleuterskool is wat 'n naweektas skool toe bring nie. Kleuterskole moet egter bedag wees op praktiese reëlings in hierdie verband.

Die navorsing bevestig dus dat negatiewe aanpassing vir die gesin veral in twee kategorieë geplaas word. Die eerste verwys na voortslepende konflik tussen die ouers. Tydens die empiriese ondersoek het ouers insig ontwikkel in die besef dat konflik wat tussen die ouers voorkom, van die kinders weerhou behoort te word.

Navorsingstudies in die literatuur het bewys dat konflik wat voortduur tussen twee ouers 'n meer negatiewe effek tot gevolg het, as die feit dat die egskeiding plaasgevind het. Hierdie inligting is geverifieër tydens hierdie navorsingstudie, deurdat die konflik wat tydens die kinder-assesserings beskryf is, duidelik die optimale funksionering van die kinders gestrem het. Die tweede kategorie verwys na die wyse waarop die kind negatief hanteer word. Ouers wat kinders in die rol van boodskapper plaas, wat die kind as volwassene hanteer en wat die kind as sondebok behandel, bring negatiewe gesinsaanpassing mee en kan die kind lewenslank negatief beïnvloed. Tydens die voor- en natoets het ouers nie insig in die respek wat hulle vir die ander ouer behoort te openbaar, ontwikkel nie. Die respondente het aangedui dat dit hulle reg as ouer is om



te weet wat in die ander ouer se huis gebeur en dat hulle hulle kinders daarom mag uitvra daaroor. Lojaliteitskonflik kan dus voorkom. Insig is egter wel ontwikkel in die feit dat die kinders nie hoef te weet wat een ouer se opinie van die ander ouer se huidige lewensomstandighede is nie.

Navorsers kom dus, na aanleiding van die literatuur- en die empiriese studie, tot die gevolgtrekking dat gesinslede ook na 'n egskeiding, lewenslank aan mekaar verbind bly, juis deur die kinders. Ouers is voortdurend op een of ander wyse met mekaar in kontak. Indien hierdie kontak minimale konflik inhou, kan dit tot voordeel van die kinders wees. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op beide ouers om die egskeiding te verwerk.

### **8.5.3 Hoofstuk 3: Ontwikkelingsfases**

Hierdie hoofstuk vorm deel van die eerste doelwit en fase 2 van die intervensie-navorsing, naamlik die onderneming van 'n omvattende literatuurstudie

Menslike ontwikkeling is 'n lewenslange proses wat met dramatiese veranderinge gepaard gaan. Vanaf geboorte bevind die individu hom/haar binne 'n gesin waar die individu versorg word. Hierdie gesinsisteem beskik oor 'n bepaalde dinamika wat, tesame met genetica, daartoe lei dat die individu se persoonlikheid volgens 'n spesifieke wyse ontwikkel.

Met betrekking tot emosionele ontwikkeling beskryf Erikson dat die basiese beginsels van ontwikkeling in twee komplementêre prosesse opgesluit lê, naamlik genetiese en sosiale faktore. Erikson onderskei agt lewensfases waarin ontwikkelingskrisisse voorkom. Elke opvolgende ontwikkelingsfase bring egter ook mee dat die ontwikkelingskrisis van die vorige fase opnuut aangespreek word. Agt stadia van ontwikkeling word onderskei: Tydens die babastadium, wat die eerste lewensjaar dek, leer die baba of hy/sy die omgewing kan vertrou of moet wantrou. Hoop bestaan tydens hierdie fase. Die vroeë kinderjare, vanaf ongeveer die tweede lewensjaar, vestig die aandag op outonomie teenoor skaamte en twyfel en skep 'n gevoel van wilskrag. Die speelstadium, dit wil sê die derde tot sesde lewensjaar, verwys na doelgerigtheid, waarvan die ontwikkelingskrisis inisiatief teenoor skuld is. Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid kenmerk die laerskooljare en die sintese daarvan is bekwaamheid. Adolessensie verwys na betroubaarheid waar die ontwikkelingskrisis identiteit teenoor rolverwarring is. Tydens vroeë volwassenskap word daar na die egokrag liefde, verwys, met intimiteit teenoor isolasie as die

ontwikkelingskrisisse. Volwassenheid verwys na generatieweit teenoor selfbeheptheid en stagnasie en het die beginsel van sorgsaamheid as sintese. Die finale fase, naamlik bejaardheid, het ego-integriteit teenoor vertwyfeling as ontwikkelingskrisisse met die sintese van wysheid.

Hierdie ontwikkelingsfases is in die literatuurstudie opgeneem sodat daar begrip kan voorkom vir die ontwikkelingstake, wat tydens elke ouderdom van belang is. Die ouderdomme van die respondente wat die behoeftebepalingsvraelys voltooi het was hoofsaaklik in die ouderdomsgroep 30 tot 40 jaar. Dit word dus as die fase van generatieweit beskou. Hierdie opvoedingsproses wat deur generasies onderneem word, maak 'n belangrike deel van die volwassene se identiteit uit. 'n Egskeiding beïnvloed dit dus direk wanneer die eise van enkelouerskap of die feit van minder kontak met kinders (nie-toesighoudende ouer), bespreek word. Tydens programskrywing is daar dus klem geplaas op die ouderdomsgroep tussen 30 en 40 jaar se ontwikkeling. Vroeë volwassenheid is in detail bespreek, aangesien die ontwikkelingstake van hierdie fase ook in gedrang kom na afloop van 'n egskeiding.

Die ontwikkeling van die jong volwassene verwys na verskillende kategorieë, naamlik die self, die gesin, werk en vryetydsbesteding en die gemeenskap. Die ontwikkeling van die huwelik word ook in fases gegroepeer, naamlik die eerste twee jaar, wat verwys na die simbiose, twee tot vier jaar wat verwys na differensiasie, drie tot sewe jaar wat verwys na praktisering en sewe tot vyftien jaar wat verwys na toenadering. Tydens die behoeftebepalingsvraelys het meeste van die respondente aangedui dat hulle tussen 6 tot 10 jaar in die huwelik verbind was. Meeste van dié huwelike is dus ontbind tydens die fase van toenadering. Programinhoud is dus hiervolgens opgestel. Tydens die voor- en natoets het feitlik al die respondente insig in die feit dat hulle eie ontwikkeling deur die egskeiding geraak word, getoon.

Die ontwikkeling van die voorskoolse kind vind op talle vlakke plaas: motoriese vaardigheid, kognisie, taal, sosialisering, selfkonsep, geslagsrolidentiteit, selfkontrole, morele ontwikkeling en sosiale ontwikkeling. Die gesin oefen 'n invloed uit op die ontwikkeling van die voorskoolse kind en so ook die kleuterskool. Tydens die empiriese ondersoek het meeste van die respondente in die voortoets en al die respondente in die natoets, aangedui dat hulle oortuig is dat hulle kinders se ontwikkeling deur die egskeiding geraak word. Dit is betekenisvol dat die respondente besef dat egskeiding kinderontwikkeling beïnvloed. Meeste van die respondente het ook insig getoon in die feit dat hulle geleenthede moet skep waar hulle en hulle kinders oor emosies kan gesels.

Die ontwikkelingstake van die gesin word bespreek in terme van die behoeftehiërargie van Maslow, waar elke behoefte aangespreek moet word voordat die volgende behoefte benader kan word. Maslow se hiërargie sluit fisiologiese behoeftes, behoefte aan veiligheid, liefde en 'n gevoel van behoort, selfkonsep en die behoefte aan selfverwesenliking, in. Die respondente het in die voor- en natoets aangedui dat hulle die invloed van egskeiding op die gesinsisteem erken. Die konflik tussen ouers wat tydens die kinder-assessering geprojekteer is, beklemtoon dat aspekte soos onderhoudsgeld 'n bron van konflik bly. Die funksie van onderhoudsgeld is die middel waarmee ouers in die fisiologiese behoeftes van hulle kinders moet voorsien. Die empiriese ondersoek het bevestig dat ouers van mening is dat hulle kinders se behoeftes te alle tye en onder alle omstandighede eerste moet kom. Hierdie stelling word as instinktief aan ouers beskou. Die inagneming van Maslow se hiërargie sal aan ouers die balans kan voorsien, waar 'n onderskeid tussen versorging van die kind en bederf van die kind, getref word.

#### **8.5.4 Hoofstuk 4: Ouerskap**

Hierdie hoofstuk vorm deel van fase 2 van die intervensienavorsing, naamlik die onderneming van 'n omvattende literatuurstudie.

Die empiriese ondersoek het bevestig dat ouers hulle eie verhouding met hulle kinders vanuit 'n subjektiewe konteks op 'n meer positiewe wyse evalueer as die verhouding tussen die kinders en die ander ouer. Programinhoud wat fokus op die instandhouding van 'n hegte emosionele verhouding tussen die ouer en kind, is tydens die praktiese werkwinkel tussen ouer en kind doelgerig geïmplementeer.

Ouerskap kan oorweldigend wees en word bemoeilik deur die proses van egskeiding. Opleiding vir ouers is noodsaaklik ten einde ouers te bemagtig met die oog op optimale kinderopvoeding. Hierdie stelling is as geldig bewys tydens die empiriese ondersoek, in die sin dat volwassenes insig ontwikkel het na aanleiding van die werkwinkel wat aangebied is. Die ouer se ervaring van sy/haar eie kinderjare moet ook as rolspeler in die proses van kinderopvoeding erken word. Hulpbronvoorsiening impliseer dat 'n huishouding bepaalde hulpbronne moet benut ten einde die gesin in stand te hou. Van hierdie hulpbronne sluit materiële hulpbronne, voedingshulpbronne, bruikbaarheids-hulpbronne, dienshulpbronne, gemeenskapshulpbronne, kulturele en rekreasie hulpbronne en kommunikasiehulpbronne, in. Praktiese take moet ook met die oog op die versorging van die gesin onderneem word. Van hierdie take sluit die instandhouding van die huis, die versorging van klerasie, voedselvoorsiening en

voertuig onderhoud, in. Die versorging van kinders beteken dat prosesse in plek sal wees om die kind teen liggaamlike leed, emosionele leed, portuurgroepbedreigings en sosiale bedreigings te beskerm. Die fisiese versorging van die kind en die sosio-emosionele versorging van die kind word as die twee primêre faktore beskou wat onontbeerlik is vir optimale ontwikkeling van die kind.

Verskillende ouerskapstyle kan deur ouers gehandhaaf word. Die outoritêre styl beklemtoon die mag wat ouers het en dat hulle opinies op hulle kinders afgedwing word. Hierdie ouerskapstyl lei daartoe dat die ouer en kind voortdurend in 'n magstryd gewikkel is en lei tot die totstandkoming van 'n destruktiewe ouer-kind verhouding. Die permissiewe ouerskapstyl word deur warmte en positiewe kommunikasie gekenmerk, maar voorsien nie aan die kind die struktuur en grense wat noodsaaklik is vir optimale ontwikkeling nie. Hierdie ouerskapstyl bring ook 'n destruktiewe ouer-kind verhouding mee. Die gesaghebbende ouerskapstyl word as die optimale ouerskapstyl beskryf. Grense word in terme van die kind se gedrag gestel, maar die ouer is meer aanpasbaar en voorsien die kind met verduidelikings en warmte. Respek en gelykheid kom voor, terwyl die unieke vermoëns, verantwoordelikhede en ervaring van elke individu erken word. Hierdie ouerskapstyl bring mee dat die kind weet wat van hom/haar verwag word en lei dus tot die ontwikkeling van 'n positiewe ouer-kind verhouding. Die data wat deur middel van die behoeftebepalingsvraelys ingesamel is dui aan dat slegs die helfte van die respondente van mening was dat hulle die optimale styl, dit wil sê die gesaghebbende ouerskapstyl, handhaaf. Slegs 20% van die respondente het aangedui dat die ander ouer die gesaghebbende styl handhaaf. Navorsers kom dus tot die gevolgtrekking dat die insluiting van ouerskapstyle as 'n tema in die ouerskapsprogram dus betekenisvol was. Tydens die empiriese ondersoek, dit wil sê die voor- en natoets, het al die respondente insig ontwikkel in die feit dat die gesaghebbende ouerskapstyl die optimale opvoedingstyl is. Hierdie insig kan 'n bydrae lewer tot die implementering van 'n parallelle ouerskapstyl.

Tydens die behoeftebepalingsvraelys het meer as die helfte van die respondente aangedui dat hulle skuldig teenoor hulle kinders voel, omdat hulle geskei is. Meeste van die oorblywende respondente was nie seker of hulle skuldig voel nie, maar het nie pertinent aangedui dat hulle nie skuldig voel nie. Navorsers kom dus tot die gevolgtrekking dat hierdie skuldgevoelens 'n inhiberende effek uitoefen op optimale ouerskap en meebring dat kinders nie die struktuur en dissipline ervaar wat noodsaaklik is vir optimale sosio-emosionele funksionering nie.

Emosionele intelligensie vorm 'n belangrike konsep in ouerskap. Dit is belangrik dat die ouer bewus sal wees van die kind se emosie, die emosie sal erken, empaties sal luister, die kind sal help om die korrekte beskrywende woorde vir die betrokke emosie te vind en grense te stel deur alternatiewe hanteringstrategieë te ondersoek. Hierdie kommunikasie van gevoelens kan plaasvind deur reflektief te luister, dit wil sê die onderliggende boodskap aan die kind te reflekteer en ook deur van ek-boodsappe gebruik te maak, wat 'n minder bedreigende kommunikasievorm is. Tydens die empiriese ondersoek het die persentasie respondente wat reken dat die wyse waarop hulle met hulle kinders praat, kan bepaal of die kinders vir hulle luister of nie, gestyg van 70% na 100%. Dit bevestig dat ouers insig ontwikkel het in die waarde van kommunikasie.

Dissipline is 'n proses van onderrig wat aangewend word om lewensreëls aan 'n kind oor te dra. Verskillende dissiplineringsmetodes word erken, naamlik orde en reëls, grense en keuses, natuurlike en logiese gevolge, leer uit foute, ignorering van gedrag, ontneming voorregte, die kind sy/haar eie foute laat regstel, teregwysing, gesprekvoering, nie-verbale dissipline, afsondering en lyfstraf. Die toepassing van dissipline in die onderskeie ouerhuise word beïnvloed deur die hoeveelheid tyd wat die kind by die betrokke ouer deurbring. Die hoeveelheid tyd wat by die ouer deurgebring word, het ook 'n invloed op die sosio-emosionele funksionering van die betrokke gesin. Met betrekking tot die behoeftebepalingsvraelys het meeste van die respondente aangedui dat hulle kinders of tussen 11-15 dae of tussen 21-25 dae by hulle deurbring. Data is dus ingesamel vir die toesighoudende ouer wat tradisioneel die meeste tyd saam met die kind deurbring, maar ook vir die nie-toesighoudende ouer wat tradisioneel elke alternatiewe naweek saam die kind deurbring. Dit blyk dus dat data wat ingesamel is verteenwoordigend van biologiese ouers is.

Tydens die behoeftebepalingsvraelys het die helfte van die respondente aangedui dat hulle self die dissiplinestruktuur in die huis gehandhaaf het. 35% het aangedui dat beide ouers die dissiplinestruktuur gehandhaaf het, terwyl 15% aangedui het dat dit deur hulle gewese egmaat gehandhaaf is. Tydens die ontwikkeling van die ouerskapsprogram is die gevolgtrekking dus gemaak dat die dissiplinestruktuur na afloop van 'n egskeiding wel pertinent deur beide ouers in plek gestel en in stand gehou moet word ten einde parallelle ouerskap te komplementeer.

### 8.5.5 Hoofstuk 5: Teoretiese benaderings

Hierdie hoofstuk vorm deel van fase 2 van die intervensienavorsing, naamlik die onderneming van 'n omvattende literatuurstudie.

Die kompleksiteit van menslike funksionering en die dinamika van die samelewing bring mee dat daar 'n verskeidenheid teorieë bestaan waarvolgens menslike gedrag verduidelik kan word. Drie teorieë is komplementêr tot mekaar in hierdie navorsingstudie beskryf. Die sistemiese benadering fokus op die sisteem waarbinne die individu funksioneer, eerder as op die individu. Die sosiale konteks waarbinne die individu funksioneer word dus in ag geneem. 'n Onbevredigende getal respondente, naamlik 3 uit 10, het tydens sowel die voor- as die natoets aangedui dat almal wat 'n rol in hulle en hulle kinders se lewe speel, 'n bydrae lewer tot die manier waarop hulle en hulle kinders optree. Die gevolgtrekking blyk dus dat die invloed van die sosiale konteks nie na behore erken word nie.

Persoonlikheidsontwikkeling word tot 'n groot mate deur die bydrae van die gesin beïnvloed. Problematiek binne die gesin word dus as 'n resultaat van sosiale interaksiepatrone beskou, eerder as 'n probleem by 'n individuele gesinslid. Terapeutiese intervensie fokus dus op die verandering van die omgewing. Na afloop van 'n egskeidingsituasie, dit wil sê die terminering van die gesin as sisteem, is dit dikwels onmoontlik om terapeuties tot die gesin as geheel toe te tree. Die kinders wat uit die betrokke huwelik gebore is, behou die oorspronklike gesin as 'n terapeutiese sisteem. Terapeutiese intervensie is wel moontlik indien die subsisteme as 'n teoretiese eenheid beskryf word. Die vestiging van effektiewe kommunikasiepatrone binne die gevolglike subsisteme (gebroke kerngesin) is noodsaaklik met die oog op optimale funksionering en emosionele gesondheid. Kennis met betrekking tot kommunikasie is dus van belang. Hierdie aspekte sluit openheid, eerlikheid, vertroue, empatie en luister, in. Gesonde gesinsfunksionering in die gesin wat 'n egskeiding deurloop het, sluit in dat beide ouers 'n rol van outoriteit inneem, beide ouerhuise reëls het wat in stand gehou moet word, emosionele geborgenheid in beide ouerhuise voorkom, positiewe kinderopvoedingspraktyke deur beide ouers geïmplementeer word, beide huishoudings bepaalde doelwitte nastreef en volwassenes bewus is van sowel hulle eie emosionele funksionering as dié van hulle kinders. Respondente het insig ontwikkel in die feit dat die kind steeds deel van beide ouerhuise is en dus 'n sisteem met elkeen vorm.

Die behavioristiese benadering fokus op die gedrag van die individu. Die basiese aanname dui daarop dat alle gedrag aangeleer en dus by implikasie afgeleer kan word. Klassieke kondisionering, operante kondisionering en waarnemingsleer word as wyses van leer geïmplementeer. Terapeutiese intervensie implementeer verskillende tegnieke ten einde ongewenste gedrag af te leer. Die primêre vraag wat tydens intervensie gestel word, is watter omgewingsverandering moet plaas vind ten einde wanaangepaste gedrag af te leer en toepaslike gedrag aan te leer. Tydens die voor-en natoets het al die respondente die waarde van waarnemingsleer erken, deurdat hulle aangedui het dat hulle gedrag 'n direkte invloed op hulle kinders se gedrag het. Hierdie besef word as positief tot die aanpassing van die gesin beskou. Navorser kom tot die gevolgtrekking dat hierdie benadering baie waarde toegevoeg het tot die bespreking van die verskillende dissiplineringsmetodes.

Transaksionele analise verdeel die menslike psige in drie egostate, te wete die kind, volwassene en ouer. Elke individu beskik oor al drie hierdie egostate. Gesonde funksionering lê daarin dat die individu die toepaslike egostaat in die toepaslike omstandighede kan benut. Die kind-egostaat word gekenmerk deur kinderlike gedrag en gevoelens. Die ouer-egostaat inkorporeer alle houdings en gedrag van ouerfigure, wat die lang lys van “moet” en “moenie” insluit. Die volwasse-egostaat is objektief, samesinnig en kan die realiteit toets. Transaksies, wat verwys na die proses van kommunikasie, word aangedui in terme van komplementêre transaksies, wat konflikvry en konstruktief is, gekruisde transaksies wat konflik tot gevolg het en ulterieure transaksies wat met die eerste opslag aanvaarbaar blyk te wees, maar 'n verborge boodskap inhou. Elke individu kan een van drie rolle aanneem, naamlik dié van redder, slagoffer of vervolger. Volgens die transaksionele analise skryf elke individu vir homself/haarself 'n lewensdraaiboek waarvolgens hy/sy funksioneer. Volgens hierdie lewensdraaiboek kies die individu die wyse waarop hy/sy homself/haarself en ander individue evalueer, volgens 'n posisie dat mense “OK” of “not-OK” is. Hierdie benadering is as raamwerk benut tydens die aanleer van kommunikasievaardighede gedurende die werkswinkel. Die lewensdraaiboek, wat geskryf word in terme van mense “OK” of “not-OK” het die volwasse respondente meer bewus gemaak van hulle kinders se emosies tydens die praktiese werkswinkel tussen ouer en kind.

#### **8.5.6 Hoofstuk 6: Ouerskapsprogram**

Die skryf van die ouerskapsprogram was een van die doelwitte wat gestel is en vorm deel van fase 5 van die intervensienavorsingsproses. Die ouerskapsprogram is ten volle saamgevat in die uitdeeltstuk (bylaag 2), wat aan alle respondente voorsien is

tydens die aanbied van die werkswinkel. Hierdie ouerskapsprogram is saamgestel uit inligting wat vanuit die literatuurstudie na vore gekom het, dit wil sê hoofstuk 1 tot 5, soos bo beskryf. Die inligting wat tydens fase 1 van die twee fase model ingesamel is, dit wil sê tydens die behoeftebepalingsvraelys aan volwasse respondente en die kinder-assesserings wat onderneem is, is ook hierby geïnkorporeer ten einde betroubare en geldige programontwikkeling te onderneem. Hierdie program is net soos dit beskryf is, in die praktyk geïmplementeer en die benuttingswaarde daarvan geëvalueer. Die program is daarna afgerond en gereed gemaak vir verspreiding.

### **8.5.7 Hoofstuk 7: Empiriese gegewens**

Inligting wat tydens die literatuurstudie ingewin is (hoofstuk 2 tot 5) en data wat tydens die empiriese ondersoek ingesamel is (hoofstuk 7), is met mekaar vergelyk. Navorsers kom tot die gevolgtrekking dat hierdie inligting mekaar komplementeer en dus die teorie en praktyk integreer.

Vyf gesinne, waarvan 10 volwassenes en 5 kinders, is terapeuties bemagtig tydens die aanbieding van die werksinkels.

Die emosionele verbondenheid wat tussen ouers en kinders gestimuleer is tydens die werkswinkel, tesame met die inligting wat aan ouers voorsien is met die oog op insigontwikkeling met betrekking tot die invloed van egskeiding op die gesinsisteem, kan 'n verbeterde sosio-emosionele funksionering tot gevolg hê.

Vanuit die kwantitatiewe analisering van die data blyk dit duidelik dat die doelstelling en doelwitte van die studie op 'n bevredigende wyse aangespreek is. Dit blyk dat die volwasse respondente insig ontwikkel het in sosio-emosionele funksionering en ouerskap. Die kinder-respondente het ook die geleentheid positief benut om hulle huidige gesinsituasies te erken.

Die hipotese wat gestel is, word dus as waar bewys:

Indien ouers en hulle voorskoolse kinders 'n ouerskapsprogram na afloop van 'n egskeiding deurloop, behoort 'n betekenisvolle verandering in hulle kennisvlak met betrekking tot hulle sosio-emosionele funksionering te realiseer.



## 8.6 Aanbevelings

Vanuit die voorafgaande bespreking, kan navorser nou bepaalde aanbevelings maak:

### 8.6.1 Ouerskapsprogramme

Die inhoud van die ouerskapsprogram word as betekenisvol en insiggewend beskou. Die formaat waarin die ouerskapsprogram aangebied is, naamlik 'n werkswinkel, word as ontoereikend geëvalueer. Dit is duidelik dat die inhoud van die ouerskapsprogram te inligting-intensief is om in 'n tydsverloop van een dag aangebied sal word. Daar word voorgestel dat maatskaplike werkers wat hierdie ouerskapsprogram wil benut, dit in die vorm van 'n groepwerkreeks sal aanbied. Een groepwerkreeks word vir die toesighoudende ouer aanbeveel, terwyl 'n tweede groepwerkreeks vir die nie-toesighoudende ouer aanbeveel word. Die volgende uiteensetting word aanbeveel:

- Sessie 1: Kennismaking en orientëring ten opsigte van die program en medegroeplede se persoonlike omstandighede. Rapport word dus verkry en 'n mate van vertroue gevestig.
- Sessie 2: Bespreking van egskeiding as konsep (hoofstuk 2).
- Sessie 3: Bespreking van menslike ontwikkeling (hoofstuk 3).
- Sessie 4: Bespreking van ouerskap (hoofstuk 4).
- Sessie 5: Bespreking van teoretiese benaderings (hoofstuk 5).
- Sessie 6: Praktiese werkswinkel tussen ouer en kind met die oog op emosionele intelligensie, dit wil sê die eerste gedeelte van die program naamlik aggressie-ontlading, vertroue vestig en gevoelsherkenning.
- Sessie 7: Praktiese werkswinkel tussen ouer en kind met die oog op die hantering van die egskeiding, dit wil sê die teken van die egskeiding en die toekomsverwagting.
- Sessie 8: Samevatting van die groepwerkreeks, dit wil sê die evaluering van die groepwerkreeks en die emosionele afsluiting. Tydens hierdie sessie moet daar ook bevestig word dat die behoeftes van groeplede aangespreek is en moet individuele terapeutiese intervensie gekontrakteer word, met die lede wat 'n behoefte daaraan openbaar.

Daar word ook aanbeveel dat die betrokke program by ander professionele dissiplines soos regslui en predikante bemark word ten einde elke ouer wat 'n egskeiding deurloop het die geleentheid te bied tot positiewe transformasie en verbeterde sosio-emosionele

funksionering, op grond van insigontwikkeling en die bemagtiging wat kennisuitbreiding meebring.

'n Verdere aanbeveling wat gemaak kan word is dat die programaanbieding nie spesifiek vir toesighoudende of nie-toesighoudende ouers aangebied sal word nie. Die groepsdinamika wat sal voorkom wanneer 'n groep beide 'n toesighoudende en nie-toesighoudende ouer insluit, kan verdere insig ontwikkel by beide ouers. Dit word egter voorgestel dat die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer van een gesinsisteam nie dieselfde groepwerkreeks bywoon nie, maar dat toesighoudende en nie-toesighoudende ouers van verskillende gesinsisteme dieselfde groepwerkreeks bywoon. Hierdie insig verwys na die ander ouer se moontlike beleving van die situasie, maar kom van partye wat nie emosioneel by mekaar betrokke is nie. Die ouer sou dus moontlik meer ontvanklik wees om 'n situasie vanuit die ander ouer se perspektief, te probeer beskou.

### **8.6.2 Maatskaplikewerk-intervensie**

Maatskaplikewerkopleiding bied 'n besondere positiewe basis vir die persoon wat terapie wil toetree tot die lewe van gesinne wat 'n egskeiding deurloop het. Die maatskaplike werker beskik reeds oor 'n fundamentele kennisbasis met betrekking tot die ontwikkelingsfases van die mens. Bepaalde terapeutiese vaardighede en 'n teoretiese verwysingsraamwerk plaas die maatskaplike werker in 'n posisie om die gesinsisteam as eenheid en as individue deur die proses van positiewe transformasie te begelei. Organisasoriese vermoëns en die vermoë om 'n proses te bestuur, bevestig die doeltreffendheid van 'n maatskaplike werker as terapeutiese hulpbron. Dit is egter van kritiese belang dat die maatskaplike werker homself/haarself met spesialiskennis met betrekking tot die egskeidingsproses en die invloed daarvan op die gesin, toerus.

Daar word aanbeveel dat die program op makrovlak deur die staat beskikbaar gestel behoort te word, byvoorbeeld as hulpmiddel by kantore van gesinsadvokate. Indien dit prakties moontlik kon wees, sou dit ideaal wees indien alle ouers wat deur 'n egskeiding beweeg, toegang tot hierdie program kon hê. Op mesovlak kan die program ook binne byvoorbeeld die kliëntbasis van 'n prokureur wat spesialiseer in egskeiding, aangebied word as ondersteunende en bemagtigende diens. Op mikrovlak kan hierdie program aangebied word vir ouers wat spesifieke problematiek geïdentifiseer het en wat die program dus bywoon as terapeutiese proses.

### 8.6.3 Verdere navorsing

Die volgende aspekte kan as onderwerpe vir verdere navorsing in hierdie veld oorweeg word:

- Die verskil wanneer 'n toesighoudende ouer die vader is, teenoor wanneer die toesighoudende ouer die moeder is. Daar word aanbeveel dat die man en vrou se psigologies verskillende benaderings tot ouerskap bestudeer word.
- Die opstel van 'n ouerskapsprogram vir ouers uit 'n ander etniese groep as wit. Kulturele verskille in die hantering kom voor, hoewel die aanname is dat die onderliggende beginsels soortgelyk is. Dit word aanbeveel dat die program ook die tradisies, gewoontes en norme van ander etniese groepe aanspreek.
- 'n Ouerskapsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare en ook vir ouers met kinders in adolessensie. Weer eens word die aanname gemaak dat die onderliggende beginsels soortgelyk is, maar die invloed van die betrokke ontwikkelingsfases behoort as unieke veranderlike erken te word. 'n Ouerskapsprogram spesifiek vir die middelkinderjare en ook vir adolessensie behoort dus ontwikkel te word met inagneming van die ontwikkelingstake van die betrokke fases.

### 8.6.4 Navorsingsmetodologie

- Intervensienavorsing blyk 'n effektiewe ontwerp te wees met die oog op die gesin wat deur 'n egskeiding beweeg het. Die twee fase model wat beide kwantitatief van aard was, het hierdie studie betekenisvol ondersteun. Daar kan aanbeveel word dat kwalitatiewe navorsing ook in hierdie verband onderneem kan word.

### 8.7 Slotopmerkings

Egskeiding het nie net 'n invloed op die betrokke gesin nie, maar ook op die samelewing waarbinne die gesin funksioneer. Elke gesinslid word as individu deur die egskeiding geraak en die gebroke gesinsisteem, as sisteem van funksionering, word ook direk geraak. Die ontwikkelingsfase waarin die individue, naamlik die volwassene en die kind, hulle bevind, speel 'n belangrike rol in die individu se hantering van die egskeiding. Die ouerskapsrol is die enigste element van verbondenheid wat deur die gewese egmaats voortgesit word, na afloop van 'n egskeiding. Bemagtiging in terme

van optimale ouerskapsvaardighede is dus noodsaaklik vir die twee huishoudings, om die lewenskrisis die hoof te bied. Die hantering van egskeiding word vanuit 'n sistemiese oogpunt benader waar beide die huishoudings as 'n entiteit beskou word. Die gedrag van die individu word ook as bepalende faktor in die hantering van egskeiding beskou. Kommunikasie word as die kernelement van positiewe transformasie beskou.

## Bibliografie

Alvy, K.T. 1994. *Parent Training Today. A Social Necessity*. California: Center for the Improvement of Child Caring.

Bateson, G. 1971. A Systems Approach. *International Journal of Psycyhiatry*, 9, 242-244.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. 2000. *Family Therapy. A Systemic Integration*. Boston: Allyn and Bacon.

Benokraitis, N.V. 2002. *Marriages and Families. Changes, Choices and Constraints*. 4<sup>th</sup> Ed. New Jersey: Prentice Hall.

Berg-Cross, L. 2000. *Basic concepts in Family Therapy. An Introductory Text*. 2nd Ed. New York: The Haworth Press.

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. *Fundamentals of social research methods: An African perspective*. 2nd Ed. Cape Town: Juta

Bless, C. & Higson-Smith, C. 2000. *Fundamentals of social research methods*. Cape Town: Juta

Bogolub, E.B. 1995. *Helping Families Through Divorce. An Eclectic Approach*. New York: Springer Publishing Company, Inc.

Botha, A.; Van Ede, D.M. & Piek, J.P. 1990. Die kleutertydperk. In Louw, D.A. *Menslike Ontwikkeling*. 2e Uitg. Pretoria: HAUM-Tersiêr.

Clarkson, P. 1992. *Transactional Analysis Psychotherapy. An integrated approach*. London: Routledge.

Cohen, GJ. 2002. Helping Children and Families Deal with Divorce and Seperation. *Pediatrics*, 110(6), November:1019-1022.

Collings, L. 1995. *Understand your family*. Amsterdam: Time-Life Books.

Cresswell, J.W. 2003. *Research design: qualitative and quantitative approaches*. Thousand Oaks: SAGE.

Curran, D. 1989. *Working with Parents. Dolores Curran's Guide to Successful Parent Groups*. Minnesota: American Guidance Service.

Davison, G.C. & Neale, J.M. 1998. *Abnormal Psychology*. 7th Ed. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2002. The qualitative research report. In De Vos, A.S. (Ed.) *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic

De Klerk, R. & Le Roux, R. 2003. *Emosionele intelligensie. Vir Kinders en Tieners. 'n Praktiese gids vir ouers en onderwysers*. Kaapstad: Human & Rousseau

De Vos, A.S. & Fouché, C.B. 1998. General introduction to research design, data collection methods and data analysis. In De Vos, A.S. (Ed.) *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic.

De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic.

De Vos, A.S. (Ed.) 2002. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic

De Vos, A.S. 1998. Conceptualisation and operationalisation. In De Vos, A.S. (Ed.) *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic

De Vos, A.S., Schurink, E.M. & Strydom, H. 1998. The nature of research in the caring professions. In De Vos, A.S. (Ed.) *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic.

Denton, W. 1990. A family systems analysis of DSM-III-R. *Journal of Marital and Family Therapy*, 16(2), 113-125.

Dinkmeyer, D (Sr.); McKay, G.D; Dinkmeyer, J.S; Dinkmeyer, D. (Jr.) & McKay, J. 1997. *Parenting Young Children. Systematic Training for Effekctive Parenting (STEP) of Children under Six*. USA: American Guidance Service.

Dowling, E. & Barnes, G.G. 2000. *Working wit Children and Parents through Seperation and Divorce*. London: Macmillan Press Ltd.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 1998. Problem formulation. In De Vos, A.S. (Ed.) *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 1998. Selection of a research design. In De Vos, A.S. (Ed.) *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2002. Quantitative research design. In De Vos, A.S. (Ed.) *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic.

Gladding, S.T. 1996. *Counselling. A Comprehensive Profession*. 3<sup>rd</sup> Ed. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Gladding, S.T. 1998. *Family Therapy. History, Theory and Practice*. 2<sup>nd</sup> Ed. New Jersey: Prentice Hall, Inc.

Gottman, J. & DeClaire, J. 1997. *The Heart of Parenting. How to raise an emotionally intelligent child*. New York: Simon & Schuster.

Griffin, W.A. 1993. *Family Therapy. Fundamentals of Theory and Practice*. New York: Brunner/Mazel Publishers.

Hammer, T.J. & Turner, P.H. 1996. *Parenting in Contemporary Society*. 3rd Ed. Boston: Allyn & Bacon.

Hutchinson, R.L. & Spangler-Hirsch, S. L. 1989. *Children of Divorce and Single-Parent Lifestyles: Facilitating Well-being*. In Everett, C.A. (Ed.) *Children of Divorce. Developmental and Clinical Issues*. New York: The Haworth Press.

Huysamen, G.K. 1993. *Metodologie vir die sosiale en gedragwetenskappe*. Pretoria: Southern.

Jung, M. 1996. Family-Centered Practice with Single-Parent Families. *Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services*, 77:583-590.

Keeney, B.P. 1979. Ecosystemic epistemology: An alternative paradigm for diagnosis. *Family Process*, 18, 117-129.

Kelly, K. 2001. After a loss, kids need to mourn – and be reassured. *U.S. News & World Report*, 130:51-52.

Keoughan, P. 2001. Child Access and Visitation Following Divorce: A Growth Area for Marriage and Family Therapy. *American Journal of Family Therapy*, 29(2), March:155-164.

Kitson, G.C. 1992. *Portrait of Divorce. Adjustment to Marital Breakdown*. New York: The Guilford Press.

Klee, L.; Schmidt, C. & Johnson, C. 1989. *Children's Definitions of Family Following Divorce of Their Parents*. In Everett, C.A. (Ed.) *Children of Divorce. Developmental and Clinical Issues*. New York: The Haworth Press.

Lamanna, M.A. & Riedmann, A. 1994. *Marriages and Families. Making Choices and Facing Change*. 5th. Ed. Belmont: Wadsworth Publishing Company.

Lasswell, M. & Lasswell, T. 1991. *Marriage & the Family*. 3<sup>rd</sup> Ed. Belmont: Wadsworth Publishing Company.

Le Roux, R. & De Klerk, R. 2001. *Emosionele intelligensie. Die alles-in-een-werkboek vir optimale persoonlike groei!* Kaapstad: Human & Rousseau.

Lester, D. 1997. Toward a system theory of the mind. *Psychological Reports*, 80(3), June: 1392-1395.

Louw, D.A. 1990. *Menslike Ontwikkeling*. 2e Uitg. Pretoria: HAUM-Tersiêr.

Mark, R. 1996. *Research made simple. A Handbook for Social Workers*. London: SAGE Publications.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1988. *Persoonlikheidsteorieë – van Freud tot Frankl*. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1997. *Personologie – Van individu tot ekosisteem*. Johannesburg: Heinemann.

Mikesell, R.H., Lusteran, D. & McDaniel, S.H. 1995. *Integrating Family Therapy. Handbook of Family Psychology and Systems Theory*. Washington DC: American Psychological Association.

Negebauer, R. 1989. *Divorce, Custody, and Visitation: The Child's Point of View*. In Everett, C.A. (Ed.) *Children of Divorce. Developmental and Clinical Issues*. New York: The Haworth Press.



Neuman, W.L. 2000. *Social research methods. Qualitative and quantitative approach*. 4th Ed. Boston: Allyn and Bacon.

Nye, R.D. 1992. *Three Psychologies. Perspectives from Freud, Skinner and Rogers*. 4<sup>th</sup> Ed. California: Brooks/Cole Publishing Company.

Oaklander, V. 1988. *Windows to Our Children. A Gestalt Therapy Approach to Children and Adolescents*. VSA: Gestalt Journal Press.

Oltmanns, T.F. & Emery, R.E. 1995. *Abnormal Psychology*. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

Oppawsky, J. 1989. *Family Dysfunctional Patterns During Divorce – From the View of the Children*. In Everett, C.A. (Ed.) *Children of Divorce. Developmental and Clinical Issues*. New York: The Haworth Press.

Palazzoli-Selvini, M.; Boscolo, L.; Cecchin, G. & Prata, G. 1980. Hypothesizing – Circularity – Neutrality: Three Guidelines for the Conductor of the Session. *Family Process*, 19, 3-12.

Palmer, S. 2000. *Introduction to counselling and psychotherapy. The essential guide*. London: SAGE Publications Ltd.

Park, J. 1999. The emotional education of parents: attachment theory and emotional literacy. In Wolfendale, S. & Einzig, H. (Ed.) *Parenting Education and Support*. London: David Fulton Publishers.

Peck, J.S. 1989. *The Impact of Divorce on Children at Various Stages of the Family Life Cycle*. In Everett, C.A. (Ed.) *Children of Divorce. Developmental and Clinical Issues*. New York: The Haworth Press.

Penn, P. 1982. Circular Questioning. *Family Process*, 21(3), 267-280.

Peretti, P.O. & DiVitorrio, A. 1992. Effect of loss of father through divorce on personality of the preschool child. *Journal of Industrial Psychology*, 19(2), December: 269-274.

Pervin, L.A. 1993. *Personality. Theory and Research*. 6th Ed. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Peterson, C. 1996. *The Psychology of Abnormality*. Fort Worth: Harcourt Brace College Publishers.

Rice, J.K. 1994. Reconsidering Research on Divorce, Family Life Cycle, and the Meaning of Family. *Psychology of Women Quarterly*, 18:559-584.

Rothman, J. & Thomas, E.J. 1994. *Intervention Research: Design and development for human service*. New York: Haworth.

Roos, D. & Vlok, M. 1985. *Geniet jou kind tydens die voorskoolse jare*. Pretoria: J.P. van der Walt.

Rosenham, D.L. & Seligman, M.E.P. 1995. *Abnormal Psychology*. 3rd Ed. New York: W.W. Norton & Company.

Royse, D. 1995. *Research Methods in Social Work*. 2nd Ed. Chicago: Nelson-Hall Publishers.

Sandler, I.N.; Tein, J.; Mehta, P.; Wolchik, S. & Ayers, T. 2000. Coping Efficacy and Psychological Problems of Children of Divorce. *Child Development*, (71), July/August: 1099-1118.

Saxton, L. 1990. *The Individual, Marriage and the Family*. 7th Ed. California: Wadsworth Publishing Company.

Schaefer, C.E. 1993. *The Therapeutic Powers of Play*. London: Jason Aronson Inc.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A Play Therapy Approach*. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Schurink, E.M. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. In De Vos, A.S. (Ed.) *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic.

Schwebel, A.I.; Gately, D.W.; Renner, M.A. & Milburn, T.W. 1993. Divorce Mediation: Four Models and Their Assumptions About Change in Parties' Positions. *Mediation Quarterly*. 11: 211-227.

Shaw, D.S.; Winslow, E.B. & Flanagan, C. 1999. A Prospective Study of the Effects of Marital Status and Family Relations on Young Children's Adjustment Among American and European American Families. *Child Development*, (70), May/June: 742-755.

Statistieke Suid-Afrika: [www.statssa.gov.za](http://www.statssa.gov.za) Februarie 2001.

Stewart, I. 1989. *Transactional analysis counseling in action*. London: SAGE Publications Ltd.

Stewart, A.J.; Copeland, A.P.; Chester, N.L.; Malley, J.E. & Barenbaum, N.B. 1997. *Separating together. How Divorce Transforms Families*. New York: The Guilford Press.

Strydom, H. 1998. Ethical aspects of research in the caring professions. In De Vos, A.S. (Ed.) *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic.

Strydom, H. 1998. Single-system designs. In De Vos, A.S. (Ed.) *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2002. Information collection: Document study and secondary analysis. In De Vos, A.S. (Ed.) *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Academic.

Sue, D., Sue, D. & Sue, S. 1997. *Understanding abnormal behavior*. 5th Ed. Boston: Houghton Mifflin Company.

Taylor, R.J. 2001. Listening to the Children: Children of Divorce Speak Out About Their Parents. *Journal of Divorce & Remarriage*, 35(1/2), 147-153.

Tomm, K. 1984. One perspective of the Milan systemic approach: Part 1. Overview of development, theory and practice. *Journal of Marital and Family Therapy*, 10(2), 113-125.

Turner, J.S. & Helms, D.B. 1995. *Lifespan development*. 5<sup>th</sup> Ed. Fort Worth: Harcourt Brace College Publishers.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1996. *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*. Hersiene Uitgawe. Kaapstad: CTP Book Printers.

Van der Merwe, M. 1994. A social work model for short term intervention with young children of divorce. *Maatskaplikewerk Praktyk / Social Work Practice*, 2:10-15.

Van Niekerk, L. & Van der Spuy, D. (Red.) 1996. *Tieners gereed vir die lewe!* Pretoria: JP van der Walt.

Van Niekerk, L. 1996. Kommunikasie. In *Tieners gereed vir die lewe!* Pretoria: JP van der Walt.

Van Niekerk, L.; Van der Spuy, D. & Becker, C. 1996. Disipline. In *Tieners gereed vir die lewe!* Pretoria: JP van der Walt.

Van Niekerk, M. 1990. *Ouerverrykingskursus. (Verwerking van STEP.)* Pretoria: Kinder- & Gesinsorgvereniging.

Van Rooyen, I.J.J. & Combrink, M.J. 1990. *Gevallewerk. 'n Integreernde Benadering.* Pretoria: Academica.

Van Staden, S.M. 1992. *Om heel te word. Huweliks- en egskeidingsberaad vanuit 'n gesinsperspektief.* Pretoria: De Jager-HAUM.

Van Staden, S.M., Van Rooyen, I.J.J., Hugo, E.A.K. & Van Delft, W.F. 1989. *Maatskaplike Werk Opleiding oor Sestig Jaar.* Hillcrest: Owen Burgess-Uitgewers.

Welsh, P.E. & Stolberg, A.L. 1989. *Parental and Environmental Determinants of Children's Behavioral, Affective and Cognitive Adjustment to Divorce.* In Everett, C.A. (Ed.) *Children of Divorce. Developmental and Clinical Issues.* New York: The Haworth Press.

Wilson, G.T., O'Leary, K.D., Nathan, P.E. & Clark, L.A. 1996. *Abnormal Psychology. Integrating Perspectives.* Needham Heights: Allyn & Bacon.

Februarie 2005

Geagte Ouer

**Doktorale navorsing: Egskeiding en die voorskoolse kind**

Ek is 'n maatskaplike werker en tans besig met doktorale studie by die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria. Ek verneem graag of u bereid sou wees om betrokke te wees by hierdie ondersoek. Daar bestaan nog geen navorsing oor hierdie spesifieke onderwerp nie. U deelname en insette kan dus van groot waarde vir u self, u kind en soveel ander gesinne in soortgelyke omstandighede, wees. Die volgende inligting is van belang:

**Titel van proefskrif**

Sosio-emosionele funksionering na 'n egskeiding: 'n ouerskapsprogram vir die gesin met voorskoolse kinders.

**Doel van studie**

Om 'n ouerskap program vir ouers met voorskoolse kinders na 'n egskeiding te ontwikkel, ten einde verbeterde sosio-emosionele funksionering te bewerkstellig vir sowel die volwassenes as die kinders.

**Kriteria vir insluiting**

- Kind moet in voorskoolse klas wees (Gr 0, dit wil sê 5-6 jaar).
- Die toesighoudende en nie-toesighoudende ouer moet beide bereid wees om deel te neem aan studie.
- Werkswinkel word in Afrikaans aangebied.

**Die volgende etiese aspekte sal in ag geneem word**

- Indien slegs een van die ouers bereid is om deel te neem sal die ouer nie tot die studie toegelaat kan word nie aangesien beide ouers se betrokkenheid van belang

**Bylaag 2: Uitdeelstuk aan volwasse respondente**

**1. Egskeiding**

**1.1 Inleiding**

Egskeiding beïnvloed die dinamika en ontwikkeling van die gesin, die volwassenes binne die gesin en die kinders. Egskeiding word in negatiewe terminologie beskryf:

- Die huwelik het “misluk”.
- Kinders kom uit “gebroke” ouerhuise.

Hierdie relatief algemene lewensgebeurtenis word dus spontaan as negatief geklassifiseer. Die moontlikheid dat egskeiding ‘n proses kan wees wat persoonlike groei en positiewe funksionering tot gevolg kan hê, word dus nie erken nie.

**1.2 Fasette van egskeiding**

<i>Fasette volg nie chronologies op mekaar nie.</i>	
Vervreemding	Een egmaat begin emosioneel onttrek.
Wetlike skeiding	Dag in hof. Klinies en vinnig.
Ekonomiese skeiding	Verdeling van bates. Onderhoudsbedrag word ooreengekom.
Sosiale skeiding	Gemeenskap neem kennis. Vriende moet “kies”. Skoonouers is partydig.
Psigiese skeiding	Emosionele skeiding. Rouproses word deurloop. Lewe word herevalueer en rolle verander.
Ouerskapskeiding	Een ouer kry toesig en beheer. Kontakbesoeke word gekontrakteer.

**1.3 Impak van egskeiding op gesin**

Volwassenes	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voel oorweldig as ouer.</li> <li>• Take wat deur twee hanteer is, moet nou deur een hanteer word.</li> <li>• Rolle word aangepas. Tradisioneel: vrou se rol beskryf in terme van gesin. Man se rol beskryf in terme van loopbaan.</li> </ul>
Kinders	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Meer traumaties omdat in vormingsjare gebeur.</li> <li>• Verhouding tussen ouers is getermineer, dus verhouding tussen</li> </ul>

	<p>ouer en kind is ook kwesbaar.</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• Gevoelens soos woede, vrees vir verwerping, angs, depressie, hartseer, ontkenning, regressie, skuldgevoelens, verdeelde lojaliteit en 'n hoop op hereniging kom algemeen by jong kinders voor.</li></ul>
--	---

#### 1.4 Positiewe aanpassing

<p><b>Volwasseenes</b></p> <ul style="list-style-type: none"><li>- 'n Onderskeid in terme van rolle realiseer: huweliksrol vs ouerrol.</li><li>- Ouers respekteer mekaar steeds as volwasseenes en ouers.</li><li>- Sosiale ondersteuning is NB, aangesien ouers se behoeftebevrediging uitgestel word.</li></ul>
<p><b>Kinders</b></p> <ul style="list-style-type: none"><li>- As kinders 'n positiewe verhouding met beide die ouers kan handhaaf, sal die potensiële negatiewe effek van die egskeiding minimaal wees.</li><li>- Veral twee elemente dra by tot kinders se positiewe aanpassing na afloop van 'n egskeiding: ouers se vermoë om saam te werk as ouers en die kind se vrye toegang tot beide ouers.</li><li>- Kinders het nodig om sekuriteit te ervaar in terme van die roetine en logistieke reëlins.</li></ul>
<p><b>Gesin</b></p> <p><i>Veiligheid</i> - Fisies en emosioneel. Gesinsopset word dikwels 'n plek van kwesbaarheid eerder as 'n plek van veiligheid.</p> <p><i>Roetine</i> - Struktuur in dag voorsien 'n gevoel van stabiliteit. Bv. etenstye, slaaptid en ander aktiwiteite. Afwesigheid van roetine-struktuur kan gesin angstig laat. Die voorspelbaarheid wat met roetine gepaardgaan bied die nodige emosionele sekuriteit vir optimale funksionering.</p> <p><i>Gemeensaamheid</i> - Beskerming teen isolasie en eensaamheid kom voor. Die verlies aan een gesinsmaat na afloop van 'n egskeiding bemoeilik die aanspreek van hierdie behoefte.</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• <i>Kohesie</i> - 'n Gebalanseerde mate van kohesie binne die sisteem moet gehandhaaf word. Op grond hiervan word kohesie binne die gesinsisteem beskryf as die gedeelde begrip vir die redes vir die egskeiding en die skuldtoesegging. Vae redes vir die egskeiding kan dus op 'n laer vlak van kohesie dui, terwyl meer konkrete redes op 'n hoër vlak van kohesie kan dui.</li></ul>

- *Toeganklikheid met betrekking tot terugvoer* - Gesin is veronderstel om die emosionele behoeftes van die individue aan te spreek.

### 1.5 Negatiewe aanpassing

#### **Konflik tussen ouers**

- Voortgesette konflik tussen geskeide ouers kan daartoe lei dat die kind die situasie manipuleer, die ouers teen mekaar afspeel en gunste by die ouers ontvang eerder as dissipline. 'n Kind kan ook uitreagerende gedrag gebruik ten einde die ouers te dwing om 'n (wankelrige) alliansie te vorm. Hierdie gedrag lei dikwels daartoe dat die een ouer die ander blameer vir die kind se gedrag en die funksie van die uitreagerende gedrag dus nie vervul word nie.
- Diskrepanse in die weergawe van die egskeding beteken dat beide partye die egskeding volgens sy/haar eie subjektiewe beleving weergee. Elkeen se weergawe van die egskeding verskil dus. Dit impliseer dat die kind moet "kies" wie hy/sy wil glo.
- Elkeen van die egmaats is geneig om die ander te blameer vir sy/haar rol in die egskeding. Egmaats wat nie in konflik vasgevang raak nie sal dikwels oor die vermoë beskik om wedersyds verantwoordelikheid te neem vir die egskeding.
- Egmaats is dikwels vyandiggesind teenoor mekaar en openbaar 'n onvermoë om die ander een se standpunt in te sien en gevolglik te respekteer. Empatie kom dus nie voor nie.
- Die egpaar kan hulle kommunikasiestyl op so wyse aanpas dat konflik geminimaliseer word. Hierdie benadering dui egter nie daarop dat die egmaats glad nie van mekaar verskil nie, maar beklemtoon dat die egpaar onderwerpe wat potensieel tot konflik kan lei, vermy.

#### **Negatiewe hantering van die kind**

- Ouers plaas kinders in die posisie waar hulle 'n "brug" moet wees tussen die twee ouers. Kinders word "boodskappers" en dit bring lojaliteitskonflik, emosionele onsekerheid en skuldgevoelens mee. Kinders ervaar dat hulle boodskappe moet "versag".
- 'n Diskrepanse in verbale en nie-verbale kommunikasie bring ook mee dat ouers kinders probeer manipuleer om kant te kies tussen die twee ouers.
- Ouers kan kinders dikwels ook as wapens en spioene misbruik. Ouers bombardeer



soms die kinders met vroeë met betrekking tot die ander ouer se huidige omstandighede.

- Ouers kan moontlik ook weier om die kind vir 'n naweekbesoek te laat gaan in 'n poging om die ander ouer seer te maak. Die behoeftes van die kind word dus ontken en nie gerespekteer nie. Die weerhouding van onderhoudsgeld dien ook as wapen teen die volwassene, maar benadeel die kind ook.
- Ouers is ook dikwels geneig om die kind as 'n ouer te behandel. Rolverwarring kan voorkom as gevolg van die ouer se eie gevoel van isolasie en gebrek aan ondersteuning. Een kind kan dikwels die verantwoordelikheid moet neem vir die versorging van sy/haar sibbe. Die kind kan ook (ontoepaslik) die ouer se vertroueling word. Die ouer fokus dikwels al haar/sy aandag op een kind, dikwels die oudste. Die ouer kan dikwels van hierdie kind afhanklik raak, hetsy fisies met die oog op hulp in die huishouding, of emosioneel met betrekking tot ondersteuning.
- Sommige geskeide ouers behandel hulle kinders asof die ouer 'n lid van die kind se portuurgroep is. Ouers sal dikwels hulle gevoelens met die kinders deel, hoewel die kinders nie emosioneel volwasse genoeg is om dit te kan hanteer nie. Hoewel die kinders vertroostend en ondersteunend kan optree, ervaar hulle dikwels terselfdertyd woede, blamering, hartseer en skuldgevoelens. Hierdie gevoelens manifesteer in die vorm van psigosomatiese simptome, stokkiesdraai, akademiese onderprestasie en wegloop van die ouerhuis.
- 'n Balans moet gevind word tussen die kind verantwoordelikheid leer en oormatige afhanklikheid van die kind.
- 'n Kind wat te veel volwasse-verantwoordelikheid moet neem bring die volgende probleme mee:
  - Die outoriteit wat die ouer oor die betrokke kind het verminder.
  - Die kind kan oorweldig voel. Dit bring gevoelens van hulpeloosheid mee.
  - Reëls en rolle is nie duidelik nie.
  - Die ouer kan moontlik nie kwaliteit-tyd met die kind deurbring nie.
  - Kinders word fisies en sielkundig oorlaai.
  - Hulle privaatheid, selfstandigheid en behoefte aan outonomie word nie gerespekteer nie.
- Die kind word ook soms as die sondebok behandel. Hierdie verskynsel word gekenmerk deur die beginsel dat die kind altyd as die “skuldige” beskou word,

ongegag die situasie. Die kind wat uitgesonder word as die sondebok is dikwels 'n kind wat die ouer aan die gewese egmaat herinner. 'n Gevoel van moedeloosheid gaan hiermee gepaard, aangesien die kind 'n onvermoë ervaar om self te verander of om die gesin te beïnvloed om te verander. Die ontwikkeling van 'n negatiewe selfkonsep en gevoelens van hopeloosheid kom ook voor. Hierdie kinders voel vasgevang in die familie proses en ervaar dat hulle glad nie daaruit kan kom nie. Die resultaat is dat kinders dikwels ervaar na die verwagting (van mislukking) wat daar aan hulle gestel word.

## 2. Ontwikkelingsfasies

### 2.1 Emosionele ontwikkeling (Erikson)

Stadium									Ego-kwaliteit	
Bejaardheid									Integriteit vs wanhoop	Wysheid
Volwassenheid								Generatiewe vs stagnasie		Sorgsaamheid
Vroeë volwassenheid	Vertroue vs wantroue mbt nuwe huweliksmaat	Otonomie teenoor maat handhaaf	Nuwe rolle in gesin be-meester	Nuwe take aanleer in gesin en beroep	Herformule-ring van identiteit as getroude persoon	Intimiteit vs isolasie	Bepanning van gesin; begin beroeps-loopbaan	Uitwerk van gemeenskaplike lewens-filosofie en waardes		Liefde
Adolesensie					Identiteit vs verwarring					Betroubaarheid
Skooljare				Arbeid-saamheid vs minder-waardigheid						Bekwaamheid
Speel stadium			Inisiatief vs skuld							Doelgerigtheid
Vroeë kinderjare		Otonomie vs twyfel								Wiskrag
Babajare	Vertroue vs wantroue									Hoop

## 2.2 Ontwikkeling van die voorskoolse kind


➤ Motoriese beheer	➤ Vaardighede	➤ Kognitiewe ontw
➤ Taalontw	➤ Sosialisering	➤ Selfkonsepontw
➤ Geslagsrolidentiteit	➤ Selfbeheer	➤ Morele ontw
➤ Emosionele ontw		

## 2.3 Ontwikkeling van die jong volwassene

Self	Gesin	Tydsbesteding	Gemeenskap
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onafhanklikheid, verantwoordelikheid te bereik</li> <li>• Identiteit vestig en te stabiliseer</li> <li>• Waardes omlyn</li> <li>• Vermoë om te verbind</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Maat te kies</li> <li>• Leer om saam te leef</li> <li>• 'n Ouer te word</li> <li>• Kinders groot te maak</li> <li>• Huishouding te vestig, bestuur</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beroep</li> <li>• Patroon van ontspanning</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Plek te vind</li> <li>• Bydrae te lewer</li> </ul>

## 2.4 Ontwikkeling van die gesin

Die teorie van Maslow verwys na die innerlike behoeftes van die individu en die wyse waarop die individu sy/haar omgewing manipuleer ten einde die behoeftes te bevredig. Selfaktualisering is die optimale vlak van funksionering waarna elke individu streef. Maslow toon egter aan dat bepaalde basiese behoeftes eers bevredig moet word alvorens die individu daarin kan slaag om selfaktualisering te bemeester. Die hoër vlakke kan egter net bereik word indien die basiese behoeftes reeds bevredig is.



### 3. Ouerskap

#### 3.1 Ouerskapstyle

- Parallele ouerskap
- Slegs een tipe styl wat 'n positiewe, goedfunksionerende kind optimaal laat ontwikkel. Die ouers behoort hulle eie styl te evalueer en aan te pas ten einde in beide huishoudings 'n gesaghebbende styl vas te lê en in stand te hou.

##### 3.1.1 Outoritêre ouerskapstyl

Die volgende kenmerke kom voor:

- Ouer gebruik mag. Ouer reken hy/sy weet die beste en dwing eie opinies op kind af.
- Ouer stel talle grense en verwag streng gehoorsaamheid, sonder verduidelikings.
- Ouer gee voortdurend opdragte aan kind. Geen ruimte vir spontane funksionering.
- Straf kinders wanneer reëls nie nagekom word nie; beloon wanneer wel nakom.
- Kind word dus omgewing-afhanklik. Sal nie waardes en norme internaliseer nie.

Uitkoms:

- Voortdurende magstryd. Ouer “wen”, maar kind koester wrok en bitterheid.
- Kind ervaar intense behoefte om self te laat geld, aangesien 'n selfbeskermende instink in tree. Ervaar opstand en verset. Raak vyandiggesind teenoor die ouer.
- Destruktiewe verhouding tussen kind en ouer. Kind kry nie geleentheid om self besluite te neem nie, voel ontoereikend en minderwaardig, kan teruggetrokke wees. Kind het dus ook destruktiewe verhouding met self.

##### 3.1.2 Permissiewe ouerskapstyl

Die volgende kenmerke kom voor:

- Warmte en positiewe kommunikasie, min grense in terme van gedrag.
- Kind meer geneig om impulsief en aggressief op te tree.
- Kind kan self nie onderhou nie en presteer ook nie volgens eie potensiaal nie.
- Ouer abdikeer enige mag of gesag waaroor hy/sy beskik. Glo elke mens is individu wat geleentheid moet hê om te ontwikkel sonder druk of inmenging van buite.
- Gebrek aan grense en oënskynlike vryheid ontnem kind van rigting en beskerming.
- Kind toon nie insig in die gevoelens en behoeftes van ander nie.

- Samelewingsreëls word nie gerespekteer. Gevolglik tree kind “onaanvaarbaar” op.
- Min respek en roetine word gehandhaaf, aangesien kind geleentheid gebied word om self besluite oor lewe te neem en hulle “eie ding te doen”.

Uitkoms:

- Kind ervaar gebrek aan liefde omdat gebrek aan struktuur voorkom.
- Ouer en kind se behoeftes is in botsing met mekaar.
- Kind is “wenner”, ouer voel gegrief omdat sy/haar wense en behoeftes nie erken en gerespekteer word nie.
- Destruktiewe verhouding tussen kind en ouer.

### 3.1.3 Gesaghebbende ouerskapstyl

Hierdie ouerskapstyl word as die optimale styl beskou en word gekenmerk deur:

- Grense word gestel in terme van kind se funksionering. Ouer is meer aanpasbaar en voorsien kind met verduidelikings en warmte.
- Kind is meer samewerkend, self-onderhoudend, energiek, vriendelik en prestasie-georiënteerd.
- Ouer erken die rigting en leiding wat die kind nodig het, maar erken ook waarde daarvan dat kind van kleins af waardes moet internaliseer deur te weet wat reg en wat verkeerd is.
- Ouer heg waarde aan sowel outonome funksionering as konformering.
- Beheer word in balans tot vryheid aangewend en redenering, gesag en versterking word benut om gedrag te rig.
- Ouer en kind raak nie in magstryd gewikkel nie. Daar is nie ‘n “wenner” nie.
- Respek en kreatiewe probleemoplossingsvermoëns word gekweek.
- Positiewe kommunikasie- en konflikthanteringsvaardighede word aangeleer.

Uitkoms:

- Die gesaghebbende ouerskapstyl word gebaseer op respek en gelykheid.
- Unieke vermoëns, verantwoordelikhede en ervarings van elke individu word erken.
- Kind het egter nie dieselfde voorregte as volwassene nie. Ouer erken belangrikheid van kind se behoeftes en gevoelens. Ken kind, waar toepaslik, in besluitnemingsprosesse. Moet ooreenstem met kind se ouderdom.
- Grense word gestel. Oorskry van grense hou bepaalde gevolge in.
- Kinders met gesaghebbende ouers leer om ander te respekteer.

- Dié ouerskapstyl beklemtoon vryheid binne grense.
- Ouer tree as leier binne huishouding op. Laat ruimte vir respek, vryheid en neem van verantwoordelikheid. Hierdie leierskap stimuleer samewerking en inisiatief.

### **3.2 Emosionele intelligensie**

Emosionele intelligensie beteken om

- jou eie gedagtes en gevoelens te kan identifiseer
- dit te verstaan en te beheer
- dit aan ander te kan kommunikeer en
- empatie te hê met ander se emosies
- sodat jy op 'n emosionele vlak met ander 'n verhouding kan hê.

'n Boom se groei word beïnvloed deur die kwaliteit van die water, lug en grond waarin dit groei. Op soortgelyke wyse word die emosionele gesondheid van die kind beïnvloed deur die kwaliteit van die intieme verhoudings waarin die kind betrokke. Volwassenes moet kinders emosioneel afrig:

- Word bewus van die kind se emosie.
- Erken die emosie as 'n geleentheid tot intimiteit en onderrig.
- Luister empaties en valideer die kind se gevoelens.
- Help die kind om die korrekte beskrywende woorde te vind vir die emosie wat ervaar word.
- Stel grense deur alternatiewe hanteringstrategieë te ondersoek ten einde die betrokke probleem op te los.

### **3.3 Kommunikasie van gevoelens**

- Reflektief luister
- Ek-boodskappe

### **3.4 Dissipline**

- Grense
- Modelling
- Tug

<b>Dissiplineringsmetodes</b>		
• Orde en reëls	• Grense en keuses	• Natuurlike gevolge
• Leer uit foute	• Ignoreer gedrag	• Ontneem voorregte
• Kind stel reg	• Teregwyding	• Gesprekvoering
• Nie-verbale tug	• Afsondering	• Lyfstraf

## 4. Teoretiese benaderings

### 4.1 Sistemiese benadering

Die sistemiese benadering fokus nie soseer op die individu nie, maar eerder op die sisteem waarbinne die individu funksioneer. Die sosiale konteks waarbinne die individu funksioneer moet in ag geneem word. Die primêre konteks is die gesinsisteem.

#### Gesonde gesinne:

- Wettige bron van outoriteit
- Stabiele stel reëls
- Emosionele geborgenheid
- Effektiewe en stabiele kinderopvoedingspraktyke
- Gesinsdoelwitte nastreef
- Buigbaar en aanpasbaar

### 4.2 Behavioristiese benadering

Die behavioristiese benadering fokus op waarneembare gedrag en erken die belangrikheid van leer. Gedrag word aangeleer deur die individu se interaksie met die omgewing. Hierdie benadering beskou leer dus as 'n kardinale faktor in die ontwikkeling van gedrag. Leer is die wyse waarop 'n individu bepaalde gedrag sal aanleer en dus by implikasie ook kan afleer

- a) Klassieke kondisionering
- b) Operante kondisionering
- c) Waarnemingsleer

### 4.3 Transaksionele analise


Die persoonlikheid van die mens word saamgestel uit drie funksionele egostate. Hierdie egostate word nie as drie aparte “persoonlikhede” binne die individu beskou nie, maar eerder as bepaalde fasette van die betrokke individu se persoonlikheid.

- ouer (P – “parent”),
- volwasse (A – “adult”)
- kind (C – “child”).

#### Kommunikasie is “transaksies”

- komplementêre transaksies,
- gekruisde transaksies en
- ulterieure transaksies.

#### Lewensdraaiboek-analise



Kopiereg voorbehou  
Mev Lizelle Nel  
Maatskaplike Werker



**Bylaag 3: Behoeftebepalingsvraelys**

**BEHOEFTEBEPALINGSVRAELYS  
(Aan ouers wat 'n egskeiding deurloop het)**

*Vertroulikheid word deurgans gehandhaaf.*

*U naam word net versoek ten einde te bevestig dat die vraelys werklik deur 'n ouer voltooi is.*

*Voltooi asseblief die vrae so eerlik en objektief as moontlik.*

**Naam van ouer wat vraelys voltooi:** \_\_\_\_\_

**Telefoonnommer van ouer:** \_\_\_\_\_

**Afdeling 1**

Die volgende vrae verwys na u persoonlike omstandighede. Merk asseblief met 'n regmerk of voltooi die spasies, soos nodig.

**Ek is die:**

Toesighoudende ouer		Nie-toesighoudende ouer	
---------------------	--	-------------------------	--

1. Voorsien asseblief die persoonlike gegewens van die gesinslede wat betrokke is by die egskeiding. Ter wille van anonimiteit kan u slegs die voorletters van die betrokke persone aandui.

\*Let asseblief daarop dat hierdie inligting slegs vir statistiese doeleindes vereis word.

	Ouderdom	*Etniese groep	*Geslag
<b>Man (Vader)</b>			Manlik
<b>Vrou (Moeder)</b>			Vroulik
<b>Kind 1</b>			Manlik / Vroulik
<b>Kind 2</b>			Manlik / Vroulik
<b>Kind 3</b>			Manlik / Vroulik

2. Hoeveel dae is u kinders (gemiddeld) per maand in u huis?

0-5	6-10	11-15	16-20	21-25	26-31
-----	------	-------	-------	-------	-------

3. Hoeveel kilometer is die twee huishoudings waar die kinders woon van mekaar af?

0-20 km	20-100 km	100-500 km	Meer as 500 km
---------	-----------	------------	----------------

4. Watter tipe reëlings is getref met betrekking tot kontakbesoeke tussen die kinders en die nie-toesighoudende ouer?

- a) Geen reëlings, dit wil sê geen kontak.
- b) Beperkte kontak. (Bv een keer in 6 maande)
- c) Genoegsame kontak op 'n gereelde basis. (Bv elke tweede naweek)
- d) Te veel kontak.

Algemene kommentaar:

--

Die volgende vrae moet volgens hierdie skaal beantwoord word:

<i>Glad nie</i>	<i>Gemiddeld</i>	<i>Baie</i>
1	2	3

<b>5.</b>	Hoe, in terme van gehegtheid, sal u die emosionele verhouding tussen u en u kinders beskryf?	1	2	3
<b>6.</b>	Hoe, in terme van gehegtheid, sal u die emosionele verhouding tussen die ander ouer en die kinders beskryf?	1	2	3
<b>7.</b>	Hoe toegewyd is u as ouer aan u kinders?	1	2	3
<b>8.</b>	Volgens u opinie, hoe toegewyd is die ander ouer aan die kinders?	1	2	3

**Afdeling 2**

Die volgende vrae verwys na die getermineerde huweliksverhouding.

9. Hoeveel jaar was u met die ander ouer van die betrokke kinders getroud?

0-2 jaar	
2-5 jaar	
5-10 jaar	
Meer as 10 jaar	

10. U hoeveelste huwelik was dit?

Eerste	
Tweede	
Derde	
Ander	

11. Wanneer is u (ongeveer die maand en die jaartal bv Julie 2003)

- Uitmekaar \_\_\_\_\_
- Wetlik geskei \_\_\_\_\_

12. Hoeveel keer het u of u gewese egmaat huis verlaat voordat u geskei is?

1                      2                      3                      4                      5                      6                      7 +

13. Wie, dink u, wou die huwelik termineer?

U	
U gewese egmaat	
Beide van u	
Ander	

Algemene kommentaar:

--

14. Tydens die huwelik, wie volgens u opinie, was die ouer wat die dissiplinestruktuur in die huis gehandhaaf het?

U	
U gewese egmaat	
Beide van u	
Ander	

**Afdeling 3**

Die volgende vrae verwys na die wyse waarop u die egskeiding hanteer het. Omkring asseblief die korrekte alternatief, volgens die volgende skaal:

Nooit                      Byna nooit                      Soms                      Redelik dikwels                      Baie gereeld  
 1                                      2                                      3                                      4                                      5

**Tot watter mate het u die volgende gedoen, na afloop van die egskeiding:**

15.	Die hele egskeiding probeer vergeet.	1	2	3	4	5
16.	U gevoelens op een of ander wyse geventileer.	1	2	3	4	5
17.	Geglo dat u die egskeiding oor uself gebring het.	1	2	3	4	5
18.	Simpatie en begrip van ander mense aanvaar.	1	2	3	4	5
19.	Harder probeer om dinge te laat werk.	1	2	3	4	5
20.	Die ware toedrag van sake van ander mense weerhou.	1	2	3	4	5
21.	Gedagdream dat dinge moontlik weer reg kan kom.	1	2	3	4	5
22.	Usself beter probeer laat voel deur byvoorbeeld te drink, te rook, medikasie te neem, te ooreet, te harde fisiese oefening te doen ensovoorts.	1	2	3	4	5
23.	Meer as gewoonlik geslaap.	1	2	3	4	5
24.	Herontdek wat vir u in u lewe belangrik is.	1	2	3	4	5
25.	Iets verander sodat alles beter sal uitdraai.	1	2	3	4	5
26.	Gewens u kon dit wat gebeur het verander.	1	2	3	4	5
27.	'n Plan van aksie vir u lewe bedink en dit uitgevoer.	1	2	3	4	5
28.	'n Vakansie geneem.	1	2	3	4	5
29.	As mens op 'n positiewe wyse verander.	1	2	3	4	5
30.	Die situasie lig beskou – geweier om dit te ernstig op te neem.	1	2	3	4	5
31.	Skuldig teenoor u kinders gevoel omdat u geskei is.	1	2	3	4	5

32. Het u gesin enige terapeutiese dienste voor, tydens of na afloop van die egskeiding ontvang?

	Voor egskeiding	Tydens egskeiding	Na egskeiding
U self			
U kinders			
U hele gesin (gewese egmaat ingesluit)			

Dui asb aan tot watter mate u van mening is dat dit goed/sleg is vir gesinslede wat deur 'n egskeiding is, om die volgende te doen:

Skaal:

Baie sleg    Bietjie sleg    Sleg    Neutraal    Goed    Baie goed    Uitstekend  
 1                      2                      3                      4                      5                      6                      7

33.	Kinders wat met ander mense praat oor die egskeiding.	1	2	3	4	5	6	7
34.	Kinders wat terapie ontvang met betrekking tot die egskeiding.	1	2	3	4	5	6	7
35.	Ouers wat hulle kinders se vrae oor die egskeiding beantwoord.	1	2	3	4	5	6	7
36.	Kinders wat hul gevoelens oor die egskeiding, uitdruk. (Bv kwaad wees, huil ensomeer)	1	2	3	4	5	6	7
37.	Een ouer wat baie kritiek oor die ander ouer uitspreek – voor die kinders.	1	2	3	4	5	6	7
38.	Een ouer wat die kinders probeer beïnvloed om tyd saam met die ander ouer deur te bring.	1	2	3	4	5	6	7
39.	Gewese egmaats wat met mekaar baklei in die kinders se teenwoordigheid.	1	2	3	4	5	6	7
40.	Een ouer wat die ander ouer se aktiwiteite afkeur en kritiseer.	1	2	3	4	5	6	7
41.	Kinders wat hulself blameer vir die egskeiding.	1	2	3	4	5	6	7
42.	Ouers wat van kinders verwag om oor hulle gevoelens met	1	2	3	4	5	6	7

	betrekking tot die egskeiding te kom.							
43.	Een ouer wat die kinders aanmoedig om met die ander ouer te praat.	1	2	3	4	5	6	7
44.	Een ouer wat die kinders uitvra oor die aktiwiteite van die ander ouer.	1	2	3	4	5	6	7
45.	Een ouer wat die kind se kant kies teen die ander ouer.	1	2	3	4	5	6	7
46.	Kinders wat versekering kry dat hulle nie verantwoordelik is vir die egskeiding nie.	1	2	3	4	5	6	7
47.	Kinders wat gereeld kontak met beide hulle ouers het.	1	2	3	4	5	6	7
48.	Kinders wat presies weet wanneer en hoe gereeld hulle die nie-toesighoudende ouer gaan sien.	1	2	3	4	5	6	7
49.	Kinders wat weet waar beide ouers woon.	1	2	3	4	5	6	7
50.	Een ouer wat die kind se verhouding met die ander ouer aanmoedig en ondersteun.	1	2	3	4	5	6	7

Die volgende vrae verwys na die kind se reaksie op die egskeiding. Indien u meer as een kind het, merk die antwoorde vir die kind naaste aan die voorskoolse fase (5 tot 6 jaar oud).

Onwaar / glad nie

1

Bietjie

2

Waar / baie

3

51.	Ongesonde eetgewoontes	1	2	3
52.	Ongehoorsaam	1	2	3
53.	Emosionele uitbarstings	1	2	3
54.	Baie huilerig	1	2	3
55.	Klouerig	1	2	3
56.	Temperamenteel	1	2	3
57.	Teruggetrokke	1	2	3
58.	Ongesonde slaappatrone	1	2	3
59.	Konflik met boeties en sussies (Meer as gewoonlik!)	1	2	3
60.	Gesondheidsprobleme	1	2	3
61.	Voortdurend hartseer / kwaad	1	2	3
62.	Gebrek aan selfvertroue	1	2	3

63.	Gebrekkige konsentrasie vermoë	1	2	3
64.	Verkies om eerder alleen te wees	1	2	3
65.	Stiller as gewoonlik	1	2	3

#### Afdeling 4

Die volgende vrae verwys na die praktiese aspekte van ouerskap, soos u dit ervaar na afloop van die egskeiding.

66. Ek ervaar my en my kind(ers) se verhouding, sedert die egskeiding, as:

- Meer positief omdat \_\_\_\_\_
- Meer negatief as gevolg van \_\_\_\_\_
- Dieselfde

67. In my opinie is die verhouding tussen my kinders en hulle ander ouer, sedert die egskeiding:

- Meer positief omdat \_\_\_\_\_
- Meer negatief as gevolg van \_\_\_\_\_
- Dieselfde

68. Ek handhaaf die volgende opinies oor my en die kinders se ander ouer se ouerskapstyl wat oorwegend gehandhaaf word:

(Alternatiewe word eers beskryf. Maak asseblief 'n regmerk in die toepaslike blokkie.)

- Outoritêre styl – streng en verwag totale gehoorsaamheid van die kind. Ouer weet die beste.
- Permissiewe styl – die kind is 'n eie mens. Warmte en positiewe kommunikasie kom voor. Min grense word gestel. Die kind moet ontwikkel sonder ouer se inmenging.
- Gesaghebbende styl - Grense word gestel in terme van die kind se funksionering. Ouer is meer aanpasbaar en voorsien die kind met verduidelikings en warmte.

	Outoritêre styl	Permissiewe styl	Gesaghebbende styl
Ek			
Die ander ouer			

69. Ek sou die ouerskapsverhouding tussen my en die ander ouer soos volg beskryf:

a)	Baie goeie vriende	Handhaaf positiewe vriendskapsbande – deel meeste verantwoordelikhede ten opsigte van die kinders.
b)	Samewerkende kollegas	Beskou onself nie as vriende nie, maar kan positiewe verhouding van saamwerk handhaaf waar dit die kinders raak.
c)	Woedende kennisse	Ervaar woede teenoor mekaar. Voortdurende konflik oor byvoorbeeld besoekregte, onderhoudsgeld en ander sake.
d)	Vurige vegters	Algehele onvermoë tot mede-ouerskap. Voortdurende magstryd kom voor, waar kinders in die middel vasgevang en as instrumente misbruik word.
e)	Onbetrokke strydery	Die nie-toesighoudende ouer sal die kinders soms “ontvoer”, of die toesighoudende ouer sal geografies verhuis ten einde die kontak tussen die nie-toesighoudende ouer en die kinders te bemoeilik. Dit kan ook wees dat die nie-toesighoudende ouer “verdwyn” en alle kontak met die kinders verbreek.

70. Konflik het voorgekom met betrekking tot die volgende, voordat die wetlike skeiding deurgevoer kon word (Verduidelik asb wanneer ‘n blokkie gemerk word):

a)	toesig en beheer van minderjarige kinders	
b)	onderhoudsgelde	
c)	verdeling van materiële bates en laste	
d)	ander	

Baie dankie vir u moeite met die voltooiing van die vraelys.

Merk asseblief met ‘n regmerk die toepaslike opsie:

	Kontak my asseblief. My kind is in Graad 0 en ek sal graag meer wil weet oor die gratis werkswinkel.
	Ek stel nie belang in die werkswinkel nie.

**Lizelle Nel**

**Maatskaplike Werker**



**Bylaag 4: Voor- en natoets**

**Voor- en Natoets**

*Vertroulikheid word deurgans gehandhaaf.*

*U naam word net versoek ten einde te bevestig dat die vraelys werklik deur u voltooi is..*

*Voltooi asseblief die vrae so eerlik en objektief as moontlik.*

**Naam van ouer wat vraelys voltooi:** \_\_\_\_\_

**Telefoonnommer van ouer:** \_\_\_\_\_

Hierdie vraelys is daarop gemik om u kennisvlak en die toepaslikheid van die werkswinkel se inhoud te evalueer.

**Ek is die:**

Toesighoudende ouer		Nie-toesighoudende ouer	
---------------------	--	-------------------------	--

**Afdeling 1**

**Gebruik asseblief die volgende skaal in die beantwoording van die vrae:**

Ek is oortuig daarvan.

Stem glad nie saam nie.

1

2

3

4

5

<b>1.</b>	Na afloop van 'n egskeiding moet ons, as volwassenes, steeds vriende wees met mekaar en 'n rol in mekaar se lewe speel.	1	2	3	4	5
<b>2.</b>	Die volwassene wat die egskeiding aanhangig gemaak het, pas makliker aan na afloop van die egskeiding.	1	2	3	4	5
<b>3.</b>	Indien die nie-toesighoudende ouer nie die onderhoud betaal nie, kan die toesighoudende ouer kontak tussen die ander ouer en die kind weier.	1	2	3	4	5
<b>4.</b>	Indien die toesighoudende ouer kontak tussen die nie-toesighoudende ouer en kind weier, kan die betrokke ouer weier om onderhoud te betaal.	1	2	3	4	5

5.	Dit is my reg, as ouer, om te weet wat in die ander ouer se huis gebeur, daarom mag ek my kind vrae daarvoor vra.	1	2	3	4	5
6.	My kind se ontwikkeling word deur die egskeiding geraak.	1	2	3	4	5
7.	My eie ontwikkeling word deur die egskeiding geraak.	1	2	3	4	5
8.	My gesin se ontwikkeling word deur die egskeiding geraak.	1	2	3	4	5
9.	Almal wat 'n rol in my en my kind se lewe speel, lewer 'n bydrae tot die manier waarop ek en my kind optree.	1	2	3	4	5
10.	Dit is beter om op myself staat te maak vir ondersteuning as op ander mense.	1	2	3	4	5
11.	My gedrag het 'n direkte invloed op my kind se gedrag.	1	2	3	4	5
12.	Die manier waarop ek met my kind praat kan bepaal of hy/sy vir my luister of nie.	1	2	3	4	5
13.	My kind se behoeftes kom te alle tye en onder alle omstandighede eerste.	1	2	3	4	5

### Afdeling 2

**Beantwoord asseblief die volgende vrae deur Ja of Nee aan te dui:**

14.	Dit is belangrik dat my kind die redes vir die egskeiding weet.	Ja	Nee
15.	My kind moet weet wat my opinie van die ander ouer se huidige lewensomstandighede is.	Ja	Nee
16.	Dit is vir my kind goed as beide ouers geleenthede soos byvoorbeeld 'n oueraand bywoon.	Ja	Nee
17.	As daar konflik tussen my en my gewese egmaat voorkom, moet my kind daarvan weet.	Ja	Nee

### Afdeling 3

**Beantwoord asseblief die volgende vrae deur een toepaslike blokkie te merk:**

18. Die opvoedingstyl wat ek glo die beste vir my kind is, kan soos volg beskryf word:

a)	Ek is die baas in my huis. Ek weet beter as my kind en daarom sal my kind na my luister.	
b)	Ek laat my kind toe om sy/haar eie besluite te neem en glo dat my kind sy/haar eie potensiaal moet ontgin, sonder inmenging van buite.	
c)	Ek glo dat my kind vryheid mag hê, maar binne die grense wat ek stel.	
d)	Dit hang af van die spesifieke omstandighede.	

**19.** My oortuiging van my kind se emosionele funksionering kan die beste soos volg beskryf word:

a)	My kind is nog te klein om regtig oor gevoelens te kan praat.	
b)	My kind weet hy/sy kan enige tyd met my kom gesels.	
c)	Ek skep geleenthede waar ek my kind uitnooi om met my oor sy/haar gevoelens te praat.	
d)	Ander:	

**20.** Die kontak tussen die nie-toesighoudende ouer en die kind behoort soos volg te verloop:

a)	Geskeduleerde kontak, soos in die hofbevel uiteengesit.	
b)	Tref reëlings op 'n weeklikse basis, afhangend van beide gesinne se omstandighede.	
c)	Mondelinge ooreenkoms wat tussen ouers vasgestel is, maar nie konkreet op skrif vasgestel is nie.	
d)	Ander:	

Baie dankie vir die moeite.

**Lizelle Nel**

**Maatskaplike Werker**